

## DIE EERSTE SÊ

Ek wil graag by geleentheid van die eerste Biblikasie vir 1984 die Redaktrise, mej Clarisse Venter, en haar redaksionele komitee vir die jaar bedank vir die bereidwilligheid om hierdie taak te onderneem en wil dan ook vir hulle alle voorspoed toewens vir die taak wat hulle aanvaar het. Hoewel hierdie groepie kollegas die blad gaan versorg, rus daar 'n verantwoordelikheid op elkeen van die personeel in die Biblioteekdiens om nuuswaardighede onder die aandag van die Redaktrise te bring en ook ander hulp te verleen wanneer dit benodig sou word.

Namens die Topbestuur word almal wat eksamen geskryf het en suksesvol was, hartlik gelukwens met hulle prestasie. Ons is deeglik bewus van die opoffering wat dit verg om te werk en te studeer. Aan dié wat miskien nie heeltemal so suksesvol was nie, wil ons net sê jammer, maar moenie tou opgooi nie, sit skouer aan die wiel en u moeite sal uiteindelik met sukses bekroon word.

Die volgende kollegas wat hulle graadstudie voltooi het word hartlik gelukgewens met die prestasie:


Mev M Botes	B.Bibl
Mej A E Els	B.Bibl
Mej H S Theron	B.Bibl
Mej A Kelder	B.Com
Mej M Biggs	BA
Mev I Venter	BA
Mnr H Enslin	BD (NG Kerk)
Mev G U Jordaan	BA

Aan die nuwelinge wat nou by ons aangesluit het, 'n woord van hartlike welkom. Ons hoop u gaan die werk hier in die Biblioteekdiens baie stimulerend vind en dat ons u nog baie lank in ons midde sal hê.

Die gerekenariseerde ontsluiting- en uitleenstelsels is nou vol op dreef en vanjaar kom die bestelafdeling aan die beurt. Die rekenarisering het aan ons 'n gulde geleentheid gebied om die prosedures te ondersoek en te rasionaliseer. So het ons reeds in die Ontsluiting- en Aanskafafdelings ingrypende veranderinge aangebring, onder andere deur die daarstelling van 'n Voor-katalogiseerseksie, wat reeds by die ontvangs van aanbevelings en die gereedmaak van bestellings die bibliografiese besonderhede van die aanbevole werke uit databasisse sal verkry en in die rekenaar voer om daardeur die las op die Ontsluitingsafdeling te verlig.

By die Toonbank is baie roetine hande- arbeid van die verlede nou deur die rekenaar oorgeneem en word daar by wyse van proefneming vanjaar vier tydelik-deeltydse personeel aangestel wat net in spitsyde die eindpunte sal beman. Hierdeur word gepoog om ons personeel so doelmatig moontlik te gebruik. Verdere aanpassings sal gemaak word soos en wanneer omstandighede dit vereis.

W W DUMINY



"I pity the poor computer that takes over my job!"

## REDAKSIE

REDAKTRISE	:	Mej Clarisse Venter
SUBREDAKTRISE	:	Mej Joy Roos Mev Amanda vd Merwe
FOTOGRAAF	:	Mnr Mike Volschenk
BINDERY	:	Mnr Willie Porter
TYDSKRIFTE	:	Mnr Mike Volschenk
BOEKBESTEL	:	Mej Hulda Fritz
ONTSLUITING	:	Mev Miemie Vink
VOORONTSLUITING	:	Mev Erika Brits
TOONBANK	:	Mev Irene Venter
IBL	:	Mej Irma Goosen
1e VERDIEPING	:	Mev Amanda vd Merwe
2e VERDIEPING	:	Mej Joy Roos
3e VERDIEPING	:	Mnr Johan Labuschagne
TAKBIBLIOTEKE	:	Al die hoofde

OUR DILEMMA is that we hate change and love it at the same time; what we really want is for things to remain the same but get better.

Sydney Harris



## Die Sosiale Komitee

Die Sosiale Komitee nooi ALMAL uit na 'n baie informele braaivleis by die Uitspanterrein, op 10 Februarie 1984 om 18h00. Ons wil graag 'n gesinsaad van die funksie maak, en vra groot asseblief dat almal hul kinders saambring. Daar word beoog om 'n film vir die kinders te vertoon terwyl pa en ma bietjie rustig gesels of 'n draai-tjie op die dansvloer maak. Die film sal 'n Walt Disney of 'n "comic" wees, sodat die heel kleintjies dit ook sal geniet!

Kaartjies vir die funksie kan by alle Komiteelede gekoop word, teen R3,00 per volwassene en R2,00 per kind bo 6 jaar.

Bring asseblief die volgende items saam:

- braaigeriewe (braaitang of vurk)
- eie eetgerei (bord, messe, vurke en poedingbakkie)
- stoele of kometers
- eie drinkgoedjies

Die volgende sal voorsien word:

- vure en roosters
- vleis
- slaai, pap, sous, broodjies, nagereg en koffie.

KOM GENIET DIE AAND SAAM MET ONS!

Vir almal se inligting, wil ons net die volgende sê oor sekere funksies van die Sosiale Komitee:

### Lid vir Lief en Leed

Olivia Webb sal hierdie jaar funksioneer in dié pos. Sy reël vir die aflewering van ruikers en stuur kaartjies. Sy is egter afhanklik van die Sosiale Komiteelid vir 'n spesifieke vloer/afdeling om haar te laat weet wanneer sy iets moct stuur.

Ruikers word in die volgende gevalle gestuur:

- operasie
- lang siekbed, hetsy tuis of in die hospitaal. Indien siekbed langer as ses weke duur, word al om die sesde week 'n ruiker gestuur
- Kraamgevalle: 'n ruiker word slegs by kontinuering van diens gestuur. Ruikers word ook aan manspersoneel se vrouens gestuur.
- by die afsterwe van ouer/s, skoonouer/s eggenoot/e en kind/ers.

Kaartjies word gestuur in die volgende gevalle:

- ernstige siekte van eggenoot/e
- by afsterwe van famielielede anders as bogenoemde
- met kraamgevalle waar daar nie kontinuering van diens is nie.

### Kombuis- of ooievaarstee



Die Komiteelid vir die spesifieke vloer/afdeling neem verantwoordelikheid vir die reël van die funksie. Sy moet die Komiteelede van die ander afdelings in kennis stel, om elkeen in sy eie afdeling vrywillige bydraes van personeel te ontvang.

### Kocksnybeurte

Komiteelede kry op 'n roterende wyse beurte om koek te sny en uit te pak. Die Komiteelid moet dan 'n dame of dames uit haar afdeling kry om haar die spesifieke oggend te help.

Die Komiteelede is die volgende persone:

Annelise Kachelhoffer (Voorsitster)  
Ansie Willemse (Sekretaresse)  
Olivia Webb (Lief en Leed)  
Maretha van Vuuren  
Lizette du Plessis  
Annemarie Wessels  
Frea Lessing  
Susan Marsh  
Ronél Viljoen  
Magda Botha  
Chris Buys



### VERJAARSDAGLYS FEBRUARIE

1. Mev J Brits (Tiksters)
7. Mej M Lee (Medies)  
Mev V Webber (Fin Administrasie)
8. Mnr T du Toit (Buitemuurs)  
Mej S Scholtz (Ontsluiting)
14. Prof E Gerryts (Direkteur)  
Mej T Heckroodt (2e Verdieping)
18. Mev R Smithers (Buitemuurs)
19. Mev E Brits (Voor-ontsluiting)  
Mej B van Nickerk (2e Verdieping)
20. Mev J Wehner (Voor-ontsluiting)  
Mej C M Vermeulen (Alg Administrasie)
28. Mej G Meyer (Ontsluiting)



## VOOR-ONTSLUITING

### 'N NUWE JAAR BRING NUWE DINGE

Vir sommige van ons beteken 1984 nie net die begin van 'n nuwe jaar nie, maar bring dit ook sommer heelwat nuwe ondervindinge en veranderings mee. Met die intrapslag op 4 Januarie betrek ons klompie van die nuwe Voor-Ontsluitingseksie ons nuwe werkplek. Van hierdie mense is daar party wat selfs toegerus is met splinternuwe grade! Met ywer word daar naarstiglik geworstel met al die kennis wat geabsorbeer moet word, vóórdat daar berge bestellings op ons toesak. Mev. Nel en die groepleiers vergader daaglik om deur die bestellings te werk en te sorteer, sodat die nuwe feite stap-vir-stap aan die groenes onder ons, gedemonstreer kan word. Daar word gekoukus, met SABINET se gal gewerk, raad gevra, raad uitgedeel, bemoedig en geoefen en geoefen met Toets-Dobis. Ons leer elke dag 'n paar nuwe dinge, en heelwat deur ons foute. Dan kom die groot dag. Erika voer die eerste bestellings in. Met bewing en 'n angstige gevoel in ons binneste gaan ons elkeen voor die GOGGA sit, om ons eerste bestelling in te voer. Maar so stadigaan groei ons selfvertroue as ons sien dat DOBIS nie so 'n monster is nie, maar net 'n masjien wat doen wat ons vir hom sê. Al is dit soms verkeerd! Ons kennis skiet nog baie tekort, partymaal voel ons dom en twyfel ons aan die elementêrste beginsels, maar daar heers 'n gevoel van optimisme vir die jaar en werk wat voorlê. Ons kan die Gogga darem nou vierkantig in die oë kyk, maar ons sien uit na die dag dat ons hóm kan bangmaak.



DIE ROOI TAPYT WORD OOPGEGOOI .....  
WELKOM AAN S A B I N E T!

Vir diegene wat nog nie weet waar die vriendelike knapie van Merensky hom bevind nie - hy staan in Seksie Voor-Ontsluiting en sy naam is SABINET. Vriendelik inderdaad! Elke keer wat mens met hom kontak maak, groet hy jou ewe vriendelik en ontlok verdere kommunikasie. Alhoewel hy liggaamlik kleiner as sy broers en susters is, is hy geestelik groter en ryper. Hy beskik oor bibliografiese inligting van miljoene dokumente en as mens hom mooi vra, sê hy selfs vir jou waar in Suid-Afrika 'n betrokke dokument gehuisves word.

Klein maar ewe parmantig het SABINET ons Afdeling binnegetree. Ily is 'n mannetjie wat glad nie met hom laat lol nie. Maar desnieteenstaande het ons almal al klaar baie lief geword vir die klein meneertjie. Hy weet al dat in Seksie Voor-Ontsluiting word daar gewerk en nie gespeel nie! Ons het hom sommer al vroeg-vroeg hierdie jaar ingespan om vir ons bibliografiese inligting te verstrek van dokumente wat ons wil bestel. Hierdie bibliografiese inligting wat ons sodoende verkry, dra by tot 'n meer volledige bestelling op rekenaar wat vir beide die handelaar en die ontsluiter van nut is.

Die socktogte op SABINET bring geweldige interessante tendense na vore. Die onsekerheid of 'n bestelling 'n tydskrif is of nie, word sommer dadelik uitgeskakel met SABINET se hulp. Verder bied SABINET ook die moontlikheid om op onderwerpe te sock wat van groot nut is by boekkeuring en inligtingsocktogte. IBL sal bly wees om te hoor dat hulle alreeds besig is om SABINET se magie vol GK te stop. Vir die ontsluiters is daar 'n bonus in die vooruitsig van ontsluiting op mikrografiese vlak. En so waarborg SABINET vir 'n ieder en 'n elk 'n rooskleurige toekoms. Dit waaroor ons gister nog gedroom het, is vandag 'n werklikheid.



SABINET word in gebruik geneem

Die ideale besteller - ontsluiters?



DUURSTE 'BOEK' WEER TUIS

Hanover - Die wêreld se duurste kunswerk, die Evangelies van Henry die Leeu, is onlangs na Wes-Duitsland teruggebring. Dié Middeleeuse kunswerk is in Desember deur Wes-Duitsland in Engeland gekoop.

Die manuskrip uit die twaalfde eeu is op 'n veiling teen 'n rekord-bedrag van sowat R14,16 miljoen aan die Wes-Duitsers verkoop.

Die kunswerk word in 'n kluis by 'n bank in Hanover geberg.

Die boek sal eers deur kenners en wetenskaplikes ondersoek word voor dit aanstaande jaar in Brunswick tentoongestel sal word.

Die geld om die manuskrip te koop, is deur Wes-Duitse verenigings en organisasies en private mense geskenk.

Die manuskrip beslaan 226 bladsye met 41 volblad-illustrasies in goud en silwer.

---0---

Amerikaanse kopers hou reeds al die rekords in die boekhandel. In 1978 het die Universiteit van Texas 'n 15de eeuse Gutenbergbybel vir R2,94 miljoen gekoop - die rekord vir 'n gedrukte boek. In 1980 het die multimiljoenêr Armand Hammer R6,12 miljoen betaal vir 'n notaboek van Leonardo da Vinci - die rekord vir 'n manuskrip tot op daardie tyd.

Uit: *Beeld*, Desember 1983 en Januarie 1984

OP WOENSDAG 7 Januarie 1824 het die eerste nommer van die eerste uitgawe van "The South African Commercial Advertiser" verskyn. In hierdie "first attempt to establish a Medium of general Communication at the Cape of Good Hope" het die volgende gedigjie verskyn :

THE PAPER

In gown and slippers loosely drest,  
And breakfast brought, a welcome guest;  
What is it gives the meal a zest?

THE PAPER

When new-laid eggs the table grace,  
And smoking rolls are in their place,  
Say what enlivens ev'ry face?

THE PAPER

In vain the urn is hissing hot,  
In vain rich Hyson stores the pot,  
If the vile newsman has forgot

THE PAPER

What is't attracts the optic pow'rs  
Of ensign gay, when fortune show'rs  
Down prospects of "a step" in "ours"

THE PAPER

What is't can make the man of law  
Neglect the deed or plead to draw,  
Ca. Sa...Fi. Fa. ... Indictment, Flaw?

THE PAPER

What is't can sooth his Client's woe,  
And make him quite forget John Doe,  
Nor think on Mister Richard Roe?

THE PAPER

What is't informs the country round,  
What's stol'n or stray'd, what's lost  
or found,  
Who's born, and who's put under ground?

THE PAPER

What tell's you all that's done and said,  
The fall of beer and rise of bread,  
And what fair lady's brought to bed?

THE PAPER

What is't narrates full many a story,  
Of Mr Speaker, Whig, and Tory,  
And heroes all agog for glory?

THE PAPER

What is't gives the price of Stocks,  
Of Poyais Loans, and patent locks,  
And Cape Wine at the London Docks?


THE PAPER

Abroad, at home, infirm or stout,  
In health, or raving with the gout,  
Who possibly can do without

THE PAPER

Its worth and merits then revere,  
And since it now begins the year,  
Forget not 'midst your Christmas cheer,  
Nor think you e'er can buy too dear

THE PAPER



- IK BEN OOK AAN HET MODERNISEREN GESLAGEN:  
IK HEB ZE ALLERMAAL EEN NUMMER GEVEEN! -



## ONTSLUITING

Na Desember waartydens ons geleedere maar uitgedun was, is ons weer voltallig. Die vakansiestemming is iets van die verlede en almal werk met hernude ywer aan die agterstand en ons is vol vertroue dat ons hom binnekort gaan wen ten spyte van 'n verwagte styging in die volgende paar maande.

Met die koms van Seksie Voorontsluiting het Erika, Susan en Sandra ons verlaat om hulle gewig daar te gaan ingooi. Dit het meegebring dat elke ontsluiter vakgebiede bygekry het. Clarisse is tans besig om die nuwe personeel op te lei en dus het sy nie veel tyd om haar boeke te ontsluit nie. Tot tyd en wyl die opleiding afgehandel is, sal die agterstand waarskynlik nie 'n betekenisvolle daling toon nie.

Soos Seksie Voorontsluiting boeke na ons begin deurvoer, sal Ontsluiting heelwat vinniger kan funksioneer. Die boeke sal reeds bibliografies gekontroleer en die inligting op Dobis ingevoer wees. Seksie Makro-ontsluiting sal dan die nodige veranderings aanbring waar die inligting in die boek verskil van dié in die bibliografie. Katalogisering gaan dus minder van ons tyd in beslag neem. Ons sal ook die klassifikasie van die boeke doen.

Julie Rechav lyk nou al heeltemal tuis as hoof van Seksie Makro-ontsluiting en ons wens haar alle sukses toe. Céu Agostinho het haar vanuit Suidwes by ons aangesluit. Estelle Pretorius van die Nederlandse Instituut is ook by ons vir opleiding. Ons vertrou albei gaan baie lekker werk.

Sterkte vir die Nuwe Jaar.

Joelanda du Plessis en Susan Scholtz

## JULIE RECHAV

Mev Julie Rechav beklee amptelik vanaf 4 Januarie 1984, die pos van Hoof van die Seksie Makro-ontsluiting. Julie is nie baie spraaksaam oor haarself nie, maar ons het darem by haar vasgestel dat sy op Bethal grootgeword het en haar BA aan Rhodes verwerf het. Sy het later ook haar HDB by Rhodes gedoen.

Wat werksondervinding aanbetref, openbaar Julie 'n voorliefde vir universiteitsbiblioteke want sy het voorheen in die biblioteke van Rhodes en UNISA gewerk. Sy het op 1 Februarie 1982 by die Merenskybiblioteek diens aanvaar.

As tydverdryf doen Julie graag borduurwerk en die gewone dinge waarin dames belangstel. Sy doen ook graag Origami (papiervouwerk) en is veral baie lief vir die teater.



## FOTOKOPIE TYDSBESPARING

Vir alle assistente wat moeg is om die BD/345 oor en oor in te vul - veral dié wat so baie inhoudsopgawes sirkuleer soos ons hier by Teologie:

Neem een dag af van al jou ander pligte, neem gewone indekskaartjies en tik die titels links bo-aan die kaartjies. Net daaronder: "AANTAL Inhoudsopgawes" en Regs onder die kode vir aflewering.

Nou het ons die aantal kopieë wat ons nodig het met potlood ingevul, asook die persone/departemente waarheen dit gestuur word net daaronder.

In plaas van elke keer die BD 345 in te vul, speld ons nou net die getikte kaartjie aan die tydskrif vas.

Al die kaartjies word alfabeties in 'n kataloguslaaitjie gerangskik - en na gebruik weer op sy plek teruggesit.

I.W. Vra tog die fotokopieërs om asseblief nie die indekskaartjie weg te gooi nie!

TEOLOGIE

## TWEEDE VLOER

SO PRAAT JOB NOU AFRIKAANS

*Die wysheid,  
waar kom dit vandaan?  
Waar is die woonplek van die insig?*

*Dit is verborge vir al wat lewe,  
weggesteek selfs vir die voëls  
in die lug.*

*Die onderwêreld en die dood sê:  
'Ons het maar net 'n gerug daaroor  
gehoor'.  
Net God weet hoe die pad daarheen  
loop,  
net Hy ken die woonplek van die wysheid,  
want Hy sien die verste eindes van die aarde,  
Hy aanskou alles onder die hemel.*

*Toe Hy die krag van die wind  
bepaal het  
en die waters uitgemeet het,  
toe Hy vir die reën reëls gemaak het  
en 'n pad vir die weerlig  
aangewys het;  
toe het Hy die wysheid gesien  
en daarvan vertel,  
toe het Hy dit vasgestel en deurvors.*

*En Hy het vir die mens gesê:  
Om die Here te dien, dit is wysheid,  
om die kwaad te vermy,  
dit is insig.*

(Job 28: 20-28)

Lees dit langs die 33-vertaling.

## VEEARTSENYKUNDE

1984 en die Rekenaar het VET getref! Personeelreaksie? Baie agterdogtig oor dié apparaat met al sy persoonlike vrae om nie eens te praat van sy nare gewoonte om net 20 boeke per dosent toe te laat! Skimpe oor Orwell se 1984 wat nou sy verskyning op hierdie vergeleë, niksvermoedende vrede-liewende kampus maak, word duidelik laat val.

Maar die biblioteekdametjies glimlag liefies, druk knoppies en voer Big Brother vet. Af en toe ("Af" het 'n baie betekenisvolle woord geword!) word daar gesels:

"Invalid transaction. Please re-submit" of "Link is down" of "Dobis is nog nie aktief nie. Probeer weer later".

Instruksies word sonder teëstribbeling gehoorsaam. Ondervinding het geleer dat dit raadsaam is. En moenie hom pla met onnosele vrae nie. Die feit dat prof. Osterhoff met 2 personeelnommers spog, het niks met hom te make nie.

LOGOFF-groete,

Veeartsenykunde

## TOONBANK

MUSIEKFEES 1984

Musiek liefhebbers van Suid-Afrika kon die afgelope twee weke deel hê aan die tweede Internasionale klavier-kompetisie gehou in Pretoria vanaf 4-18 Januarie.

Soos die vorige een was dit weer 'n ware musiekfees wat aangebied is deur Unisa onder die bekwame leiding van Prof. Hennie Joubert.

Daar was 54 deelnemers van oor die hele wêreld wat aan die eerste uitdun-rondte deelgeneem het waarin elkeen 4 stukke uit verskillende tydperke moes voordra. Hulle is uitgedun na 27 pianiste in die tweede rondte en daarna 13 pianiste in die derde rondte, waarin elke deelnemer 'n uitvoering van meer as 'n uur gelewer het. Die spel was uit die boonste rakke en die deelnemers kon getuig van ware meelewing deur 'n entoesiastiese luisteraarspubliek wat soggens, middag en saans kom luister het en van oor die hele republiek verteenwoordig was.

In die hoogtepunt op Woensdagaand 18 Januarie in die Staatsteater het die 6 finaliste elkeen 'n beweging van 'n klavierkonsert saam met TRUK-orkes gelewer onder leiding van Edgar Cree.

Dit was 'n onvergeetlike aand vir elkeen wat daar was en ons sê: BRAVO vir die pragtige jong kunstenaars wat deelgeneem het en aan almal soveel genot verskaf het! Voorwaar Goddelike talent aan baie begenadigde mense wat almal so wonderlik daarmee woeker.

Ons is bevoorreg om deel te wees van so iets groots en moois en sien vooruit na volgende soortgelyke kompetisies in die toekoms.

Bokkie Malan.



# DERDE VLOER

## DEEL I

### MERS(KENS) SKIE(SOFRENIE)

Almal is terug op die derde vloer in een stuk. Maar ook net-net. Die vakansie, het soos net 'n vakansie kan, almal goed gedoen. Party was see toe, ander oorsee, ander damme en bosse toe.

Om egter dadelik aan die werk te spring, is nie so maklik soos vakansie hou nie. Heelwat van dié vloer se mense ly aan bogenoemde siekte. Vat nou maar die geval toe ek voor die rekenaar stelling inneem. Wat kom ek agter? Tippex op die skerm. Seker maar iemand wat die terminaal lanklaas gebruik het.

Die derde vloer is van plan om soos van 1983 ook van 1984 'n puik jaar te maak.

Rita sê sy het nou net mooi genoeg vakansie gehou, nou is dit nêr werk. Andrea gaan aan alle gebruikers 'n warm glimlag gee om ons vloer die populêrste in die biblioteek te maak. Annemarié het ook lekker vakansie gehou, en versier die derde vloer nog verder.

Martie is baie in haar noppies en gaan glo 'n "ass" (assistent) kry. Nou sien sy eers kans vir haar prof. ?x&e ...! Annetjie was weer vir 'n tweede wittebrood na 'n romantiese eiland (sonder Max). Dit is glo die moeite werd.

Margie is ook weer kalm en bedeesd op haar plek, maar sonder mangels. Sonder dié goed gaan alles beter. Laaste maar beslis nie die minste nie, het ons "walking encyclopedia" ook lekker vakansie gehou, sê Piet.

## DEEL II

Op 'n interessante artikel afgekomp in die Sunday Times van 11 Desember 1983. Dit behoort enige Bibliotekaris se hare te laat regop staan.

### R13m\_for\_monk's\_book

Sunday Times Reporter : London

It's the world's bestseller - a book that was sold at Sotheby's, London, for a staggering R13,6-million this week.

But amazingly, buyer Hans Kraus reckoned he got the 800-year-old "Gospels of Henry the Lion" cheaply.

He said: "We were ready to pay R17-million". Bidding started at R1,7-million.

Mr Kraus said: "It is the most beautiful book in the world ... the most beautiful work of art ever".

He bid on behalf of the West German Government, who plan to show the book in Saxony where it was written and illustrated by a monk.



# NEW CAT ALOGUE

## DEEL III

Op die volgende artikel afgekomp wat baie betrekking het op personeel van die Vakbiotekarisstelsel:

### THE "TEN COMMANDMENTS" OF MIS

- I. *Thou shalt treat users as thou wishest to be treated by those who call thou user.*
- II. *Thou shalt be committed to providing "total support" to all, and to working toward thy company's ultimate goals.*
- III. *Honour thy management and thy users.*
- IV. *Thou shalt educate and communicate.*
- V. *Thou shalt not kill or stifle user enthusiasm - instead thou must encourage user involvement.*
- VI. *Thou shalt have faith in users' abilities.*
- VII. *Thou shalt not cover thy user's systems, thou must encourage user ownership.*
- VIII. *Thou shalt always maintain a positive attitude, and thou must always strive for improvement.*
- IX. *Thou shalt not take up "fingerpointing" or make excuses for thy failures.*
- X. *Thou shalt know thy business.*

Uit: Data Management, Julie 1983.

## IBL

'N GUNSTELING - RESEP

Helen Steiner Rice

Meng 'n KOPPIE GOEDHEID  
Met LIEFDE rein en teer -  
Voeg vryelik GEDULD by  
en GELOOF IN GOD, DIE HEER  
Besprinkel nou  
met DANKSEGGING en VREUGDE  
EN SIEDAAR!  
Die mees gesogde  
ENGELEDIS  
Vir 'n volle lewensjaar.

Marlene Muller

# LANDBOU

Ons hier op die Ooskampus wil aan almal 'n Voorspoedige Nuwe Jaar toewens. Hier by die landboubiblioteek begin ons jaar met veranderinge. Ons is reeds sedert Oktobermaand by Merensky touwys gemaak met die gerekenariseerde uitleenstelsel. Baie dankie aan die toonbankpersoneel wat ons gehelp het.

Toe Mnr Rolf Tönsing op 4 Januarie skakel om te verneem na die verloop van sake met die uitleenstelsel, toe was ons baie bang en huierig om die "Groen oog", wat sy verskyning op ons toonbank gemaak het te hanteer. Gelukkig het Mev Irene Venter op Maandag 9 Januarie tot ons redding gekom. (Sy is 'n baie goeie leermeester!) Sedert sy hier was is al ons bang hare iets van die verlede. Behalwe die afdruk van die rekenaar laat waai ons nou met die terminaal. En om die gebruikers se gesigte te sien as alles goed verloop en geen kaartjies meer ingevul te word nie is 'n belewenis. Almal wat by die biblioteek inkom sê: Ai, maar julle word ook nou grend!

Aan almal wat so hard swoeg om ons biblioteekstelsels te rekenariseer wil ons net sê: Baie dankie, die landbouers waardeer al die insette wat daar gemaak word.

Met die Eerstejaarsoriëntering voor die deur en die jaarverslae reeds afgehandel is ons hier by landbou reeds op 'n vinnige drafstap die skrikkeljaar in.

Aan mej Clarisse Venter baie geluk en sterkte met die redaktriseskap van Biblikasie. Aan mev Annelise Kachelhoffer wat reeds ons eerste personeelfunksie reël: Ons sien uit daarna en sukses met aldie reëlings.

## BAK EN BROU

### Vleisrolletjies

375 ml meelblom )	250 g margarien
5 ml bakpoeier ) Sif	1 eier (geklits
1 ml sout )	saam met 125 ml
	koue water

Rasper botter/margarien in gesifte meel. Meng goed. Maak deeg aan met koue water. Plaas vir 'n uur lank in yskas. (Lw. deeg moet bedek wees met waspapier). Rol uit, sny in skyfies.

### Vulsel

500 g maalvleis	sout en peper
1 groot ui	koljander
1 eier	Aromat (opsioneel)

Broodkrummels en melk

Braai ui glansend en goudbruin. Voeg maalvleis by en braai tot gaar. Krummel 2 snye brood, doop in melk. Meng met maalvleis. Voeg kruie by en bind mengsel met eier. Plaas lepels vol vleismengsel op skyfies deeg. Smeer kante met eier en maak vleisrolletjie. Prik en smeer eier bo-op. Bak by 230°C tot goudbruin.

Irma Goosen (IBL)



### WAT LEES JAN PUBLIEK?

Volgens THE PRETORIA NEWS:-

The top ten paperbacks in South Africa, based on sales in 260 CNA stores:

1. "Wordly Goods" - M. Korda.
2. "Master of the Game" - S. Sheldon
3. "Perfect Strangers" - D. Steele.
4. "Mistral's Daughter" - J. Krantz.
5. "Unripe Gold" - G. Jenkins.
6. "Spelbinder" - H. Robbins.
7. "Lace" - S. Conran.
8. "Partisans" - A. Maclean
9. "Mr Horwitz and Mrs Washington" - H. Denker.
10. "The Attorney" - H. Masur.

TIME se keuse:

Editors' Choice

Fiction: *The Anatomy Lesson*, Philip Roth\* *Life and Times of Michael K*, J. M. Coetzee\* *The Penitent*, Isaac Bashevis Singer\* *Pitch Dark*, Renata Adler\* *Rates of Exchange*, Malcolm Bradbury\* *Shame*, Salman Rushdie

Nonfiction: *The Discoverers*, Daniel J. Boorstin\* *The Oxford Book of Dreams*, edited by Stephen Brook\* *Parallel Lives: Five Victorian Marriages*, Phyllis Rose\* *The Rosenberg File*, Ronald Radosh and Joyce Milton\* *Siegfried Sassoon's Long Journey*, edited by Paul Fussell\* *The Spiritualists*, Ruth Brandon.

Best Sellers

Fiction

1. *Poland, Michener* (1 last week)
2. *Pet Sematary, King* (2)
3. *Who Killed the Robins Family?*, Adler and Chastain (3)
4. *The Saga of Baby Divine*, Midler (4)
5. *Changes, Steel* (7)
6. *The Robots of Dawn*, Asimov (6)
7. *Moreta, McCaffrey* (5)
8. *The Name of the Rose, Eco* (8)
9. *The Wicked Day, Stewart* (9)
10. *Hollywood Wives, Collins* (10)

Nonfiction

1. *Motherhood, Bombeck* (1)
2. *The Best of James Herriot, Herriot* (2)
3. *In Search of Excellence, Peters and Waterman* (3)
4. *On Wings of Eagles, Follett* (5)
5. *While Reagan Slept, Schwald* (4)
6. *Megatrends, Naisbitt* (7)
7. *Tough Times Never Last, but Tough People Do!*, Schuller (6)
8. *Vietnam: A history, Karnow* (8)
9. *Approaching Hoofbeats, Graham* (9)
10. *Giant Steps, Abdul-Jabbar and Knobler* (10)



# WELKOM



Mev Joggie Brits



Mej Alida Murray



Mej Ceu Agostinho



Mej Estelle Pretorius



# WELKOM




Mev Erna Meyer




Mej Irene Vermeulen

# TOTSIENS



JOHAN KORF





## DIE EERSTE SÊ

SAKELYS 1984 : TWEË SAKE

My eerste woorde aan ons nuwe Biblikasie-redaksie is tegelyk een van gelukwensing en waardering. Geluk aan mej Clarisse Venter en haar span vir die wyse waarop ons onmisbare Biblikasie reeds vir 1984 koers gevat het. By voorbaat dankie vir u ywer, geduld en opoffering om ons mondstuk vanjaar weer sinvol aan die gesels te hou. Dankie ook vir die geleentheid om so vroeg in die jaar 'n gedagte of twee via Biblikasie te kan oordra.

Miskien sou u van my wou weet wat ek as die belangrikste punte op ons 1984-sakelys beskou. Wat wag daar op u en my om saam te behandel en af te handel? 'n Gesamentlike verkenning van prioriteite op ons gemeenskaplike sakelys kan help dat ek en u in 1984 vroegtydig op dieselfde golflengte inskakel en ingeskakel bly. Ek volstaan met twee sake wat ek as van besondere belang beskou.

Eerstens, is die voortsetting van ons beplanningsaksie vanaf vanjaar 'n vaste punt op elke jaar se sakelys. Die verskillende werkgroepe se insette ten opsigte van 'n organisasiefilosofie vir die Biblioteekdiens word tans verwerk en 'n finale konsep sal mettertyd na elke werkgroep teruggevoer word. Alhoewel almal die oefening seker nie met dieselfde entoesiasme en erns benader het nie, is waardevolle insette gelewer. Baie dankie daarvoor!

Die afhandeling en aanvaarding van 'n organisasiefilosofie en missie vir die Biblioteekdiens voor die einde van Februarie sal sorg dat ons nie by mekaar verby praat wanneer ons in Maart die knelpunte en sterkpunte in elke afdeling en seksie van die Biblioteekdiens bepaal nie. In April-Mei sal die Werkgroepe verder kan gesels oor wat hulle ten spyte van knelpunte tog in 1984 wil bereik, en in Junie oor wat gedoen kan word om sukses te verseker.

Intussen gaan ekself voort om ons Biblioteekdiens se posisie binne U P sorgvuldig te probeer bepaal. Afsprake met dekane, registrateurs, direkteure asook sekere sleutelgebruikersgroepe is gemaak en ontmoetings met fakulteitsrade word gereël. Van die samesprekings wat reeds gevoer is (o a tussen ons topbestuur en die Departement Elektroniese Ingenieurswese), het waardevolle gegewens opgelewer. As ons

weet hoe beleidmakers, en veral die verskillende gebruikersgroepe, oor die Biblioteekdiens dink, kan ons betyds beplan om te verseker dat die Biblioteekdiens sy doeltreffendheid ten behoewe van die Universiteit in sy geheel verhoog.

Die toets vir die meriete en sukses van ons beplanning lê egter nie in 'n mooi teorie of groot woorde nie. Ons sal reeds in 1984 moet toon dat ons praktiese optrede daarvolgens kan rig.

Dit sluit aan by 'n tweede belangrike saak op ons 1984-agenda --- die verhoging van ons produktiwiteit en die identifisering van realistiese norme en standaarde vir die afhandeling van verskillende funksies en take. Die finansiële omstandighede waarin Universiteit en Biblioteekdiens verkeer, skep 'n groot uitdaging wat besondere visie, oorspronklike denke, en selfs nog groter toewyding en selfdiscipline as in die verlede vra. Laat daar geen illusie wees nie. Meer as ooit tevore is dit nie souseer die arbeider wat die loon sal verdien nie, maar die arbeid wat die loon werd moet wees.

Ten slotte, is 'n mens dankbaar vir die tegnologie wat ons ons menslike beperkinge te bowe help kom; vir die ruimte wat dit bied om in 1984 wel te kan doen wat andersins agterweë sou moes bly. Maar nog belangriker --- ek is dankbaar vir dit in elkeen van u wat nooit rekenariseerbaar sal wees nie. Ek hoop dat juis daardie essensie van u mens-wees 1984 vir uself en almal om u mooi en verrykend sal maak.

PROF E D GERRYTS



"He's not so right now. He's out profoundly affecting the world's software market."

# IN EN OM MERENSKY

## 'N VROLIKE VALENTYNSDAG VIR DIE BIBLIOTEEK- DIENS

Op 14 Februarie het Prof Gerryts, wat 'n Valentynerjaarder is, die biblioteekdiens 'n feestelike teetyd besorg. Namens ons almal BAIE dankie aan Prof en Mev Gerryts vir die heerlike gebak.

Ons het altyd geweet "Die Prof" is spesiaal, maar dit is nou hevestig deur 'n bloedrooi hartekaartjie wat van nêrens af opgedaag het. Asof hierdie verrassing nie genoeg was nie, het Prof Gerryts met teetyd die trotse besitter van nóg 'n kaartjie geword - hierdie keer die waarderingblyk van die personeel. Mev Gerryts was ook teenwoordig om in die vreugdes te deel.

Prof Gerryts, ons hoop dat die nuwe lewensjaar net so vol aangename verrassings sal wees as u verjaarsdag!



## UITSPAN BY DIE UITSPANTERREIN

By die mooi en rustige Uitspanterrein van die L.C. de Villiersstadion het die Merensky-personeel op 10 Februarie saamgetrek vir 'n gesellige braaivleisfunksie. 'n Paar van ons het weggedwaal na die meer om die natuur te bewonder en te kyk hoe die honderde voëls van alle soorte en groottes, neskop vir die nag in die bome in en naby die water. Dit het herinner aan die werkie "Dirkie van Driekuul" van Alba Bouwer waarin vertel word hoe die dooie ou akkerboom in die middel van die dam vir Dirkie weer lewendig geword het toe die bosluivoëls soos wit spatels daarin oornag het. Nog iemand het die "Amandelboom o lentebruid" van C M van den Heever onthou, want so het dit gelyk, die bome met hul meestal wit kolle, want daar was talle wit voëls. Annatjie Myburgh het die versugting laat val van 'n blyplekkie so midde-in die stadsgewoel en lawaai waar 'n mens rustig langs die watertjie kan ontspaan, muskiete ten spyt. Ons was dit almal eens met haar, en ook saam bly dat die Sosiale Komitee juis hierdie heerlike plek uitgesoek het vir die funksie.

Ons mense het so in groepies van gesinne opgedaag en hulself tuisgemaak op eie stoel, kombes en kussing, baie informeel en lekker gemaklik. Sommer gou het 'n aangename atmosfeer geheers en kon 'n mens hoor hoe een en almal gesels en lag en vroeg-vroeg al die aand geniet.

Die braaivleisvure was aangesteek en elke gesin het sy pakkies vleis (en was dit baie vleis!) gaan haal om solank te begin braai. Op die gedekte tafels was die bykosse uitgesit asook soutigheidjies met lekker doopsousse. In die agtergrond het Heino vir "Roswitha" besing en die ritme van die musiek het bygedra om 'n ontspanne stemming te skep.

Nouja, later kon 'n mens agterkom dat die geselsery effens afneem toe die wêglê aan die kos begin het. So tussen die hoofgereg en die nagereg was daar 'n paar mense wat gevoel het hulle wil eers van 'n klompie kilojoules ontslae raak en het gaan litte losmaak. Correy en Maretha, Erika en Pierre en Abie en Annalize (Annatjie Myburgh se kinders) het die baan geopen en hulleself baie geniet. Vir die nie-dansendes was die musiek geen steurnis nie omdat hulle net verder weg in hul eie hoekie heerlik kon sit en gesels.

Tjaart het aanvanklik probleme gehad met die film wat net nie op die regte manier deur die projektor wou rol nie. Die kundige hand van Pierre (raai wie was vorige jaar se Sosiale Komiteevoorsitster!) het gou die saak reggestel en die kinders kon ook hul deel van die aand geniet.

Aan Annelise en haar komitee sê ons hartlik dankie vir 'n baie gesellige en aangename byeenkoms, ons waardeer al hul arbeid terdeë.

Miemie Vink



"IT'S OKAY TO BE A WORKAHOLIC, BUT..."

Are you a workaholic? Is what you are doing causing trauma either to you or someone else? Or are you stepping on no one's toes but your own in doing your thing - and rather enjoying the pain?

We hear a great deal these days about the dangers of overwork and excessive striving. The stress-factor is supposed to be 80 in Pretoria, compared to a mere 60 for Johannesburg and a paltry 40 for Cape Town. But is it really so bad to work hard, so unhealthy?

Up until about a hundred years ago there was no such thing as a "workaholic". Not until the Industrial Revolution came along and established HOURS was there any possibility of working too many of them. Sure, Sundays were off limits, but that still left Monday through Saturday to work as hard and as long as you pretty well pleased. Is it really so bad then to work hard?


The fact is that the notion of the workaholic being efficient is a MYTH. According to research, it takes a workaholic 12 hours to do what others can do in only 8. When work is all one has, inefficiency can be very industrious at disguising itself! Doesn't sound very healthy, does it?

Workaholics do have great strengths, though: indomitable energy and a sense of commitment (misdirected though they may be). But often the workaholic is brusque, egocentric, intolerant and inflexible. He might be reluctant to delegate authority, have a compulsive need for things to be perfect, tend to pursue things that interest him, rather than things that are of importance. All these things can wind up seriously undermining his effectiveness. No wonder workaholics perceive their work as a problem!

In his book : Work and Love : the Crucial Balance (Summit Books, 1980), Dr Röhrllich divides work addicts into ten major categories:

- \* *the hostile work addict*, who attacks work instead of some person or situation he has come to resent.
- \* *the ashamed work addict*, who prefers the image he projects at work to the one he is saddled with at home.
- \* *the competitive work addict*, for whom the work environment is an arena in which to keep score.
- \* *the defensive work addict*, who uses work to keep his mind off painful emotions.
- \* *the friendless work addict*, for whom the work environment provides a sense of belonging.
- \* *the guilty work addict*, whose long hours are a form of self-punishment.
- \* *the latent homosexual work addict*, who enjoys being controlled by bosses or clients.
- \* *the obsessive work addict*, for whom work satisfies a neurotic need for neatness and order.
- \* *the pre- or post-psychotic work addict*, who can maintain no sense of self outside the work structure.
- \* *the sexually frustrated or impotent work addict*, for whom work provides a chance

"It's been a terrible adjustment for Walter. He's never been away from his computer this long!"



to flirt in ways that need never face a test of consummation.

Although some of the categories might overlap, the emerging picture is not very pretty.

All experts do not agree with Dr Röhrllich. Some, like Dr Machlowitz see the whole matter in a different light altogether, viewing workaholics favourably. According to Dr Machlowitz, workaholics can be classified as:

- \* *the dedicated workaholic*, totally without outside interests and proud of it. "I'm so single-minded I have to work very hard at not working 24 hours a day," offered one.
- \* *the integrated workaholic*, lucky enough to have a job so enjoyably diverse that not working seems like a chore. As David Rockefeller, chairman of Chase Manhattan Bank, once told the *New Yorker*, "I can't imagine a more interesting job than mine. ...There is no field of activity it isn't involved in."
- \* *the diffuse workaholic*, who has his hands in everything - good on the job, but even better at serving on community boards, coaching Little League, rebuilding antique cars, and writing memoirs. "These people may change jobs and fields fairly frequently," Dr Machlowitz notes.
- \* *the intense workaholic*, who attacks leisure with the same fervor as work. "More than one person in my sample was a marathoner," she told us, "applying the same energy to their racing as to their careers."

So there you have the two sides of the workaholic story.

Do you feel as if you would like to disappear behind a stack of work? Are you in conflict with yourself, feeling guilty and stressful at the thought of being classified as a workaholic by your colleagues? For your own peace of mind, the following questions are to help you find out what you really are. Answer yes to eight or more, and your chances look pretty good of being one:

1. Do you get up early, no matter how late you go to bed?
2. If you're eating lunch alone, do you

- read or work while you eat?
3. Do you make daily lists of things to do?
  4. Do you find it difficult to "do nothing"?
  5. Are you energetic and competitive?
  6. Do you work on weekends and holidays?
  7. Can you work anytime and anywhere?
  8. Do you find vacations "hard to take"?
  9. Do you dread retirement?
  10. Do you really enjoy your work?

(Source: Workaholics, by M Machlowitz, 1980)

If you can honestly say that working long hours is - in all ways - really **WORKING** for you, then keep it up. But if your hard work is becoming an easy way out of avoiding life and yourself, try a more leisurely schedule. Work, like alcohol, is bad and unhealthy only if it produces bad and unhealthy results.

Based on and adapted from:  
Shiner, P. Fitness through Pleasure; a guide to superior Health...Emmaus : Rodale Press, 1982.

C Venter



Baie geluk-

Mev E Pretorius (Ontsluiting) het die graad M.A. in die Departement Afrikaans by U.P. behaal met die verhandeling:

"Tempel en Kruis" as neerslag van Hendrik Marsman se digterskap met toespitsing op die afdeling "De Dierenriem"

## BUITEMUURS

### DIE LAASTE SKOF

Met 'n snorkgeluid bereik die klein motor die kruin van die berge. Johan slaak 'n sug van verligting. Die einde van die pad is in sig. Die blou water van die oseaan met die wit see-sand lê lokkend onder sy oë uitgestrek, gekoester in die laaste strale van die ondergaande son. 'n Wonderlike gevoel van wel-behae vloei deur sy moeë liggaam. Die pad was lank, nie altyd van die beste nie, en die tonele het gewissel van die eentonige tot die aangrypende. Die reis vanaf vroeg voorlag is reeds verdring deur gedagtes aan sy komende vakansie. 'n Gevoel van opwinding neem besit van hom. Hoc het hy die afgelope tyd nie vorentoe gekyk na hierdie oomblik en in sy verbeelding uitgeleef alles wat hy van plan was om te doen nie. 'n Gevoel van dankbaarheid teenoor sy Skepper wel in hom op. Alleenlik deur Sy Goedheid is die vervulling van sy planne en drome moontlik gemaak.

In 'n sekere mate is elkeen van ons 'n Johan, onderworpe aan dieselfde gewaarwordings in 'n mindere of meerdere mate. Waar ek na 43 jaar diens op die vooraand van my aftrede staan, kan ek my vereenselwig met Johan. Vir my was dit ook bevredigend in die sin dat jy iets beteken het vir iemand langs die pad.

'n Mens dink ook terug aan al die kollegas met wie jou pad gekruis het. As ek dink aan my tydperk by Merensky, doen ek dit met 'n warm gevoel in my hart weens die welwillendheid en aangename samewerking wat ek van almal ontvang het. Ek dink ook hier in besonder aan my personeel by Buitemuurs. Woorde kan nie my dank teenoor u uitdruk nie, maar nietemin, baie dankie. Mag die gees van welwillendheid en samewerking altyd voortduur in u geleedere.

Laastens, maar nie die minste nie, gaan my dank ook uit aan ons hoofde vir die hoflike en simpaticke leiding teenoor ons ondergeskiktes. Ek kan u verseker dat u optrede teenoor die oudjies onder u 'n bron van inspirasie tot beter prestasie by hulle was.

Ten slotte wil ek u almal 'n baie geseënde loopbaan en toekoms toewens en mag al u goeie voornemens vir Merensky verwesenlik word.

Met groete

Van die Bibliotekaris  
BUITEMUURS

## GELUKWENSE

### Bevorderings:

Die volgende persone is bevorder na:

Bibliotekaris: Mev J P Rechav (Ontsluiting)  
Junior Bibliotekaris: Mev M Botes (Voorontsluiting)  
Mej E Els (Voorontsluiting)

## DERDE VLOER

Is die Merensky vir u 'n vreeslike plek te oordeel aan die eerstejaars-oriëntering? Die volgende artikel sal u dalk van plan laat verander:

### Napoleon se Dood

In die tydskrif "New Scientist" 14 Oktober 1982 verskyn die volgende artikel:

#### I Napoleon on St Helena

Soon after the battle of Waterloo in June 1815, Napoleon surrendered to the British. He was sent off to exile on the island of St Helena in the South Atlantic, together with a retinue of about 20 servants and retainers, arriving in October 1815. His permanent residence there was Longwood House, a wooden building which was renovated and extended for the purpose, where he remained until his death in May 1821.

The French party repeatedly complained to the English governor about the unhealthy conditions in which they were housed. While these complaints were probably politically motivated at least in part, Longwood House was certainly in a humid and exposed part of the island, and seems to have been chronically damp. For much of his time there, Napoleon suffered from various symptoms: shivering, weakness and swelling of the limbs, sicknesses, diarrhoeas and stomach pains. He feared that he might be developing a stomach cancer (the disease that killed his father). After his death in 1821, autopsy revealed a very damaged and ulcerated stomach, possibly progressing to cancer.

Sten Forshufvud, author of *Who Killed Napoleon?* (Hutchinson, 1962), sees all this as evidence of a poisoning conspiracy; the illnesses that plagued Napoleon were caused by steady small doses of arsenic administered to weaken him. The final acute illness and death were then brought about by doses of antimony and mercury, which can attack the stomach lining.

Verder in dieselfde tydskrif skryf 'n David Jones die volgende:

Scholars have speculated that Napoleon, ensconced in St Helena, fell victim of a plot to poison him. Poisoned he was: but not, it seems, by conspiracy

The story really begins in 1775, when the Swedish chemist Scheele discovered the arsenic - containing pigment, "Scheele's green" (copper arsenite). This cheap, vivid, stable pigment was welcomed by the colour industry of the day, and by 1800 copper arsenite and its relatives were widely used in paints, fabrics and wallpapers. But as the 19th century progressed, an alarming hazard became apparent. The arsenic in the new pigment seemed able to leave the wallpaper of a room, and get into the occupants. Hundreds of luckless householders developed the various symptoms of arsenic poisoning, and quite a number died. But 1900, after many decades of medical denunciation and the advent of safer, organic green pigments, copper arsenite had begun to fade from the decorative scene. Its many victims had included (as I shall claim) Napoleon Bonaparte and his retinue on the island of St Helena.



## TIKSTERS


Wie is die meeste bevoorreg? - U wat nou die Biblikasie lees, omdat u vir die eerste keer 'n stuk lees wat deur ons tiksters aan Biblikasie "geskenk" is, of ons tiksters wat vir die eerste keer "toegelaat" is om 'n stuk vir Biblikasie te skryf - ewenwel ek dink dit is ons tiksters.

Sedert die nuwe jaar het daar baie aangename dinge in ons afdeling plaasgevind: - Joggie Brits - kort en kragtig, 'n fees om haar as Seksichouf van ons afdeling te hê. Met Tupperware en 'n nuwe woordverwerker gaan dit dol met haar, maar dan is haar uitlating baie vasbeslote as sy sê: "Ek gaan nie toelaat dat \*jy my onderkry nie (\* Woordverwerker IBM - ons kookus nog oor sy doopnaam, op hierdie stadium: JR of Agent K 00 S, miskien sal ons later meer liefdig teenoor hom voel-).

Alida Murray het ook nie op haar laat wag nie. Moenie dat haar voorkoms u flous soos vir my nie - nogal verrassend! Stil en stemmig was die eerste indruk, maar o wee, wag net dat sy lostrek - wat was my eerste indruk nou weer? Maar toemaar net so hard as wat haar tong werk net so hard kan haar vingers werk.

Met ons kantoor vol nuwe groen plante en mooi prente wil ek en Maretha aan Joggie en Alida sê: Baie welkom, dis heerlik om julle met ons te hê!

Maretha en Esmé





## BEPLANNING

Wie sê dat alles in Beplanning altyd volgens plan verloop?  
Die volgende het met Rolf Tönsing gebeur:

### BOND VAN AFRIKAANSE MOEDERS (Moedersbond gestig 1918)

Telefoon: 28 3838  
Sekretaresse: 26-5539

BELVEDERESTRAAT 460  
ARCADIA  
PRETORIA  
0083

Verw. Nr.: 1919 .....

20/1/ 19 84 .....

Mnr R E Tönsing  
Flaminkstraat 922  
Silverton Uitb.  
0184

Geagte Meneer

Op die 18 Julie 1984 was u by bogenoemde kraaminrigting vir 'n bevalling.

Graag wil ons u net in kennis stel dat u siekefonds nie voorsiening maak vir die baba so wasgoed nie, dus is u 'n bedrag van R3-80 aan ons verskuldig.

Beskou dit asseblief as uiters dringend en vereffen die rekening binne 7 dae vanaf datum.

Vriendelike groete

Mevr. A. LOTTERING

TESSOURIERE.

Pretoria

14 Februarie 1984

Mevr. A. Lottering  
Tessouriere  
Bond van Afrikaanse Moeders

Geagte Mevrouw

#### i.s. Bevalling

Met verwysing na u aangehegte brief van 20/1/1984 verwittig ek u graag dat ekself nog nooit 'n bevalling by u genoemde kraaminrigting gehad het nie. Ek sou dit ook as 'n mediese merkwaardigheid beskou indien ek op 18 Julie 1984 by u genoemde kraaminrigting 'n bevalling sal hê, soos u in u brief van 20/1/1984 beweer. Indien u egter oor meer inligting as ek hieroor beskik sou ek bly wees as u my so gou moontlik in kennis stel, sodat ek solank reëlins kan maak en myself geestelik voorberei vir die groot gebeurtenis.

Vriendelike groete

MNR. R.E. TÖNSING

Ps: Ek heg nogtans met graagte u R3-80 hierby aan.

## TOONBANK


Die Toonbank het weer sy kwota pittighede gekry met die aankoms van die nuwe eerstejaars. Ons moes herhaaldelik vrae beantwoord soos: "Mag hy in die biblioteek kom as hy nog nie geregistreer is nie?" Of "Wat kos dit om by die biblioteek aan te sluit?" Daarbenewens het vele studente by die toonbank opgedaag met 'n reeds voltooide adreskaart wat hulle gekry het in die biblioteekinligtingstuk tydens oriëntering!

Ons het egter 'n geweldige besige tyd agter die blad. Op 'n stadium, binne die bestek van twee dae, het ons + 390 studenteregistrasies ontvang. Dié moes nog almal op die rekenaar ingesleutel word benewens die vorige dag se agterstand. Daarom wil ons graag Bokkie Malan en Makkie Biggs bedank vir hulle hulp met die insleutelwerk van die adreskaarte.

Die rekenaar het ons telkens "verlaat" en wanneer almal vervaard wit vorms te voorskyn bring vra menige gebruiker: "Is die rekenaar af?" Ten einde verleentheid te bespaar, is die volgende wittluentjie opgedis: "Nee, hulle het die rekenaar van die lug afgehaal omdat hulle die naamleërs vergroot!" Die korrektheid van dié stelling kan bevestig word maar DIT WERK ELKE KEER!

As die res van die personeel in die Merensky al gewonder het wat word van die gesigte by Toonbank - nou's hulle hier, nou's hulle nie hier nie. Wel, vanaf 1 Februarie is ons personeeluitleg as volg: Irene Venter, en Ina Boon, werk elke dag van 7h30 tot 16h00. Ook om 7h30 begin mev Annette Booysen en Elma Kock en hulle werk tot 12h30. Om 9h00 tot 14h00 is mev Anna du Toit aan diens terwyl Leo du Toit vanaf 12h00 tot 17h00 werk. Charl Louw begin + etenstye en werk tot 22h00 saans. Nog is het einde niet. Vanaf 16h00 tot 21h00 elke aand werk Eugene Drotskie en vanaf 17h00 tot 22h00 werk Etienne du Preez. Die verskeidenheid van gesigte en geaardhede maak korte metste van die dag. Ons hoop die nuwe Toonbank-mense is reeds tuis by ons en het die werk deeglik onder die knie.

Irene Venter







## ONTSLUITING

Februarie was vir Ontsluiting 'n maand sonder veel gebeurlikhede, maar vir Ansie het dit begin met 'n groot trek. Ons hoop julle is gelukkig in julle nuwe tuiste en dat die tuin spoedig 'n lushof sal wees.

Akademie kant: een van ons nuwe ontsluiters verwerf 'n MA in Afrikaans. Baie geluk, Estelle, met die uitslag van jou harde werk wat in April bekroon word.

Voetslaan is deesdae 'n baie gewilde stokperdjie van twee ontsluiters. Joelanda is vasberade om deeglik voorberei te wees vir dié affêre: 'n fiks-word-program met draf as hoofbestanddeel! Aprilmaand se voetslanery sal nie vir haar 'n marteling wees nie. Vir Elrien is dit al 'n gereelde tydverdryf. Vroeg in Februarie was dit die Bobbejaanwandelpad naby Middelburg wat vir hulle 'n uitdaging was. Vir enige praktiese raad oor wandelpaaië kontak dus bogenoemde twee ontsluiters!

Vrydagaand, 10 Februarie, is daar braai vleis gehou vir 'n vale. Geleentheid is gebied vir litte losmaak, mae vul en somer vergeet van alledaagse roetine. Aan die Sosiale Komitee, baie dankie vir 'n heerlike aand.

Daar is hierdie maand nie net jolyt gehou in Ontsluiting nie, maar daar is ook 'n poging aangewend om die agterstand af te werk. Ons hoop dat einde Februarie se statistiek 'n aansienlike daling sal toon wat betref die agterstand.

Groetnis vanuit Ontsluiting

Gertrud Meyer en Amelia van den Bergh



## IBL

Hierdie maand was daar by IBL soveel woelinge dat ons amper gedink het ons speel elke dag "musical chairs" en soggens het elkeen gewonder wie vandag watter werk doen en waar elkeen sit.

Annette Booyzens het ons skielik verlaat en kyk nou baie bekwaam en "terminaal-geloeerd" vanaf Toonbank se kant na IBL. Marlene Muller verlaat ons ook om by die Departement van Omgewingsake te gaan werk.


Ons geleedere is darem vinnig weer versterk met die aankoms van Elsa Roos vanaf GSV en Esmé Claassens vanaf Potchefstroom. Daar was ook veranderinge betreffende die verskillende take waarvoor elkeen in IBL verantwoordelik is, maar nou is alles weer rustig en sien ons kans vir die IBL-aanvraag wat instroom.

Mara

## TWEDE VLOER

Alhoewel Februarie die kortste maand van die jaar is, is dit ook die opwindendste maand vir tweede vloer. Nie alleen vier ons die Universiteit se verjaarsdag en word getraakteer op eetgoed nie, maar ook Prof Gerrits verras ons met sy verjaarsdag. Maar bo-alles het ons nog twee van ons eie mense wat verjaar. Namens ons hele tweede vloer wil ons Thea en Bella baie gelukwens met die groot dag in hul lewens, en 'n hartlik welkom aan Christine in ons midde. Ons wonder net elke dag of dit werklik haar oë is wat so skitter en of dit nie dalk die diamant aan haar vinger is nie. Ons het wel iemand bygekry op tweede vloer, maar terselfdetyd iemand verloor ook, nou wel nie heeltemal uit die biblioteek nie maar wel van tweede vloer af. Aan Mathilde wil ons net sê, ons hoop sy werk lekker op grondvloer, en ons mis haar baie. Wat werksaamhede betref het ons jaar begin in 'n dolle vaart. Anne wil net die beste hê vir haar Opvoedkundedosente en Bella se kreatiwiteit het na vore getree: Uitstallings floereer op tweede vloer en daar word druk beplan aan nog meer. Verder het die oriëntering volgens plan verloop behalwe dat die vloer soms heelwat onbeman was, en die verwarde assistent moes heelwat rondspring. Gelukkig is almal besig om hul voete te vind en ons hoop ons gaan 'n onvergeetlike 1984 hê.

Erna Meyer



## ALGEMENE NASLAAN

Ons wil graag 'n nuwe ensiklopedie aan u bekend stel. Dis 'n pragreëks van 30 dele nl. WÊRELDSPÉKTRUM en dek voorwaar die hele spektrum van ons wêreld! Elke denkbare onderwerp onder die son word met groot sorg behandel. Die dele is ryklik geïllustreer met sketse en fotos, hoofsaaklik in kleur. Elke onderwerp word breedvoerig behandel. Dis beslis 'n uitstekende uitgangspunt vir enige onderwerp.

In Vol. 23 is daar byvoorbeeld meer as tien bladsye net oor die rekenaar onder andere volledige inleiding, digitale rekenaar, programmering, gebruike, rekenaarbeheer en -bedryf, analoogrekenaar, randappatuur, ensvoorts met illustrasies en fotos wat alles stap-vir-stap verduidelik. Dis fassinerend Nog 'n afdeling wat onmiddellik die oog vang, is die afdelings oor die menslike liggaam, musiek en kuns. U kan gerus deur hierdie reëks kom blaai om uself te vergewis van die pragtige dele wat vir u almal toeganklik is! Dis 'n belewenis.

Bokkie Malan

## BOEKBESPREKINGS

OM VOETE TE STAMP OF NIE

Operasie Askari is verby, daar is 'n skietstilstand op die Grens, maar nog altyd word ons allerweë teen dreigende gevare van buite gewaarsku. Die Pasifistiese bewegings wen al hoe meer veld oorsee, en die arsenaal van vernietigende wapens groei steeds aan, terwyl die aantal gewelddadige betogings in die naam van vrede toeneem. In die Libanon is daar oorlog, en Sentraal-Suid-Amerika is gespanne. Die lys van jong Suid-Afrikaanse manne wat emigreer om diensplig te ontduik word altyd langer; 'n nuwe raad vir die aanhoor van gewetensbesware teen diensplig is 'n werklikheid en word deur aansoëke oorval. Tussen dit alles deur word daar van u verwag om u eie standpunt rondom die hele kwessie van militêre diensplig en die mag van die owerheid te laat uitkristalliseer. Maar het u al uself afgepra of u standpunt as Christen werklik christelik is, gegrond op die onfeilbare grondslag van die Skrif, of is dit 'n opinie wat slegs op u eie beperkte insig steun?

Om te weet watter riglyne die Woord van die Here in hierdie verband aan ons gee, kan die volgende werkies met vrug gebruik word:

Potgieter, P  
Christen en oorlog; 'n Bybelkorkursus  
Wellington: Bybelkor, 1981 (Bybelkor 27/1)  
Klas. no: 261.873

Nederduitse Gereformeerde Kerk. Breë Modera-  
tuur  
Geloofsbesware teen diensplig en verbandhou-  
dende sake.  
Pretoria: NG Kerkboekhandel, 1980  
Klas.no: 261.873

Clarisse Venter  
Ontsluiting

## TYDSKRIFTE

'N BESKRYWING VAN DIE WERK BY DIE TYDSKRIFTE-AFDELING:

Ons begin die oggend met rondloop in die biblioteek; tydskrifte rondvat na die vloere. Daarna begin ons met tydskrifte opskryf, wat beteken dat ons algemene kennis in baie opsigte verbeter word, want dit is partykeer baie interessant om die tydskrifte deur te blaai.

Die werk klaargedoen, bly daar nog die rekenings en korrespondensie oor, wat eintlik ons grootste kopseer is, want dit bring ons baie probleme, nie net die syferwerk nie, maar die baie onduidelike fakture en briewe oor probleemtydskrifte neem baie tyd.


Nog is die werk nie klaar nie, ons kry nog die gebinde bande, wat nogal poskantoorervaring vereis om die boeke te stempel! Al met al probeer ons spoed te bevorder om die tydskrifte en gebinde bande so vinnig as moontlik in die biblioteek op die rakke te kry, sodat dit beskikbaar kan wees vir die die mense wat dit wil gebruik, ons werk hard daaraan en ons doen ons bes!

Gausje Jacobi

## VERJAARSDAE

Kaart

- 3 Mev E M Roos  
(GSV)
- 4 Mnr H Smit  
(Bindery)
- 7 Mnr P Ferrreira  
(Fin Admin)
- 13 Mnr D Botes  
(Bindery)
- 20 Mev B Langkilde  
(1e verdieping)
- 21 Mej Z Roux  
(Tydskrifte)
- 22 Mev M Lor  
(Medies)
- 23 Mev S Hatting  
(Medies)  
Mev B Malan  
(Toonbank)  
Mev A Viljoen  
(Landbou)  
Mev M Hammes  
(Tydskrifte)
- 24 Mev M Fourie  
(Skr)
- 26 Mej C Venter  
(Ontsluiting)



# MEDIES

## ELKE OUTJIE MAAK 'N FOUTJIE

Dis 'n uitdrukking wat ons almal goed ken, en dikwels so half-verleë gebruik om so 'n "ligte mistyk" te verdoes. Dis per slotte die een element in ons samestelling wat van ons mense maak. Edward Gibbon het nie verniet gesê: "History is indeed little more than the register of the crimes, follies and misfortunes of mankind" nie.

In my vakansieboek, Gyles Brandreth's "The Book of Mistakes" het ek die volgende klompie foute rondom die mediese wêreld gemaak, net om te bewys dat dokters nie altyd hulle foute kan begrawe nie, maar dat dit somtyds onweerlegbaar deel van die "misfortunes of mankind" geword het. Vele ander beroepe het tot hierdie glipse bygedra, van filmmakers tot drukkersduiwels.

Die "Reedsburg Post" het die resep vir 'n eksotiese gereg gehad: "Blend sugar, flour, and salt. Add egg and milk, cook until creamy in double boiler. Stir frequently. Add rest of ingredients. Mix well and serve chilled. Funeral services will be held Thursday afternoon at two o'clock". Of die resep die oorsaak was van "Mrs Freda Wallace Brown, 79, of Burlington Avenue dined this week at her home. Service and cremation will be held next Thursday at 2.00 pm", sal ons maar vir die Accrington Weekly moet vra.

Die ooevaar het ook al vir sy kwota glipse gesorg. Soos die koerantopskrif wat gelui het "Sisters wed brothers have babies same day", en mens wonder of dié blits-aflewering dalk die volgende berig tot gevolg het, "Rural council district birthrate highest for ten years - human killer adopted". Dit het blykbaar nie gehelp nie, want 'n ruk later het die volgende berig verskyn: "Senate passes death penalty: Measure provides for electrocution for all persons over 17". Die maatregel is afgeskaf toe die owerhede gelees het dat "steriliteit moontlik oorerflik is".

"One small ad gone wrong is worth more to a reader than forty strip cartoons". Die British Medical Journal het "surgical instruments: complete assortment of deceased surgeons" geadverteer, die Ely Standard het die eenmaal-in-n-leeftyd aanbod gehad: Widows made to order. Send your specifications". Hoe ver die "bachelor (45) non-driver, would accompany same on car tour of Scottish highlands" sou kom voordat hulle(?) 'n dokter nodig sou hê, sal net hulle weet.

Die tandartse kry ook maar opdraande as 'n "Kenwood mixer, large size with all attachments, including tooth extractor" geadverteer word. 'n Tandarts se grafskrif het so gelui:

"Stranger approach this spot with gravity, John Brown is filling his last cavity"

En wat van:  
Here lies Ann Mann  
She lived an old maid  
and died an old Mann

Nog iemand wat min of meer dieselfde probleem as Ann Mann gehad het, was die een wat in die

Woman and Home die volgende te sê gehad het: "I never went through that ghastly adolescent phase most girls experience. I went from child to woman in one go. One day I was a child. The next a man". (Dalk 'n tiener-drukkersduiwel die keer?)

Dis die "examinflatirs" wat dikwels 'n dosent se paadjie deur 'n vraestelvlakke ophelder. Vir sulkes moet 'n mens punte kry, al is dit vir oorspronklikheid:

Florence Nightingale was 'n famous Swedish soprano.

Socrates died from an overdose of wedlock.

Parasites are people who live in Paris.

Flaura and Fauna were two Siamese twins.

Euthanasia is the eastern part of Asia.

Oedipus Complex was a famous queen of Egypt.

Een dokter wat sy fout nie kon begrawe nie, is die een wat Francois de Cuville in 1562 as dood gesertifiseer het. (Pet hulle toe



"How Do You Know I Misspelled It?"

al sulke goed gedoen?) Ses uur na die begrafnis het sy broer onraad geruik, die graf laat oopgrawe, en 'n lewendige Francois binne gekry. Hy is 70 jaar later oorlede, op 105-jarige leeftyd nadat hy een nag 'n serenade vir sy geliefde onder haar venster gehou het, nat gereën en siek geword het. Dit wil gedoen wees!

In 'n soektog na mediese stories in koerante vir ons kennisgewingbord by Medies, het ek die storie in die Pretoria News raakgeloop: 'n Weekoue baba is in 'n kleedkamer op die Londense stasie gevind - sonder ouers, tyding of identifikasie. Hy het 'n doek en 'n T-hempie aangehad, en op die T-hempie die woorde wat as ons dit in Afrikaans sou vertaal sou lui: ELKE OUDJIE MAAK 'N FOUTJIE.

Magriet Lee

(Inligting uit: BRANDRETH, G. The Book of Mistakes. London, Futura, 1982)

## VOOR-ONTSLUITING

AANHALINGS UIT "THE DEVILS DICTIONARY" VAN  
AMBROSE BIERCE

**BACKBITE**, v. t. *To speak of a man as you find him when he can't find you.*

**BORE**, n. *A person who talks when you wish him to listen.*


**CIRCUS**, n. *A place where horses, ponies and elephants are permitted to see men, women and children acting the fool.*

**HABIT**, n. *A shackle for the free.*

**HAPPINESS**, n. *An agreeable sensation arising from contemplating the misery of another.*

**FRIENDSHIP**, n. *A ship big enough to carry two in fair weather, but only one in foul.*

**TELEPHONE**, n. *An invention of the devil which abrogates some of the advantages of making a disagreeable person keep his distance.*



## AFRICANA


As daar nog mense is wat onder die indruk verkeer dat Africana so 'n rustige afdeling is, kan hulle maar net met Jo gesels. Sy het in 1983 met Biblikasie saamgeleef en nou is dit weer die Sosiale Komitee wat sy intrek hier geneem het. Dit beteken telefoon-oproepe, boodskappe en krisis wat Jo maar gelate moet verduur.

Allerlei interessante verskonings duik dikwels op as jy vir mense vra om 'n stukkie vir Biblikasie te skryf soos onder andere: "ek is nou al so oud en ek kon nog nooit skryf nie". Vir al diégene word die volgende gedigjie aangehaal met die hoop dat hulle die Biblikasie-redaktrise gaan oorval met hulle bydraes.

### TOO LATE?

*But why, you ask me, should this tale be told  
To men grown old, or who are growing old?  
It is too late! Ah, nothing is too late  
Till the tired heart should cease to palpitate.  
Cato learned Greek at eighty; Sophocles  
Wrote his grand Oedipus, and Simonides  
Bore off the prize of verse from his compeers,  
When each had numbered more than fourscore  
years,  
And Theophrastus, at fourscore and ten,  
Had but begun his Character of Men.  
Chaucer, at Woodstock with the Nightingales,  
At sixty wrote the Canterbury Tales;  
Goethe at Weimar, toiling to the last,  
Completed Faust when eighty years were past  
These are indeed exceptions; but they show  
How far the gulfstream of youth may flow  
Into the arctic regions of our lives,  
Where little else than life itself survives.*

Longfellow.



## GELUKWENSE

### Nagraadse kwalifikasies:

Mev S Marsh (Voorontsluiting) en Mev A van der Merwe (Beplanning) het albei die graad Honores in Biblioteekkunde met lof behaal.

### Geboortes:

Mnr Hurter van Breda (Finansiële Administrasie) het op 11 Februarie 'n dogter ryker geword.


# WELKOM



MEV TRIX OLIVIER  
(BOEKONTVANGSTE)



MEV ELMA KOCK  
(TOONBANK)




MEV ANNA DU TOIT  
(TOONBANK)



MEJ MAGDA CELLIERS  
(BOEKONTVANGSTE)



MEJ ESMÉ CLAASSENS  
(IBL)




MNR EUGENE DROTSKIE  
(TOONBANK)



MEV ELSA ROOS  
(GSV)



MEJ DIANA MINNAAR  
(VAKBIBLIOTEKARISASSISTEN  
3e VLOER)



MNR LEO DU TOIT  
(TOONBANK)



MEJ CHRISTINE DU TOIT  
(VAKBIBLIOTEKARISASSISTENTE  
2e VLOER)

# TOTSIENS




MNR ANDRÉ BRUWER  
(DOBIS/LIBIS-  
KOÖRDINERING)



MEJ GERDA DE VILLIERS  
(TYDSKRIFTE)



MNR ERNST MULLER  
(BUIEMUURS)



MNR RIAS DE BEER  
(TYDSKRIFTE)






MNR CHRIS BUYS  
(BINDERY)




MEJ MARLENE MULLER  
(IBL)









## DIE EERSTE SÊ

### EERSTEJAARSTUDENTE ORIËTERING 1984

Dit is jaarliks die gebruik dat eerstejaarstudente ook ten opsigte van die biblioteek oriëntering ontvang. 'n Totaal van 3308 eerstejaarstudente het aan die begin van 1984 geregistreer teenoor 3174 vir 1983. Hier- van is 235 en 175 Buitemuurstudente vir 1984 en 1983 respektiewelik.

Op Dinsdag 24 Januarie tussen 18h45 - 19h15 het die eerstejaarstudente van Buitemuurs oriëntering ontvang. Om gedurende die aand 'n oriënteringsprogram aan te bied is altyd 'n vuurdoop. Tydens hierdie sessie kry ons 'n aanduiding van hoe suksesvol die program is en terselfdertyd hoe dit uiteindelik deur die binnemuurstudente ontvang sal word. Hierdie jaar kon die klankbaan nie by projektors inskakel nie en toe moes die kommentaar mondelings aangebied word. Gelukkig het geen Buitemuurstudent dit agtergekom nie. Die groep studente het na die lesing 'n vlug- tige besoek aan die biblioteek gebring. Op hierdie wyse het hulle kennis geneem dat daar met die hyser eers na die tweede vlak beweeg moet word en dan ver- der met die trap na die derde vlak. Sekerlik nie die ideale ligging nie. Daar was ook die geleent- heid om vrae te stel.

Om die groot aantal studente by Binnemuurs sinvol by die program te betrek stel besondere eise. Die studente is moeg van 'n baie vol program, want som- mige skep die indruk van slaapwandelaars.

Die Studentediensburo reik jaarliks die "Nuweling - eerstejaarstudente oriënteringsgids" uit. Die 1984 publikasie gedruk op glanspapier bestaan uit 64 bladsye en bevat 'n magdom van gegewens. Op blad- sye 58 en 59 verskyn inligting oor die Biblioteek- diens. Die volledige rooster wat aantoon waar en wanneer een van die 200 groepe vergader is onmisbaar. Die Biblioteek moes op die 2 en 3de Februarie 1984 die twintig groepe hanteer. Meerdere groepe word bymekaar gevoeg. Elke groep het 'n uur tyd om die program te deurloop.

Volgens die oriënteringsgids is die bymekaarkom plek die Geesteswetenskappegebou - voor lesinglokaal 13.

Die Biblioteekdiens het 5 lesinglokale in die onmid- dellike nabyheid tot sy beskikking. Wanneer die eerste lede van 'n groep opdaag word hulle na 'n lo- kaal verwys en sodra daar 'n vyfde van die totaal is, neem die program 'n aanvang. Op hierdie wyse word al 5 lokale eweredig beset. Hierdie benadering het tot gevolg dat die 5 lokale altyd beset word, dit maak nie saak hoe groot die groep is nie. Verder het dit die implikasie dat die aanvangstyd van die pro- gram aansienlik kan verskil. Die lokaal wat eerste sy kwota het kan soveel as 15 minute voor die laaste een 'n aanvang neem. Dit het verder die voordeel dat die 5 groepe nie gelyktydig vir die biblioteekbesoek opdaag nie.

Die verloop van die eerstejaariëntering en die biblioteek se betrokkenheid vir 1984 kan soos volg saamgevat word:


Studente vergader voor G.W. 13 en word soos hulle aanneld in vyf eweredige groepe verdeel. By die ingang van elk van die vyf lokale ontvang die stu- dente die "Handleiding van die Biblioteekdiens". In elke lokaal word 'n voorlesing met behulp van transparante aangebied asook 'n kleurskyfieprogram met klankbaan. Na afloop hiervan word 'n besoek aan die Biblioteek gebring. Die rondleiding wat slegs op die grondverdieping plaasvind word behartig deur 'n gewillige groepie biblioteekpersoneel en doen ook die verdeling in kleiner meer hanteerbare groepies.

Wat met die oriëntering beoog word is velerlei. Om vir die eerstejaarstudent aan te dui hoe om die bib- liotheek te gebruik. Die brosjure van die Biblio- teekdiens waarvan daar terloops 5000 vir 1984 ge- druk is dui aan hoe om lid van die biblioteek te word en om boeke uit te neem. Die skyfieprogram dui op aanskoulike wyse aan hoe dit is om in die biblioteek te studeer, watter fasiliteite beskik- baar is en waar die verskillende takbiblioteke is. Die voorlesing met die transparante het veral ten doel om op eenvoudige wyse aan te dui hoe inligting, boeke, tydskrifte en ander materiaal opgespoor kan word.

Laastens is die groep se besoek aan die biblioteek om bekend te raak met die fisiese uitleg van die biblioteek en om die drumpel te betree sodat die onbekende plek maak vir die bekende.

Terugvoering en evaluering van die belewenis van die kant van die student is in die verlede deur die Stu- dentediensburo deur middel van 'n vraelys gedoen. Die uitslag ten opsigte van die biblioteek was nog altyd baie positief. Dit bly egter ons taak en verantwoordelikheid om die saak deeglik te monitor en aanpassings aan te bring waar die behoefte be- staan. Mag die 1985 oriënteringsprogram gebou wees op nuwe insigte en die ryke ervaring van die verlede.

Von B de V Otto



*The feeling of being hurried is not usually the result of living a full life and having no time. It is, rather, born of a vague fear that we are wasting our life*

- Eric Hoffer


## theo du toit en buitemuurs

Mnr du Toit het op 1 Augustus 1959 in die Merensky-biblioteek begin werk en vanaf September 1961 verhuis na Buitemuurs. Daar is tans net 'n handjievol mense in Merensky wat vir Theo du Toit van Buitemuurs werklik ken. Ons personeel het hom al gesien as hy by 'n spesiale geleentheid saam met ons kom tee drink het, en miskien kry Toonbank, IBI, en Makro-ontsluiting op 'n aanvraagbasis ten opsigte van lenings en bande vir oorpasing op DOBIS met hom te doen, maar dit bly darem op 'n taamlike nie-persoonlike vlak.

As dit ons weer veroorloof kan word om terug te verwys na die dae toe Merensky nog 'jonk' was, dink ons dat die handjievol van ons wat vir Theo toe al geken het, wel vir ons kollegas 'n meer persoonlike en lewende bekendstelling van hom kan gee.

In daardie dae het die personeel by Merensky wel deeglik geweet van Theo en van Buitemuurs .... want ons het na-uurs daar gaan diens lewer. Die meeste van ons het dan, as dit ons diensbeurt was, so om en by 16h00 vertrek om die bus stad toe te haal en ons het gewerk tot 21h30. Ons het altyd eers 'n kort geselsie met Theo gehad, maar PRESIES om 16h50 het hy vertrek, al was dit in die middel van 'n sin - hy het sy vrou nooit laat wag nie.

By Buitemuurs aangekom is ons take in die aand mondelings aan ons oorgedra, maar wanneer Du Toit vertrek het en jy jou tuis maak by sy tafel, vind jy al die opdragte ook baie duidelik op skrif, op kaartjies - vele van hulle. Onthou julle nog die handskrif?



As jy nou die aand nie jou deel gedoen het met byvoorbeeld die liasséer van kataloguskaartjies nie, of op enige ander manier drooggemaak het, dan WEET jy dit die volgende oggend. Al daardie opdragte op kaartjies was baie duidelik en baie definitief, en niks word oorgesien nie.

En die moeite wat Du Toit vir sy studente doen! Hy ken sy gebruikers op die naam en ontsien geen moeite om in hulle behoeftes te voorsien nie. Ook aan die bodes dink hy, want hulle kry gereeld elke oggend 'n sigaret sodra hy inkom.

Die verhouding tussen mnr du Toit en die biblioteek-personeel by Buitemuurs blyk duidelik uit die volgende van Ray Smithers:

I have worked in several libraries over many years and been privileged to work under some very fine people, but never as privileged as I have been over the past two years to work under 'Meneer'. As we say in English - he is a GENTLEMAN in every sense of the word, and mere words cannot adequately express my appreciation of his kindness, patience and constant encouragement to me personally. I can only testify to his devotion to his work and his unfailing concern for the users of Macfadyen Library and for his staff. His attention to every detail has led to the smooth functioning of every aspect of the library and his shoes will be very difficult to fill. May our Lord bless him most abundantly in his retirement

which he has so richly deserved.

Meneer du Toit, ons wens jou 'n heerlike rustige aftrede (nuwe lewe?) toe, veral die volgende 3½ jaar terwyl vroujie die pot aan die kook hou.



Sonder 'n rekenaar, met 'n nuwe motor  
Sonder vleis, met heerlike vars vis.

## buitemuurs

### HOE SIEN EK MOTIVERING AS MENS EN WERKER

#### Wat is Motivering?

1. Dit kan beskryf word as maatreëls wat in werking gestel word om 'n persoon of persone te oorreed tot optimum diensverrigting, wat kwaliteit en kwantiteit betref, in 'n bepaalde werksituasie.
2. Grondslag:

Die grondslag van geslaagde motivering sal allereers afhang van die werksmoraal van die betrokke werkers, dit wil sê, wat hul gesindheid en houding is teenoor hul werk. Indien hulle gelukkig en tevrede is met die werksituasie en werk wat hul doen, sal daar beter samewerking

en groter geesdrif heers op verdere aansporingsmiddels wat in werking gestel mag word en sal opdragte of voorstelle van hoofde met groter ywer uitgevoer word.

#### 3. Bepaling van Moraal:

Die faktore wat 'n rol speel in die bepaling van moraal, kan fisiologies of psilogologies van aard wees, dit wil sê objektief of subjektief.

Onder objektief verstaan ons die uiterlike of fisiese omstandighede wat 'n werker in sy taak kan strem of beïnvloed, soos swak of ontoereikende apparaat, slegte beligting, uiterste wisseling van temperatuurtoestande, ensovoorts.

By subjektief het dit weer te doen met faktore wat inwerk op die gemoedstoestand van die werker, en dit kan 'n baie belangrike aspek uitmaak by die hele motiveringsproses. 'n Persoon wat persoonlike of huislike probleme of 'n grief in sy werksomstandighede in sy gemoed omdra, sal bepaald nie baie vatbaar wees vir motiveringsmetodes nie. Inteendeel, dit kan hom net verder omkrap.

#### 4. Identifisering van faktore wat moraal kan beïnvloed

Dit kan slegs bepaal word na 'n studie van die fisiese opset van die werksomstandighede enersyds, en andersyds deur 'n sielkundige studie te maak van die menslike behoeftes en emosies (gevoelens), en dan die faktore wat hier 'n nadelige rol op die gemoedstoestand van die werker kan uitoefen, te probeer uit-skakel. Sommige van sodanige faktore kan as volg aangedui word:

- i) Die idee by die werker dat sy werk onbenullig is in die groter opset. Sy gebrek aan besef dat hy 'n essensiële skakel vorm in die totale funksie wat nagestreef word.
- ii) Frustrasie, omdat die werk wat hy doen óf bokant sy vermoëns is, óf die gevolg is van gebrekkige voorligting en opleiding deur sy voorgangers of hoofde. Ook die teenoorgestelde is van toepassing, byvoorbeeld waar die werker die werk as benede sy vermoëns beskou.
- iii) Gebrek aan 'n goeie onderlinge atmosfeer en hulpvaardigheid tussen 'n groep werkers.
- iv) Ondermyning van vrye inisiatief en individualiteit deur te veel inperkende reëls en regulasies.
- v) Gebrek aan waardering of aanprysing deur hoofde vir werk gedoen.
- vi) Fisiiese ongesteldheid of geestelike ont-wrigting; bv. finansiële kwellings by werker of ander persoonlike of huislike probleme waarmee hy te kampe het.
- vii) Die houding van hoofde teenoor en hul behandeling van werkers. Is hulle hovaardig, kortaf en ongenaakbaar teenoor hulle ondergeskiktes?


So kan verskillende faktore wat afbrekend is, deur 'n deeglike studie uitgeken word en dan

sover moontlik deur kennis en geskikte maatreëls uit die weg geruim word. Wanneer daarin geslaag is om die werksmoraal op 'n hoë peil te bring, is die tyd ryp om verdere aansporingsmiddels in werking te stel om die werker tot groter produksie te oorreed.

#### 5. Aansporingsmiddels (Incentives)

Hierdie aansporingsmiddels kan uiteenlopend van aard wees, maar almal het basies dieselfde motief, naamlik 'n vorm van vergoeding of erkenning vir goeie of uitstaande diens of produksie gelewer. Die beloning vir sodanige dienste sal verskil van instansie tot instansie en sal deur die onderlinge omstandighede van elk bepaal word. Gevolglik word daar nie gepoog om 'n uiteensetting te gee van die verskillende metodes wat aangewend kan word nie.

In die kursus wat prof Debons aanbied moet sy studente elkeen van hierdie EATPUT faktore bestudeer. Dit word volgens 'n model opgestel en die wette van elke faktor moet in verhouding tot mekaar bestudeer word, soos op meegaande skets aangedui:



## inligtinglesing

DIE AARD VAN INLIGTING - PROF ANTHONY DEBONS

Op 21 Februarie 1984 het 'n groep van die Merensky-personeel gaan luister na 'n lesing deur prof Anthony Debons. Hy is sedert 1967 hoogleraar in Inligtingkunde aan die Universiteit van Pittsburgh in die Verenigde State van Amerika. Hy beskik oor 'n M.A. en 'n D.Phil in eksperimentele sielkunde. Dr van Houten van die WNNR het prof Debons aan die gehoor bekend gestel.

Prof Debons het gepraat oor 'Die aard van inligting'. Hy het begin deur te verwys na bespiegeling die afgelope 10 - 15 jaar oor wat inligting, 'n databasis en kennis in werklikheid is en het ook bygevoeg dat daar konsternasie heers oor wat hierdie aspekte is. Die praktiese doel is om die ontologie, of die wese, van inligtingstelsels, data en kennis te ontdek. Hy vra homself af wat die belangrikste fokus van inligtingstelsels is. Die doel van die Inligtingkunde is om inligtingstelsels te verstaan. Hy beweer dat daar ongeveer drie triljoen inligtingstelsels in die wêreld is en so ongeveer honderd teenwoordig by die lesing: die mens self.

Prof Debons definieer 'n inligtingstelsel as die samestelling van funksies/meganismes sodat 'n persoon in staat gestel kan word om te leef/bestaan.

Hy het deur middel van transparante 'n skematiese voorstelling gegee van hoe 'n inligtingstelsel lyk. Die belangrikste faktore is die volgende:

Gebeure	(Events)	E
Werwing	(Acquisition)	A
Oordrag	(Transmission)	T
Verwerking	(Processing)	P
Aanwending	(Utilization)	U
Oordrag	(Transportation)	T

Hierna moet die studente besluit watter soort inligtingstelsel hulle wil ontwerp, 'n projek wat vanaf September tot Desember 1983 geduur het. So het een groep studente besluit om 'n inligtingstelsel vir militêre aktiwiteite in die ruimte te ontwerp. 'n Ander groep het 'n inligtingstelsel vir gesondheidsdienste ontwerp. Albei stelsels was volgens sy mening uitstekende ontwerpe.

Prof Debons het toe 'n video vertoon waarop die studente self uiteengesit het hoe hulle die projek benader, aangepak en deurgevoer het. Dit was die groep wat die inligtingstelsel vir militêre aktiwiteite in die ruimte ontwerp het en hulle het self ook die videoband vervaardig. Prof Debons noem dit 'n klasoefening in die Informatologie-kursus. Die projek is ingelui met 'n breedvoerige verslag van hoe elke student die inligting benader het. Die doel en ontwerp van die projek is deur een student beskryf. 'n Oorsig van die atmosfeer van die aarde en die verskillende soorte en hoeveelheid militêre satelliete in die ruimte is gegee. 'n Volgende student het die Werwingsaspek (Acquisition) bespreek, daarna het 'n ander student die Oordrags- en die Verwerkingskomponente (Transmission en Processing) verduidelik en laastens het 'n bespreking van die Aanwendingskomponente (Utilization) aan die beurt gekom.

Prof Debons het toe gevra dat iemand uit die gehoor 'n probleem moes aanbied en dat hy daarvoor 'n inligtingstelsel volgens sy EATPUT metode sou ontwerp. Die probleem wat gestel is, was of landbouprodukte energie of lewe moet verskaf. Op 'n transparant het prof Debons die inligtingstelsel uitgewerk.

Prof Debons het vervolgens verduidelik hoe sy metode ontstaan het: hy moes binne ses maande 'n inligtingstelsel ontwerp vir 'n militêre instansie. Hy het uitgegaan van die standpunt dat 'n menslike wese op sigself 'n inligtingstelsel is. Van toe af kon alle beskikbare

stelsels in sy model ge-akkommodeer word. Die waardebeplanning van die probleem is baie belangrik, selfs tot soveel as 50% van die beplanning. Die oplossing word baseer op die korrekte waardebeplanning van die probleem.

Ten slotte het prof Debons gesê dat die kardinale punt is dat inligtingstelsels 'n toevoeging is tot die menslike funksies - 'n hulp om sy omgewing te orden en te beheer.

Miemie Vink

## **besoek:takbiblioteke**

Op 'n sonnige Vrydagoggend vertrek die klomp nuwelinge in die kombi met Hurter aan die stuur en Matilda as toerleidster.

Eerste op ons lys is Medies waar Magriet ons baie trots rondneem in hulle heiligdom; die grootste klagte is dat hul troetelslang 'Gertrude' nie meer met hulle is nie en hulle in spanning wag op 'n nuwe een.

Daarna na Voorklinies waar ons baie vriendelik ontvang word deur Rita, Johanna en Margaret. Buitemuurs is die volgende op die lys en mnr Du Toit spog behoorlik met sy koninkryk en vertel ons hoe dit daar gelyk het toe hy daar gekom het en hoe dit nou lyk vandat die Prof Direkteur is. Hy klink nog net so vol entoesiasme soos jare gelede en mens kan nie glo dat hy een van die dae gaan uitspan nie. Baie dankie aan hom en mev Smit-hers vir die heerlike vrugtesap, dit was verfrissend.

Vandaar is ons na Kalafong met sy klein en knus bibliotekie waar Sheila in haar clement is. Sy sê dis nie elke dag dat sy besoekers kry nie en het vir ons die heerlikste tee en broodjies voorgesit. Ons is deur twee sale geneem deur die Matrone wat met humor vertel hoë vol daardie sale kan word, veral oor naweke en aan die einde van 'n maand wanneer almal die "elumboog" te hoog lig.

Toe ons by Onderstepoort land is dit skroeiend warm, maar Erica is vol lewenslus en entoesiasies wys sy vir ons hul bibliotek. By wyse van verandering besluit Dr Olivier om ons die diere te gaan wys. Toe is alle boeke vergete. Ons maak kennis met heeste en bokke en 'n wankel-been vulletjie en sy baie trotse ma, en groot bruin varke wat lyk of hulle in die sjokolade geval het - en dis WARM - ons sleep ons letterlik voort, maar alles is so interessant, niemand wil ingee nie, dink net aan Jan F E Celliers se "Die osse stap aan deur die stowwe..."

Omdraai en terug kantoor toe, eers gou by Landbou inloer, dan mag ons iets gaan eet. Matilda ken geen genade nie, want na etc is ons na Musiek waar ons verstom staan, want wie ken nou 'n plate-bibliotek? Anita vertel ons baie interessante dinge; onder uit die gebou kom 'n hartseer fluitdeuntjie, iemand het vergeet om die deur toe te maak. Ons arriveer terug by die werk, doodmoeg, maar bly dat ons ons mense kon leer ken en dat ons elkeen 'n klein ratjie is in die groot masjien wat Merensky genoem word.

Joggie

## **tiksters**

Dit was 'n baie bedrywige maand in ons geleedere. Alida het afgelos by mnr Duminy terwyl Marie met verlof was. Aanvanklik het sy harde bene gekou in die vreemde omgewing, maar sy slaag haar vuurdoop met vlieënde vaandels en was na drie weke heeltemal tuis daar. Ons het haar gemis en is baie bly sy is terug.

Die rugbeskrywings het ons almal gedaan, want sodra ons dink die rakke is leeg, pak die ontsluiters ons weer toe. Boekbestellings stroom ook in en moet ons vingers hulle tik ken om voor te bly, veral as daar so 'n 260 Franse bestellings is waarmee Esmé nou besig is, sy sê vir haar is dit Grieks.

Maretha hou ons liasseerwerk baie noukeurig op datum en wee daardie persoon wat vergeet om verwysingsnommers te verskaf!

Met die Woordverwerker gaan dit al beter, soveel so dat ons al besluit het om hom nie meer KOOS of JR te noem nie, maar EINSTEIN, want so 'n slim ding kan mos nie KOOS of "JR" wees nie!

Dis heerlik om 'n sin of paragraaf bo aan 'n werkstuk te gryp en dit onder of in die middel of waar ook al in te gooi. Uit te haal wat jy nie wil in hê nie, invoeg wat jy weer wil in hê en weer uit te haal wat jy aanvanklik wou inhê. Ja nee, ons frommel dinge op en maak dit weer reguit en steeds glimlag ons nuwe maatjie, jy moet net die regte knoppie op die regte tyd druk en hy speel saam. As jy egter die verkeerde knoppie op die verkeerde tyd druk, is daar moleste, want dan vee jy alles uit wat 'n persoon gister al wou gehad het en almal se senuwees is op hol. Gelukkig kan ek sê geen persoon maak so 'n fout twee keer nie!

## **toonbank**

Byna al die Toonbankmans kan oor die een of ander gelukkigewens word hierdie maand. Laat ons by die bruidegomme begin: Op 7 Januarie 1984 en 28 Januarie 1984 onderskeidelik is Charl Louw en Etienne du Preez getroud. Charl is met Amanda van Zyl in die eg verbind, terwyl Etienne met Sandra Jacobs in die huwelik getree het. Ons beste skênwense aan albei paartjies.

Baie geluk ook aan Eugene Drotskie en Leo du Toit. Hulle staan albei in die ry by die gradeplegtigheid. Eugene verkry die BA(Hons) Wysbegeerte met lof terwyl Leo die BLC-graad ontvang. Albei is ook tans besig met verdere studie en ons beste wense vergesel hulle.

Verlede maand het ons hom verwelkom en hierdie maand moet ons hom groet: Eugene Drotskie verlaat aan die einde van die maand die diens van die Merensky. Hly het 'n RGN-beurs gewen en hulle vereis dat die houer daarvan nie mag werk nie. Baie geluk, Eugene, met die besondere prestasie!

Mnr Flip Olivier wat aanvanklik slegs op 'n deeltydse basis by die Merensky werksaam was, het nou die permanente pos van Louis Fourie by Medies oorgeneem. Ons hoop jy werk lekker daar.




## veeartsenykunde

Die dag voor Jool is 'n mini-Jool op Onderstepoort gehou. Dit was die jaarlikse inhuldiging van die nuwe "President". Die tema vanjaar was Arabies. Die President was 'n asemrowende Sjeik wat met ringbedekte vingers en gloeiende rooi tulband wonderlike beloftes aan sy onderdane gemaak het (minder lesings, geen toetse, ens.) Sy getroue volgelinge het hom op volbloed Arabiese perde vergesel. Dit was heerlik pret vir ons almal. Die biblioteekpersoneel het dit veral geniet om hulle ywerige gebruiker, prof Osterhoff, in sy nuwe rol te sien! Verlede jaar se president, prof Reinecke, moes ongelukkig onthoof word - seker daarom dat ons deesdae min IBL aansoeke van hom ontvang!

'n Teleksboodskap vanaf Zimbabwe se National Free Library vra om hernuwing van een van ons boeke. "It is held by customs for reasons best known to them. Still trying to release it".

Die boek wat soveel agterdog wek?  
Digest of the diseases of birds.



GROETE

## inligting

Ten spyte van baie vrae oor allerhande dinge by inligting, het ons ook te doen met "Eienaardighede" soos:  
 Hulle het my nog nie gewys hoe moet ek werk met "die ding" nie -!! (rekenaar)

\*\*\*\*\*

Is hier 'n sentrale rekenaar?

Ja meneer.

Waar is dit?

By die rekenaarsentrum.

Hoe kom ek daar?


Wat wil u daar doen?

Ek wil hoor of hulle my rekenaar by die huis aan die biblioteek kan koppel - dan kan ek sommer van daar af werk.

Jammer meneer, maar op hierdie stadium is dit nog nie moontlik nie.

Miskien later - wie weet?

## ontsluiting



Na die groot drukte by die terminale, verdring ons mekaar darem nie meer om 'n beurt voor die terminaal te kry nie. Die rede vir die stormloop was die groot poging om die agterstand van alle boeke ouer as Februarie weg te werk. Die rakke is amper leeg by ontsluiting en die glimlagte word al voller!

Dobis het gelukkig ook sy kant gebring en mooi saamgespeel om van ons poging 'n sukses te maak. Vandat sake egter rustiger begin verloop, het Dobis besluit om ook sy kans waar te neem en begin "hik". Aan die Ontsluiters en Voorontsluiters se gesigsuitdrukkinge kan jy sommer sien die stelsel hang, is af, of is baie stadig. Magda moet maar rondspring en die lyne warm bel om al die opstandiges te paai - dankie ook vir Mike, Magda se nuwe regterhand. Al is dit al 'n bietjie laat wil ons as afdeling net vir Mike welkom sê hier in ons geleedere en ook sterkte sê met al die drawery wat nog voorlê.

Ons by Ontsluiting werk darem nie net hard nie, maar het ook so af en toe tyd vir 'n "fesie". Vir Amelia was daar so 'n verrasinkie ter voorbereiding van haar Groot Dag. Amelia, ons hoop die 7de April sal 'n lieflike dag wees sonder krisis!

Die 28ste Maart is ook 'n belangrike dag vir Helena wanneer sy nou amptelik haar graad ontvang. Ons as afdeling sê ook vir jou baie geluk met die beloning op die laaste paar jaar se harde werk.

## derde vloer

### Microprocessors and solid state

Die volgende antwoorde is opgemerk in die take wat die studente van Rekenaarwetenskap gedoen het:

... teen die laat 1970's het die mikroprofessor byna 'n rewolusie in die rekenaarindustrie veroorsaak ...

.. die transistore in die rekenaar is vervang deur soliede staatstegnologie ..

(Is dit dalk die verklaring waarom Dobis nog nie aktief is nie?)

Gedurende 'n kuiertjie tussen die naslaanwerke op die 3de vloer het 'n paar interessantheide opgeduik:

Het u al êrens een van die volgende gedrink en wonder nog steeds wat presies daarin was?

Zeus Cocktail  
Volga Boatman  
Singapore Sling  
Snowball Fizz  
Between the Sheets of a Salty Dog?  
(Wines and Spirits - Waught)

Vir die blokkiesraaisel-, woordbou-, tongknoper- en woordspeletjie entoesiaste:

U soek na 'n seweletter woord wat begin met heup?  
Wat van: heupaar, heupjig, heupjas, heuplyn, heuppyn, heuprok, heupsak of heupvel.

Of woorde wat na weerskante dieselfde lees:  
radar, solos, sannas.

(Klop die woord - Rousseau)

Gewonder waar kom die Caprivi-strook aan sy naam?  
Dit is vernoem na graaf Leo von Caprivi onder wie se régime die streek in 1893 in die hande van Duitsland oorgegaan het.  
(Streekname in Suid-Afrika en Suidwes - Raper, R E)

Die warmste stad in die wêreld?  
Djibouti: Djibouti het 'n gemiddelde temperatuur van 30° C (!?)  
(World facts and figures - Showers)

Het u al 'n dikbekkanarie, swartweduweetjie of witkeeljanfrederik gesien?  
(Voëls van Suider-Afrika - Prozesky)

Die heel eerste bemande ruimtereis - wanneer was dit nou weer? 12 April 1961  
(International Encyclopedia of Aviation)

Wat sou "capilotade de volaille" op 'n spyskaart beteken?  
Gestoofde hoender met sampioene  
(Spyskaartwoordeboek)

Gaan bespreek sommer nou 'n tafel vir 'n heerlike uitete vanaand!

## gelukwensing

MEV M GROBBELAAR (IBL) is vanaf 1 Maart 1984 tot Tydelik-deeltydse Biblioteekassistente bevorder. Baie geluk!

## bak en brou

### CANNELLONI (Pannekoekies met vleisvulsel)

1 middelslag ui  
30 g vet (of olie)  
340 g rou maalvleis  
2 eetlepels tamatiepuree  
375 ml melk  
45 g Cheddar- of Parmesaankaas (gerasper)  
1 groot eier  
olie om in te braai  
170 g meelblom  
1 blokkie vleisekstrak (opgelos in 250 ml kookwater)  
60 g sampioene  
sout en peper  
30 g botter

Skil en sny ui fyn en braai in vet vir 5 minute. Voeg vleis by en kook nog 5 minute. Verwyder van hitte en roer tamatiepuree en 30 g meelblom in. Roer vleis-ekstrak by. Sny sampioene in skywe en voeg by. Geur na smaak. Sit deksel op en prut 45 minute. Na 30 minute smelt botter in klein kastrol. Roer in 30 g meelblom en kook 2 minute. Haal van hitte af en roer 250 ml melk geleidelik by. Plaas terug op hitte en kook terwyl aanhoudend geroer word.

Roer in 30 g kaas en geur met sout en peper. Laat staan met deksel op van hitte af. Sif intussen res van meelblom in mengbak met knypie sout. Maak holte in middel en voeg eier by. Meng geleidelik res van melk by asook 125 ml water. Klop goed vir 4 minute. Verhit olie in pan. Maak 6 pannekoekie op gewone manier. Vul pannekoek met maalvleismengsel en rol op. Plaas pannekoekie in vuurvaste skottel en skep sous oor. Besprinkel met res van kaas en braai ongeveer 3 minute of tot goudbruin. Dien dadelik op.

Christie de Klerk  
IBL

## verjaardaglys

### APRIL

- 3 Mev J Coetzee  
(Africana)
- 7 Mev H Fourie  
(Voorklinies)
- 8 Mej H Theron  
(Ontsluiting)
- 10 Mev S F Grimbeek  
(Kalafong)
- 12 Mej A van Zijl  
(2e Vlak)
- 20 Mev R Pretorius  
(2e Vlak)
- 21 Mnr V Otto  
(Ieëndiens)
- 23 Mej J Roos  
(2e Vlak)
- 24 Mev M Coetzee  
(DOBIS/LIBIS Koördinerings)
- 27 Mev A Nel  
(Musiek)
- 28 Mnr A van Rensburg  
(Bindery)
- 30 Mej M do C P Agostinho  
(Ontsluiting)



# welkom



MEJ L E JORDAAN  
VOORKLINIES



MEV E E VAN DER MERWE  
VAKBIBLIOTEKARISASSISTENTE  
DERDE VLOER



MNR E DU PREEZ  
BUITEMUURS



MEJ C H HENNING  
TYDSKRIFTE



MNR G J LUUS  
BINDERY



MNR P J L OLIVIER  
MEDIES



# totsiens



MEV B S OLIVIER  
BOEKONTVANGS




MEV M M JORISSEN  
VOORKLINIES



MNR E N DROTSKIE  
TOONBANK



MEJ A KELDER  
BOEKONTVANGS



MNR L P FOURIE  
MEDIES




MNR C C S NEL  
EGTE



MNR T DU TOIT  
BULLEMUURS





## die eerste sê

### TAKKE AS DEEL VAN 'N BOOM OF SWERWENDE SATELLIETE?

'n Tak- of satellietbiblioteek was vir my by die eerste aanskoue van die diagram in die personeelhandleiding in my Merensky-jare net nog 'n biblioteek, wat volgens die illustrasie letterlik soos satelliete in verskillende bane rondom die hoofskip beweeg. Dit was 'n plek byna so onbereikbaar as 'n ander planeet as jy 'n boek dringend telefonies wou aanvra, en my eerste gewaarwording toe ek in een begin werk het, was dat die wêreld ondanks al die ooreenkomste so verskil dat 'n mens net sowel op die maan kon begin werk het.

'n Takbiblioteek is 'n geval waar die spreekwoordelike berg na Mohammed gekom het. Waar gebruikers op die hoofkampus soms, soos dit vir hulle voel, ligjare van die biblioteek is, is die biblioteek hier deel van die daaglikse lewe. Van die praktiese belewenis daarvan sal die mense by Musiek en Landbou menige verhale kan vertel. In 'n poging om 'n spyker by Medies in die muur te kry om 'n prent op te hang, wou geen spyker in die beton ingaan nie, en die rede was duidelik uit 'n kollega se opmerking: "Ons mure is so hard want ons hou die hele gebou regop en aanmekeer" - 'n praktiese oorweging met 'n filosofiese strekking, of so hoop ons.

Om in 'n takbiblioteek te werk wek gou by 'n mens die gevoel van onafhanklikheid - en uiterste afhanklikheid van daardie hoofskip op die diagram. Onafhanklikheid wat beteken dat daar dikwels vinnig indaba gehou, en besluite geneem moet word, want daar is nie altyd 'n persoon of tyd vir wie jy 'n turksvy kan aangee nie. Daar is ook die besef dat net jy self die monitor van jou werksaamhede is, en dat een afskeep óf jouself of 'n kollega voortoe gaan laat ly.

Net so besef 'n mens jou eie onvermoë om diens te lewer as die pendeltuig, of te wel Daniël en sy bussie, nie die benodigde voorrade (en dit sluit alles in) van die hoofskip bring nie. Ek glo nie Kersvader kan met meer vreugde ontvang word as Daniël met 'n spoedboek, 'n lank-gesoekte tydskrif of dringend-benodigde Bd-vorms nie.

In ons kleiner wêreld beteken saamwerk om alles te kan doen en dikwels moet doen wat al jou kollegas doen. Behalwe vir Vakbiblioteekaristake kan jy fotokopieermasjiene aan die gang kry (soms), boeke uitleen, en dus die gebruikers en LIBIS gelukkig hou, interbiblioteeklenings aanvra, en soms nog sommer tee

maak ook. Hierdie bekwaamheid tot twaalf beroepe (en dertien ongelukke) het sy vreugdes en frustrasies. Aan die vreugdekant is daar die groter gebruikerskontak, en aan die frustrasiekant - konsensus by almal oor al die sonde en ergernis wat binne in 'n fotokopieermasjiene verskuil lê.


So 'n paar praktiese sakies om die saamwerk tussen takbiblioteke en hoofbiblioteek nog te verbeter:

- Skryf asseblief 'n naam en van op korrespondensie hier na ons toe. Jan Viljoen is darem vir ons 'n persoon wat weet hoe lyk ons biblioteek, en 'n gesig agter in Biblikasie - Tydskrifte is net 'n afdeling.
- Onthou al sewe van ons as daar nuwe vorms, kennisgewings, aankondigings en besluite ter sprake kom. Ons het dit ook nodig.
- Wat van 'n opvolgbesoek van nuwe kollegas na drie maande?
- Laat weet ons asseblief as daar nuwe mense in 'n seksie vir ons sake verantwoordelik is. Kom maak sommer kennis, dan werk ons soveel lekkerder saam.
- As daar êrens 'n probleem opduik wat ons raak, skakel ons dadelik, en moenie dat hy roes nie. Hy is soveel makliker om op te klaar as hy nog vars is, en ons sal met plesier by die Merensky 'n draai kom maak om dit uit te stryk.
- Onthou ons by belangrike vergaderings, en probeer dit so reël dat dit vroeg soggens of smiddae plaasvind. Dit skakel onnodige kilometers en afwesigheid uit.

Laaste die belangrikste: twee-en twintig dankies van ons almal af vir al die lekker saamwerk, en samewerking wat ons ervaar. Dis vir ons lekker om met al die hulp deel van UP se Biblioteekdiens op die ver kampusse te wees.

Magriet Lee

Ns: Kan iemand nie help nie - ons soek so 'n paar los pennies vir sewe klein yskassies by sewe klein bibliotekies.



## sabinet

### DEMONSTRASIES VAN SABINET

Na 'n professionele vergadering van die Komitee van Ontsluiters wat op 22 Maart 1984 gehou is, is Voor-Ontsluiting se nuutste aanwinst gedemonstreer om te wys hoe hy werk. Mev E Langkilde het tydens die vergadering die historiese agtergrond van SABINET en die totstandkoming daarvan in 1983 geskets. Die verskillende funksies van SABINET is bespreek, en 'n opsomming van die verskillende databasisse, waaruit die SABINET-stelsel bestaan, is gegee.

Na die vergadering is demonstrasies aan verskillende groepe van die personeel in die biblioteek gelewer. Die demonstrasies het suksesvol verloop na deeglike voorbereiding, en 50 persone het gedurende die dag die demonstrasies bygewoon. Die stelsel het geen probleme gegee nie en alle nuuskierigheid en belangstelling kon bevredig word.

Dit is 'n plesier om die inligting op SABINET in die verskillende gesagsleërs op te spoor. SABINET sal 'n groot aanwinst vir ons eie biblioteek wees. Daar het groot belangstelling onder die personeel geheers en verdere demonstrasies word beplan.

RITA BOTES

## boekbespreking

### BOEKE IS BAIE SOOS VROUMENSE

Sommiges is dun, ander is dik. Een is verhewe, 'n ander is plat. Party is langwerpig, ander vierkantig of "square".

Sommiges is besmeer, ander is goed versorg. Party is duur, ander is goedkoop. Baie is oop, maar 'n groot persentasie is tóé.

Sommiges hanteer maklik, ander is stram en die blaai sit vas. Party moet jy vër van jou hou, ander naby, ander moet styf vasgehou word - soms selfs op jou skoot.

Sommiges benut mens nie - hulle bly op die rak. Party is gehawend en moet oorgetrek word. Ander vertoon op hul beste sonder enige omslag of buiteblad.

Party is jou vriende, ander het jy lief, van party onthou jy nie eens die naam nie, ander vergeet jy nooit.


Party moet verban word, ander behoort verband te word. Sommiges is opbeurend, ander neerdrakkend, sommiges vervelend, ander boeiend, sommiges lagwekkend, ander inspirerend.

Sommiges wil jy graag altyd saam met jou hê, ander laat jy liever by die huis.

Inagnemend ál die voorafgaande, bly boeke vir my die mooiste, interessantste, onvoorspelbaarste, onmisbaarste en magtigste skeppinge in die hele wêreld.

(Warden Weekblad - Daan Bosman)  
(Uit: Harrismith Chronicle, Vrydag 16 Maart 1984)

## beltel



Televisie gebruik om die inkopies te doen

Binne die volgende paar weke sal Pretoria se huisvroue hul volledige maandelikse inkopies uit die gerief van 'n gemakstoel voor die televisiestel kan doen.

Dit sal moontlik gemaak word deur 'n eenvoudige skakelbord wat aan die televisiestel geheg word, waardeur huisvroue sal kan inskakel op die Poskantoor se Beltel-stelsel.

Deur bloot 'n nommer te skakel - so eenvoudig soos 'n telefoonoproep - word die kliënt dan ingeskakel by die stelsel. 'n Pryslys van beskikbare items, die soorte en hul gewig verskyn dan op die televisieskerm.

Die kliënt plaas dan haar bestelling en die goedere word teen geringe bykomende koste by haar huis afgelewer. Die koper sal ook op die televisieskerm kan sien wat die totale koste van haar inkope is, insluitende verkoopbelasting.


Volgens 'n woorvoerder van die winkelgroep wat die eerste met die stelsel gaan begin, sal die koste van die komper en 'n terminaal in die omgewing van R2 000 wees.

Die Poskantoor gaan sy Beltel-diens vanjaar nog verder uitbrei en die verwagting is dat die stelsel in die volgende twee jaar tot R8 miljoen gaan kos.

By huisvroue met wie VIVA gepraat het, word die nuwe plan om inkopies te doen verwelkom.

Of almal daarvan gebruik sal maak, is 'n ander saak. Een huisvrou het aan VIVA gesê deel van die plesier wat sy uit haar maandelikse aankoop van kruideniersware kry, is juis om te kan deel in die atmosfeer wat binne die groot koopsentrum heers!

(VIVA, Maart 1984)



If you are good, you will get all the work. If you are really good, you will get out of doing it.

## oor skrywers en boeke

Eric Arthur Blair, of te wel George Orwell, is op 25 Junie in Motihari, Bengalië, Indië, gebore. Hy sê oor homself, 'from a very early age, perhaps the age of five or six, I knew that when I grew up I should be a writer'. Hy was 'n leerling van die Engelse snob skool Eton vanaf 1917-1921. Daarna sluit hy by die Indian Imperial Police aan, en word hy na Burma gestuur. Hy sê van hierdie tydperk: 'theoretically- and secretly, of course- I was all for the Burmese and all against their oppressors, the British'. Juis oor hierdie rede, asook swak gesondheid, bedank hy in 1928, en vertrek na Parys.

Hier skryf hy twee boeke wat nooit gepubliseer word nie, en leer hy ook Frans praat. Dit gaan met hom baie swaar in hierdie tydperk: 'I sometimes lived for months on end amongst the poor and half criminal elements who inhabit the worst parts of the poorer quarters, or take to the streets, begging and stealing'. Gedurende dié periode was hy skottelgoed, gee hy 'n bietjie onderwys, en probeer hy skryf. In 1929 keer hy terug na London.

Hy drink homself dronk by 'n geleentheid, met die hoop dat hy gearreesteer sal word, en in die tronk beland 'to experience prison life'. Hy is egter net vir 48 uur aangehou, totdat hy weer nugter was.

Die jaar 1933 verskyn sy eerste boek, 'Down and out in Paris and London', onder die skuilnaam, George Orwell, 'a name, he felt, which had a manly, English, country-sounding ring'. Gedurende 1935 word hy deur 'n uitgewer gevra om 'n boek te skryf oor die toestande van mynwerkers in die noorde van Engeland. Dié boek verskyn twee jaar later as 'Road to Wigan Pier'.

In 1936 trou hy met Eileen O'Shaughnessy. Hieroor sê hy, 'we are telling as few as possible till the deed is done, lest our relatives combine against us on some way and prevent it ... but it will always be hand to mouth as I don't see myself ever writing a best-seller ...'. Het Orwell maar die jaar 1984 beleef, sou hy nie so iets kwytgeraak het nie.

Hy en sy vrou bevind hulself in Spanje met die Spaanse oorlog, en gaan hierna terug na Engeland. 'After that awful nightmare in Spain, I had seriously thought I would never be able to write a novel again'.

In 1938 gaan hy na Morokko om te herstel van brongitis. Teen 1939 is hy terug in Engeland en werk hy by die koerant, die Tribune. In 1941 sluit hy by die BBC aan as omroeper. In 1943 is hy weer terug by die Tribune, die keer as literêre redakteur.

Hy en sy vrou neem 'n seun aan in 1944: Richard Horatio Blair. Hy verlaat die Tribune in 1945, en word 'n oorlogkorre-

spondent. Gedurende hierdie tydperk sterf sy vrou tydens 'n operasie. In dieselfde jaar verskyn 'Animal Farm'.

Hierna neem sy gesondheid baie af. Teen 1949 word '1984' gepubliseer. Omdat hy die boek in 1948 geskryf het, het Orwell net 48 omgeruil, om sy titel te kry.

In 1949 trou hy weer, met Sonia Brownell, terwyl hy nog in die hospitaal was. Oor '1984' sê hy: 'writing a book is a horrible, exhausting struggle, like a long bout of some painful illness. One should never undertake such a thing if one were not driven on by some demon one can neither resist nor understand'.

Hy sterf aan tuberkulose op 21 Januarie 1950, en word begrawe in Sutton Courtney, Berkshire, Engeland. Hy het heelwat meer publikasies die lig laat sien as wat genoem is.


Lappies

Bron: Something about the Author, Vol. 29, p 39-49.

## verjaardaglys

MEI

- 3 Mev J Eursema  
(Voorklinies)
- Mev A von Backström  
(Sekretaresse)
- 6 Mnr R Tönsing  
(1e Verdieping)
- 10 Mev A Breytenbach  
(Ontsluiting)
- 11 Mnr W Duminy  
(Adjunk-Direkteur)
- 17 Mev F Lessing  
(Finansiële Administrasie)
- 18 Mej L E Jordaan  
(Voorklinies)
- 25 Mev N Grobbelaar  
(IbL)
- 27 Mev M Meyer  
(Boekontvangs)
- 29 Mev A Willomse  
(Ontsluiting)
- 30 Mej M Celliers  
(Boekontvangs)



# kobus fouche

Vir diegene wat nog vir Kobus wat by GSV uitgehelp het, onthou, plaas ons hierdie brief op sy versoek:

Posbus 6132  
OBERHOLZER  
2502  
14 Maart 1984

Liewe Familie en Vriende

Ons staan voor die deur om van Carletonville te vertrek, met die oog om kursusse by te woon as voorbereiding vir Sendingwerk in Hong Kong.

Die HERE het al 'n geruime tyd met ons hieroor gepraat en nou gaan ons die stap van troue in Hom neem.

Ons vertrek eersdaag, 9 April, en ons nuwe adres sal die volgende wees:


P/A DTS-YWAM  
Posbus 17064  
HILLBROW 2038  
JOHANNESBURG

Ons vra u om ons in gebed op te dra. U is welkom indien die HERE u so sou lei om deel te wees van hierdie sendingaksie. U kan met vrymoedigheid aan ons skryf of laat weet hoe u betrokke wil wees.

Liefde in Christus

KOBUS EN FLIPPIE FOUCHE

"REAL FAITH IS NOT THE STUFF DREAMS ARE MADE OF, RATHER IT IS TOUGH, PRACTICAL AND ALTOGETHER REALISTIC. FAITH SEES THE INVISIBLE BUT IT DOES NOT SEE THE NON-EXISTENT."  
(A.W.Tozer).



Die spotprent by die berig 'Hy moet Pa staan' wat in 'n onlangse uitgawe van 'Die Beeld' verskyn het na aanleiding van Rolf Tönsing se ervaring met die Moedersbond, soos gepubliseer in Bibliasie van Februarie 1984.

## ontsluiting



Aprilmaand is vakansiemaaand en die ontsluiters se geleedere is uitgedun. Miemie is by die see, Joelanda op 'n staptoer in die Transkei; en so van vakansie gepraat: Breek weg, gaan hou vakansie by die see, en ontmoet dié man in jou lewe. Elrien, baie geluk met die 'wvse' stap.

En aan Nico en Amelia: nogmaals baie geluk, julle twee. Ons weet dit sal sommer baie goed gaan ná al die 'opwindig' voor die troue!

Die tuisblyers sit darem ook nie ledig nie: Gertrud is besig om baie bedrewe te raak met 'n verfkwas in haar woonstel, en Céu en Susan hou die fort aan die akademiese kant. Sterkte vir julle. Helena is ons staatsmaker agter Magda se lessenaar terwyl Magda in Suidwes kuier. Baie dankie aan jou, Helena. Ons is saam met jou bly oor DOBIS se goeie gedrag!




Wat die agterstand in die Seksie betref, is daar goeie nuus. Die ontsluiting van nuwe boeke is vir 'n tyd lank 'bevries' sodat ons eers al die 'ou' boeke kan afhandel. 'n Groot poging is aangewend en die 'ou' agterstand is nou besig om vinig kleiner te word: aan die begin van April was dit slegs 462 bande, nadat dit in die afgelope twee maande met 2940 bande gedaal het. 'n Hele paar ontsluiters het alreeds begin werk aan hulle nuwe agterstand (dit is slegs boeke wat sedert Februarie 1984 ontvang is).

Noudat Miemie ook 'n kursus bygewoon het, is 'n hele paar van ons reeds opgelei in die hantering van SABINET - baie welkom en baie handig vir ons.

Nog goeie nuus is dat daar nog nuwe terminale op pad is. Ons is BAIE bly!

Namens die ontsluiters: Ry versigtig en 'n aangename Paasaweek vir almal.

A DAY IN THE LIFE OF A LIBRARIAN?



(From: Jules Feiffer's America - from Eisenhower to Reagan; ed. by Steven Heller)

## boekontvangs



### tuisteskepper

"En wat doen jy, mevrou?"

Sy stem is belangstellend, sy oë simpatiek, sy glimlag warm. Hy stel nie net belang nie, hy wil weet wat ek nou eintlik doen om my bestaan te regverdig.

Ek leef, meneer, ek probeer leef, nee óór-leef, wil ek sê. Maar ek weet dit is nie wat hy bedoel nie. Hy wil weet wat doen ek wat geld verdien.

Maar vir wat ek - en derduisende ander vroue - doen, is daar geen betaalstrokie aan die einde van die maand nie; daarom is dit nie raadsaam om in dié uitgelese geselskap daarop in te gaan nie. Want dis 'n geselligheid vir sakemanne dié, vir mense wat hul plek vol staan in die beroepswêreld.

En vir hul vrouens, natuurlik.

Om ons druis die gedempte stemme van die dieneegangers. Vroue wat glimlag, hul vrou-en-moeder-identiteit, hul onversorgde naels en onopgemaakte gesigte tuis gelaat. Mans wie se brille blink in die kerslig. Die vroue dra kontaklense en is geharnas en getooi vir die geleentheid. Sodat hulle half vreemd lyk, ook vir hulself vreemd is.

Ek het eenmaal met 'n pruik op my kop saam met my man uitgegaan en my heelaand verbeel ek lyk soos 'n bekende aktrise. Hy kon sy oë nie van my afhou nie. Ek het gedink hy dink ek lyk fantasties. Maar toe ons huis toe gaan, brom hy: "Jy dra nooit weer daardie ding nie. Ek hou nie daarvan om met 'n vreemde vrou uit te gaan nie". Daarna het die kinders tog te lekker met die pruik gespeel.

Ek kon dalk nog die man wat wil weet wat ek doen, daarvan vertel het as hy 'n professor met grys hare was, of 'n geneesheer met moë oë, of 'n lewenssat onderwyser, want so 'n man sou verstaan het. Hulle het ook sulke vroue, een wat nie kan spog met 'n salaristjek nie. Doodgewoon en alledaags, al lyk sy nou van-aand anders.

Maar dié man - soveel weet ek van hom - is nie in 'n ordentlike, beproefde professie nie. Nee, hy het een van daardie nuwe titels. Is

dit nou Skakelbetrokkinge, Advertensie Executive of Promosiebestuurder? Hy het ook nie 'n vrou nie. Nie amptelik nie. Hy het 'n meisie, ja, die een oorkant ons met die gladde hare, gladde vel en gladde stem. Daárom weet hy nie van dié dinge nie. En sê ek nou vir hom dat ek "net" huisvrou is, sien ek al sy gesig. Dan sal sy belangstelling - al is dié waarskynlik Dale Carnegie-gekweek - soos mis verdamp. En ek wil dit so graag behou, want dit is nie aldag dat iemand wil weet wat ék dan nou eintlik doen nie.

Sal ek dit waag om vir hom een van daardie antwoorde te gee wat ek altyd op 'n amptelike vorm langs BEROEP wil skryf?

Meneer, ek is 'n nagklubsangeres....

'n Sweefstokartieste...

'n Lugwaardin - die roete na die Verre Ooste, natuurlik....

Of: 'n skryfster van blitsverkopers. Nee, jy sal nie weet nie, want ek skryf onder 'n skuilnaam....

Eintlik, weet jy, meneer, noudat ek daaraan dink doen ek ál die dinge. Behalwe dat ek nog kok en verpleegster is, vrou en maîtresse, verbruiker en chauffeur. My beroep is veelsydig soos min.

Want, meneer, ek kan 'n baba aan die slaapneurie, en ek balanseer die gesinsverhoudinge soos g'n sweefstokartieste kan nie. Ek reis nou nie oorsee nie, maar ek is alewig op reis, van die huis na die winkel, na die skool en sportveld, na die dokter en tandarts.

En ek skryf ook, meneer, aan my skoonma en ons skuldeisers. Soms help ek die kinders met hul skoolopstelle, en ek wil nog altyd 'n brief aan die koerant skryf oof die gebreke busdienste in die voorstede wat maak dat ek meer in my kar as in my huis is.

Dit flits alles deur my gedagtes terwyl die man wag om te hoor wat ek doen, met 'n glimlag wat dreig om sy wangspiere lam te slaan.

Maar net toe ek hom wil antwoord, my beroep noem, dié een wat ek altyd op 'n amptelike vorm invul, my skouers reggetrek om waardigheid te verleen aan: Ek is 'n huisvrou, meneer - net op daardie oomblik gooi my gedagtes een van daardie kinkels wat 'n mens soms help om te oorleef, en ek sê: "Ek is 'n tuisteskepper, meneer". Sommerso, koel en kalm. En dis nog waar ook, ek het dit érens gelees, dit is die akademiese titel vir huisvrou.

"O". Sy winkbroue lig en sy oë spartel om nie dronkgeslaan te lyk nie. "Het dit te doen met binneversiering?"

"Gewis, meneer. Ek hang gordyne op en ek verf mure. Soms plak ek ook en skuur ou meubels en hamer spykers in die mure. Ek kan ook gloeilampies inskroef, maar vir 'n elektriese prop is ek half sku..."

Hy kry 'n huiwerige trek om sy mond. "Jy bedoel jy is..." Verbeel ek my of wil hy oor die woord struikel? "...n huisvrou?"

"Somnige mense noem dit so", wip ek my.



"n Edele beroep," sê hy onverwags. Of is dit nou Dale Carnegie wat oorgeneem het?

"Dink jy so?" Dar is agterdog in my stem.

"Ja. My ma was ook net huisvrou. Maar vandag se vroue wil dit nie meer wees nie." Sy blik rus op haar, die gladde een. "Die beroep sterf uit."

"Dink jy so, meneer? Beslis nie in my kontrei nie."

"En waar is dit?"

"In die voorstede, meneer. Dààr, kan ek jou verseker, krioel dit nog van huisvrouens".

Geneem uit: "WAAR is al die moeders heen? / Esmé Mittner  
Hierdie skets se opskrif is: EK IS 'N TUIS-  
TESKEPPER, MENEER

## voorontsluiting

### Voorontsluiting kom in rat

Dit is n gepaste tyd om nou aan die einde van die eerste drie maande van 1984, wanneer drie-maandelikse verslae aan die orde van die dag is, terug te kyk na die aktiwiteit wat in Voor-Ontsluiting verrig is. Soos u dalk alreeds weet, is Voor-Ontsluiting saamgestel uit drie persone uit Seksie Makro-Ontsluiting en vier persone uit Seksie Boekbestellings. Voor-Ontsluiting funksioneer as een bron van die Seksie Boekbestellings, waarvan die ander been Boekontvangste is. Die taak van die voor-ontsluiters is om dokumente op bestelstadium so volledig en akkuraat as moontlik op die databasis in te voer, om sodoende die taak van die ontsluiters te vergemaklik, sodat hulle weer op hul beurt meer op die klassifikasie van dokumente kan konsentreer. Soos met elke nuwe afdeling het ons ook die gebruiklike groeipyne gehad. Die drie persone uit Makro-ontsluiting met hul katalogiseringsagtergrond en die vier persone uit Seksie Boekbestellings met hul bestelagtergrond is saamgegooi om die "ideale" afdeling van Voor-Ontsluiting te vorm. Maar dit kon egter nie sonder probleme geskied nie. Aanpassingsprobleme was daar wel, en die moeilike maande waarin strawwe opleiding plaasgevind het, so tussen die hantering van honderde bestellings per week, het soos n oogwink verloop.

Om vir u n aanduiding te gee van wat ons afdeling hierdie afgelope drie maande verrig het, wil ons n kortlikse opsomming van ons drie-maandelikse statistiek gee. Van Januarie tot Maart 1984 het Voor-Ontsluiting 4536 bestellings hanteer waarvan 2551 op die databasis ingevoer is. 863 Bestellings was duplikate wat aan die vakbibliotekaris teruggestuur is. Van die 4536 bestellings is 2756 op SABINET gekontroleer en 930 daarvan is op SABINET gevind. Hierdie syfers kan vir u n idee gee van wat ons werksvermoë is. Aan die begin het ons maar swaar getrek aan die massa, maar dit het al hoe makliker gegaan en nou is ons (danksy die optimisme en goeie gees wat in ons afdeling heers) ten volle in rat en gereed vir die aanslae vanuit die ander afdelings.

ERIEA BRITS

## derde vloer

Hoe beskryf n mens nou jou eerste maand in Merensky? Of sal ek die vraag stel wat so baie my vra: Hoe vind jy jou werk? of kortweg, hoe's jou werk? Ek voel so asof daar vir my n spesiale deur oopgemaak is met my plasing op die derde vloer. Want sien, die derde vloer is nie sommer so n vloer nie. Dit is n spesiale vloer. Spesiaal omdat hy gevorm word .. of inhoud gegee word deur die mense wat daar werk. Elk- een van hulle.

Neem nou vir Piet, die grootbaas van die vloer. Hy is nou soos n staatsmaker, n vertroueling wat jy te alle tye kan nader met enige probleem. En ek bedoel nou nie net Erid en sulke "hoge" probleme nie, maar sommer alledaagse doodgewone probleemies, soos krandruckers, rekkies, ens. Dan is daar Rita .. stil en bestendig, en goed om met jou te hê; Andrea .. n voortreflike versiering tussen die kunste en argitektuur; Lappies .. die enigste een wat nog nie vir my n verjaardagpresent gegee het nie, maar ek vergewe hom want ek besef sy sosiale begroting word reeds swaar belas; Annemarie ... wat met haar humorsin en sjarme, al wat n gebruiker is oorweldig; Annatjie .. Kapenaar en my bondgenoot in die W.P. se stryd teen N.Tvl; Diana... wat met haar skoonheid, die ingenieurstudente gedurende oriëntering aan haar lippe laat hang; Margie... plannemaker, soeker met oneindige geduld. Dan bly daar nog net my baas oor: Martie .. wat die vermoë het om die werk lekker te maak want alles word met humor opgekikker. Om nie te praat van haar 007-instink as dit kom by die opspoor van boeke, wat net spoorloos verdwyn, of die soeke na tydskrifte wat iewers moet wees, maar waar? (En ek meen nou, watter ander baas sal nou vir jou "Flora et Fauna du Cape" vir jou verjaardag present gee?)

Dit is n fees om saam met hulle te werk, en ek sê baie dankie aan elkeen van hulle, wat bydra tot my antwoord aan diegene wat vra hoe ek my werk vind. En my antwoord: ryk en lekker! Ryk en lekker nie in die sin van n gastronomiese ervaring nie, maar in die sin van lekker mense en die daaruitvloeiende menseverhoudings wat jou ryk maak.

N.s. Lappies het darem toe uiteindelik vir my n present gekoop, maar dit eers nadat ek vir drie dae aanmekaar, hom elke dag moes vra wanneer hy my present gaan bring!

Elsabé van der Merwe



No one gets into trouble without his own help. — Proverb

# welkom



MNR CORRIE DU PREEZ  
VAKBIBLIOTEKARISASSISTENT  
1STE VLOER




MEV IRENE DEJONGE  
BUISTEMUURS



MEV LORRAINE LE ROUX  
BOEKONTVANGS



MNR MATTHEW SYPHUS  
BOEKONTVANGS




MNR TABO PIENAAR  
TOONBANK



MNR HENNIE VAN ROOYEN  
TOONBANK

# *totsiens*




MEV GUDRUN JORDAAN  
BOEKONTVANGS



MEV SHEILA GRIMBEEK  
KLINIKALA (KALAFONG)





## die eerste sê

Die Biblioteek- en Inligtingsberoep staan op die vooraand van groot veranderinge. Daar is reeds by herhaling gesê dat inligting in die jaar 2000 (n skaamle 16 jaar van nou af) die belangrikste kommoditeit gaan wees. Die herwinning van inligting met behulp van rekenaars is reeds ou nuus in die Biblioteekdiens van UP en terme soos DIALOG, DOBIS, intyds en buitenstyd is algemeen in ons daaglikse spreektaal. Ons vorm werkgroepe oor indiensopleiding, gebruikersopleiding, ERID en beplanning, maar die belangrikste element in hierdie aktiwiteite bly steeds die mens. Die mens as gebruiker en werknemer.

Daarom is dit nie vreemd dat die moderne biblioteekkundige wêreld afgesien van die tradisionele beklemtoning van teorie en praktyk nou 'n tweede benaderingswyse ontwikkel het nie. Dit staan bekend as die sosiale werklikheid van die beroep, oftewel dit wat te doen het met die gebruiker en sy behoeftes.

Die vraag wat dus beantwoord moet word is, waarom kom gebruikers biblioteek toe. Sommiges kom om in die biblioteek te kom sit en werk, andere het baie duidelike, spesifieke inligtingsbehoefte. Die enigste manier waarop hulle ons aandag op hulle behoeftes kan vestig is deur dit aan ons te vertel. Hoe vertel hulle dit en luister ons wel sodat ons hoor wat hulle sê?

Die sukses by die uitruil van inligting word bepaal deur die afsender se kodes en die ontvanger se interpretasie daarvan. Die interpretasie word bepaal deur die gespreksgenote se bewustheid, sosiale vaardighede, wedersydse taalkundige, sosiale, kulturele en etniese begrip. Sosiale vaardighede kan aangeleer word en bestaan uit verbale en nie-verbale gedrag.

Verbale gedrag het te doen met die oordrag van inligting in woorde en die effektiewe inligting, of toon wat daarmee gepaardgaan. Grammatikale gebruik, woordkeuses en styl waarmee 'n gebruiker sy behoefte omskryf, kan vir die luisteraar 'n aanduiding gee van die spreker se belangstellingsvlak en die belangrikheid van die gegewens wat hy verstrekk. Die kwaliteit van sy spraak dui dikwels sy gemoedstoestand aan - praat hy hard of sag, duidelik of onduidelik, vinnig of stadig, te veel of te min.

Nie-verbale gedrag het te doen met die fisiese voorkoms, houdings, gebare, liggaamsbewegings, gesigsuitdrukings, oogkontak en kopbewegings van die gespreksgenote.

Baie tyd en geld word aan die verskaffing van inligting in die Biblioteekdiens bestee: dink aan al ons geboue, ons professionele en nie-professionele personeel se salarisse en die R1 000 000 wat in 1984 aan biblioteekmateriaal bestee gaan word. 'n Gebruiker se kontak met hierdie enorme insette is dikwels een enkele persoon wat vir hom die totale Biblioteekdiens verteenwoordig.

Daardie enkele persoon kan u wees.


En as die verantwoordelikheid nou vir u skielik bietjie groot lyk is daar die volgende kitsoplossing:

- beskou elke navraag in 'n ernstige lig
- outhou om oogkontak te maak
- behou 'n natuurlike, ontspanne houding
- luister aandagtig en met begrip
- wees entoesiasties
- bied hulp aan indien dit verlang word
- help om die biblioteekmateriaal te kry
- maak relevante, alternatiewe voorstelle
- glimlag
- wees beskikbaar
- toon belangstelling, beleefdheid en meelwendheid en
- laat die gebruikers voel dat dit lekker was om in die biblioteek te kom.



BIBLIOTERAPIE??


The higher does each  
index rise,  
As more the world we  
'civilize'



## ontsluiting en hul agterstande

Gedurende Februarie vanjaar is daar besluit om 'n groot poging aan te wend om van die agterstand ontslae te raak. Die nuwe bande wat vanaf Februarie ontvang is het ons tydelik rustig by Boekontvangste se Kerkstraat laat bly en met mag en mening gewerk aan wat ons toe die 'ou agterstand' gedoop het.

Die 'ou agterstand' het meestal bestaan uit boeke wat nou nie so aangenaam was om mee te werk nie, naamlik verslae van enige soort, werke wat ons nie altyd ge weet het of dit by ons of dalk by Tydskrifte tuishoort nie, en probleemwerke wat moeilik katalogiseer- en klassifiseerbaar is. Uit die aard van die saak was dit die soort werke wat tyd nodig gehad het vir die oplossing van die probleme en het ons onself 'n maand gegun om dit af te werk. 'n Maand het toe geblyk te min te wees hoewel daar reeds twee of drie ontsluiters was wat wel klaargemaak het en aan die 'nuwe agterstand' begin werk het. Aan die einde van April het nog net drie van ons oorgebly om ons 'ou agterstand' af te handel.



Elrien het in haar verwerking van die statistiek vanaf Maart die ou en nuwe agterstande apart bereken sodat ons 'n goeie beeld gehad het van die stand van sake in die Afdeling. Dit is dan nou vir ons baie aangenaam om te kan aankondig dat ons nie meer 'n 'ou agterstand' het nie behalwe vir miskien so ongeveer 50 bande op hierdie stadium.

Die 'nuwe agterstand', of wat na dese slegs weer die agterstand gaan wees, wil ons amper nie eers meer so noem nie want vir die maande Februarie tot April staan dit op 5 147 bande. En dan moet onthou word dat daar alreeds voluit aan hierdie bande gewerk word. Ons sien dus uit daarna om die statistiek vir einde Mei te sien omdat ons hoop dat ons 'n groot aantal bande gaan wegwerk. Met die mooi nuwe bande wat vir ons op ons voorberei rakke wag, is dit somer 'n baie lekker uitdaging.

## uitgewersnuus

In 1534 het koning Hendrik VIII die reg om boeke te publiseer aan die Universiteit van Cambridge laat toekom. Dit beteken dat hierdie universiteit nou al vir 400 jaar lank onafgebroke werke op alle akademiese gebiede publiseer!


ib!

PROMISE YOURSELF;

Promise yourself to be so strong that nothing can disturb your peace of mind. To talk health, happiness and prosperity to every person you meet. To make all your friends feel that there is something in them. To look at the sunny side of everything and make your optimism come true. To think only of the best, to work only for the best and expect only the best. To be just as enthusiastic about the success of others as you are about your own. To forget the mistakes of the past and press on to the greater achievements of the future. To wear a cheerful countenance at all times and give every living creature you meet a smile. To give so much time to the improvement of yourself that you have no time to criticize others. To be too large for worry, too noble for anger, too strong for fear and too happy to permit the presence of trouble.

- Christian D Larson

Denise Wheeler



Met die blaai deur die week se TV-programme het iets my begin pla. Hoe klink en voel dit dan net soos by die werk? Kyk gerus saam met my - aanvullings is welkom!

A-TEAM is seker Topbestuur, en as hulle so 'n slag indaba in die bestuurskamer gehou het en jy wonder wat daar besluit is, sê hulle net DIS MY GEHEIM. As Annie sê: "WHAT'S THE SCORE" verwys sy eintlik na die vakbibliotekaris se statistiek, en die antwoord is OM DIE WAARHEID TE SÊ, maar so 50/50.

NIGHT RIDER is natuurlik die aandwerkers wat na 10 so blitsig deur Pretoria se eensame strate vlieg, darem nog nie so vinnig soos MIRAGE nie.

Ons almal se SKOOLDAE is gelukkig verby, maar niemand is voor 1922 gebore nie - of so lyk dit darem. Die BRANDKLUIS is die ding waaruit Medies se geld weggeraak het, en die SILVER SPOONS raak uit die teekamer weg, veral na MIDWEEK -, of Woensdag, se koek.

NOMMER ASSEMBLIEF is wat 'n nuwe Ontsluiter vir 'n Hoofontsluiter vra, terwyl die antwoord dat sy TARZAN, DIE KONING VAN DIE OERWOUD se krag nodig het om 'n vol trollie na die Tiksters te neem. Dan werk DIE MEISIE VAN SUIDWES ook by Ontsluiting, maar is Magda Coetzee se skeet eerder DOBIS/LIBIS as die kwaal van haar TV-eweknie.

VERSLAG is die woord wat Beplanning en Ontwikkeling goed ken, en as ons prysstygings as die hoofnuus beskou, is die NUUS seker Finansiële Administrasie s'n. Dis dan ook hulle wat sê SIEN JY NOU, jou geld is op, as 'n vakbibliotekaris wild en wakker boeke bestel het.

Behalwe Helene Fourie se aandeel in TOWER-HANDE, is dit die goed wat jy nodig het met uitstallings, opedae en simposiums. Teen die pas wat daar kombuistees gereël word gaan al SEVEN BRIDES FOR SEVEN BROTHERS uit Merensky kom, maar of een van hulle OP DIE PLESIER-BOOT gaan wittebrood hou, is te betwyfel.

SPORTFOKUS - is dit Lentedag, of was dit SUIKERKASKENADES? Gelukkig was daar nog nooit 'n kollega se gesig op POLICE FILE nie, en sleg genoeg om DALLAS te haal, is ons darem ook nie.

ALFA 1999 - is dit nou die "Uashing" into electronics" wat ons al so in 1984 al bekruipt het?

## toonbank

Hier by die Toonbank loop almal net hreë glimlante rond want die rekenaar se "gedrag" is puik. Ons beleef deesdae selde indien ooit "af-tye". Dit is maar 'n geluk dat die rekenaar so flink werk want Toonbank het vir so twee weke aaneen 'n geweldige besige tydperk gehad. Daar was skaars tyd vir sit so besig was ons.

So 'n bietjie statistiek van ons kant: vir die maand Mei wat strek slegs vanaf 1-15 Mei was die aantal aanmanings wat versend is 2,291! Dit is nogal 'n aardige aantal. Ons boetegeld wat deesdae ge-in word is nogal net so baie, te wete R482.99 vir April '84. Dit raak nou 'n winsgewende afdeling!

Ons moet ook hierdie maand weer afskeid neem en wel van mnr Thabu Pienaar. Thabu gaan nou slegs voltyds studeer en ons wens hom alle voorspoed toe.

Het julle al gewonder hoekom die dames by Toonbank almal met sneesdoek rondloop? Wel, ek weet nie of almal al die vreeslike "winde" gevoel het wat hier by Toonbank waai nie. Dit het ons een vir een met verkoue, bronchitis, hoersery, niesery en so meer platgetrek. Gelukkig het ons pleidooie op vruebare aarde geval en is die "winde" al baie flouer. Is dit dalk "winde van veranderinge?"

Groetnis



## tweede vloer

Die langnaweek lê voor .... en van Jeugmisdaad en Nie Formele Onderwys gaan ons Rus.

Daar is egter ietwat van 'n spanning in die lug.

Ons wonder!

Wat gaan Thea en dr Trichardt doen die naweek?

En Rentia, hoeveel Rooibokke gaan sy sien?

Sal Lizette en Christine bruingebrand terugkom en gaan Anne se tannie uithou met haar?

Bella se naweek hang in die lug.

En Joy beplan 'n naweek van staar in die niet.

Erna sit en wag

- wag vir haar man -

(Gaan die army hom los?)

Dis 'n Groot vraag -

Die langnaweek wat wag.

Bella van Nickerk

## voorontsluiting

Van tyd tot tyd beleef Voor-ontsluiting groot hoogtepunte. Een daarvan was die besoek van mr Ungar, bemarkingsbestuurder van Ballen. Mev Nel kon sinvolle samesprekings met hom voer oor sake soos prysbepaling, dienslewering asook die voor- en nadele verbonde aan die invoer van publikasies vanaf die buiteland. In ag genome dat Ballen een van ons grootste handelaars is, het ons hierdie besoek baie belangrik geag.

### NUWE PERSONEEL

Met een van Universitas se ervare personeellede in ons midde gaan dit voor die wind met ons afdeling. Mnr Matthew Syphus het op 2 April by ons diens aanvaar en met sy kundigheid betreffende die boekhandel lewer hy vir ons waardevolle insette. As mens is hy ook vir ons 'n vreugde in ons afdeling en ons sal hom mis wanneer hy oorskuif na 'n volgende afdeling.

### VERGADERINGS

Maandag oggende is ons tyd vir informele vergaderings; dan trek man en muis op om lekker te koukus oor probleme in nuwe ontwikkelings in ons werksveld. 'n Gunsteling onderwerp wat ons onlangs bespreek het, was die benamingsinhoud van ons beroep. Ons voel naamlik dat 'Inligtingkundige' en die gebruikers-parate inhoud wat daaraan geheg word, 'n baie beter benaming sou kon wees as 'Biblioteekaris' wat meer 'n bewaringskonnotasie het. Of wat dink ons kollegas?

Die eenparige mening dat SABINET tot sy volle potensiaal op inligtingkundige gebied veral deur vakbibliotekarisse gebruik kan word, is ook gehuldig. Ons sien SABINET nie net as 'n hulpmiddel vir die bibliotekaris nie, maar ook as 'n gebruikersgerigte stelsel met groot potensiaal.

Daar is ook besluit om mini-seminare oor die nuttigste relevante tydskrifartikels op ons werksveld te hou. Ons sien baie uit na die werkswerryking wat dit vir ons behoort mee te bring.



## BIBLIOGRAFIE

Goete nuus vir ons vakbibliotekarisse is dat RIP nou op mikrofilm beskikbaar is.


### VAKANSIE

Vakansie was 'n wonderlike fees vir ons afdeling en almal het 'n heurt gehad om 'n bietjie te gaan rus.

Rita het 'n welverdiende draai by die see gaan maak en 'n lekker vakansie sonder die gog van haar studies beleef, terwyl Laura en Jeanie rustig (?) tuis was om hulle wouwaters se vakansie te veraangenaam. Estelle het 'n salige strandvakansie in Durban gehad. Susan, Erica en Sandra het elk ook 'n weeklange blaaskansie gehad.

Met almal fris en uitgerus sien ons kans om nog 'n paar bestelwaens deur die drif te trek.

S. Groenewald



## tiksters

Ons het lank op ons skip gewag. Ja, julle lees heeltemal reg. Ons skip moes net soos baie ander mense s'n ook kom en net soos baie ander mense het ons ook nie geweet wanneer hy kom nie.

Nie eers Joggie se 'Big Brother Einstein', Maretha se 'Boere', Esme se 'Franse Grieks' of Alida se 'Blommetjie' het geweet wanneer die skip sou kom nie. Die skip self het nie eers geweet wanneer hy sou kom nie. Hy was nog op die water.

Die verkoopsman van die SE-LIN het in sy 'beste' Afrikaans verduidelik dat hy 'geroep' het en dat die 'skip met die SE-LIN nog op die water is'.

Maar helaas, uiteindelik het hy opgedaag. Dit was definitief geen 'skatte' soos goud of silwer of sy nie, maar 'kosbare' rolletjies SE-LIN lint vir die rugbeskrywings van die boeke, wat maande lank op die rakke gestaan en stof gaar het.

Nou is dit darem 'n heeltemal ander storie. Ons kan nou weer 'sien'. Die rakke is leeg en nou is daar darem weer lig vir ons.

Ons vertrou dat elkeen se skip ook een van die die sy verskyning sal maak, sodat hulle ook hulle drome kan bewaarheid.



## ontsluiting



Nadat die ou agterstand afgewerk is, geniet die ontsluiters dit om weer met nuwe boeke te kan werk. Die versoeking is groot om die boeke deegliker deur te blaai as wat nodig is.

In die boek 'The great movie stars: the international years' van D. Shipman word meer as 230 filmsterre van die na-oorlogse jare tot die hede bespreek. Ons het op die volgende interessantheide afgekom: Warren Beatty is die broer van Shirley Maclaine, Yul Brynner het sy hare afgeskeer vir sy rol in 'The King and I' en het daarna kaalkop gebly. Richard Burton het glo aan 'n joernalis gesê dat sy drank-probleem ontstaan het omdat hy vroeër homoseksueel was. Sean Connery het melk afgelewer nadat hy skool verlaat het op 15. Alain Delon is as kind uit 'n paar skole geskors. Louise Fletcher is die kind van doof-stom ouers. Die boek bespreek verder die rolprentloopbane van die verskillende sterre.

'n Ander pragtige boek is 'The SAPPI collection: African wildlife'. Die fotografie is deur Peter Johnson en die teks deur Creina Bond. Hierdie boek bring ons opnuut onder die indruk van ons ryk natuurresens. Dit bestaan uit 100 bladsye kleurrike foto's met 'n kort beskrywende teks by elk. Vir diegene wat fotografie beoefen, gee die fotograaf agter in die boek 'n kort opsomming van die tegniek wat hy by die neem van elke foto gebruik het.

Hierdie is maar net 2 van die talle interessante boeke wat ons ontvang het.

Groetnis

## gelukwensing

Baie geluk aan Mev ELSA CRONJE (voorheen van Makro-Ontsluiting) met 'n seun die 22 ste Mei.

## medies

Eers die goeie nuus - 'n groot DANKIE aan mr Duminy en die ander belanghebbendes vir ons yskas. Hy is met net soveel vreugde verwelkom as die proefbuisbabas in die nuus verwelkom word.

Dan die slegte nuus. Ons groet vir Monika Lör wat nou by haar huis die Huisartse se blad vir hulle gaan versorg - sy was so 'n goeie vakbibliotekaris vir hulle, dat hulle haar skoon net vir hulleself wil hê. Monika, ons sal jou uitstallings, jou harde werk, en jou heerlike gebak baie mis. Dankie vir die tydjie wat ons so kon saamwerk. Vir Sebastian wat nou weer sy ma vir hwa kan hê sal dit seker die heel lekkerste wees. Kom loer gerus in - veral so by teetyd langs.


Stella se blink oë en plat beursie ver-raai haar geheim - sy kon op haar verloofvorms EUROPA as vakansie-adres skryf. Haar grootste bekommernis is nou net dat as die tyd nou so vinnig omgaan, hoe gaan dit nie wees as hulle eers regtig met vakansie is nie. Intussen het Sophia ook al haar paspoort in orde gekry en wag sy net dat die SA Gimnastrade en die Olimpiese Spele verbykom voordat sy haar tussies pak. Eersgenoemde tree sy self in op, en vir laasgenoemde moet sy wag om die VSA weer leeg te kry voordat sy daar gaan kuier.


Een se dood - saam met Stella se Europa-vakansie kom Philip Olivier se eksamenverlof en begin die Groot Spook met Hebreus en Dogmatiek nou in alle erns. Sterkte Philip!

Maureen het twee dae 'n BELTEL-kursus in Johannesburg bygewoon, en terwyl ons kliphard gehoop het dat ons tog nie rekenaarssoektogte moet kry nie, het die Weermag tog 'n dringende soektog gehad - ek wonder nog of sy hulle nie opgesteek het nie - maar met so hulp van drie kante het dit toe darem gewerk. Sy, Maureen, het nou-die-dag opgemerk dat dit darem rustiger gaan as die baie bedrywige Maart op die rekenaarssoektogfront - totdat sy in die boek gaan kyk het en gesien het dat daar al weer meer as gemiddeld twee per dag gedoen word. Rekenaarssoektogte is amper soos TV - wonder wat het die mense voor die era gedoen ....

Aan almal vir wie opstaan soggens - opstaan as dit nog nag is-ook so moeilik is as vir ons, dis darem nog net 'n stuk of 92 dae, dan is dit weer Lente!

Groete





WIE'T GESE<sup>^</sup> JY KAN NIE DOBIS AKTIVEER NIE ?

All tired out, his back is  
achin'  
Strained it bringing  
home the bacon.



## safari in botswana

Vir die meeste mense het die woorde 'safari' en 'Botswana' nie veel betekenis nie. 'Safari' beteken dan ook nie veel meer as dat daar dae aaneen oor sandpaai voortgesukkel word met vierwiel-aangedrewe voertuie nie. Dat alles so stamp en skud dat selfs kartondose en blikkieskos nie heel anderkant uitkom nie en dat jyself, afgesien van die kilogram stof wat jy in 'n week verorber, heelwat blouer en meer knopperig terugkeer. Op Safari is selfs net die woordjie 'water' 'n soet en ongekende klank en word jy saans aan die slaap gesus deur die geskuur en gekrap van jou eie vuil stowwerige lyf teen jou slaapsak.

Maar die woord 'Botswana' beteken veel meer as 'n geografiese gebied op die vasteland van Afrika. Dit is die land waar die visarend nog ongesteurd die koms van 'n nuwe dag oor die waters van die Choberivier aankondig. Dit is hier waar olifante na hartelus nog woude Mopani-bome binne een dag kan platloop - ongestoord, onbevrees en net sommer vir die pret. Soggens en saans maak die son nog sy oranje, pienk, pers, geel en rooi kaperjolle op die rustige waters van die reuse Lambesi of op die uitgestrekte Okavango moerasse. Dit is ook hier by die bekende Makgadi-kgadi-panne waar jy vasgevang word in die bykans pynlike stiite van die absolute niks om jou en waar jy gedwing word om, afgesluit van alles en almal, weer vrede te maak met jouself .... en met God. Hier vind jy weer rus.

Waar elders sit almal saans in gespanne opgewondenheid om 'n kampvuur wat laag brand, of in 'n tent vir die hiëna en wag om meters verder te kom snuffel vir oor-skiot kos of om selfs die asblikke om te gooi. En as daar dan skielik 'n skietlig oor hom val staan hy met groot onseker oë en rondkyk, sy gekolde figuur met die eeffens klein en lomp agterlyf gereed om te vlug .... of om voort te snuffel.

Wanneer die leeus om 4h30 'n natwe kilometer verder weg grom en 'n buffel kort daarna sy hees doodskreet laat hoor, heers daar groot opgewondenheid in die kamp en kort daarna staan etlike voertuie in 'n laer getrek om 'n trop van dertien leeus wat lustig smul aan die lankverwagte vangs - maar moet dit net nie te naby waag nie, dan word daar gevaarlik tande gewys. In stomme verbasing word daar vir 'n hele dag lank aan-

skou hoedat die karkas aanvanklik gruisig en later al minder entoesiasies kaalgevreet word totdat daar teen laataand net 'n kopbeen, 'n paar horings en die kaalgevreete ribbekas oorbly.

Dit is Botswana, die onderontwikkelde en ongerepte land waar die natuur nog sy gang kan gaan.

## veeartsenykunde

Meimaand is dit 'n geval van kinders word gesien en nie gehoor nie. Stil soos muise sit die studente in die biblioteek en swot. Ons voel skoon skuldig as ons bo tydskrifte soek, want elke geluidjie steur die toegewyde konsentrasie!


Die interne-jaars (BVSc VI) skryf nou hul heel laaste eksamens. Cor drie weke is hulle (hopelik) almal 'dokters'. Alleenlik die 5de jaars neem nie aan hierdie benoude dae deel nie. Hulle is nou 'op klinieke' en skryf eers volgende Mei weer eksamens.

Dis nou die biblioteek se geleentheid om hierdie studente in biblioteekgebruik op te lei. Met die samewerking van die Dept Geneeskunde word groepies elke Dinsdag touwysgemaak.

'n Groot aantrekkingskrag is natuurlik die terminaal. Hulle sal beslis van die adisionele een wat Rolf ons belowe het, gebruik maak!

Groete

Erica en Rina



## africana.

"'n Beetjie eksplanasie, 'n beetjie uithou, 'n beetjie deur die vingers sien, en die twis is gauw op 'n end". Hierdie wese woorde het in "Die Brandwag" van 15 Julie 1910 verskyn maar dit is nog steeds die waarheid soos ons elke dag hier by Africana uitvind.

Hier kom heelwat studente wat in een van twee groepe ingedeel kan word. Die eerste groep bestaan uit studente wat reeds 'n vakbibliotekaresse beproef en bedreef het en wat dan ten einde raad na Africana gestuur is as laaste uitweg. Vir hierdie studente krap 'n mens maar al die denker hoekies om en dryf jou brein tot breekpunt in 'n poging om te help.

Die tweede groep studente is gewoonlik voorgraads en het die vermoë om alle moontlike katalogi en inligtingspunte nis te kyk en enige moontlike vakbibliotekaresse te ontdek en dan te kom hulpeloos lyk in Africana. Party van hulle is nie eers seker met watter vak hulle besig is nie. Een dametjie het op Jo se aandring om te weet waarvoor om te soek, haar oë 'n bietjie gerol en omgedop en toe verklaar dat sy dink dit moet SLAGOFFERKUNDE wees. Jo het later uitgevind dat sy na 'n verhandeling getitel "Die bejaarde as slagoffer van misdaad" soek.

Die nagraadse studente is natuurlik nie noodwendig biblioteekkeners nie. 'n Eerbiedwaardige gebruiker (jare al in die bediening) het eendag 'n sekere kataloguslaaijie se kaartjies omgekrab en toe verklaar dat hy nie weer sal kan regmaak nie want hy is nie MAGNIES AANGELÉ nie.

Die pragtige nuwe boeke wat voortdurend hulle opwagting by ons maak bly 'n bron van vreugde. Met die oog op die wintervakansie is daar nogal 'n paar van hulle wat heel bruikbare inligting bevat soos onder andere die volgende:

The Guide to Botswana, Lesotho and Swaziland  
Farnister A: Die Nasionale parke van Suid-Afrika  
Duggan A: Readers Digest Illustrated guide to the game parks and nature reserves of Southern Africa.

'n Boek wat nog nie eers sy stamplak op die rak gevind het voordat hy nuttig was nie, is: Norwich O.I.: Maps of Africa. Rolf Tönsing is die trotse besitter van 'n pragtige gekleurde kaart van Suidelike Afrika wat hy onlangs by familie in Duitsland geërf het. In hierdie boek kon hy toe vasstel wie die opsteller van die kaart was, sowel as die datum waarop dit gedruk is, naamlik 1773.

Ons hou ook boeke oor Suid-Afrikaanse kuns aan en daarom het Stephen onlangs vir ons die album: Serigrafieë deur tien lektore van die Departement Feeldende Kunste, UP,

van die bindery af gebring. Hy het dit met 'n vrolike gesig en die woorde "hier is julle boek met die comics", aan ons oorhandig. Miskien wil die vakbibliotekaresse vir kuns kommentaar lewer.

Africana het ook nou die rekenaar-era betree en ons gebruikers is baie beïndruk met die feit dat 'n mens selfs 'n Africana-boek op die terminaal kan opsoek.

JORILIT COETZEE

## MARIA MAGDALENA

EK voel soos 'n Maria van ouds: met die onverwagte vooruitsig van Moederskap. Voordat ek weggaan wil ek hierdie wonderlike werklikheid met almal hier deel.

Nadat dit in September 1985 medies bevestig is dat ons nooit 'n kindjie van ons eie sal hê nie, het ons in allerhande toekomstplanne kompensasie gesoek. Met al ons uitsien na my man se diplomatieke loopbaan in die buiteland en die daarmeegepaardgaande ongebonde lewe sonder kinders, het ons tog nog as dit stil word op ons knieë geguan en gevra vir daardie groot onmoontlikheid.

Novembermaand was in sy laat blom toe ek vermoed daar's 'n verandering in die weer en in my. Dit was eers met die versoeking van 'n verstomde geneesheer dat ek ten volle begin blom het. Skielik was ek die uitverkore Maria wat met die ingryping van die Here, swanger geraak het. Van die maer, naar maande, tot in hierdie vol tyd met gedurige beweging van lewe in my, ervaar ek steeds die werklikheid van 'n wonderwerk in hierdie wetskapslike eeu van proerbuisbabas.

Ek groet julle met die heerlike gedagte dat ek weggaan om in 'n groter beroep te staan, maar ook met die wete dat ek julle vriendskap vir altyd met my saamdra, met 'n baie spesiale verwysing na die derde vloer en 'n dierbare Annatjie.

Anne-Marié Wessels

*Futurists are now predicting that the world will end with neither a whimper nor a bang. It will end when enough people can't find a parking space. . . . When you take a person's parking spot away, you take away the dearest thing in his life. We are not talking about parking—but the territorial imperative. Man has always been willing to go to war over real estate, and there is no land as precious to an American as the place he can leave his car. . . .*



*Building parking lots away from the center of the city isn't practical, gentlemen. Think of the cost of removing the cart of the city around the parking lots.*

### Warm lemoen-soufflé

15g botter  
45g meelblom  
Gerasperde skil van 1 groot lemoen  
55g strooisuiker  
4 eierwitte

Smeer 'n soufflé-bak en bestuif dit met die strooisuiker. Stel die oond op 200°C. Smelt die botter en voeg die meelblom daarby. Kook 1 minuut lank en haal van die plaat af. Voeg die skil en sap hierby, sit weer op en laat stadig opkook terwyl jy aanhoudend roer. Laat 2 minute lank prut en voeg die suiker na smaak by. Laat afkoel. Klits die eierwitte styf en vou dit in die lemoensous. Giet dit dan oor in die soufflé-bak tot dit 2/3 vol is. Sit dit in 'n waterbadjie (bain marie) en bak dit 25-30 minute lank in 'n warm oond. So 5 minute voor die soufflé uit die oond moet kom, strooi jy 5 ml (1t) strooisuiker daaroor.

4-6 porsies.

Uit die Plaaskombuis  
(J Badenhorst, G Moody en S Seymour)

### Gebakte suurlemoen-poeding

100g bruismeel  
Knypie sout  
100g botter  
200g strooisuiker  
2 eiers  
Fyngerasperde skil van 1 suurlemoen  
15-50ml (1-2E) melk  
50ml (2E) meelblom  
Sap van 1 suurlemoen, aangevul tot 250ml  
(1K) met warm (nie kokende) water.


Sif die meel en sout tesame. Room die botter en die helfte van die suiker tot lig en donsig. Klits die eiers en voeg dit geleidelik by, tesame met die gerasperde suurlemoenskil. Vou die meelmengsel by die eiermengsel om die beurt met genoeg melk in om 'n beslag van medium sagte bestandheid te vorm. Skep die beslag in 'n gebotterde bakpan van 1-1,25 liter en spreid dit egalig uit. Sit opsy terwyl jy die sous berei. Kombineer die res van die suiker en mielieblom, roer die suurlemoensap en water by. Meng goed en giet oor die poeding. Bak in die middel van die oond vir so 40 minute by 190°C. Die kookmengsel sal boontoe styg en die heerlike lemoensousie sal onder bly. Strooi versiersuiker oor en bedien warm, met of sonder room. Koud smaak dit ook heerlik.

4 Porsies

Uit die Plaaskombuis  
(J Badenhorst, G Moody en S Seymour)



## verjaarsdaglys



### JUNIE

- 6 Mei G Webb (1920)
- 11 Mei G de Fluwede (Onseheiding)
- 10 Mei A Webbels (18e verjaarsdag)
- 15 Mei R Badenhorst (18e verjaarsdag)
- 16 Mei J Beekun (Onseheiding)
- 25 Mei M Beekun (Opdekkriftee)
- Mei J de Fluwede (18e verjaarsdag)
- 29 Mei J Louw (1907)

**welkom**




MEV MAGRIET ENGELBRECHT  
(KLINIKALA BIBLIOTEEK)

**tot siens**




MEV MONIKA LOR  
(MEDIES)



MNR THABU PIENAAR  
(TOONBANK)





## DIE EERSTE SÊ

### REKENARISERING - ENKELE APPARATUUR-ASPEKTE

Die gedreun van bore in die betonmure van Merensky en verskeie takbiblioteke die afgelope tyd, wat soms so pynlik aan die outydse tandartsbore herinner, het seker menigeen laat wonder wat nou weer aangaan. Soos meeste van u seker agtergekom het, was dit vir die aanbring van rekenaarkabels en kragpunte. Dit is dus seker 'n geleë tyd om kortliks te berig oor die nuutste stand van sake ten opsigte van randapparatuur.

Na 'n behoeftestelling deur die Biblioteekdiens gedurende 1983 is daar tans die volgende eindpunte op bestelling vir koppeling met UP-DOBIS/LIBIS:

- Vir Merensky:
  - Ontsluiting: 7 verdere eindpunte
  - Voor-ontsluiting: 3 eindpunte
  - Boekontvangste: 1 verdere eindpunt
  - Grondverdieping: 2 eindpunte langs die trap
  - Verdieping 1: 1 verdere eindpunt
  - Verdieping 2: 1 verdere eindpunt
  - Verdieping 3: 1 verdere eindpunt
- Landbou: 1 verdere eindpunt
- Medies: 2 verdere eindpunte (1 is reeds geïnstalleer)
- Voorklinies: 2 verdere eindpunte
- Veeartsenykunde: 2 verdere eindpunte

Die verdere eindpunte op verdiepings G, 1, 2 en 3 van Merensky asook een verdere eindpunt elk by Medies, Landbou, Voorklinies en Veeartsenykunde is bedoel vir gebruikers self, wanneer die vereenvoudigde soekprogram wat in DOBIS/LIBIS beskikbaar is in werking gestel word. Behalwe eindpunte, kragpunte en kabels moet ook nog die nodige beheereenhede verkry word en die programmering gedoen word om al hierdie eindpunte met UP-DOBIS/LIBIS te laat "praat". Elkeen sal wil weet: Wanneer kom al hierdie toerusting? Ongelukkig is dit nog nie seker nie en hoewel daar 'n tentatiewe lewerdatum in Julie deur IBM verskaf is, het ervaring al geleer om liewer konserwatief hieroor te wees, veral aangesien installasie en in werking stelling ook 'n redelike tyd in beslag neem.

Verder word daar tans twee ondersoek gedoen na verdere randapparatuur: Ten opsigte van Leendienst word sterk ooreweg om oor te skakel na 'n meer standaard tipe lynkode. Dit hang daarmee saam dat ons graag agterop die identiteitskaarte van leners hul lenersnommer in lynkodemvorm wil plak en dié dan beskerm met 'n deursigtige kleefstrook. Die bestaande IBM-lynkodes word egter nie goed deur die leser gelees nie sodra 'n kleefstrook oorgeplak word, terwyl hierdie probleem nie met 'n standaard tipe lynkode soos "code 39" voorkom nie. Daar word tans met 3 firmas onderhandel oor lynkodelesers wat dalk beide IBM- en "code 39" lynkodes kan lees, sodat daar moontlik na "code 39" oorgeskakel kan word. Hierdie moontlike oorskakeling is ook die oorsaak dat die implementering van die gerekenariseerde leenstelsel by Buitemuurs, Musiek en Voorklinies voorlopig teruggehou word. Ons wil nie graag 'n groot hoeveelheid van die bestaande tipe lynkodes in ou voorraad pak nie indien ons tog na 'n ander tipe lynkode gaan oorskakel nie.

Die tweede ondersoek handel oor verdere drukkers vir die Biblioteekdiens. Drukkers word beplan vir die Merensky leen-tonbank (vir skermdrukwerk van gebruikers se lenings ens) en vir Merensky verdieping 2 en Medies (vir uitdruk van bibliografieë en soektogresultate wanneer hierdie funksie later beskikbaar kom). Die probleem is om drukkers wat stil genoeg is én aan 'n IBM hoofrekenaar gekoppel kan word te verkry. Ook hier word skakeling met baie firmas gedoen en word sekere drukkers hier verkry vir toetsing.

Intussen is die AS 3000 hoofrekenaar van die Universiteit, waarop UP-DOBIS/LIBIS ook bedryf is, vervang met 'n interim rekenaar van die Hitachi PS 7/65 van die firma Persetel en is die UP-DOBIS/LIBIS-stelsel verskuif na die IBM 4341 hoofrekenaar. Ons is dankbaar dat al hierdie oorskakelings sonder te veel implikasies vir die Biblioteekdiens kon gebeur en dat ons gerekenariseerde stelsels oor die algemeen goed kon voortgaan. Ons is dus ook hoopvol dat die oorskakeling na die 2<sup>e</sup> nuwe Hitachi PS 7/83 in die 2de semester baie glad sal verloop.

R.E. Tönsing



People's minds are like parachutes. To function properly they must first be open.

- W G P





## TUKKIANA

### MUSIEK EN F.Z. - SLEGTE OF GOEIE KOMBINASIE?

Dit is nou al 'n geruime tyd dat ek en Anita Moolman, van die Musiekbiblioteek, wonder of ons twee bloot 'n slegte kombinasie is - of hoekom loop dinge aljimmers met ons verkeerd?

Neem nou byvoorbeeld die keer toe ons Mathieson en Ashley besoek het aangaande kabinette vir die F.Z.-versameling. Doodonskuldig, rustig en tevrede met die wêreld, slenter ons al geselsende terug motor toe. En daar staan hy toe: die pragtige, netjies geklede, fiere boerseun - besig om 'n kaartjie teen die voorruit te laat staan maak. Ons gepleit, verduidelikings, woede(?), maak geen indruk nie, en ons besluit terstond: dis g'n boerseun dïe nie - wat nog te sê van pragtig! R20!!

'n Ander dag en 'n ander handelaar is besoek. Die vreugde van buite wees en die lekker van lewe straal uit ons - totdat ons agter die Merensky stop. "Jig, wat ruik so snaaks?" Ons staan agter die motor en ruik-ruik. Rook kom in sulke klein wolkies onder die motor uit. Anita waai so 'n slaggie met haar fyn handsakkie. "Ek wou mos sê die kar wou nie trek nie - seker maar met die handrem aan gery!" Met 'n laaste blaas om die rookwolkies minder te maak, stap ons die Merensky in.

BELMUS, die belangegroep vir musiekbiblioteke, hou vergadering: ek en Anita moet gaan. Johannesburg toe. Terstond besluit ons: Vandag ry ons met Anita se Mini - niks gaan verkeerd loop nie. Die vergadering was heerlik, net te lank aangehou, want teen 5h15, toe ons die SAUK verlaat, begin dit sterk skemer word. Naby Pretoria is dit klaar donker, en skielik besef ons ons is op die verkeerde deurpad. Geen probleem nie - geen probleem nie. Ons glip sommer met 'n U-draai oor die middelman - en net een slag! Die Mini val met sy voorwiel in 'n mandiepte gat. 'n Mini is van nature laag, maar nou's ons plat! "Not to worry Anita! Staan jy net daai kant van die pad en waai, en ek sal dié kant waai!" Natuurlik "worry" Anita - dis immers hãar Mini wat in 'n gat lê! Die mooiste man stop. (Dis stikdonker, maar in 'n noodgeval is alle mans mooi!) "Jammer dames, die motortjie is te swaar om te lig, ons sal nog hulp moet kry." 'n Reeds ervare Anita gaan staan al waaiende langs die pad. Groot geluk! 'n Vragmotor met swartmans stop en met 'n "hup" en 'n "ha" is die Mini uit. Die "pragtige" man bied aan om ons tot by my huis te vergesel. Ongelukkig moes ons langs die pad van hom ontslae raak - want ek kon die vreugdevolle uitdrukking op Pieter se gesig net sien as ek met die mooie ding by die huis sou aankom!

Weer moet ons saam Johannesburg toe - te heerlik! Ons gaan die leier van Soft Shoes ontmoet, want ons stel belang in sy komposisies vir die F.Z. Musiek-versameling. As vervoermiddel kry ons hierdie keer 'n reuse, grote, hoë HIACE! Met dïe logge ding Johannesburg toe? Ons twee?? Hemel Hurtur - jy weet nie wat jy die Universiteit aandoen nie, nog minder wat jy ons aandoen!

"Ken jy die pad Annelise?" Nou hoe dan? Elke ou-Raukie wat sy deel in studentelewe gedoen het, ken Brixton soos die palm van sy hand. Maar my hand was seker vuil - want NATUURLIK verdwaal ons! Om te verdwaal met die HIACE, is amper erger as om in 'n gat te val met 'n Mini! 'n Vriendelike garage-omie leen ons 'n telefoon en ek skakel die Soft Shoes. "You're lost?" vra hy. Ek sê waar ons is. "You are lost!" beklemtoon hy.

Natuurlik is dit die simpel HIACE se skuld! Niemand verwag dat Anita die ding op die pad moet hou, uit ander voertuie se pad moet bly, op die straatname konsentreer, en nog na my ook moet lui-ster nie! Die besoek self was heerlik. Jarvis Penndington is 'n spontane, oop mens. Saam gesels ons oor musiek, kyk na sy blou kamer (en sy wit en blou klavier) en wonder hoe dit met ons sal gaan terug Merensky toe.

Oor die rit terug - 'n sluier! Ons het ongeskonde hier aangekom, dit is al wat saak maak!

'n Ander dag was Anita en ek ook saam - in professor Gerryts se kantoor saam met mej Anna Bender. Ons is oortuig daarvan dat sake dié dag met ons goed gegaan het - of het dit dalk nie, professor?

Annelise Kachelhoffer



## gelukwensing

Baie geluk aan Mej Makkie Biggs wat vanaf Klerklike assistent na Biblioteekassistent bevorder is.

## verskuiwings

Mej C M Vermeulen(Irene) skuif na Boekontvangs vanaf Alg. Administrasie  
Mnr P J C du Preez (Corrie) skuif na GSV vanaf Regte  
Mnr P J H S van Rooyen(Hennie) skuif na Regte vanaf Toonbank  
Mej M E M Biggs (Makkie) skuif na Voor-ontsluiting vanaf GSV

## PADVEILIGHEID

Road Safety during Road Safety Year?

MOTORISTS DRIVE OVER BODY OF INJURED PEDESTRIAN

HORRIFIED peak-hour motorists today saw a pedestrian run over repeatedly in heavy traffic on the Pietersburg Highway in Pretoria.

The man was knocked down by a light van travelling towards Pietersburg near the Menlo Park off-ramp at about 6 am today. As he lay in the road other cars travelling at high speed on the highway drove over him.

The accident caused a major traffic jam for early-morning commuters.

The man's body was mutilated beyond recognition.

Horrified motorists slowly skirted the death scene.

It is not known how the pedestrian reached the highway.

Municipal traffic authorities today warned that strong action would be taken against pedestrians illegally walking on highways.

Pretoria News, 4th July 1984

JULIE RECHAV



VOÛR EN NÁ DIE NUUSBRIEF WAT VOOR-ONTSLUITERS VAN PLAN IS OM TE SIRKULEER OM ONDUIDELIKHEDE IN VERBAND MET BESTELLINGS OP TE KLAAR



## TIKSTERS

Wel, hier in ons tikseksie gaan dit sommer nou klopdisselboom. Esmé is klaar met eksamen en nou is ons weer voltallig. Ongelukkig het griep vir Jogie op die oomblik beet en sukkel sy maar om staande te bly.

Esmé, Alida en ek moet dus maar hand bysit waar ons kan. Hoe lui die spreekwoord "vele hande ligte werk"- dit werk nogal.

Wel, met my vakansie wat om die draai lê is dit vir my baie moeilik om stil te sit.

Alida gaan darem ook 'n blaaskansie kry na my terugkoms.

Die oorblywendes - lekker werk - sien julle een van die dae.

MARETHA

# BEPLANNING

FOTO-ALBUM VAN 'N VAKANSIE (gesensorde weergawe\*)

Die herinneringe aan my afgelope vakansie in Spanje en Griekeland is besig om só vinnig te vervaag dat ek alreeds net met 'n kaleidoskoop van prentjies, soos foto's in 'n album (let wel Maretha!), bly sit. So onthou ek die vrolike sang van 'n groep tunas terwyl ons garnale met uie- en groenpeperringe in olyfolie eet en bier drink. Die tunas is, terloops, nie 'n groep singende visse nie, maar studente wat 'n Middeleeuse tradisie voortsit, naamlik om op die ou pleine en soms in restaurante in Madrid te sing en so geld te verdien om hul studies te finansier.

Die Spanjaarde is bekend vir hul trots geaardheid en veral die mans kom afsydig, met streng gelaat, en, trouens, ietwat onvriendelik, voor. Nogtans het ek twee prentjies van 'n Spanjaard met 'n breë glimlag: dié van die maître d'hôtel in 'n Toledo-restaurant toe my vriendin 'n mooi man vir nagereg bestel het, en 'n verkeerskonstabel vir wie sy op haar beste Spaans die rigting na die sekskerk in plaas van die Joodse Kerk gevra het (die woord vir seks en Joods in Spaans klink dieselfde met net 'n verskil in aksent).

Van Rhodos het ek 'n mooi prentjie: drie silwersmede wat agter in hul juwelierswinkel rustig sit en werk totdat 'n klein seuntjie met 'n vrolike "kalimera" inhardloop. Al drie staak met breë glimlagte hul werk om eers na sy welstand te verneem. Ek is bly ek het vir my 'n stukkie van hul handwerk en sodoende 'n gedagtenis aan hul arbeidsaamheid en vriendelikheid gekoop. Terloops, 'n winkelleienaar in Athene wat tans president van die Griekse Kuns en Vakmanskapvereniging is, het kopskuddend die verdwyning van vakmanskap betreur as gevolg van die verskynsel dat mense nie meer vyftig jaar lank wil leer om iets só goed te doen dat dit 'n kunswerk word nie. Onder die vaandel van vooruitgang word goedere vinnig en in groot hoeveelhede vervaardig en langdurige opleiding en geduldige beoefening van 'n vak verdwyn omdat die masjien dan alles soveel goedkoper en "beter" doen.

Die warm son op die Acropolis en die skugtere sonstrale deur die sipresse in die tuin by die Alhambra (paleis van die Sultans tydens die Moorse bewind oor Spanje) is helder prentjies in my geheue. Ek beny Washington Irving die voorreg om in die romantiese Alhambra te kon bly terwyl hy sy beroemde verhale geskryf

het. 'n Onvergeetlike gesig is die rooi papawers, oral en tydloos: in rotse en ruïnes by Korinthe waar Paulus gewandel het, langs die grafte by Mycenae wat uit 3500 VC dateer, en onder die olyfbome van Spanje met die musiek van Manuel de Falla in ons ore terwyl ons in die toerbus ry.

Selfs grafte maak deel van my herinnerings uit: dié van Christoforus Columbus wat na al sy reise in die Katedraal van Sevilla tot rus gekom het, en dié van genl. Franco in die sobere Katedraal in die Valle de los Caidos (Vallei van die Gesneuweldes) waar soveel van die gesneuweldes in die Spaanse Burgeroorlog (1936-1939) begrawe lê. Hierdie besoek het my laat terugdink aan 'n vorige geleentheid in 1975, enkele maande na genl. Franco se dood, toe ek ook by sy graf was en dié ou man daar gekry het wat bid terwyl die trane oor sy wange afrol.

'n Herinnering op meer aardse vlak is aan ons seer voete ná ure se rond dwaal in die Prado, terwyl ons ons verwonder aan die afgryslikhede en smart in Goya se weergawe van die Napoleontiese inval in Spanje, en die onverstaanbaarheid van Bosch se skilderye.

'n Aandenking wat ek graag sou wou terugbring, is ons toergids in Spanje - Cesare, met sy groot, treurige, donker oë en fynbesnede gesig. Ek wens ek kon hom in 'n Lladro-beeldjie omskep en op my klavier sit.

Ten slotte: ek het middeljarig geword voordat ek nōu eers in Spanje ontdek het hoe om my naam korrek uit te spreek!

Estrellita Weyers


\*Vir die ongesensorde weergawe, kontak Estrellita op haar togte deur Merensky.



Typical. You wait ages for one, then they all come together.

## SOSIALE KOMITEE

Annelise Kachelhoffer het einde Mei bedank as voorsitster van die sosiale komitee. Vanaf 1 Junie sal Ansie Willemse (Ontsluiting) as voorsitster optree.



## ooievaar langepoot?

Dis al 'n ou gesegde dat die Merensky-ooievaar nie die babatjies een-een bring nie, maar sommer 'n sak vol maak en by die biblioteek se deur kom neersit. Die eerste klompie wat die oggend by die werk aankom .... en siedaar, ooievaarstees wat in sulke klompie gebeur dat hulle soms sommer so twee-twee gereël word.

In die boekie RECORDS AND CURIOSITIES IN OBSTETRICS AND GYNAECOLOGY is die lewes van nog 'n paar buitengewone ooievaars opgeteken.

Die heer Fyodor Vassilet moes beslis 'n trop ooievaars in diens gehad het om sy 87 kinders af te lewer. Sy eerste vrou het 69 kinders gehad en die tweede 15. Behalwe dat hulle die wêreldrekords hou (sy vir die meeste keer ma, en hy as pa) moes daar 'n paar sterk ooievaars in die trop gewees het, want onder die 27 aflewerings van mev Vassilet I, was daar 16 tweelinge, 7 drielinge en 4 vierlinge.

"Swaar dra, al aan die een kant" was die liedjie wat die Turkse mev Saadet Cor se ooievaar in 1961 gesing het, want sy vraggie was 'n gesonde 24lb 4 oz (11kg), terwyl die ooievaar wat twee seuntjies in 1884 afgelewer het veel swaarder, maar darem 'n gebalanseerde vrag gedra het. Sy tweelingvrag was onderskeidelik 17lb 8oz (7,9kg) en 18lb (8kg), 'n gesamentlike gewiggie van 35lb 8oz (16kg). Dit was definitief die Kragman in die trop wat die twee moes aflewer, maar hy kon sommer sy kleintjie pas uit die dop stuur om klein Marion Chapman in 1938 te gaan aflaai. Sy het net 300 gram geweeg, en moes na geboorte met 'n vulpen gevoed word.

Die ooievaar wat mev Elizabeth Greenhill (1615-81) se babatjies moes aflewer, was seker as die pendelooievaar bekend. Hy moes 38 keer vlieg om sy 39 vraggies op dieselfde plek te gaan neersit. Was seker ook maar nie baie sterk nie, toe vat hy hulle maar een-een.

'n Ander ooievaar wat seker nie gewild by sy afleweringsplek was nie, was die een wat twee drielinge binne tien maande by mev Anna Steynvaait van Johannesburg afgelewer het. Die luiste ooievaar is seker die een wat sy vrag sommer op 'n groter voël as hy gaan aflaai het. Dit het veroorsaak dat daar in 1937 'n tweeling op 'n vliegtuig gebore is.

Die turbo-ooievaar was die een wat mev Ruth Becker se vierling in 1962 in drie minute afgelewer het. Seker maar die sak deur die skoorsteen gegooi. Die Model T-ooievaar was die een waarna daar op 'n grafsteen na verwys word. Die dame is oorlede op die rype ouderdom van 112 jaar en het 'n dogter van 9 jaar agter gelaat. Mev Johanna du Plessis van Johannesburg het in 1969 'n dogtertjie ryker geword, toe sy 'n jonge 58 jaar oud was.

Daar is 'n gesegde dat 'n mens eers oud is as jou nageslag jou ouderdom oorskry. Dan weet ek van minsterns drie horingoue vroue. Mary Waters wat op 11 Mei 1620 op 94-jarige ouderdom oorlede is het 369 nasate gehad - 18 kinders, 114 kleinkinders, 228 agterkleinkinders en 9 in die volgende geslag. Hester Sandys was nog ouer. Haar nageslag het 700 getel. Mev Mary Bull was heelwat jonger - nageslagsgewys. Haar nageslag het maar net 410 getel.


Die mees-verwarde ooievaar was seker die een wat in Augustus die Sterke, (1670-1733) koning van Pole, se diens was. Die man het 300 buite-egtelike kinders gehad. Die arme ooievaar het seker nie geweet in watter rigting hy elke keer moes vlieg nie!

So 'n laaste storie wat nie in die boek is nie. My pruttelrige broer se pruttel het baie vinnig opgedroog toe Pa vir hom gesê het hy's seker die ooievaar het hom nie gebring nie, net 'n bromvoël kon so 'n brompot afgelewer het!

Magriet Lee


Inligting uit: FERGUSSON, I.L.C. (ea) Records and curiosities in obstetrics and gynaecology. London, Bailliere Tindall, 1982 (MED 618.2; 1234694)

## VERJAARDAGLYS



### Julie

- 2 Mev A Kachelhoffer (Africana)
- 12 Mev J van der Westhuizen (Tydskrifte)
- 15 Mnr H Enslin (Alg. Administrasie)
- 19 Mej I Boon (Toonbank)
- 25 Mej S Groenewald (Voor-ontsluiting)
- 30 Mev G Beukes (Beplanning)



## MEDIES

Tien masbiekers veg om vrede  
 een word gewond toe bly daar nege...  
 As jy raai wat ek hiermee bedoel,  
 dis hoe dit deesdae by Medies voel!

Terwyl Philip leer om in Hebreeus te spel  
 Vlieg Stella met die SAL  
 en terwyl hy sy Dogmatiek leer  
 ontspan sy langs die Loch Ness Meer

en so met vier hande minus  
 word die werk net plus en plus.  
 Dis 'n student wat jou vinnig laat weet  
 Die fotostaatmasjien is besig om die papier op  
 te eet

Op twee koue dae  
 lê Sannie in die hospitaal  
 en skaars terug, gaan sy nog meer kennis oor IBL  
 by die Staatsbib haal.

Maureen, wat skarrel jy so tuis?  
 Sien, ons trek na 'n nuwe huis  
 Ek kan niks weggooi nie, o, aarde,  
 Want alles is van peppermuntele waarde!

So werk die twee toe  
 nou en dan  
 en doen die tyd  
 soveel hul kan.

So met hier-vat, daar vat-  
 hoop dis raak  
 Besluit die menere dat hul my motor  
 sonder sy krinkelstnit moet maak

En waar gaan ek 'n taxi kry  
 as almal tans in ander rigtings ry  
 Nood leer seek en vinnig leer  
 toe word Daniël en die kombi opgekommandeer.

Gelukkig het die wolk 'n silwer rand  
 Sophia se gimnastrada is eers die einde van die maand  
 Glo my, die chaos was blou in die blom  
 en doller as kopaf - die kan beslis kom!

Vir Mike en Lappies  
 wil ons dankie sê,  
 dankie vir die uithelp saans,  
 dit was goed om julle hier te hê.

MAGRIET LEE

## ONTSLUITING

Nog 'n stil maand in Makro-Ontsluiting. Twee soorte koors is hiër aan die orde van die dag: party is deur die griepgogga gebyt en ander deur die reisgogga! Eersgenoemde gogga het Ansie, Helena, Amelia en Julie beet gehad. Tans lyk hulle weer perdfriis en ons hoop dit bly so vir die res van die winter. Die reisgogga het vir Gertrud, Helena en Clarisse beoorlik gebyt.

Gertrud het besluit om die Noordelike Europa met die trein te verken, terwyl Helena dit in Juliemaand so kamp-kamp gaan doen. Clarisse beplan haar toer na Australië vir later in die jaar. Voorspoedige reis vir julle drie en 'n veilige tuiskoms! Vir Susan wat met eksamen vraestelle moes worstel, hoop ons dat die uitslae na wense sal wees.

Ontsluiting neem afskeid van Helena: baie dankie vir die jare van lekker saamwerk en ons hoop jy sal baie gelukkig wees in jou nuwe werk.

Amelia verhuis na 'n groter en stiller woonstel (waar Charlie-kat ook welkom is). Ons hoop dat die trekkery voorspoedig sal verloop en dat die nuwe woonstel spoedig 'n lekker tuiste sal wees.

Ten slotte: iets wat elke ontsluiter 'n gelukkige hart gee is dat die agterstand met 772 bande gedaal het.

Op hierdie positiewe noot sê ons groetnis tot 'n volgende keer.

---

### A THREE-DIMENSIONAL LOOK INTO THE FUTURE, HOLOGRAPHIC STYLE:

Holograms are images that are three-dimensional, created with laser lightbeams. It offers exciting new possibilities, also on the terrain of information retrieval, for example:

"Data storage, holographic style, could in theory record all the material in the Library of Congress on a medium about the size of a sugar cube. This is because holograms, being essentially light waves, can reduce information to incredibly tiny dimensions approximating the wavelength of light used. Holographic storage may someday outstrip all existing methods in quantities of data; its speed of access offers the greatest immediate payoff. Progress is held up by constraints in materials technology."

(From: National Geographic, V. 165, No. 3, March 1984)

C. Venter

# FOOD FOR THOUGHT



Aan my medesusters in verdrukking, te oordeel aan hierdie uitreksel uit "Your Family" van Januarie 1984, troos julle daaraan, daar is ander wat ook "ly".

Dieter's Psalm :

*Strict is my diet: I must not want;  
It maketh me to lie down at night  
hungry.  
It leadeth me past the confectioners;  
It tryeth my willpower;  
It leadeth me in the paths of starvation  
for my figure's sake;  
Yea, though I walk through the aisles of  
confectionery  
I will buy no fresh tarts, for they are  
fattening;  
The cakes and pies they tempt me;  
Before me is a table set with green beans  
and lettuce;  
I filleth my stomach with liquids;  
My day's quota runneth over;  
Surely calories and weight charts will  
follow me  
All the days of my life;  
And I shall dwell in fear of scales  
forever!*

Maerword groete

Joggie



## VOOR-ONTSLUITING

Noudat ses maande van die jaar alreeds iets van die verlede is, is dit miskien 'n goeie tyd om Voor-ontsluiting se "kleuterdae" in oënskou te neem. Oomblikke van moedeloosheid was daar wel, selfs vertwyfelings oor die bestaan en voortbestaan, maar hulle was by verre in die minderheid.

Die nuwe jaar het drie gesoute ontsluiters en vier "groentjies" vol entoesiasme binne gesien en daar is met groot ywer begin met die "baanbrekerswerk". Dit sal dislojaal teenoor my medekollegas wees om al ons foute en flaters hier op skrif te stel, maar ons beproewinge van stelsels wat "hang" en vergeet om te "yes", sal nie ligtelik vergeet word nie. Deur alles het daar egter altyd 'n positiewe, aangename atmosfeer geheers waar almal bereid was om te leer en te luister en saam te lag vir mekaar se foute.

Aan die begin van Junie het ons 'n persoonlik ryker geword en namens ons almal heet ek jou hartlik welkom, Sjeuwke, en ek hoop dat jy gou vertrouwd sal raak met die "geheimnisse" van LIBIS.

Aan Susan - sterkte met die trekkery en ons wens julle 'n voorspoedige verblyf in julle nuwe huis toe.

Wintergroete vanuit Voor-ontsluiting.

Estelle Els

## BAK EN BROU




VINNIGE OORSKIETHOENDERLASAGNE

1 eetlepel blatjang  
2 k. oorskiet koue hoender  
2 k. macaroni of groen lasagne  
cheddar kaas  
witsous  
tamatiepuree (3 eetlepels)  
1 Ui  
1 t gemengde kruie.  
sout, peper  
Kook die macaroni tot gaar.  
Braai ui tot bruin in bietjie olie. Voeg hoender by. Meng met sout, peper, gemende kruie, blatjang en tamatiepuree.  
Maak witsous (gooi  $\frac{3}{4}$  koppie cheddar kaas by)  
Smeer 'n vuurvaste bak en plaas lae macaroni, hoender-mensel en witsous. Strooi cheddarkaas heelbo-op. Bak in oond 180°C tot goudbruin.  
Bedien met gemengde slaai en warm knoffelbrood.

ANNATJIE BOTES



# WINTER BLUES



# WELKOM



Mev Elize Smit  
(Boekontvangs)



Mev Doris Botha  
(Alg. Administrasie)



Mev Ina van Vuuren  
(Tydskrifte)



Mej Sjeuwke Agema  
(Voor-Ontsluiting)



Mnr Danie Veldsman  
(Toonbank)



Mnr Gawie van Nickerk  
(Toonbank)



# TOT SIENS



Mev Mari van Rooyen  
(Boekontvangs)



Mej Laura Jordaan  
(Voorklinies)



Mej Guusje Jacobi (nou Rossouw)  
(Tydskrifte)



Mej Helena Theron  
(Ontsluiting)



Mev Annemarie Wessels  
(Vakbistelsel 3e vloer)





## DIE EERSTE SÊ

SIMPOSIUM 22 AUG 1984 - SINVOL OF...?

'n Simposium is 'n duur onderneming en om na die sinvolheid daarvan te vra geldig en verantwoord. Op die vooraand van ons eie beplande simposium oor die noodsaaklikheid van biblioteekgebruikersopleiding, is dit daarom goed om die dryfvere agter die behoefte aan so 'n simposium in oënskou te neem en dan te besin oor die geldigheid van die onderneming. Die Beplanningskomitee, wat bestaan uit lede van die Vakbibliotekarisstelsel en die Departement Biblioteek -en Inligtingkunde, het duidelikheid oor die noodsaak van saampraat oor hierdie saak en daarom is met die reëlings reeds tot op uitnodigningsvlak gevorder. Uitgespel op papier, laat dit die prentjie duideliker omlin.

Teen die tyd dat 'n uitgespreekte behoefte sover gevorder het as uitnodignings na 'n simposium, moes 'n hele reeks faktore reeds aanleiding daartoe gegee het. Soms lê die aanleiding oop en soms word die bestaan van nog aanleidende faktore gaandeweg duidelik, sommige waarvan eers tydens so 'n simposium na vore kan kom. Die aanleidings kan negatief, positief of beide wees.

In die geval van 22 Augustus is die behoefte eerste deur die Biblioteekdiens uitgespreek. Dit is dus logies dat dit uit die bepaalde omstandighede en praktyk van die Biblioteekdiens in verband met gebruikersopleiding gegroei het. En waar die teoretiese sy van die bepaalde saak al besondere aandag in die Departement Biblioteek -en Inligtingkunde aan hierdie universiteit, geniet het, was hierdie twee gespreksgenote, goeie bevordering van die idee van, dink én dan iets doen. Voordat egter by die punt van saampraat gekom is, is afgesien van jarelange navorsing en wetenskaplike studie, (verwys na die doktorsale proefskrif van prof P van Brakel) ook 'n projekgroep van die Biblioteekdiens besig met biblioteekgebruikersopleiding, veral op nagraadse vlak. Daarbenewens is daar ook, wat genoem kan word massa-oriënteringsgeleenthede wanneer groot groepe studente, veral op voorgraadse vlak, oor die geheime van die biblioteek ingelig word.

Veral uit die praktyk van twee jaar se ervaring van die formele projekgroep, het nie alleen probleme nie maar ook die voordele van formele biblioteekgebruikersopleiding geblyk. Uit 'n verskeidenheid van studierigtings (Geogr., Mediese Wetenskappe, Opvoedk. en Teologie) het sekere gemeenskaplike resultate na vore gekom. Daaruit het dit duidelik geword dat alle studierigtings formeel betrek behoort te word en dat biblioteekgebruik (sambreelterm vir alles m.b.t. opspoor en benutting van inligting en inligtingsbronne) as

onderdeel van studie- en navorsingsmetodes, formele opleiding vereis.

En so ontstaan dan die beplanning en verwagte realisering van die simposium op 22 Augustus. Die aanleiding daartoe gaan egter verder as die onmiddellike omgewing van die Biblioteekdiens en Departement, wat 'n logiese ontstaanplek genoem kan word. Die volgende aanbeveling, as een van vier, staan in 'n verslag van die *Komitee insake nie-akademiese bedrywighede van studente*, wat aan alle dosente en dekanate uitgestuur is:

...die relevante ondersteuningsdienste ook besin oor hulle verantwoordelikheden ten opsigte van 'n akademiese ingesteldheid.

As dit waar is dat die universiteitsbiblioteek die funksies van die Universiteit ondersteun, dan is hierdie aanbeveling direk op die UP-Biblioteekdiens van toepassing. Motivering dus vir gesprek oor die rol van die Biblioteekdiens ter bevordering van 'n akademiese ingesteldheid —onverwagse aanleiding en moontlik nie vooraf bereken nie, tot die hou van 'n simposium. Sleutelbegrippe soos die volgende kom in die verslag voor en onderstreep die gesamentlike verantwoordelikhede van almal in die universiteitsgemeenskap:

...kommer...hoë druipsyfer

oormatige nie-akademiese bedrywighede swak akademiese ingesteldheid.

[Op hierdie punt sou 'n uitstappie gemaak kon word na gebrek aan keuring a.g.v. o.a. 'n heersende filosofie van, die universiteit as volksopvoeder en subsidiëring volgens aantal studente maar dit sou wegbeweeg van die simposium-saak]

Om vas te steek by die verslag van bogenoemde Komitee, as sou dit die totale akademiese beeld van UP wees, sou onbillik, vals en 'n misbruik wees van iets wat bedoel is om 'n goeie doel te dien. Die teendeel is ook waar en die redes vir die daarstelling van die beste geleenthede ter bevordering van 'n akademiese ingesteldheid, teken ook die positiewe faset. Dit gaan oor die behoeftes van studente en dosente wat 'n natuurlike of reeds verworwe akademiese ingesteldheid openbaar. Juis hulle het aanspraak op alles wat sal bydra tot hulle hoogste vlak van selfstandige en onbelemmerde wetenskapsbeoefening. Dit impliseer dat die Biblioteek volledig beskikbaar én bruikbaar moet wees. En *Biblioteek* sluit ook die bilbioteekwerkers in.



Uit 'n referaat deur prof M Elaine Botha, getiteld, *Die iëntifikasie van die fasette van wetenskaplike vorming en die vlakke waarin die student met die oog op wetenskapsbeoefening opgelei behoort te word*, is dit duidelik dat die Biblioteek se bydrae beduidend is. Let op hoe die verband uit enkele sleutelbegrippe in die paragraaf oor, *die roeping van die Universiteit in ruimer perspektief*, na vore kom:

- + student in gemeenskap met meer gevorderde wetenskapsbeoefenaars en navorsers...  
[dit kan nie net op dosente dui nie]
- + oefening in wetenskaplike benaderingswyse  
[net die dosent se voorbeeld sou verskraalde insig bied]
- + oefening van die gees van die student aan die dinamiese frontlinie van kennis - ter toerusting met onderskeidingsvermoë...
  - om akademiese leuen en - waarheid van mekaar te onderskei,
  - akademiese korrupsie teen te werk en
  - akademiese verhogering en verskraling uit te ken en te beveg..

Dit is genoeg uit 'n enkele paragraaf van 'n referaat waarin *positief* die behoeftes van die akademies-ingestelde lid van enige universiteitsgemeenskap, ook UP, gestel word. Genoen ook om in die verband die mede-verantwoordelikheid van die Biblioteek as ... relevante ondersteuningsdiens, te laat raaksien. Terug by die vraag of dit goed is dat die Biblioteek, by wyse van 'n simposium, met akademies-ingestelde dosente oor hulle gesamentlike verantwoordelikheid, in gesprek wil tree, moet die antwoord voorlopig positief wees. Voorlopig, omdat die finale antwoord eers sal blyk uit die resultate waarop die gesprek moet uitloop. Daarna kyk ons na 22 Augustus 1984.

Thca Heckroodt



You wouldn't do this if you realized how much stress you're creating

## VEEARTSENYKUNDE

Op nagraadse vlak is ons vanjaar meer bedrywig as in die verlede. Veral die Dept. Infeksiesiektes is deur studente van heinde en ver oorval. Een vlieg selfs vanaf Durban twee keer per maand!

Die ywerigste nagraadse bib-gebruikers is sekerlik die een van Chile en die egpaar van Argentinië. (Hulle woon darem in Pretoria!) Dit gaan maar sukkel-sukkel met die Engels, maar daar's nie gebrek aan kommunikasie nie. Hulle wil ook Afrikaans leer en elke dag word die Biblioteek se hulp ingeroep om 2 woorde tot hul woordeskat by te voeg!

Junie is Rina se laaste maand hier by ons. Ons wens haar alles van die beste in haar nuwe betrekking as moeder en hoop sy sal nou kans kry om te rus voor sy haar nuwe pligte in September moet aanvaar!

## VOOR-ONTSLUITING



"AANGENAME KENNIS"

'n Begin moet daar wees  
Met oriëntering is dit omskep in 'n fees  
Matilda het ons glimlaggend ontmoet  
en ons eerste gemeem om Professor te groet

Die eerste oomblikke is deurgebreek.  
En die volgende stap was mr Duminy se "preek"  
Burgerlike beskerming het mr Otto ons geleer  
En hoe om vlamme wat spook en spartel te keer

Ou Piet wys sommer hoe hy inligting kan toor  
Uit die rekenaar wat kennis in sy geheue stoor  
In 'n kits het hy kennis uit Amerika gaan haal  
Hy het net die masjien gepaai en die praat toe die  
Dialog - "taal"

Mev Langkilde, haar interessante taak  
Was om aan ons verstandjies verstaanbaar te maak  
Hoe die rekenaar se binnegoeters werk  
Met die hulp van 'n modum as 'n klerk.

Ann het ons na die takbiblioteke toe gevat  
En dit was sommer jolig, o, aspatat  
By Onderstepoort het ons tot by die varke gaan kuier  
Salig onbewus van ons koms het hul voortgeluier

Juf Pienaar het ons kommunikasie geleer  
Nou klap ons tonge en ons verhemelte is rou van die seer  
So het die oriënteringsweek verby gevlieg  
Tot ons spyt, dit moet ons biege.

'n Splinternuwe groentjie

SJEUNKE AGEMA

# AFRICANA

## VERSAMEL AFRICANA

Gedurende Junie 1984 het die Stigting Simon van der Stel en die tak Kultuursake van die Departement Nasionale Opvoeding, 'n reeks lesings onder die titel "Versamel Africana" aangebied. Die praatjies het die volgende onderwerpe gedek: Tekstiele, Skilderye, Silwer, Porselein, Meubels en Boeke. Die sprekers was almal persone wat kan aanspraak maak daarop dat hulle kenners van hulle vakgebied is. So het mnr Marius le Roux (skrywer van die boek "Die Kaapse Kopersmid") byvoorbeeld oor koper gesels en mnr Stephan Welz (skrywer van die boek "Cape silver and silversmiths") het oor silwer gepraat. Al die lesings is met voorbeelde en kleurskyfies toegelig en 'n mens het geestelik verryk gevoel na die tyd.

Daar is egter 'n hemelsbreë verskil tussen belangstelling in Africana en die aktiewe versameling daarvan. Ongelukkig is waardevolle Africana-stukke so skaars en duur dat gewone landsburgers (bedoelende staatsdiensamtenare) dit net kan begeer as hulle nie dalk 'n paar stukke geërf het nie. 'n Belangrike ding om te onthou omtrent jou erfstukke is dat 'n mens nie té behep moet wees met restourasie en skoonmaak nie. Restourasiewerk aan 'n waardevolle stuk behoort verkieslik deur 'n deskundige gedoen te word omdat 'n mens met jou eie pogings so maklik kan skade aanrig. Die patainalaag of gebruiksmarke aan 'n artikel is dikwels juis 'n kenmerk van sy waarde uit 'n kultuurhistoriese oogpunt gesien en dan is ons so gretig om dit blink en skoon soos 'n nuwe stuk te laat lyk. Die gereëde skoonmaak met kommersiële middels is byvoorbeeld 'n seker metode om ons silwer -en koperware te laat wegslyt aangesien dinge soos die voorletters van die kunstenaar/vervaardiger en jaarmerke baie belangrik is. Waardevolle porselein moet altyd in loutarm water en sagte seep gewas word om skoon te maak. Terloops, Dr Duffey (van die Departement van Kunstgeskiedenis) beskou nie ons bekende VOC-keramiek as Africana nie omdat dit nie eie aan Suid-Afrika is nie maar oral oor die wêreld waar die Hollanders bedrywig was, versprei is.

Mev Wilna Aukema van die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum het oor meubels gepraat. Sy spits haar veral toe op navorsing oor Transvaalse Africana-meubels omdat daar reeds soveel navorsing gedoen is en geskryf is oor Kaaps-Hollandse meubels. Sy is nog gedurig besig om nuwe meubelstukke op te spoor vir die museum en is ook baie bereidwillig om lede van die publiek met raad te bedien. Dit laat 'n mens sommer weer opnuut jammer voel oor al die kosbare banke en stoele (soms met die knipmes versier) wat Oupa en Ouma na die ashoop of swart huishoudings laat gaan het om nuwe blink meubels aan te skaf.

Noudat die bekende mnr Westra nie meer in Pretoria is nie, is mnr Bernardi en Dr Slotow seker die twee Pretorianers met die grondigste kennis van Africana-boeke. Albei van hulle het lesings gelewer en my weer laat besef dat die Africana-versameling van die Mercensky-biblioteek eintlik van onskatbare waarde is omdat baie van die boeke en pamflette waaroor ons beskik 'n paar historiese kopere tot gevolg sou hê as ons dit sou wou



Die handelsmerke van ene J Combrink (1781-1853)

verkoop. Dr Slotow het melding daarvan gemaak dat daar weens 'n ruimteprobleem in verband met tydskrifte, êrens in die toekomst dalk meer masjienleesbare kopieë van hedendaagse tydskrifte te kry sal wees as die ware Jakob. Dit sal 'n jammerte wees vir versamelaars wat graag die oorspronklike uitgawe van enige boek of tydskrif wil hanteer.

Die slotsom waartoe 'n mens kom? 'n Ware Africana-versamelaar is 'n persoon met 'n baie ernstige byt van die Africana-gogga, sy beursie is bodemloos en sy geduld en leergierigheid is eindeloos. Die leergierigheid is van uiterste belang want as jy nie een of ander tyd die prooi van 'n onetiese verkoper wil word nie, sal jy nooit weer kan ophou studeer nie.

As ek u nog nie ontmoedig het nie en u vasberade is om Africana te begin versamel, onthou dat die volgende twee boekies van Denis Godfrey u eerste studiemateriaal moet wees: "Antiques and bygones" en "The Enchanted door". Die boek "Pictorial Africana" van A Gordon-Brown word as die mees gesaghebbende boek oor Africana-skilderye beskou.

Die boeke wat gemeld is, is almal in die Africana-afdeling beskikbaar - vra maar net vir 'n vriendelike bibliotekaresse om dit van die rak af te haal!

Joriet Coetzee

## EERSTE VLOER

1e verdieping ly skade

As ons mense nie siek is nie of in die hospitaal, word onse motors en motorfiets gesteel. Stekte met die gesond word en sterkte met die terugvinding van eiendom.

## HUWELIKE

Baie geluk aan Mej Irma Goosen (IBL) wat Saterdag 7 Julie 1984 in die huwelik getree het met Johan van Wyk

## VERSKUIWINGS

1 Augustus 1984

Mej Clarisse Venter van Makro-ontsluiting na Medies  
Mev Annette Booyzen van Toonbank na Voorklinies, nou in 'n voldag pos  
Mej Esme Claassen van IBL na Toonbank, nou in 'n halfdag pos  
Mej Estelle Els van Voor-ontsluiting na Makro-ontsluiting

## ONTSLUITING


### WAT BETEKEN ONS MANS VIR ONS?

Interessante aspekte in dié verband het tydens 'n onlangse ondersoek aan die lig gekom. (Huisgenoot 5 Julie 1984) Baie vrouens reken dat mans al meer onnodig raak, maar ten spyte daarvan is daar darem nog gevalle waar hulle onmisbaar is, soos:

- om swaar meubels rond te skuif
- om gate in mure te boor
- om kragproppe en stofsuikers reg te maak
- om die kinders mee te dreig
- en vir die kinders om by die bure mee te spog
- binnegoed uit die bevrore hoender te haal
- om jou voete warm te maak
- om jou rug te krap
- om vir jou te sê jy is mooi as jy wakker word
- om die akkedisse uit te dra wat die kat indra
- om op te staan as die deurklokkie saans ná elfuur lui
- om te kyk of daar "iets" in die gang is
- om na die water en olie in jou motor om te sien
- om jou met sy voorspelbaarheid te laat glimlag
- om by te slaap

Ons Suid-Afrikaanse mans hoef egter nie bekommerd te wees nie, want 86% van die Suid-Afrikaanse vrouens voel dat mans nog nodig is.

ANSIE WILLEMSE en MAGDA COETZEE  
ONTSLUITING



"I don't know, Shirley, I've never let Harold work. I've always felt that a man's place is in the home."

## REDAKSIONEEL

Alhoewel Biblikasie se redaktrise, Mej C Venter, vanaf 1 Augustus 1984 by Medies sal wees, moet alle Biblikasie-bydraes vir die res van die jaar egter nog steeds na Ontsluiting gestuur word, en nie na Medies nie.

Adresseer die bydraes asseblief soos volg:  
Mej C Venter  
Ontsluiting  
Merensky-Biblioteek

## TIKSTERS

Dit was 'n fees! Dit is moeilik om te glo dis verby. Twee weke op Sodwana-baai waarvan twee en 'n half dag op Kosi-baai deurgebring is. Met Hein en sy ma aan die roer van dinge het niks skeep geloop nie. 'n Uitgewerkte spyskaart wat potbrood, pannekoek (deur die mans gebak), bredies vrugteslaai en nog veel meer insluit. Die weer het ook mooi saamgespeel, nie te warm of te koud nie. Diepseeduik was natuurlik "prioriteit" nommer een op die kamp. Onder Hein se wakende oë was Maretha soos 'n vis onder die water. Hy vertel ons met kleur hoe Maretha onder die water uitroep: "Ek wil ook een hê!" toe Hein 'n vreeslike mooi skulp kry. Die kamp was 'n fees met Hein se humor tussenin. Op Kosi-baai was ons almal een middag so honger dat ons nie kon wag dat tannie Henriëtte (Hein se ma) die ete voorberei nie. Ons lê toe weg in die brood en advokadopere. Hein is toe nie lus vir moeite nie en sny toe vir homself 'n DIK sny brood tot skok van ons almal (Hy het seker so grootgeword...). Kobus (een van die klomp) vra toe vir Hein hoekom Hein nie maar die hêle brood neem nie. "Nee" sê Hein, "Ek hou nie van dik snye nie".

Ons was 'n groep van twaalf wat almal baie goed oor die weg gekom het só dat nuwe vriendskappe gesluit is.

Die natuur op Kosi-baai is iets om te waardeer. Vier mere wat langs mekaar lê wat verbind word deur kanale. Ons het almal een aand in die helder maanlig deur die kanale gery op Hein se opblaasboot en oom Doppies ('n Kennis van Hein wat ons op Kosi-baai ontmoet het) se boot. Welige plante en bome groei op die walle van die kanale en langs die mere. Daar was ook seekoeie, flaminke en een klein krokodil wat ons in die meer gesien het (Maretha het baie mooi foto's van die flaminke geneem). Ons het talle kleurrike watervoëls gesien. Die een meer is so groot; teen 'n gemiddelde spoed van 40 km/h op Hein se boot neem dit ongeveer 15 minute om die meer in sy breedte oor te steek, die meer in sy lengte is goed twee keer die breedte.

Dit is eenvoudig 'n vakansie waarvoor ek nie uitgepraat kan raak nie. Ons het so baie dinge gedoen wat ons skielik onthou nou dat ons terug is, dat Joggie al haar dae het om ons aan die werk te kry. As Hein 'ja' sê gaan ek volgende jaar saam.

Joggie en Alida het blykbaar gespartel om kop bo water te hou met al die werk en afloswerk. Volgens Joggie kon Alida nie wag dat haar vakansie ook aanbreek nie. Nou is ek en Maretha terug by die werk en Alida op vakansie vir 'n volle twee weke - wens ons was sy. Hoop sy kom ook so swaar terug.

Esmé Kruger



# BERGINGSMOONTLIKHEDE


## HISTORIANS FEAR FOR THE NATION'S ARCHIVES

For four years the British government has been sitting on a report that suggests a solution to a problem that is worrying historians - how to keep for posterity those government files that are now being put on computer.

In the past all the government's records have been paper ones, which present few problems because, apart from the odd bookworm or two, the information on paper is generally incorruptible. But if it is stored on magnetic media, such as computer tape or disks, it will deteriorate with time in exactly the same way that music on cassette tapes eventually becomes garbled. Secondly, and more importantly from the archivists's point of view, the computers of tomorrow are unlikely to be able to read the computer tapes and disks of today.

Government files of historical importance are supposed to be kept "indefinitely", and for at least 30 years when the less sensitive ones are released to the Public Record Office in Kew near London. "So what do we do?" one senior civil servant says. "Have a museum of computers that can read different storage media spanning many decades just so we can read public records?"

One solution was suggested in June 1980 by a study team that was specially set up to look into the problem of modern public records. The team's leader, Ron Fiddes of the Central Computer and Telecommunications Agency, which is now part of the Treasury, called it "the shell concept". He and his team presented the results of their study in a report which is now quietly collecting dust because there has been no money to put it into action.



The "shell" concept would be an integral part of a special centre where machine-readable records would be kept, called the Data Archiving Centre. The idea is that information is boiled down to a series of binary digits, and stored in such a way that they become independent of any changes in hardware or software outside the "shell" of the archiving centre. It is the shell that is the interface with the outside world, and it is the shell that would evolve to meet any changes that take place in the hardware or software that government departments may use over the years.


Fiddes says: "The system will be capable of reading data from any medium and in any format and transcribing it to any other medium and/or format."

The medium on which the binary digits are stored is likely to be magnetic tape, as it is still the cheapest form of archiving machine-readable data. The information has to be "refreshed" by transferring to another tape once every three years or so. Longer than this, and the archivist runs the risk of being saddled with corrupted data.


The Public Record Office, which will probably be the home of the Data Archiving Centre, is hoping that enough money will be set aside for the project to go ahead in the next financial year.

From: New Scientist 3 May 1984  
Magriet


## IMPOSSIBLE OBJECTS



You can walk around this staircase forever, ALWAYS CLIMBING UP, but always coming back to where you started



Are there two or three prongs on the knight's weapon?



Could you build a model of this crazy crate?

From: Gardner, M: Aha! Gotcha; paradoxes to puzzle and delight; 1982.

## DERDE VLOER

### DIE WINTER EN DIE DERDE VLOER

"Kom lente, lieue lente.....!" Nog net twee maande en vergete is die winter. Tog, sal 'n mens maklik dié dinge vergeet wat so eie word aan mense wanneer die klimaat so 'n groot faktor is? Neem nou maar vir Andrea: Daardie onmiskenbare swartjas, wyd-kolkend soos sy afsit na die terminaal. Onwillekeurig kom 'n visioen van "De Vliegende Hollander" of "Batman" by jou op. Of is dit dalk "Liewe Heksie"? Hier sal sy en Martie 'n pragtige paartjie maak met Martie se skerp-punt swart steweltjies wat vir ons so 'n bron van pret is.

Van jasse gepraat: soek maar net 'n grys strepie, met die soom van die rokkie wat so mooi-tjies onder die jassie uitsteek, wat oor die parkeerterrein aangeskarrel kom en almal weet Elsabe het gearriveer....."ek maak dit net, dis nog nie half-agt-nie."

Ja, die vroeë, koue oggend-ure vang mens maar. Daar is die lieue Diana, altyf deftig, niks uit sy plek nie. Sonder jas of serp durf sy die oggend-koue (en ure) aan. En o, daardie wynrooi baadjie (Annatjie se gunsteling waarvan sy tog so hard gevry het) - toe kry ou Mina dit want welsyn het oorwin.

Margie het die winter ingewy met 'n modieuse fynpunt grys "two-tone" skoentjie met 'n by-passende handsakkie - wonderlik geskik vir die "July".

Maar die winter het ook sy tol geëis - Piet, Rita en Margie het elkeen die "griepjas" aangetrek gerwyl Lappies ook swaar deur kwale geteister is. Annatjie het weer haar jaarlikse stryd met die temperatuur-wisseling tussen binne en buite aangeknoop en dit was rooi-warm wange en sinusitus al die pad.

Maar nouja, tog verlang mens altyd terug na dit wat was. As die warm Augustuswinde gaan begin waai, en die somerhitte weer hier kort by die 34°C gaan kuier, sal ons dalk terugdink aan ons Liewe Heksie-steweltjies, ons Bosmanjassies, ou Mina se baadjie en Elsabe se grysjassie. Net Margie kan dalk weer haar skoentjies benut, dié keer na die "Summer Handicap", terwyl Lappies se grys wit "daai stones, daai Firestones" buitendien "allweathers" is.

Annatjie Botes

## BYBELSTUDIE

Wie weet dat daar ook 'n Bybelstudiekring in Mercensky bestaan? Ons voel dat dit die moeite werd is om ook in werksverband een keer per week om Gods Woord byeen te kom. Tot dusver het ons Maandae 12h30 tot 13h00 bymekaar gekom, maar aangesien hierdie dag nie almal goed pas nie, nooi ons graag almal wat belangstel uit om op 6 Augustus 12h30 in die Komiteekamer byeen te kom sodat ons kan besluit op die beste dag, en ons program vir die jaar kan beplan.

ROLF TÖNSING

## TYDSKRIFTE

Hier by TYDSKRIFTE is nie bra tyd vir skrywe nie (veral nie nadat ons ons knelpunte onder oë gehad het nie) maar tyd vir lees kan 'n mens darem altyd maak.

Ek het universiteit toe gekom toe Inligtingkunde nog nie bestaan het nie en 'n mens die Biblioteekberoep gekies het óf omdat jy nie geweet het waarvoor jy jou inlaat nie óf omdat jy lief was vir boeke en lees. Ek oorweeg dus elke nuwe werkplek ook met 'n oog op die boekevoorraad en beskou dit as 'n beslissende byvoordeel by my diensvoorwaardes.

Om my eerste sin te illustreer, wil ek vermeld dat ek hierdie bydrae drie maande gelede begin het. Gelukkig vir jou lieue leser, het daar nou soveel dinge intussen gebeur waaroor ek iets moet sê, dat jy my derderangse opinies oor die lekker boeke wat ek gelees het, gespaar is. Maar jy kan my woord neem daarvoor dat

- \* Guy Butler se lekkerlees outobiografie hier te vinde is;
- \* Karen Bliscen 'n redelik onbekende skryfster is wie se boek OUT OF AFRICA 'n mens aan Hemmingway herinner en 'n mooi beskrywing gee van koloniale Afrika;
- \* hier iewers 'n nuwe boek van Patrick White moet wees;
- \* FITNESS THROUGH PLEASURE die regte boek is om te lees as jy op TV na die Comrades gekyk het en gedink het dis hoog tyd dat jy iets aan jouself doen.

Waaroor ek eintlik iets wou sê is oor die ewige kommery en ganery hier by ons. Sedert Adri aan die einde van Desember weg is, het GERDA ander weivelde gaan soek

MIKE na Makro verskuif

RIAS voltyds gaan studeer (dis nou wanneer hy nie seil of swem of draf nie)

GUUSJE gaan trou: sy woon nou op Sishen en praat daarvan as *die Kaap* maar ons weet natuurlik dat dit net die bundu is

RENÉ is al so tuis dat 'n mens vergeet sy is 'n nommer en

INA kom agter 'n mens kan 'n berg tydskrifte wegwerk

Ons grootste KOMMER (?) is egter MATTHEW wat van 1 Julie af ons nuwe baas word. Welkom by ons en ons hoop dit voorspel 'n groot tydskrifte toekoms vir die biblioteekdiens!

MONICA HAMMES



INNIGE MEEGIVOEL AAN MIKE VOLSCHENK EN SY FAMILIE MET DIE AFSTERWE VAN SY VADER OP 21 JUNIE.



## A MORAL TALE

Once upon a time there were three industrial librarians and they lived a life of quiet and contented erudition in their ivory tower amid their books and pamphlet boxes etc., etc. Their names were - Toby Smugg F.L.A, Brenda Backwoods and "R Hero". They fended off the overtly inquisitive and helped the inarticulate. They classified and catalogued and accessioned - and in general did well all those things that professional librarians should do well.

But after a time they became aware of a very unpleasant draught, and it got colder and more persistent. They looked high and low, round and about, but they couldn't find the reason or the cause. And they had the uneasy feeling that all was not well. And this feeling of unease changed to alarm when the skies outside changed from blue to grey and then to black and finally to a fearsome, bilious green. Then the lightning flashed, the thunder rolled, and bits of ceiling plaster fell into their tea. By this time they decided that they really were rather frightened, so they resolved each to seek advice from one of the three wise men, or gurus, who had served their profession (and others) so long and so faithfully.

The names of the three gurus:

The first was called Inertia. The second - The Great Lord Ludd and the third was the Angel of Change.



And Inertia, who was very, very old and who sat very still, said to the first Librarian, Toby Smugg, F.L.A.- "No need to worry. Nothing will happen. I've seen it all before. *Toujours le change etc.* Carry on as before. We'll be O.K. It'll blow over, and the sun will shine again. Just sit tight and -----. But poor Toby Smugg, F.L.A., never heard the end of the sentence, for he was suddenly struck by an intelligent terminal illness. He went to that great filing cabinet in the sky, and was never seen or heard of again.



And the second guru, The Great Lord Ludd, grunted and growled, and said to the second, the redoubtable Brenda Backwoods - "We don't need machinery to get you warm again. And the light of the sun will return - artificial lighting ain't necessary. I don't hold with these new-fangled gadgets and electronic paraphernalia. Likely to put people out of work, they are! I advise you not to use all this modern stuff! In fact, let's set about bustin' up these black boxes! No black box is ever gonna take your place!"..

And it just so happened that, at that moment, one of the black boxes opened its lid and flipped the librarian in with a flash of jhodburred thigh and that's the last that was seen of her, except perhaps for a tiny sliver of silicon which was ejected with a slight burp from a corner of the black box, some ten minutes later.

And the third librarian, R Hero, went to the third wise person who, you will remember, was called the Angel of Change.

And the Angel of Change smiled warmly, took him protectively under her superbly feathered wing and said to R Hero - "You must be prepared to change your ways. Seize the opportunities that arise, or create them. Make a virtue of necessity! Change need not be painful. It should be welcomed. If the winds blow cold then restrain and become a refrigeration engineer. As the heavens darken, then diversify into industrial lighting systems. If the books disappear, then hire out the shelves to the storeman who has got millions of electronic components. Then design the system for him, so that he can find them - easily, quickly and cheaply. The world of information technology is yours for the taking. Put your money in Computatronics International and your faith in Kenneth Baker".

The worried frown left R Hero's face and his eyes grew bright. He embraced the Angel of Change, who then with a benign smile, swept silently out past the bright-eyed librarian, who didn't even notice her going, so intent

was he by then marking out the future with his calculator (with printer) in one hand and his hand-held voice-operated miniaturised telefacsimile transceiver in the other.

And that is the end of my story.

Except for -----

#### THE EPILOGUE

We see the third librarian R Hero relaxing in his carpet slippers, in a warm, comfortable sitting room surrounded by his twenty great-grandchildren and twenty-eight grandchildren, recounting oft-told tales. Tales of how he once, long ago, embraced the Angel of Change and how the Angel looked after him as he went onward and upward, from success to success, evolving and changing all the time, changing all about him, making everything sweetness and light. He tells how he finally achieved his life's ambition - to be the First Principal Commissioner for Infotelematics in the Supreme Council of the World Economic Community. A happy ending to a truly remarkable story.

From: Come and Take Choice; essays in honour of Ken Scholes. Johannesburg : University of the Witwatersrand, 1983.

Dennis Lewis  
Director, ASLIB.

Miemie Vink

## SIEKVERLOF?



Die volgende "SICK LEAVE POLICY" is in 'n kantoor opgemerk:

#### Sickness

No excuse. We will no longer accept your doctor's statement as proof, as we believe if you are able to go to the doctor, you are able to come to work.

#### Death (other than your own)

This is no excuse. There is nothing you can do for them and we are sure that someone else in a lesser position can attend to the arrangements.

However, if the funeral can be arranged in the late afternoon, we will be glad to let you off one hour early, provided your share of the work is ahead enough to keep the job going in your absence.

#### Death (your own)

This is acceptable as an excuse provided (a) two weeks notice is given in order to break in a new person for your job (b) if two weeks' notice is not possible, call in before 8 a.m. so that a sub may be provided and (c) this must be verified by your doctor's signature and your own. Both signatures must be present, or the time will be deducted from your annual sick leave.

## COULD YOU bear IT?

WE WERE discussing reincarnation, and most of us were thinking of coming back as doctors, lawyers, actresses. Then one friend broke the trend: "I'd like to come back as a bear," she said. "Why?" we asked "I would finally have a fur coat, I could sleep all winter - and I wouldn't have to worry about my waistline".

From: The Reader's Digest, July 1984



Ons innige simpatie met mev Bokkie Malan en haar gesin met die afsterwe van haar seun op 23 Julie.

Leave of Absence (for an operation)

We are no longer allowing this practice. We wish to discourage any thought you may have about needing an operation. We believe that as long as you are employed here, you will need all of whatever you have and should not consider having anything removed. We hired you as you are, and to have anything removed would certainly make you less than we bargained for.


Leave of Absence (rest room)

Too much time is being spent in the rest rooms. Our work study officer has ascertained that three minutes, fifteen seconds constitutes a generous break. In the future, we will follow the practice of going to the rest room in alphabetical order. Those with names beginning with A will go 8 a.m. to 8.05, 15 seconds; those with F from 8.03, 15 seconds, etc. If you miss your turn, you must wait until the day when your turn comes again.

Joriet  
Viva en Overkruin, 11 Junie 1984

## VERJAARDAGLYS

### Augustus



- 2 Mej A Bosman  
(3e verdieping)
- 5 Mev I Venter  
(Toonbank)
- 10 Mev C E du Plessis  
(2e verdieping)
- 13 Mev A Botes  
(3e verdieping)  
Dr T Trichardt  
(2e verdieping)
- 18 Mej E M Kruger  
(Tiksters)  
Mej E Weyers  
(Beplanning)
- 19 Mnr P Erasmus  
(Bindery)
- 26 Mej R Potgieter  
(Voorklinies)  
Mnr E du Preez  
(Buitemuurs)
- 28 Mev R Lotz  
(GSV)

## BAK EN BROU

### SOUTTERT MET HAM

- 2 eetl. botter
- 2 eetl. meelblom
- 1 k. melk
- 1 sout en peper
- 1/4 tel. rooipeper
- 1/2 tel. droë mosterd
- 454 gram gemaalde ham
- 1 kop. gerasperde kaas
- 2 tel. pietersielie
- 1 eier
- 1 k. melk

### METODE

1. Smelt botter, voeg die meelblom by en roer aanhoudend tot mengsel glad is.
2. Voeg melk stadig by en kook tot sous dik is.
3. Voeg sout, peper, rooipeper en mosterd by.
4. Meng ham, kaas en pietersielie met die witsous en skep in vuurvaste tertbord.
5. Klits eier en voeg melk by. Gooi dit oor vulsel.
6. Bak in matige oond vir 180° vir 20 min.

LW I.p.v. ham kan maalvleis of soutvleis ook gebruik word.

MARA GROBBELAAR

### WARM AARTAPPELSLAAI

(Kan ook in 'n Hoofaandmaal omskep word)

- 8 Groot aartappels
- Sout en peper
- Paprika
- Bietjie gekeurde sout bv. knoffelsout (opsioneel)
- 1 Pak sampioenpoeiersop
- 1 Pak Uieroompoeiersop
- 1 Liter melk
- 1 Koppie cheddar kaas
- 1 Ui
- 50g Spek


Braai ui bruin in 'n bietjie botter. Voeg spek by tot gaar. Kook aartappels gaar. Sny in blokkies. Meng sout en peper, gekeurde sout, liter melk en twee pakkies poeiersop, kook en laat prut tot effens dik.

Pak in lae:

Aartappels (gestrooi met paprika)  
ui en spek  
sopmengsel


Strooi cheddar-kaas bo-oor. Bak by 180°C tot gaar en goudbruin. Vir hoofmaal kan gaar gekeurde maalvleis bygevoeg word en tamaties saam met die kaas bo-op gepak word.

ANNATJIE BOTES




# DULL VS. INTERESTING


Some people are interesting Some are dull




Football player: I'm an all-American football star




Musician: I can play a guitar with my toes



Dullard: I can't do anything



Here we have a list of all the dull people and a list of all the interesting people. Somewhere on the dull list is the dullest person in the world.



But this makes him/her very interesting. So we have to move the dullest person to the other list.

Dullard: Thanks

Now someone else will be the dullest person, and he/she too will be interesting. So eventually everyone becomes interesting. Or do they?

From: Gardner, M: Aha! Gotcha; paradoxes to puzzle and delight. 1982

# **WELKOM**



Mev Hetta Malan (Tydskrifte)

# **TOT SIENS**



Mev Joelanda du Plessis  
Makro-ontsluiting




Mev Rina Pelsler  
Veeartsenykunde



Mev Erika Brits  
Voor-ontsluiting





## die eerste sê

### DIE UNIVERSITEITSBIBLIOTEK AS INLIGTINGSDIENS

Namens die projekspan waarvan prof Gerrits as Direkteur Biblioteekdiens en prof Boon as Hoof, Departement Biblioteek- en Inligtingkunde, die leiding neem, lewer ek graag hiermee kortliks verslag oor die vordering tot dusver.

Hoewel alle sake reeds vroeër in die jaar mondelings goedgekeur is, was dit verblydend om op 3 Julie 'n brief van die Topbestuur te ontvang dat die projek amptelik goedgekeur is en poste beskikbaar gestel is vir 'n senior stelselontleder/programmeerder, 'n navorsings-koördineerder en 'n deeltydse tikster/klerk. Verder is ook fondse goedgekeur vir rekenaarkommunikasiefasiliteite, kapitale uitgawes (vir 'n mikrorekenaar) en vir die bywoning van internasionale konferensies om die resultate van die navorsing bekend te stel en aan kritiek bloot te stel. Ons is almal dankbaar vir die vertroue wat die universiteit se topbestuur daarmee in ons werk gestel het!

Ons is verder dankbaar om te kan meld dat mev M E van Staden reeds as tikster/klerk diens aanvaar het en dat mev M E Kruger in Julie as senior stelselontleder/programmeerder diens sal aanvaar. Baie welkom aan die twee M E 's'. Ons hoop u gaan gelukkig wees en meehelp om die projek 'n sukses te maak.

Die subprojek wat in die tydperk 1984/87 besondere aandag gaan ontvang, is die volgende:

Die invloed van ERID-dienste (Eksterne Rekenaarmatige Inligtingsdiens) op die infrastruktuur van die universiteitsbiblioteek (die klem lê veral op die infrastruktuur vir die verskaffing van inligtingsbronne asook die invloed van ERID-dienste op die VB-stelsel).

Subprojekleier: Mej A Pienaar  
Navorsers: Mej E Weyers

Tegniese apparatuur en programmatuur vir skakeling met ERID-dienste

Subprojekleier: Prof P A van Brakel  
Navorsers: Mnr R Tönsing en Prof P A van Brakel

Beltel en die Universiteitsbiblioteek

Subprojekleier: Prof P A van Brakel  
Navorsers: Mnr J Pienaar

Ontwikkeling van onderrigprogramme vir die voortdurende indiensopleiding van professionele personeel in die gebruik van ERID-dienste.

Subprojekleier: Prof P A van Brakel  
Navorsers: Mev A van der Merwe

Inligtingsdienste vanuit die universiteitsbiblioteek aan die gemeenskap

Subprojekleier: Prof J A Boon  
Navorsers: Mnr A J Swanevooi

Opleiding van gebruikers in die gebruik van inligting en inligtingsbronne.

Subprojekleier: Mej A Pienaar  
Navorsers: Mej T Heckroodt, A van der Walt, M Brassel en Mev E van der Westhuizen.


Rekenaarmatige mikro-ontsluitingsstelsels.

Subprojekleier: Prof J A Boon  
Navorsers: Mnr R Tönsing, J C Swart en Mev G Beukes.

Verbale onderwerpsontsluiting vir 'n universiteitsbiblioteek.

Subprojekleier: Mev E Langkilde  
Navorsers: Mev S Marsh

Na baie praat- en dinkwerk het die projek 'n werklikheid geword. Baie van die spitwerk word nou deur die navorsers en projekleiers onderneem. Literatuur moet deurgewerk word, metodologieë ontwerp, algemene verkenning van apparatuur en programmatuur word gedoen, kriteria vir evaluering moet opgestel word ens. ens. Heelwat van hierdie sake het al die afgelope aantal maande, eintlik van die begin van die jaar, aandag ontvang. Ons kan daarom ook alreeds ten opsigte van sommige van die projekte vordering aan die Universiteit en RGN rapporteer. Om 'n voorbeeld te noem - mej Weyers se statistiek wys uit dat in die tydperk Junie-Augustus 1983, die Biblioteekdiens uit elke 100 dokumente wat as gevolg van die gebruik van ERID-dienste deur gebruikers aangevra is, slegs 55 kon lewer. Wanneer dokumente plaaslik (in Pretoria) aangevra word, neem dit vir 25% van die aanvrae 1 tot 2 dae om gelewer te word; 35% word binne 7 dae gelewer en 18% binne 10 dae. Vir 'n vinnige ERID-diens is die lewering van die dokumente ietwat stadig.



Bel tel hou as kommunikasie-infrastruktuur vir die Biblioteekdiens ten opsigte van die lewering van inligtingsdienste baie uitdagings in: 'n professor wat op sy TV-skerm tuis sal kan vasstel of die Biblioteekdiens 'n boek het, of 'n vraag met die "chat"-fasiliteit aan die vakbibliotekaris sal kan stel!

Die mikro-ontsluitingsprojek het met 'n pragtige nuwe ontwikkeling te doen gekry: 'n mikrorekenaar wat 7 bladsye tegelykertyd op een skerm kan vertoon - is dit nie hoe ons by 'n lessenaar met baie papiere voor ons werk nie!


Navorsing genereer kennis en insig. Almal wat met die projek besig is, het dit die afgelope aantal maande ervaar - al is dit net om agter te kom hoe min 'n mens nog van die onderwerp af weet.

Baie sterkte aan al die "projekkers" en almal van die Biblioteekdiens en die Departement wat ons bystaan.

"n Projekker", Prof. J. A. Boon

---

The computer will undoubtedly be able to do many things that will surprise you.



*'I fed all your symptoms into the computer, Mr Bilkins, and it died...'*

---

## SABINET

PUBLIKASIE-INLIGTING NOU LANDWYD BY DATA-BANK TE KRY

PRETORIA - Inligting oor bykans drie miljoen publikasies en ander inligtingsitems sal voortaan by rekenaareindpunte oor die hele land beskikbaar wees met die instelling van Sabinet, wat gister geopen is deur die Minister van Nasionale Opvoeding, mnr Gerrit Viljoen.

Sabinet is 'n databank wat op rekenaar, inligting beskikbaar het oor boeke, tydskrifte, rolprente en ander inligtingsmateriaal in talle biblioteke in Suid-Afrika.

Die aantal biblioteke wat tot dusver by Sabinet aangesluit het, beloop 46, terwyl dit in die toekoms waarskynlik sal toeneem.

Dit sluit onder meer in openbare biblioteke asook die van universiteite, teknikons, staatsdepartemente, provinsiale owerhede en ander.

Sabinet is 'n geregistreerde maatskappy sonder winsbejag. Deur die Departement van Nasionale Opvoeding ontvang dit 'n subsidie van die Staat. Dit neem af met 10% per jaar, namate Sabinet selfonderhoudend word.

## HOË KOSTE

Die hoë koste verbonde aan die aankoop en beskikbaarstelling van inligtingsmateriaal vereis dat skaars mannekrag en finansiële bronne, waar moontlik, gedeel moet word.

Sabinet maak dit moontlik deur 'n sentrale gerekenariseerde databasis waartoe inligting afkomstig van lidbiblioteke en buitelandse bronne, voortdurend toegevoeg sal word.

Die onderlinge leen van publikasies is noodsaaklik omdat geen enkele biblioteek alle beskikbare boeke en tydskrifte wat inligting oor 'n sekere onderwerp bevat, kan aankoop nie.

Die Sabinetstelsels hou rekord van alle publikasies en ander inligtingsmateriaal wat in die besit is van lidbiblioteke en inligting-sentra in Suid-Afrika.

Volgens 'n woordvoerder van Sabinet sluit dit onder meer in, boeke en tydskrifte asook soms oudiovisuele materiaal soos rolprente, plaatopnames en skyfiereekse.

Sabinet bevorder dus die leen van duur materiaal asook stof wat relatief selde gebruik word.

## BIBLIOTEEKKATALOGUS

Sabinet beskik oor al die inligting wat normaalweg in 'n biblioteekatalogus gevind word — onder meer die outeur, titel, onderwerp, publikasiedatum en andere.

Gevolglik is uiters gesofistikeerde "soektogte" deur die bibliografiese databasis moontlik.

Lesers oor die hele land sal voortaan toegang kan verkry tot die sentrale databasis — deur rekenaarterminale in hulle eie biblioteke, wat aan die sentrale rekenaar via 'n nasionale kommunikasie-netwerk gekoppel is.

Sabinet sal arbeid bespaar deurdat 'n item slegs 'n enkele keer gekatalogiseer word. Wanneer dieselfde item later by 'n ander biblioteek beskikbaar raak, word dié inligting bloot bygevoeg en die katalogiseerproses nie nogmaals herhaal nie.

Teen 1985 sal boeke van boekhandelaars bestel kan word deur Sabinet.

Die Transvaler  
16 Augustus 1984

## sending

JESUS for JESUS

Dit is die naam van 'n sendingorganisasie wat setel in die VSA en wat hulle toespits op die kerstening van Jode in verskillende lande. Op Dinsdag, 11 September 1984 besoek 'n groep van hulle die Tukkies-kampus, waartydens hulle twee keer sal optree, nl.

om 13h00 - 13h50 in die amfiteater en om 19h00 in die saal van die NG Kerk Universteitsoord.

Die Christenverenigings-oorlegkomitee op die kampus nooi alle belangstellendes in die Biblioteekdiens uit om een of beide van die geleentehede by te woon.

T. Hecktoedt



Suid-Afrika is op bepaalde ekonomiese gebiede selfvoorsienend en is ook in staat om in ander Afrika-lande se behoeftes te voorsien. In 1980 het ons land 94% van Afrika se boeke uitgegee; die helfte van sy elektrisiteit opgewek; 64% van sy spoorwegwaens en 42% van sy motorvoertuie vervaardig - dit alles met slegs ses persent van die vasteland se bevolking.

Een van Afrika se grootste behoeftes is inligting - wat Suid-Afrika se grootste bate is. Daarsonder kan die land nie klaarkom nie. Die geweldige toename in navorsing en ontwikkeling op alle terreine beklemtoon hierdie feit.

Só het die Minister van Nasionale Opvoeding, dr Gerrit Viljoen, gister gepraat toe hy die Suid-Afrikaanse Bibliografiese en Inligtingsnetwerk, Sabinet, amptelik op die kampus van die Universiteit van Suid-Afrika geopen het.

BRONNE

Suid-Afrika is geseënd met uitnemende biblioteke, het die minister gesê. Hulle het die infrastruktuur en bronne om in die inligtingsbehoefes van 'n wye spektrum van die land se burgers te voorsien. Universiteite, Kolleges en Teknikons se biblioteke verskaf aan studente, dosente en navorsers die gespesialiseerde inligting wat hulle nodig het.

'n Wye reeks biblioteke spesialiseer in die inligting van hulle eie gebruikers. Openbare biblioteke wat met sterk en dinamiese provinsiale biblioteekdiens geaffilieer is, is die inligtingsentra vir die gewone man.

Al hierdie biblioteke ervaar egter probleme wat hulle vermoëns om aan die inligtingsbehoefes van hulle gebruikers te voorsien aan bande lê.

Die probleme is veral die volgende:

- \* Die hoeveelheid gepubliseerde literatuur het veral in die laaste dekade so vinnig toegeneem dat individuele biblioteke lank reeds nie meer in staat is om alles oor 'n besondere onderwerp aan te koop nie.
- \* Die risiko van duplikasie bestaan steeds - veral op die gebied van die wetenskap.

INFLASIE

- \* Die koste van boeke en tydskrifte het weens inflasie so vinnig gestyg dat biblioteke en inligtingsentra hulle boeke-aankoopbegrotings grootskaals moes sny.
- \* Die koste van katalogisering en indeksering van publikasies het vinnig gestyg. Dit word bereken dat die koste van 'n voorbereiding van 'n boek vir die rak, sowat R25 beloop.

Die nie-beskikbaarheid van opgeleide bibliotekarise om hierdie take te verrig, vererger die probleem, het die minister gesê.

Biblioteke en inligtingsentra het reeds jare tevore rekenaartegnologie ingespan om take soos boekebestellings, die leen van die stof en katalogisering meer vaartbelyn te maak.

Soms het dit beteken dat biblioteke stelsels installeer wat onderling onaanpasbaar was. Dit het die uitruil van inligting op nasionale basis uiters moeilik gemaak.

Die oplossing hiervoor is dat die ontsluiting van bronne van inligting koöperatief op 'n gerekenariseerde wyse moet geskied. Die bibliografiese standaard waarvolgens bronne gekataliseer word, sou die onaanpasbaarheid van verskillende soorte biblioteekstelsels uitskakel.


Organisasies soos die S A Biblioteekvereniging, die Staatsbiblioteek, die WNNR en andere het ondersoek onderneem na die moontlikheid van die koördinering van inligtingsdienste.

Die Nasionale biblioteekadviesraad het in 1979 'n uitvoerbaarheidsstudie vir die instelling van 'n nasionale biblioteek en inligtingsnetwerk onderneem.

'n Projekspan is ook benoem om die uitvoerbaarheidsstudie te onderneem oor die skepping van 'n nasionale infrastruktuur vir die S A biblioteek- en inligtingswese met die oog op die maksimalisering van die toeganklikheid en beskikbaarheid van alle inligtingsbronne in nasionale besit - asook die optimalisering van bronnedeling, insluitend mannekrag, toerustingdienste en voorrade.

DIE TRANSVALER 16 Augustus 1984

There is no reason to treat the computer with excessive reverence—even if it can answer back.



redaksioneel

Aangesien Mej Clarisse Venter nou by die Mediese Biblioteek is, sal die redaksionele versorging van Biblikasie vir die res van die jaar as volg daar uitsien:

Mev Miemie Vink (Makro-ontsluiting) sal verantwoordelik wees vir die insameling, laat tik en proeflees van alle bydraes;

Mej Clarisse Venter sal die uitleg van die blad behartig;

Mej Joy Roos en Mev Amanda van der Merwe sal die duplisering en verspreiding waarneem.

Mnr Mike Volschenk is die fotograaf.

In die lig van bogenoemde moet alle bydraes vanaf September 1984 as volg geadresseer word:

Mev M Vink  
Makro-ontsluiting  
Merensky-biblioteek

C Venter

tydskrifte

TYDSKRIFINTEKENINGE EN TYDSKRIFAGENTE

Die Merensky-biblioteek teken huidiglik op ongeveer 7 000 tydskrifte in wat deur honderde verskillende uitgewers gepubliseer word waarvan die meerderheid oorsee is. As ons dus direk by die uitgewers op al 7 000 tydskrifte sou inteken, sou die gevolg eerstens wees dat die Finansiële Administrasie honderde aparte rekeninge in verskeie vreemde geldeenhede sou moes vereffen en tweedens dat Tydskrifte-administrasie 7 000 verskillende tydskrifte se intekeninge elke jaar moes hernu.

Juis om hierdie twee administratiewe probleme te oorkom, word dit vandag wêreldwyd aanvaar dat Tydskrif-administrasies gebruik maak van tydskrif agente se dienste. Effektief beteken dit dat die Tydskrif-administrasie by so 'n agent sy intekening plaas om namens die biblioteek by die verskillende uitgewers in te teken op hulle tydskrifte. As deel van sy diensvoorwaardes onderneem die agent om namens die biblioteek vooruit vir die intekening te betaal. Gewoonlik geskied so 'n vooruitbetaling ongeveer drie maande voor die hernuwingsdatum. Hierdie vooruitbetaling van die agent is noodsaaklik om te verseker dat sy biblioteek kliënte ingeteken sal bly op hulle tydskrifte. Dit is die gewoonte van die meeste tydskrifuitgewers (veral die Amerikaanse) om nie 'n intekening te hernu tensy hulle nie drie maande vooruit betaling ontvang nie!

Die voordeel van so 'n vooruitbetaling vir die biblioteek is dat die hernuwing van sy intekeninge terselfdertyd verseker is. Indien die biblioteek wel 'n intekening wil kanselleer, is dit nodig om ten minste vier maande voor die hernuwingsdatum by die agent te kanselleer.

Die agent verwerk dan die inligting deur sy rekenaar en betaal nie weer vir die gekanselleerde tydskrifintekening nie. As die biblioteek egter nie vroegtydig 'n kansellasie deurstuur na sy agent nie, kan dit beteken dat die intekening vir nog 'n jaar deur die biblioteek gedra moet word.

Matthew Syphus

verskuiwings

Mev Anett Booyzen vanaf Toonbank na Voorklinies in 'n voldagpos.

Mev Riekie Lotz vanaf GSV na IBL.


Mnr Charl Louw vanaf Toonbank na Medies.

DIE F.Z. VAN DER MERWE MUSIEKVERSAMELING

Al die stukke in die F.Z. versameling is baie waardevol, maar sommige het ook 'n besonder interessante geskiedenis.

"Between the Chains" deur Maria Watermeyer

Die kroeg is gewoonlik die eerste geboutjie wat opgerig word nadat 'n delwersdorp ontstaan het. Die koerant volg na die Kroeg en dan 'n Effektebeurs. Die oorspronklike Effektebeurs gebou in Johannesburg het plek gemaak vir 'n groter een en later is die tweede gebou vervang met 'n derde een. Toe die tweede gebou vroeg in die sestiger jare gestroop is, het die stootskrapers met die omstoot van die hoeksteen 'n vergete kopie van "Between the chains" ontbloot, wat in die hoeksteen ingemessel was.



"Between the chains" is 'n outydse 'barn dance' waarop ons voorouers geskoffel het, (en tussenin geskreeu het :Balke toe' wanneer almal eers aan die balke moes hang om die misvloer nat te spat sodat minder stof opgeskop word). Die buiteblad is 'n besige straattoneel, met die afgekettingde Hollardstraat. Miskien het die pale tussen die kettings gedien as vasmaakplek vir perde terwyl die base aandeelhandel het in die Effektebeurs gebou.

Maria Watermeyer, komponis van "Between the Chains" het stelselmatig vanaf haar negende jaar begin blind word. Van haar komposisies is net vier ooit gedruk, naamlik: "Between the Chains", "The Hero of Mafeking", "Victoria Falls Waltz" en "The Wepener Waltz". (Ons is baie gelukkig om te kan sê dat al vier hierdie komposisies in die F.Z. versameling is)

Inligting uit: Geleentheidsmusiek in Suid-Afrika 1786-1896, deur Anna Bender-Brink

Annelise Kachelhoffer

## buitemuurs

Jammer dat Buitemuurs so lank stil was. Ons is nog aan die lewe - eintlik baie lewendig, veral nou dat ons nuwe Nashuafotokopieerders gekom het. Met al die opgewondenheid hieroor het die skriffie wat Ettiene vir Julie se Biblikasie geskryf het, skoon verdwyn. Hy wou net dankie sê vir al die lekker samewerking wat hy by Binnemuurs gekry het toe hy besig was in sy rol van Dr. Watson (Hy is mos Sherlock Holmes). Ons spoor nie mense op nie - net boeke en tydskrifte!

Mnr du Toit het die ander dag kom kuier. Hy stuur groete vir al sy ou kollegas. Soos dit gewoonlik gebeur, is hy aanhoudend besig vanaf hy afgetree het, maar bly dat hy by die huis kon wees toe sy swaer, wat langsaan geblly het, erg siek was en op die 6de Julie heengegaan het.

Lente is net om die hoek daarom hoop ons dat al die siekes onder ons personeel spoedig weer gesond is.

Groete

van BUITEMUURS

## tiksters

Nou is die lente eers regtig in die lug en ek glo dit is net waarna elkeen van ons uitgesien het. Om nie te praat van die somersklere wat ons weer gaan dra nie. Die winter was darem soo.. lank, of so voel dit in elk geval.

Lente is seker die wonderlikste tyd van die jaar waar nuwe lewe rondom ons gesien kan word in elke blommetjie en blaartjie. Dit laat 'n mens so klein voel en dit bring jou weer aarde toe. Die skepping is so wonderlik en ons sien dit nie eers altyd raak nie, maar die lente maak ons weer daarvan bewus.

Nou kan ons weer met nuwe moed en lus die werk aanpak en met goeie voornemens hierdie laaste deel van die wedloop aanpak. Oor vier maande is die jaar ook op sy rug en ons moet die beste van die res daarvan maak.

Die lewe is so kort en 'n mens moet die beste daarvan maak en vriendelik teenoor almal wees, dit kos tog niks nie. Dit is wat ons leuse moet wees: minder kortaf, knorrig, ongeskik, suur, naar en meer vriendelik, behulpsaam, gaaf, opreg en eerlik teenoor ons medemens. Dit sal defnitief eerder van ons beter mense maak, as slegter, nie waar nie?

Kom ons dra elkeen ons deeltjie by om die lente van 1984 meer vrolik en sonnig te maak en dit so te hou vir die res van ons lewens ten spyte van hartseer, pyn en teleurstellings wat ons mag ondervind.

Lente is lekker en vrolik.

Alida Murray

## have you heard?

Dr Waldo E Nelson spent 25 years working on his volume, *Nelson's textbook of pediatrics*. His wife helped, reading and revising, so that her work won her a citation in the preface. Her husband called her the "unknown editor". What he didn't know when he wrote the credit was that there was a second unknown editor - his daughter.

It seems that mother put their daughter, now Ann Behrman, to work compiling an index for the textbook. Ann, whose sense of humour mirrored that of her parents, wrote a tongue-in-cheek index listing and inserted it in the B section, between *Biology* and *Birth*. It read:

Birds, for the, Pages 1-1413  
The book and its index went to W B Saunders Co., a publishing house at Seventh and Locust Streets. Copies began to come off the press in May 1959.

The entry was noticed, Saunders spokesmen said. Letters began to come in. Few objected, and company officials paid attention.

"We were going to cut the "bird" entry when we made the first reprint", a company editor said. "But it seems that a great many people developed an affection for this little mild joke so we decided to let it stay".

The "little joke" remained through a dozen reprintings and six additions. A Temple University medical instructor described it as "the best-unknown joke in medical circles".

- and a well appreciated one in indexing circles!

The story above is reprinted from *the Philadelphia Inquirer*.

BOKKIE MALAN

## musiek

Dikwels hoor of gebruik ons die woorde "Hulle sê...?" of "Ek hoor ...". Soms ontstaan daar dan probleme as ons luister na wat "mense" sê. Soos wanneer die "ouens" sê daar is 'n diskoteek by die Musaion met duisende plate waarna enige ou kan luister. Dit is alles waar- maar as die "ouens" bedoel die diskoteek is die versameling plate wat in die Musiekbiblioteek gehuisves word (en 99% uit klassieke musiek bestaan), en die luisteraar verstaan dit as dit wat vandag 'n diskoteek genoem word, is dit werklik 'n probleem. Die gevolg is 'n student wat ontnugter by die deur uitvlug nadat hy vir die Beatles en Culture Club gesoek het - en net vir Beethoven en Couperin kon kry. Die kern van die probleem is dat die woord "diskoteek" so deel is van die musiekstudente se woordeskat soos "swot" en "massa". Dit word jaar na jaar oorgedra van dosent na student, van senior na eerstejaar en die slagoffers voel mislei.

So tussen al die verduidelikings oor biblioteke en diskoteke gaan dit goed hier. Anita het oorsees gaan toer, en my vir 'n hele maand alleen gelos. Baie dankie vir die mense wat etenstye hier aflos - dit maak 'n lang dag sommer korter.

Musikale groete

ANNEMARIE NEL

## geraamte in die kas



Wie het nie een êrens nie? En moenie dink as jy die dag begrawe word, word dié ook begrawe en niemand sal ooit daarvan weet nie. Kyk maar net wat met die mense van Herculaneum gebeur het. Op 24 Augustus 79 n.C. het Vesuvius uitgebars en die stad begrawe onder die puinsteen en lawa, en die laaste moontlikheid van lewe met giftige gas vernietig, en 20 eeue later stel ons vas dat hulle oor die algemeen gesond geëet het, hulle slawe gans en al te hard laat werk het, en toe al met tandbederf gesukkel het - en dit uit geraamtes uit grotte.

Kom laat ek u voorstel aan die 'Pretty Lady'. Haar gesig is in perfekte verhouding. Sy het mooi tande, 'n fyn neusie, is skraal, omtrent vyf voet lank en is moontlik 'n wewer van beroep, vandaar haar besonder sterk arms. Jammer menere, in lewende lywe is sy ongelukkig nie beskikbaar nie, maar haar goed-bewaarde geraamte is by die opgrawings by Herculaneum vir die wat belang stel.

Vir eeue is daar geglo dat die mense in Herculaneum, in teenstelling met die van Pompeii, kans gehad het om te vlug, omdat daar net twaalf geraamtes in die omgewing gevind is. In 1709 is die teater van die stad 'per ongeluk' ontdek, maar dit was eers in 1982 toe daar volkskaals met opgrawings begin is. Kennis en tegnieke wat eers in die na-oorlogse jare versamel en ontwikkel is, het hierdie taak vergemaklik.

Die gebeure van die verskriklike dag is besonder goed opgeteken in die geskrifte van Plinius die Jongere wat van sy naamgenoot, en ewe beroemde oom, se huis die hele verloop van die uitbarsting kon volg. Sy oom wat gaan probeer hulp verleen het, is ook by Herculaneum oorlede. Plinius die Jongere se geskrifte word vandag bewaar in 'n biblioteek in Florence, wat as een van die grootste skatkamers van beson-

dere geskrifte van die wêreld beskou kan word. Daar is geskrifte van Virgilius, Dante en Tacitus in die biblioteek wat nog deur die Medici-familie tot stand gebring is. Die leergebinde eksemplaar van Plinius die Jongere se werk kom uit die Tiende eeu n.C. en is waarskynlik deur 'n monnik in 'n Franse klooster gekopieer.

Plinius se waarnemings was so goed, sy beskrywings so deeglik en sy wetenskaplike kennis so ver ontwikkel dat dit wat hy byna twintig eeue gelede geskryf het, feitlik ooreenstem met gegewens wat met die uitbarsting van Mt St Helens in die sewentigerjare van ons eeu in die VSA waargeneem is.

Die besondere waarde van die ontdekking van Herculaneum en sy inwoners lê daarin dat, vanweë die Romeine se gewoonte om hulle dooies te veras, daar baie min bekend is oor hulle gesondheid - hoe paradoksaal dit ookal mag klink. Vandag kan daar geweldig baie van hulle kultuur-historiese opset geleer word. Die feit dat 'n hele stad gevind is, gee vir die navorser die hele spektrum van die bevolking - mans, vrouens, slawe en rykes, en selfs ook die demografiese verspreiding van die volk in so 'n gebied.

In die eerste kamer wat opgegrawe is was daar twaalf mense - sewe volwassenes waarvan drie mans en vier dames was. Uit die geraamtes kon vasgestel word dat die mans 35, 31 en 25 jaar oud was, en die dames 42, 38, 16 en 14. Die vyf kinders se slagte kon nie bepaal word nie, omdat hulle nog nie puberteit bereik het nie. Die driejarige spruit het goud-en-pêrel oorkrabbertjies aangehad, terwyl die vyfjarige se tandjies tekens van verrotting getoon het. Die ander kinders was 9 en 10 jaar oud, en 'n sewe-maande oue baba wat deur 'n 14-jarige slawemeisie gehurkend beskerm word. Sy was ook mooi, maar moes baie hard gewerk het, en haar tande ver-raai dat sy op elf maande self so hongergely het dat sy byna van honger dood is.

Die klammigheid en die gehalte van die grond was perfekte bewaringsmiddele, maar as die geraamtes aan lig en lug blootgestel word, gaan dit baie vinnig tot niet. Om dit te verhoed, word die bene na opgrawing met water en 'n sagte tandeborsel skoon geskrop (dink net, party mense het 2 000 jaar laas tande geborsel) laat droog word, en dan in 'n akrilies-plastiese emulsie gedoop wat die bene bewaar, maar dit nog moontlik maak om soveel inligting daaruit te haal.

Selfs nie die feit dat party van die skellette fyn en flenters was, kon hulle intiemste geheime bewaar nie. Ontmoet dus vir Portia in legkaarformaat. Oor haar ouderdom kan sy nie jok nie, al leef sy nie eers meer nie. Sy was 48 jaar oud, en

glad nie 'n beeld van 'n mens nie - daarvoor was haar uitstaantande te goed waarneembaar, en die afwykings wat aan haar pelvis voorkom, stem sterk ooreen met die wat in prostitute van vandag voorkom. Portia is ook een van die eerste werklike bewyse van 'n hoë loodinhoud in haar bene, wat die idee versterk dat lood, wat breinskade kan veroorsaak en as kookgereedskap, eetgerei

en wynglase deur die Romeinse adel gebruik is, miskien 'n rol gespeel het in die val van die Romeinse Ryk. (Geen wonder die slawe was so oorwerk nie - selfs tafeldek was 'n reuse taak as 'n mens in ag neem dat die gerei van lood gemaak is.)

'n Belangrike ontdekking in hierdie vakansiestad wat ook 'n aantal ryk inwoners gehad het, is die biblioteek in die villa van 'n belangrike Romein. Daarin is 'n groot hoeveelheid papyrusrolle, wat wel beskadig, maar nog leesbaar is ondanks die vulkaan, aardbewings en tweeduisend jaar, opgespoor.

Nou wonder ek, as die Manne van Mars en Vrouens van Venus ons oor tweeduisend jaar opgrawe, wat sal hulle kry? 'n Geslag met koppe vol lood, tande vol silwer en longe vol teer? Of krom rûe en plat sitvlakke van al die sit? Pasaangeërs in ons harte en skroewe in ons enkels? Vierkantige ogies soos TV-skerm en plat vingerkoppies van al die knoppies druk? En sal die skyfpakke en databasisse van vandag nog iets kan sê oor twintig eeue?

Ek wonder of hierdie opgrawers darem daaraan sal dink dat, soos 'n kollega eendag gesê het dat die klompie geraamtes wat uitsonderlike lang arms het, nie aan een of ander rare siekte gely het nie, maar minstens een keer per maand swaar sakke kruideniersware van sy motor tot bo in sy nes in 'n wolkekrabber moes kry!

#### Bibliografie:

GORE, R. After 2 000 years of silence; the dead do tell tales at Vesuvius. National Geographic 165(5): 557 - 613, Mei 1984.

Magriet Lee

## boekontvangs

"I prefer to be a dreamer among the humblest, with visions to be realized, than lord among those without dreams and desires."

"Keep me from the man who says "I am a candle to light people on their way"; but to the one who seeks to make his way through the light of the people, bring me nearer".

"If reward is the goal of religion, if patriotism serves selfinterest, and if education is pursued for advancement, then I would prefer to be a non-believer, a non-patriot and a humbly ignorant man"

"Deliver me from him who does not tell the truth he stings; and from the man of good conduct and bad intentions; and from him who acquires self-esteem by finding fault in others".

"At ebb tide I wrote  
A line upon the sand  
And gave it all my heart  
And all my soul  
At flood tide I returned  
To read what I had inscribed  
And found my ignorance upon the shore"

"The chemist who can extract from his heart's elements, compassion, respect, longing, patience, regret, surprise and forgiveness and compound them into one, can create that atom which is called LOVE"

"I shall cast my jewels to the pigs so that they may swallow them and die either of gluttony or indigestion"

Uit: "Spiritual Sayings" van Kahlil Gibran  
Groete vanaf Boekontvangste

MAGDA CELLIERS

## veeartsenkunde

'n Hartlike verwelkoming aan mev Erna Booysen, die nuwe biblioteekassistente by Veeartsenkunde. Ons hoop net die plaasatmosfeer hier sal jou nie te veel laat verlang plaas toe nie, Erna!

Vir ons Augustusuitstalling het ons die hulp van 'n derdejaar student, Elfrieda Alberts ingeroep. Voor sy besluit het om veearts te word, het Elfrieda by die Proefdiersentrum gewerk. Haar lewe daar tussen die bobbejane en die hegte bande wat daar gesmee is, word op die foto's wat sy vir die uitstalling gebring het, duidelik uitgebeeld.

Soos sy self sê: LIEFDE IS ..... MY EIE BOBJAAN!

ERICA VAN DER WESTHUIZEN



Mej Elfrieda Alberts by haar uitstalling

## ek's n dapper stapper



Toe ek 'n jaar gelede gehoor het dat ons in Julie die Visriviercanyon gaan stap, het ek gewonder of dit nou so 'n goeie idee was. En 'n maand gelede op die rivierbedding, met moeë voete en swaar rugsakke, het al meer mense begin dink dit was 'n minder goeie idee. 'n Foto van een van ons groeplede wat peinsend die vertes instaar se byskrif was in die betrokke stapper se eie woorde: "Jou dwaas, wat soek jy al weer hier?" (Hy het die Visrivier al vantevore gestap).

Ek het al gelees dis 'n "martelpad", gehoor dis 'n "straf-ekspedisie". Maar nou, ná die tyd .. was dit net die moeite word.

Die Visrivier is een van die grootste riviere in Suidwes-Afrika en vloei 800km ver na die Oranjerivier. Die laaste 160km kronkel deur 'n diep canyon. In die middel daarvan is die warmbron Ai-Ais. (Nama: vir "baie warm"); 'n oase in 'n landskap van swart, klipperige berge en vlaktes, en eindpunt van die stap-roete.

Van Ai-Ais af kan 'n mens uitry na uitkykpunte aan die begin van die canyon. Dit is hier waar ons groep van 13 (van wie 4 meisies) die afgronde aangedurf het. Afgronde, ja, want om onder op die rivierbedding te kom, vra 500 meter se tandekners en vastrap teen 'n baie steil en klipperige steilte af. Met 'n swaar sak op jou rug is dit geen grap nie.

Onder in die canyon is mens in 'n ander wêreld. Jy stap onder in 'n diep skeur, met hoë rotswande reg langs jou. Dis doodstil: daar is feitlik geen dierelewe nie. Die rivier is slegs vlak poele, met vlaktes van groot ronde rivierklippe tussenin. Waar die poele opgedroog het, stap mens oor 'n skilferende kors van droë modder.

Jy stap al met die rivier se oneindig baie kronkels langs. Soms kan mens kortpad vat aan die binnekant van 'n kronkel; dan is dit amper woestyn: sandvlaktes met klippe omsom, plek-plek yl wit gras, klein bome en droë hout wat na 'n somer se vloedwater daar bly lê het. Vir kort stukkie word jy getrakteer op 'n maklike begaanbare gruispaadjie. Oral is die oorwel-digende stilte, en net die voetspore van vorige stappers herinner jou daaraan dat jy nie stakalleen op die wêreld is nie. Om die maklikste pad te stap, moet mens heen en weer oor die rivier gaan. Ons is 32 keer daaroor - meestal droogvoets.

'n Maklike roete is dit voorwaar nie. Al ooit oor kilometers van sandduine geloop, en net soveel kilometers van ronde klippe waar jy van klip tot klip moet trap met 'n swaar sak wat van jou rug en heupe rem? Jy haat die klippe, jy haat die sand, klouter oor rotse kry warm, en vind uit hoe lekker smaak 'n sluk water, al is dit rivierwater wat met 'n pilletjie gesuiver is. Jy bestudeer die kaart en juig oor elke draai in die rivier wat jy bereik.

Vieruur smiddae moes ons reeds begin kamp maak, want dit word vroeg donker in die canyon. Jy was blitsig in die koue water - 'n vinnige "dip" laat

jou asem wegslaan. Ná ete en 'n bietjie sit by die vuur, roep daardie bed! As jy in jou slaapsak lê het jy die helderste hemel vol sterre bokant jou om na te kyk, en êrens in die nag maak die lig van dié maan wat verblindend helder opgekom het, jou gewoonlik wakker. Halfsewe soggens is dit nog pikdonker as die opstaanklok jou wakker maak: "Goeie-môre, jong Suid-Afrika!"

Ons het 4½ dae gestap: 86 km van sand, klippe, sweet, seer spiere... maar ook soveel beloning. Wat is mooier as 'n oase van groen riete en stil water waarin die ruwe berge weerkaats, ná jy deur 'n stuk woestyn gestap het? Of, na 2 dae se stap, 'n warmbron waarin jy jou seer bene en voete kan week? Of 'n koue coke by Ai-Ais? Jy sien weer die grootsheid van die skepping en van sy Skepper, jy voel klein daarin, jy ontspan, word weer 'n gelukkige mens.

Dit was 'n ietwat verinneweerde groep wat Ai-Ais binnegekrom het. Maar: "Ek's 'n dapper stapper, kyk hoe stap ek deur die Vis" en op die reünie was ons dit eens: ons sal hom weer gaan stap - net nie te gou weer nie!

ELRIEN SWART



"The medicine man isn't in, but I got his answering service."

## derde vloer

MERENSKY: EGTE BOERKOMBUIS

By geen ander plek eet 'n mens so lekker as in die Merensky nie. Dit is nou nie Woensdae se koek nie. Nee, dit is soos ouma se kombuis op die plaas. Vrydagaand 3 Augustus 1984, - 19h20, loer ek oor die afgrond (dit is nou die opening in die middel van die biblioteek, en het niks met toekoms van die Merensky te doen nie.)

Op die tweede vloer kom 'n man tussen die rakke uit. Nie met 'n boek soos ek verwag het nie, maar met 'n beker koffie in die een hand, beskuit in die ander hand, gevolg deur 'n klein hondjie, omtrent die grootte van 'n sandwurm. Hy neem toe plaas (dit is nou die man) by 'n tafel direk langs die opening en val weg aan sy maal.

So onthou, as u op 'n Vrydagaand die "plaas-blues" kry en verlang na ouma se boerbeskuit in die kombuis, tannie Merensky se kombuis is 'n goeie (plaas)vervanger.

Lappies

## ontsluiting

Wie het nog nie agtergekom dat die lente in die lug is nie? Ons is besig om die winter se olikheid af te skud en ons vere reg te skud vir die lente.

Saam met die winter het ons afskeid geneem van twee van ons mense. Ons mis Joelanda se vriendelike glimlaggie somer baie, maar van Clarisse, ons ou staatsmaker, sal ons darem nog hoor daar van Medies se kant af.

Met die verlies was daar darem ook wins: Estelle is nou al soos 'n ou hand hier in Ontsluiting, en ons nuweling, Karin Förtsch, lyk of sy lus het om berge boeke weg te werk!

Estelle, Céu en Susan hou nog kop bo water met die studies. Saam met hulle beleef ons elke klas en elke werkstuk as 'n stap-pie nader aan die einde. Moed hou, julle!

ESTC is die nuutste gebeurlikheid in Ontsluiting. Ons neem deel aan 'n projek van die British Library, naamlik die Eighteenth Century Short Title Catalogue. Dit omvat alle 18e eeuse boeke wat in Brittanje en sy kolonies, sowel as alle Engelse boeke wat gedurende die 18e eeu elders in die wêreld gepubliseer is. Ons is tans besig om die boeke in die Landboubergingsbiblioteek deur te gaan en die bibliografiese besonderhede van die relevante boeke te kry. Dis 'n ietwat stowerige ervaring, maar Annalien se rooibostee is 'n heerlike lafenis. Baie dankie vir jou gasvryheid, Annalien.

Ons werk darem nie net altyd nie. Vir die meeste van ons was daar ook 'n ruskansie in die afgelope tyd. Gertrud het met 'n groot glimlag en pakke foto's van haar oorsese reis teruggekom, en Elrien het heelhuids uit die Visriviercanyon teruggekeer. Magda is bietjie Suidwes toe, en Miemie en Amelia het ook vir 'n rukkie niksgedoen. Ansie sien nou uit na 'n week by die see.

En hiermee: groete tot volgende maand

Elrien Swart

## medies

Saam met Augustusmaand se winde het hier twee nuwe mense by Medies ingewaai — en een uitgewaai. Ons groet vir Philip Olivier wat nou smiddaie en saans ook agter die boeke gaan inskuif (nadat hy eers vir 'n slag die familie inry toe gevat het). Philip, dankie vir die lekker saamwerk, en ons hoop dat alles vorentoe net voorspoedig sal gaan. Dis nie elke ou wat twee operasies in die gesin tussen vier toetse inpas en dit oorleef nie.

Welkom aan Clarrise Venter wat al amper 'n maand hier is, en Charl Louw wat nou ons nagdiensman is. Ons hoop julle voel al klaar tuis hier by ons en dat julle die werk sal geniet. (Hoe begin dit vir my lyk of Medies nou kompetisie vir Merensky word?)

Sophia Möller se Amerika-drome moet sy maar vir 'n jaar in haar agterkop bêre, want met die huidige Rand- en Dollarwaardes sal so 'n toer al 'n mens se ou spaargeldjies opeet. As troosprys gaan sy nou Wildtuin toe — dis darem heelwat nader en goedkoper.

Raai wat se aandenking bring Stella toe vir haarself uit Duitsland saam — Duitse Mussels! (Begin nou wonder hoe het Annie aan haar Hong Kong-griep gekom!) Ons het darem net regte Switserse sjokolade by Stella gekry — 'n groot heerlikheid — veral as mens in gedagte hou dat sy nog spesiaal 'n plekkie in haar tas vir ons gehou het. Sy werk nou net kliphard aan 'n uitstalling oor reisge-neeskunde, en haar oë blink somer van voor af as sy na die mooi prente kyk.

Clarrise het (met Stella se "aandenking" in die agterkop) gaan seker maak dat sy nie moet inspuittings kry teen kwale in Australië nie, en dat daar ook nie kwale is waarop sy dalk invoerbelasting sal moet betaal nie. Gelukkig lyk alles darem veilig. Liewer korable as kwale is haar mening.

Met al die skete onder beheer, die vakansies (tot selfs Abel s'n) voorlopig iets van die verlede, groet ons vir die eerste keer in 'n lang tyd uit 'n vol Medies biblioteek (darems vir die volgende twee weke!)

## verjaardaglys

7 Mev Annatjie Myburgh  
(Algemene Administrasie)

9 Mej Diana Minnaar  
(Derde Vlak)

10 Mev Irma van Wyk  
(IBL)

15 Mnr Dawie Hughes  
(Bindery)

19 Mej Sophia Möller  
(Medies)

20 Mev Anita Moolman  
(Musiek)


Mnr Willie Porter  
(Bindery)

25 Mev Denise Wheeler  
(IBL)

27 Mev Erica v d Westhuizen  
(Veeartsenykunde)

Mev Ria Viviers  
(Regte)

28 Mev Laura Pienaar  
(Voor-Ontsluiting)





## miniaturrangskikkings

### HOE OM 'N MINIATUUR BLOMMERANGSKIKKING TE MAAK

Daar is iets baie fassinerend aangaande miniatuur-replika's en vir die blommeliefhebber beslis in die vorm van 'n miniatuur blommerangskikking.

'n Miniatuur rangskikking (insluitend die houër) behoort nie meer as tien sentimeter groot te wees nie. (miskien sal dit wys wees vir die beginner om met ietsie groters te begin) met ander woorde die blomme, plantmateriaal en houër moet in verhouding tot 'n groot rangskikking verklein word.

STAP 1: Sorg vir die nodige gereedskap: 'n skêr, ooghaartangetjie, 'n skerpe mes en 'n klein stukkie oasis.

'n Houër kan enigiets vanaf 'n eierkelkie, draaiprop van reukwater of glashouertjie van grimering tot 'n klein porseleinhouertjie, glasornament of sjerrieglasie wees.

STAP 2: Om die houertjie voor te berei moet die oasis met die mes gesny word sodat dit presies pas en ongeveer 5 mm bo die houër uitsteek. Indien 'n goedkoop houër gebruik word kan dit met sproeiverf opgekikker word - vermy egter helder, uitspattige kleure.

STAP 3:

Berei die blomme en plantmateriaal voor. In die geval van droë rangskikkings kan alles by 'n bloemiste gekoop word. (werk effens duurder uit). Dit is egter baie meer pret om jou eie miniatuurblommetjies te kweek en dit benodig slegs 'n baie klein area.

Die volgende blomme is geskik gevind vir miniatuurwerk.

ROSE:

Perle de Mont Serrat (pienk) Fairy (pienk) Pour Toi (wit)

Pixie (geel) Doll (goud)

MYOSOTIS (Vergeet-my-nie) verskillende skakerings van blou, pienk en wit.

PHILADELPHUS (Mock Orange) klein wit of roomkleur enkelblomme.

DEUTZIA: Wit en pers.

GYPSOPHILA: wit en sagte pienk

ERICA: Alle kleure.

Bogenoemde blomme kan ook maklik gedroog word.



STAP 4: Met alles gereed kan die rangskikking nou begin word. "Ronde" rangskikkings word gemaak met ander woorde dit moet vanuit enige hoek besigtig kan word. Daar moet nou bepaal word hoe lank die stingels van blomme en plantmateriaal geknip moet word. Gestel die houër is 3 cm dan moet die langste stingel nie langer as 7 cm wees nie. Rangskik plantmateriaal eerste. Plaas een lang blaar, takkie of diesmeer in die middel van die oasis en korter takkies rondom, om die basis van die rangskikking te vorm. Nou kan dit opgevul word met blomme. Hiervoor word die ooghaartangetjie gebruik.

Die kleiner blommetjies moet naby die bopunt en kant geplaas word terwyl die groter blomme in die middel en laer areas geplaas moet word. Die stingeltjies van die blomme moet so geplaas word dat dit lyk of dit uit een punt uitstraal - dit help ook om 'n meer natuurlike indruk te skep.

Die stingeltjies behoort skuins afgeknip te word. Dit vergemaklik die insteek daarvan in die oasis en verhoog ook die absorbering van vars water in die geval van vars blomme.

Die keuse van blomme en kleur hang natuurlik af van persoonlike smaak. Hierdie manier van rangskikking is 'n kunswat net deur oefening en ondervinding beheers en vervolmaak word, maar baie bevrediging en genot terselfdertyd verskaf.

MAKKIE BIGGS

## bak en brou

### KOEKMENGSEL TERT (Uit Die Huisgenoot)

200gr (375ml) bruismeel	
100gr (125ml) suiker	
2ml koeksoda	2ml fyn gemmer
2ml fyn kaneel	knypie fyn naeltjies
knypie sout	40gr (125ml) klapper
115gr (125ml) sagte botter of margarien	
125ml suur melk	1 eier geklits
150gr (250ml) droëvrugtekoekmengsel	

#### Metode:

Stel oond op 180°C (350°F) en smeer 'n vuurvaste bak van 15x26x5 cm. Sif meel, suiker, koeksoda, speserye en sout saam. Voeg klapper by en meng. Vryf botter in mengsel in tot goed gemeng. Voeg melk en eier by en meng tot 'n deeg. Voeg vrugte by en meng. Skep in bak en maak gelyk. Bak 30-35 min tot gaar.

#### Stroop:

250ml water	360gr (450ml) suiker
125ml droë rooi wyn	15ml margarien
5ml vanieljegeursel	

#### Metode:

Verhit water en suiker tot kookpunt en kook 5 min sonder deksel. Voeg res van bestanddele by. Sny warm tert in blokkies en gooi stroop stadig bo-oor. Laat afkoel.

Mienie Vink



*welkom*



MEV CORNEÉ BARNARD  
BOEKONTVANGSTE



MEJ JAKKI DE WET  
GSV



MEV ERNA BOOYSEN  
VEEARTSENYKUNDE



MEJ MARIANA OLIVIER  
VOOR-ONTSLUITING



MEV KARIN FÖRTSCH  
MAKRO-ONTSLUITING



MEV HERMIEN BORNMAN  
DERDE VERDIEPING

***tot siens***



MNR FLIP OLIVIER  
MEDIES


# BIBLIKASIE

Blank lined area for handwritten entries, consisting of 24 horizontal lines.

UP  
BIBLIOTEKE  
DIENS

==	==	==
==	==	==
==	==	==
==	==	==
==	==	==
==	==	==
==	==	==
==	==	==
==	==	==
==	==	==
==	==	==
==	==	==
==	==	==
==	==	==
==	==	==
==	==	==
==	==	==
==	==	==
==	==	==
==	==	==
==	==	==
==	==	==
==	==	==
==	==	==
==	==	==
==	==	==

**SEPT**  
**1984**



## die eerste sê

### AACR II

Gedurende 22 - 24 Augustus 1984 is daar deur die Departement Biblioteek- en Inligtingkunde aan UOVS in samewerking met die SAIBI Komitee vir Bibliografiese Beheer 'n AACR II werkseminaar aangebied wat ook deur van ons personeel bygewoon is. Die teikengroep vir die kursus was senior katalogiseerders en sake soos die volgende is behandel:

- AACR II en die SAMARC-formaat met spesiale verwysing na SABINET
- Algemene reëls vir die bibliografiese beskrywing (hfst 1)
- Keuse van soekpunte (hfst 21)
- Geykte titels en verskillende tipes verwysings wat gebruik kan word (hfst 25 en 26)
- Probleme rondom name vir geografiese gebiede en korporatiewe liggame
- Ontsluiting van vervolgpublikasies


Aandag is ook gegee aan die opsies wat in AACR II voorkom en watter in Suid-Afrikaanse omstandighede toegepas moet word.

Tydens die kursus het ons opnuut tot die besef gekom dat die AACR II 'n baie komplekse reëlboek is en dat van die reëls deur katalogiseerders verskillend toegepas kan word en is daar dan ook gepoog om eenvormige interpretasie van die reëls te bevorder. Dit is veral belangrik vir die totstandkoming van SABINET wat Suid-Afrikaanse biblioteke se ontsluitingsresultate in een databasis moet verwerk.

Ontsluiting is van die duurste aktiwiteite in 'n biblioteek en daar gaan vandag stemme op wat beweer dat die detail opleiding van ontsluiters onnodig is. As argument word daar aangevoer dat 'n netwerk soos SABINET wat uit ongeveer 3 miljoen rekords bestaan, met die nodige gesagslêers en LC saakhoofde op die koop toe, behoort aan biblioteke die nodige bibliografiese inligting te kan voorsien.

Dit is wel waar, maar as ons die Biblioteekdiens se sukses oor die eerste ses maande van 1984 in oënskou neem waar ons op bestelstadium ongeveer 39% en by ontvangs 37,8% van die materiaal wat op SABINET gekontroleer is kon opspoor, wil dit tog voorkom dat daar uit ons biblioteek en vanuit ander biblioteke oorspronklike katalogisering tot die netwerkdatabasis toegevoeg sal moet word.

Of dit nou baie is en of dit nou minder gaan word na mate die netwerkdatabasis groei en op datum gebring word, sal daar nogtans opgeleide katalogiseerders nodig wees om data volgens 'n neergelegde standaard te skep. AACR II is as die standaard vir bibliografiese data aangewys en sal ons almal die reëls met al hulle gebreke moet ken en konsekwent toepas. Kennis van AACR is ook nodig indien ons data vanaf SABINET korrek wil identifiseer en gebruik vir ons eie databasis.



"This problem had been my life's work. I planned to devote my remaining years to it. It's just been solved in four seconds."

Ons moet egter voortdurend onthou dat ons met 'n baie duur aktiwiteit besig is en dat ons nie slawe van 'n reëlboek moet word nie. Daar moet voortdurend krities gekyk word na wat 'n intydse geïntegreerde stelsel met boolse soektog fasiliteite kan vermag om sommige van die strydpunte rondom die keuse en vorm van bogenoemde op te los en te oorbrug. Waar die reëls nie altyd in 'n intydse stelsel geakkommodeer kan word nie, word daar nog van ons verwag om dit na die beste van ons vermoë toe te pas en probleme en kommentaar na die samestellers deur te gee vir moontlike aanpassing van die reëls vir AACR III.

Dankie en sterkte aan al ons ontsluiters, wat te midde van al hierdie woelinge nog kop hou.

MEV E LANGKILDE

## HULDEBLYK: P.C. COETZEE

Op Maandagaand 20 Augustus 1984 het die onthulling van 'n borsbeeld van prof P C Coetzee deur prof D M Joubert, Onderkanselier en Rektor van UP in die Merensky Biblioteek plaasgevind. Prof en mev Gerrys het die gaste, van wie onder andere oud-kollegas en oud-studente van prof Coetzee was, ontvang. Prof Gerrys het die verwelkoming gedoen waarna prof Joubert die huldigungsrede gelewer het.

Prof Joubert het kortliks prof Coetzee se bydrae in die biblioteek en tot die stigting en uitbouing van die Departement Biblioteekkunde aan die Universiteit van Pretoria, asook sy bydrae tot die vakgebied in die algemeen geskets.

Prof Petrus Carolus Coetzee, wat op 21 Junie 1905 in Pretoria gebore is, was vir 44 jaar aan UP verbonde, nl as Assistent-Biblioteekaris vanaf 1924; Universiteitsbiblioteekaris vanaf 1930-1958 en as Hoof van die Departement Biblioteekkunde vanaf 1958-1970. Prof Coetzee beskik oor 'n MA (Wysbegeerte), 1939 en 'n DPhil, 1952, wat hy aan die Universiteit van Suid-Afrika verwerf het.

In 1938 het die Universiteit van Pretoria deur die toedoen van prof Coetzee die eerste universiteit in Suid-Afrika geword om formele opleiding in Biblioteekkunde aan 'n universiteit aan te bied.



PROF P C COETZEE

Prof Coetzee was Redakteur van die vaktydskrif Suid-Afrikaanse Biblioteke vanaf 1961-1968. Hy was tot dusver die eerste en enigste ontvanger van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Biblioteek- en Inligtingkunde se Navorsingsbekroning. Hy het in 1982 'n Eredoktorsgraad van Unisa ontvang.

Prof Joubert het ook kortliks gewys op die bydrae wat prof Coetzee se gade, die bekende mev Kotie Roodt-Coetzee op haar eie gebied, nl die Museumkunde gelewer het. Hierna het prof Joubert die beeld onthul en 'n replika van die borsbeeld is deur die beeldhouer, mnr P Minnaar, aan prof Coetzee oorhandig. In sy antwoord het prof Coetzee sy dank en waardering teenoor prof Joubert, prof Gerrys en die Universiteit van Pretoria betuig. Hy het die gehoor daarop gewys dat hy die enigste bibliotekaris ter wêreld is van wie 'n borsbeeld in sy leeftyd gemaak is. Daar bestaan wel borsbeelde van Leibnitz en Goethe, het prof Coetzee bygevoeg, maar nie in hul hoedanigheid as bibliotekarisse nie.

Prof Coetzee het ook sy waardering uitgespreek omdat verwys is na die bydrae van sy vrou tot haar beroepsgebied en die hoop uitgespreek dat sy ook erkenning sal ontvang vir haar baanbrekerswerk.

Prof Boon het die bedankings gedoen en hierna het die gaste gesellig verkeer en het hulle ook die geleentheid gehad om prof en mev Coetzee geluk te wens en die uitstalling oor prof Coetzee se lewe, werk en akademiese bydrae te besigtig.

(Inligting ontnem uit die program vir die aand).

MIEMIE VINK


## SABINET

Tydens SABINET se Algemene Jaarvergadering, wat op 15 Augustus 1984 plaasgevind het, is prof E D Gerrys benoem as raadslid.

Die Raad van SABINET sien nou as volg daar uit:

Prof T van Wijk (Voorsitter)  
Dr D S henderson  
Mnr A S C Hooper  
Dr H de Bruin  
Prof E D Gerrys  
Prof N J Swart  
Dr D J J van Rensburg

Ons wil graag ons hartlike gelukwense aan prof Gerrys oordra en hom baie sukses toewens vir sy ampstermyne.



*SABINET Members elected a Board of Directors at the Annual General Meeting held on 15 August 1984. Members of the Board are as follows: Seated: Dr D J J van Rensburg, Prof N J Swart, Prof T van Wijk, Dr D S Henderson, Mr L W Dekker. Standing: Dr H de Bruin, Mr A S C Hooper, Prof J Willemsse, Mr W F Coetzee, Prof E D Gerrys. Not included in the photograph are Dr H J Aschenborn and Dr R H Venter.*

FOTO UIT SEPTEMBER 1984 SE SAIBI  
NUUSBRIEF



## TE KOOP

Wit Maltese bondeltjie liefde (tefie), 6 weke oud. R60. Kontak Annelise Kachelhoffer by 420-2808.

## TOONBANK

Die winde van veranderinge het weereens by die Toonbank gewaai.

Charl Louw het ons reeds in Augustus verlaat en werk nou by Medies. Charl, dit was baie lekker om saam met jou te werk. Hoop jy werk lekker by Medies.

In sy plek is Neels du Plessis aangestel. Neels is 'n klasmaat van Charl. Die eerste aand wat Neels hier begin werk het, is hy sommer in die diepkant ingegooi. Daardie eerste aand het ons begin met die statistiekhouding van dr Trichardt. Neels het die vuurdoop deurstaan en is nou ten volle ingeburger hier by ons.

Mev Anna du Toit het ook ons diens verlaat vanweë gesondheidsredes. In die kort tydjie wat sy hier by ons werksaam was, het almal gehag geraak aan haar en haar kostelike sêgoed. Ook aan haar wens ons sterkte en 'n spoedige herstel toe.

---

## SOSIALE KOMITEE

Die roomkleurige oorjassies wat in die verlede deur personeellede gedra is, word op DINSDAG 2 OKTOBER, 12h30 in die TEEKAMER verkoop.

Almal wat belangstel word vriendelik uitgenooi om te kom koop.

VOORSITSTER

---

## VERANDERING

Mev Jeanie Wehner en mev Karin Förtsch is vanaf 1 September 1984 werksaam in halfdagposte as tydelik-deeltydse Junior-Biblioteekaresse.

## AFRICANA

### 'N NUWE PAAR SKOENE OF SKOOLGELD?


h Mens sien deesdae baie berigte oor die moontlikheid dat blanke ouers dalk binnekort skoolgeld vir hul spruite sal moet betaal. Die gerugte van mense wat ontevrede is hieroor, is net so volop. Ons besef blykbaar nie meer in watse bevoorregte samelewing ons leef nie - dink maar aan ons R100 klasgeld per kind of vir onself by die Universiteit!

No. 764  
DE PRETORIA OOST-EIND SCHOOL VERENIGING BEPT.

*Ontvang van de Heer A. D. W. Wolmarans*  
*de Som van Een pond 10/- Stg*

*zijnde Schoolgeld over het derde kwartaal 1916*

*Pretoria, 31. Jule 1916*

*Namens het Bestuur*   
*M. van der Merwe*  
Sekretaris-Penningmeester.

*R1.10.-*

h Wakker student het onlangs by my aangekom met h paar items wat hy in een van die ou tydskrifte in die Kelder gekry het. Een van die stukke was h kwitansie vir skoolgeld vir die derde kwartaal 1916: Een pond tien sjielings. Dit klink na h klein bedraggie totdat h mens na h paar advertensies in tydskrifte van 1916 kyk. h Goeie paar dameskoene het in 1916 net R1-2-6 gekos. h Mens kon ook vir min of meer dieselfde bedrag as die skoolgeld h 9kt goue trouing of h stelletjie rottangmeubels koop. Ek is maar dankbaar dat ek in hierdie derde kwartaal van 1984 nie nodig gehad het om sonder h nuwe paar kerkskoene klaar te kom nie net omdat ek skoolgeld moes betaal nie.

In Africana het ons die afgelope twee jaar reeds lank voor die tyd gewet dat die lente en LENTEDAG in aantog is. As Annelise en haar span Merensky-dames/here nou nog nie die pad na die dosente se harte oop "gekook" het nie, sal daar seker nie salf aan hulle (die dosente) te smeer wees nie. Namens almal wat ondervind het hoeveel ure se werk en slapelose

nagte met Lentedag gepaard gegaan het, wil ons vir Annelise en die paar dames wat haar help organiseer het (by name onder andere Amanda en Irene) baie hartlik gelukwens met die suksesvolle afloop van die geleentheid.

Jo Breed is terug na h afwesigheid van meer as twee maande. Sy is terug met h splinternuwe gesonde duim en het in die proses skraler en jonger geword. h Paar van ons "ouer" dames is besig met h komplot waarin ons h swaar tafelpoot op mekaar se regterduime sal neersit as dit dan die enigste manier is waarop ons skraler en jonger kan word!

JORIET COETZEE

## ONTSLUITING

Die koms van die lente is heel gepas met blomme en nogmaals blomme in Ontsluiting gevier. Ansie se subtile dreigemente (voor sy gerieflikheidshalwe by die see gaan rus het) en Estelle se knaendheid, het die ontsluiters tot groot hoogtes aangespoor en die Afdeling is tydens Lentedag in h blomtuin omskep. Aan al die ontsluiters - h groot dankie vir julle samewerking. Ook aan Susan Marsh h spesiale dankie aangesien sy net so af en toe hier in ons Afdeling "kuier". Baie welkom terug Susan, en sterkte met die projek wat voorlê.

Nog mense wat by die see kuier - hierdie keer onder die dekmantel van h konferensie is Céu en Gertrud. Ons hoop dit was h uiters leersame en plesierige week. Nog nuus uit die Afdeling is dat Elrien so stil-stil besluit het dat dit darem heeltemal te lank is om tot volgende jaar te wag met die trouery. Elrien, sterkte met die baie reëlings en ons is almal saam met jou bly oor die vooruitsig.

Namens die Afdeling wil ons ook ons meegevoel betuig met Amelia en haar familie met die heengaan van haar swaer.

En laaste maar nie die minste nie, h boodskap aan die studerendes onder ons - Mike, Céu, Susan en Estelle, dit is h opdraande stryd wat voorlê, ons dink aan julle.

ESTELLE EN SUSAN

# PLASTIEK, DIE EUWEL

## VAN ONS TYD

Twintig jaar gelede het huispartytjies waar plastiekbakkies verkoop is, ontspring. Ek kan onthou dat al wat man is destyds gehoop het en ook nie geskroom het om te sê nie, dat "daardie ou plastiekbakkies baie gou ten gronde sal gaan". Die rede hiervoor was voor die hand liggend. Ten eerste omdat al wat vrou is knaend teepartytjies bygewoon het of self gehou het en tweedens omdat daar dan lustig en gesellig gekoop is, soms ten koste van die maandelikse begroting.

Dit is nou twintig jaar later en daardie "plastiekbakkies" het 'n naam wat respek afdwing, nl TUPPERWARE, en verkoop nou eers, die huisvrouens, werkende vrouens en selfs die manne koop tog te lekker. Want so met die jare saam het almal agtergekom dat 'n toebroodjie of kos wat in 'n Tupperbakkie werk toe geneem word, of in 'n yskas geberg word, lekker vars bly en dat onooglike en skewe houers in mens se kombuis kaste vervang kan word met nuttige, gekleurde houers wat by jou kleurskema pas. Laaste maar nie die minste nie dat, as jou bakkie kraak of die deksels breek (al was dit as gevolg van onrespekvolle hantering) jy dit net by die naaste handelaar kan inhandig en jy kry splinternuwes terug. Nou - watter winkel sal sô goeheartig wees en wie gaan gewone "plastiek" 10 jaar waarborg?

Verlede jaar was daar 'n berig in Rapport van dr Barney Clarcke wat so geïnspireer was deur die "varshou" idee dat hy van die roumateriale waarvan Tupperware gemaak word gebruik het in die vervaardiging van die eerste kunshart.

Onderstaande verkoopsyfers was by 'n onlangse konferensie gerapporteer. Die syfers wat aangedui word, is verkoop oor 'n tydperk van 5 weke!

Daar was ongeveer 500 handelaars en bestuurderesse teenwoordig en elkeen het ten minste R2 500 se ware verkoop.

### Hoogste bedrae verkoop

Tophandelaar	R13 000
Topbestuurderes	R27 000
Dan kry mens 'n "Eenheid" d w s	
Bestuurderes en span:	
Topbestuurderes	R80 855
Top Nuwe-bestuurderes	R28 343

Hierdie syfers weergegee is nadat die "krummels" uitgeval het, bv die Eenheid wat 2de was het R33 703 verkoop, die 3de R32,055, die 4de R27,800, die 5de R26,655, die 6de R24,116, die 7de R23 373 die 8ste R22,135, die 9de R20,633 en die 10de R18,458 ens.

'n Volgende groep het die volgende dag arriveer en hulle syfers was soortgelyk. (Die span met die hoogste syfer in daardie groep het R35 000 verkoop).

Ek hoor week 38 was weer 'n GROOT week vir Tupperverkope in die land en dat een verspreiderskap in Pretoria alleen hulle vorige mikpunt van R96,000 vêr oortref het. (Let wel, dit was vir net EEN week)

Sê my net een ding: verkōp Tupper nog?

Tuppergroete  
JOGGIE



"All these delays—a thousandth of a second here, a millionth of a second there. We'll have to get the darn thing fixed."



## ALGEMEEN

UITTREKSEL UIT HUISGENOOT VAN  
7 SEPTEMBER 1984


### "DOMMES SOMS SLIMMER AS SLIMMES

By die firma waar ek werk, word mense in twee kategorieë ingedeel: die slimmes en die dommes. As tikster kwalifiseer ek as 'n domme.

Feitlik al die werk wat ek tik, word deur gegradeerdes (slimmes) opgestel. Party van hulle het egter nie die vaagste benul van spelling en sinsbou nie. Dikwels spel iemand 'n woord elke keer op 'n ander manier. Maar 'n woordeboek raadpleeg? Aikôna. Ek as tikster maak maar die spel- en taalfoute reg.

As tiksters dan so "dom" is, hoe kry ons dit reg om gevorderde woordverwerkers te bemeester, ingewikkelde tabelle foutloos en in rekordtyd af te handel, en spelling en sinsbou te korrigeer?

Daar is wel tiksters wat baie tikfoute maak. Maar daar is ook dié wie se werk hul trots is en vir wie dit 'n uitdaging is om vinnig en akkuraat te werk.



Mense sien maklik op jou neer as hulle hoor jy is "net 'n tikster". Ek lag egter in my mou, want ek weet ek is nie dom nie. Ek kon ook gaan studeer en 'n graad behaal het. Maar ek hou daarvan om met my hande te werk en ek hou daarvan om te tik. Enige kommentaar?"

SLIM DOMKOP, PRETORIA

## VOORONTSLUITING

Sedert die begin van ons ontstaan het daar in ons jonge Afdeling heelwat migrasie plaasgevind. Estelle, Erika en Susan het ons een-vir-een verlaat, maar ons het darem vir Sjeuwke, Makkie en Mariana bygekry. Intussen word ons toegegooi met berge bestellings sodat jy net oë en voelers so tussen-in sien uitsteek. Daar word naorstigtelik gekontroleer en ingevoer, geen tyd meer vir ydele praatjies nie! Met die regte strategie word daar egter beplan om dié oorloggie die hoof te bied. Sô, wanneer julle hier by ons verbystap en niemand gewaar nie, krap net bietjie rond tussen die bestellings en een van ons sal wel te voorskyn kom!

JEANIE WEHNER

## VIVE LA PARIS!

Wat my reis ekstra besonders gemaak het, was natuurlik die weersien van my dogter wat sedert Januarie reeds in Parys woon. Om op Orly te land met die klank van 'n vreemde taal oor die luidsprekers en dan, nadat jy deur die drukgang van paspoort kontroles beweeg het, jou kind, wat skielik groot en baie Frans lyk te sien, het die trane vinnig laat vloei. Ek staan verwonderd en luister hoe sy sonder moeite in Frans verduidelik wat sy wil hê en met so 'n ervare gids aan my sy, is ons gou-gou in die middestad en na my eerste rit in die metro, is ons tuis by ons blyplek; 'n studio in die Rue du Pont Aux Choux waar ons vir die volgende drie weke bly. 'n Studio wat twee Franse katte insluit met name, Mitseye en Lili en aan wie ek baie geheg raak gedurende my verblyf.


Die eerste oggend word ek wakker met die reuk van vars gebakte brood en kry ek warm croissants wat vroegoggend by die Boulangerie op die hoek gekoop word, vir ontbyt. Gou moet ek agterkom die Franse se tafelmaniere is anders as ons s'n. Om jou bord met 'n stuk brood skoon te vee, is heeltemal toelaatbaar.

Smiddae na vier-uur begin die strate lewendig word. Ons gaan koop vir ons, soos die Franse vrou, vars groente, vrugte, brood, kaas en wyn. Daar's nie so 'n ding soos een-maal-per-week supermark-verkope nie, jy koop elke dag kos sodat jy weet dat jy die varsste en beste kry. Teen agt-uur in die aand neem ons die metro na die Tuilleries. Dis nog helder lig want die son gaan eers 9.45 nm onder. Ons stap in die Champs Elysées af na die Arc de Triomphe en wat 'n belewenis! Dit lyk my al wat 'n Parysenaar is, is op straat. Die straatkafees is vol en jy beweeg moeilik tussen almal op die sypaadjie deur. En oral kry jy die straatkunstenaars wat my fassineer, want wat klink nou mooier om sommer daar op straat na fluit en viool te luister of as jy afstap na die metro, die weerklank van 'n treurige saksofoon te hoor.

Ons studio se sleutel raak weg, 'n ontdekking wat ons teen elfuur in die aand maak. Ons gaan terug studio toe om te kyk of ons nie iewers kan inklim nie, maar dis pure verniet. Ons slaap die nag by vriende en die volgende dag is dit ons en die Sapeurs Pompiers wat ontmoet om ons uit die verknorsing te help. Dis nou Parys se brandweer. Ons staan in die straat en wag vir hulle. Met hulle aankoms is daar dadelik 'n samedromming van mense en almal verkyk hulle hoe daar met 'n leer opgeklim word na ons studio se vensters. Ek staan daar letterlik met my tong afgekap en probeer nie hardop uitbars in 'n giggelende lagbui nie (van histerie), terwyl my dogter al haar

sjarme gebruik om te verduidelik. Kort daarna is die polisie ook daar, net om seker te maak dat ons die ware inwoners van die plek is. Maar, soos alle Franse mans, is ook hierdie paar 'n fees vir die oog en baie galant en vriendelik.

Daar is nog veel om te sê van hierdie stad soos om by 'n Franse vrou tee te drink bo-op die dak van haar woonstel in haar Japannese daktuin en oor die dakke van Parys te tuur met die Sacre Coeur en Tour d' Eiffel as bakens. En dan te gesels oor die Suid-Afrikaanse en Franse



vrou en te besef dat vrouens van oor die wêreld dieselfde is met dieselfde probleme, vrese en blydsappe. Of om op 'n Sondagmiddag in 'n tou te staan in afwagting om vir jouself van die beroemde Paryse Bertillion roomys te koop en dan skielik oorkant die straat 'n gedenkplaat te sien wat buite die gebou aangebring is om jou te herinner dat op daardie spesifieke dag gedurende die oorlog al honderd-en-veertien inwoners waaronder nege-en-dertig kinders was, weggevoer is na uitwissingskampe in Duitsland en nooit weer van gehoor is nie.

Dit is Parys! 'n Stad vol geskiedenis. 'n Geskiedenis wat loop vanaf die liberalisme van die Franse Rewolusie, oorloë en lyding, maar bowenal ook die stad van die liefde want om jou maat 'n soen te gee terwyl jy in die metro ry, is heeltemal aanvaarbaar. Elkeen doen sy eie ding en in Parys het jy die vryheid om te wees wat jy is of wat jy wil wees.

ELSABÉ VAN DER MERWE  
3e VLOER

## BOEKONTVANGS

### HET U GEWEET

Die teken van die vis, wat in toenemende mate agter op motors voorkom, het 'n besondere betekenis. Op sommige van die visse verskyn ook Griekse letters - het u al gewonder waarvoor dit staan? Lees die verklaring hieronder:



#### ABOUT THE SYMBOL:

The fish is an ancient symbol for the Savior.

The Greek word for "fish": ΙΧΘΥΣ (pronounced "IKTHUS") formed a "rebus" with the following meaning:

Ι	Jesus
Χ	Christ
Θ	God's
Υ	Son
Σ	Savior

Early Christians drew the symbol on the door-posts of their homes, on the walls of catacombs, and generally used it as a means of identifying themselves as those who belonged to the Lord.

LORRAINE LE ROUX



DIE BIBLIOTEEK EN EK

As kind was die biblioteek vir my 'n plek van rustigheid en stilte, 'n plek waar baie boeke op rakke staan, rye vol stories te kies en te keur. 'n Besoek aan die biblioteek was 'n uitstappie waarna ek elke week uitgesien het.

As student het ek 'n ander faset van die biblioteek leer ken: ook 'n plek van rustigheid en stilte, 'n plek waar baie boeke op rakke staan met hope inligting - as ek nou net weet wat en waar om te soek. 'n Besoek aan die biblioteek was 'n gedwonge uitstappie voor elke taak, toets of eksamen.

As werknemer by die Merensky Biblioteek, by Boekontvangste, beleef ek weer 'n ander faset: minder stilte en minder rus. Boeke kom voortdurend in - hetsy op bestelling of as geskenke. Boeke wat ontvang moet word met die hand of op LIBIS of DOBIS of DOBIS-LIBIS? Hulle praat hier ook van ontsluiting, voor-ontsluiting of makro-ontsluiting, van beveiliging en klikkermasjiene, soektogte en SABINET. Hoeveel van julle het geweet wat dit beteken voordat julle hier kom werk het? Ek wonder of dit rustiger op die "vloere" gaan - daar waar die "vakbibliotekarisse" is? Wat my die meeste laat wonder, waar kry die mense nog onderwerpe om boeke oor te skryf? Het julle al gesien hoeveel kommentare, kritieke, filosofieë en verklarings oor die Bybel alleen al geskryf is? Dit is egter ook 'n openbaring om te beseef dat die werknemers van 'n biblioteek, wat die rustigheid en kalmte verpersoonlik, ook hulle op-en-af dae beleef. Dit is ook 'n voorreg om ons lief en leed met mekaar te deel en te weet dat ons mekaar se belange op die hart dra en dat ons net die beste vir mekaar in die lewe toewens.

LORRAINE LE ROUX

## TIKSTERS

### KUBUS-KOORS

Wel, sommige mense sal nou vra, wat se koors is dit? - het nog nooit van sō h koors gehoor nie. Dit is wel nie h siekte nie, maar net h gier wat die mense dwarsoor die land beetgepak het en wat baie geld in die sak kan bring.

Die kubus is eintlik h plantjie wat jy kweek, met bestanddele van melk en kaas wat aangemaak word. Dan is dit die wag vir die plantjies om te groei en dan vir die spring en skep van die plantjie. (Dit is nou een deel van die plantjie).

Dit ruik nie lekker nie - intendeel - ek weet nie of kaas en melk wat lank gestaan het vir julle lekker ruik nie! .... maar o wee - dit bring darem maar groot GELD huistoe.

Ek is nou egter weer een van die bang soort wat nie maklik met sulke groot geld kan speel nie. Jou geld gaan glo nie verlore nie, maar ek voel - liever bang Jan as bankrot Jan.

Ag wat, ek sal maar h toeskouer bly en juig saam met dié wat h slag kan slaan (en wie het dit nie deesdae nodig nie?)

Nou ja, aan diegene wat reeds deur die Kubus-koors getref is en geld "ge-oes" het, baie geluk en geniet dit solank die koors hou, of sal ek nou sê: "Mag jou paadjie met kubusse besaai wees"?

Kubusgroete  
MARETHA

## 2e VLOER

### OM TEVREDE TE WEES

Daar is h paar onaangename dinge wat my lewe vreeslik versuur. Boeke wegpak in die môre en statstiek hou in die aand. En tussenin - iewers moet jy nog jou daaglikse werk inpas - en die wat nie so daaglik is nie boonop.

Nou ja, mens moet seker jou sê, sê as jy moet en jou mening lug as dit nodig is, maar daar kom seker h tyd dat jy moet aanvaar dat hierdie lastighede onvermydelik is. As daar nie iemand is

wat boeke wegpak nie, dan is daar nie, en as ek my werk wil behou, dan moet ek seker die statistiek invul.

Om teen jou sin iets te doen is nogal moeilik, veral as jy nie vrede met jouself het nie. Sal ons nie maar bereid wees om soos Christus ander se voete te was nie? (Ook as ons boeke wegpak?)

Om met h glimlag h nederige taak te verrig dwing respek af by mense wat die moeite werd is. Die wat hulle neuse optrek is dikwels so in die wolke oor status dat ek myself nie so sal verlaag om hulle goeie guns te wil verkry nie.


Solank elkeen sy deel bring, maak ons mekaar se laste ligter, en h ander se dankbaarheid maak dit beslis die moeite werd.

BELLA VAN NIEKERK

## VERJAARDAGLYS

### OKTOBER

- 2 Mev Hetta Malan  
(Tydskrifte)
- 6 Mev Annette Booyzen  
(Voorklinies)
- 7 Mev Hermien Bornman  
(3e Verdieping)
- 15 Mnr Piet Smit  
(Bindery)
- 20 Mej Maretha van Vuuren  
(Tiksters)
- 22 Mev Margie Kotze  
(3e Verdieping) en  
Mej Elrien Swart  
(Ontsluiting)
- 25 Mej Erna Klopper  
(Beplanning)
- 26 Mev Susan Marsh  
(Makro-ontsluiting) en  
Mev Elma Kock  
(Toonbank)



## IBL

Noem die naam Kalahari Gemsbok Park en ek dink dadelik aan STOF, STOF, STOF, STOF, nogmaals STOF, lang afstande en grondpaaie. Tog was ons vakansie daar 'n belewenis en beslis die moeite werd. Die omgewing is baie interessant en die mense baie vriendelik en gasvry.

Die Park grens aan SWA en Botswana en beslaan ongeveer 970 000 ha. Dit is oorspronklik opgemeet vir Blanke- en later vir Kleurlingbewoning, maar die skemas was onsuksesvol en in 1931 is die grond geproklameer en het die Kalahari Gemsbok Nasionale Park tot stand gekom.

Daar is huisvesting in drie kampe beskikbaar. Wanneer 'n mens die "goed toegeruste" winkels betree, besef jy egter hoe afgeleë die Park is. Slegs die allernodigste is beskikbaar en brood en groente is glad nie te verkry nie. (Gelukkig was daar meel en het ons later maar vetkoek geëet in plaas van brood).

Die natuur daar is 'n belewenis. Die sandduine, dikwels heeltemal rooi, die breë duinestrategie en droë rivierlope plaas 'n mens in 'n heeltemal vreemde omgewing. In die droë rivierlope groei daar pragtige kameeldoringbome en oral in die bome is groot versamelneste van voëls te sien. In die park is daar leeus, jagluiperds, jakkalse, gevlekte bruinhiënas (baie groter as dié wat in die Kruger Wildtuin aangetref word) elande, blouwildebeeste, rooihartbeeste, gemsbokke, springbokke (in baie groot troppe), steenbokkies en duikertjies. Daar is ook meer as 170 verskillende voëlspesies.

Ons was gelukkig om 'n paar baie interessante dinge te sien; onder andere leeus wat paar, 'n leemannetjie wat sy gebied afbaken, 'n jagluiperd in die hardloop om 'n bok te vang en 'n trop van ongeveer 200 springbokke, die rammetjies al springende en pronkende voor die oitjies. Vanaf die Kalahari Gemsbok Park is ons na die Augrabieswaterval Park, 'n afstand van ongeveer 330 km grondpad. Halfpad tussen niks en nêrens het ons petrol gesoek en by 'n Kalahari-plaas geholpe geraak. Die petrolpomp was nog van die ou soort wat met die hand op en af gepomp word. Die boere het ons vir koffie en vars beskuit genooi en ons het so lekker gesels dat ons langer as 'n uur gekuier het! Met ons

vertrek het ons dogtertjie 'n sak lekkers uit die plaaswinkel gekry en ons 'n sakkie springbokbiltong.

My man se woorde: "Ek is twintig jaar ouer van al die stof en ontberings, die motor beslis ook 20 jaar ouer, maar dit was alles beslis die moeite werd", is 'n opsomming van 'n heerlike vakansie.

MARA GROBBELAAR

## BAK EN BROU

### OM DIE BRAAIVLEISVUUR SOUSE EN MARINADES

Souse en marinades speel by die moderne vleisbraaiery 'n belangrike rol. Dit gee ekstra geur aan die vleis, maar moenie te skerp geur nie, want dit sal die oor-die-kole-gebraaide geur van die vleis bederf.

Maak die sous voor die tyd, hou in 'n fles met 'n skroefdeksel en smeer oor skaapkotelette, hoender, frikadelle of vis solank dit braai (of laat die vleis voor die tyd daarin marineer).

Orige marinade of sous waarby vleissappe en wyn gekom het, kan in die yskas gehou en later by die daaglikse vleisgeregte opgebruik word.

### MAKLIKE MARINADE OF DRUIPSOUS

1 fyngekapte ui  
2 knoffelhuisies, fyngemaal  
500 ml tamatiesous  
125 ml droë witwyn (of appelasyn)  
250 ml olie  
25 ml Worcestershire-sous  
2,5 ml sout  
2,5 ml rooipeper  
5 ml suiker

Gooi alles bymekaar in 'n fles. Maak toe en skud goed sodat al die bestanddele deeglik gemeng word. Laat 24 uur of oornag staan. Skud weer goed voor gebruik.


MAKKIE BIGGS

**WELKOM**



**Mnr Neels du Plessis**  
**TOONBANK**

# TOT SIENS




MEV ANNA DU TOIT  
(TOONBANK)



Mr **Ga**wie van Niekerk  
Toonbank







## DIE EERSTE SÊ

### FINANSIERING VAN BIBLIOTEKMATERIAAL

Ek is seker die meeste van ons personeel het al by geleentheid gewonder waar die Universiteit die fondse vir die aankoop van boeke en tydskrifte vandaan kry en hoe die bedrae wat aan die biblioteekdiens oorbetaal word wel bereken word. Die doel van hierdie artikel is om die sluier h bietjie vir u te lig.

Vanaf 1 Januarie 1984 word subsidie betaalbaar aan universiteite gebaseer op die VTE (voltydse ekwivalent) studentegetalte wat bereken word deurdat sekere waardes aan studente toegeken word op die basis van kursusse wat gevolg word. Die beswaarde studentegetalte word verder op h bepaalde wyse bereken, verdeel volgens studievlak, bv. aan laervlak voorgraadse studente word h faktor van 1 toegeken, aan magisterstudente h faktor van 3 en aan doktrale studente h faktor van 4.

Hierdie VTE speel ook h belangrike rol in die subsidie formule vir boeke en tydskrifte. So word die volgende formule dan gebruik vir die berekening van die subsidie betaalbaar vir boeke en tydskrifte.

- (a) Aantal VTE-studente in die humaniora x eenheidskoste van h boek x 1,7
- (b) Aantal VTE-studente in die humaniora x eenheidskoste per titel per jaar x 0,6
- (c) Aantal VTE-studente in Natuurwetenskappe x eenheidskoste per boek x 0,7
- (d) Aantal VTE-studente in Natuurwetenskappe x eenheidskoste per titel per

jaar x 0,8

As die VTE-studente in h bepaalde jaar meer is as die vorige hoogste aantal al was dit etlike jare vroeër dan word die verskil geneem as addisionele effektiewe subsidie studente en vir hierdie verskil geld die volgende formule naamlik:

A x 34 x eenheidskoste per boek  
A x 12 x eenheidskoste per tydskrifjaar-gang

waar A die addisionele VTE-studente in humaniora is.

B x 14 x eenheidskoste per boek  
B x 16 x eenheidskoste per tydskrifjaar-gang

waar B die addisionele VTE-studente vir die Natuurwetenskappe verteenwoordig.

Die eenheidskoste waarteen bogenoemde berekenings gedoen word, is h gegewe syfer deur die Departement van Nasionale Opvoeding en word bereken aan die hand van die Sanso gegewens. Vir interessantheidshalwe word die syfers vir u aangehaal:

	1981	1984	1985
Boeke:			
Humaniora	19	31	35
Natuurwetenskappe	35	50	59
Tydskrifte:			
Humaniora	39	72	98
Natuurwetenskappe	105	108	236

Die gemiddelde boekprys deur ons betaal vir al die boeke gedurende 1982 was R36-82 en vir 1983 R47-64 terwyl die intekening op tydskrifte ons gemiddeld R120-00 in 1982 en R124-00 gedurende 1983 gekos het.


Hoewel die staat die formules soos hierbo vermeld, wel as riglyn gebruik by die berekening van die subsidies, hou hy hom die reg voor om aanpassings te maak in ooreenstemming met die finansiële posisie van die Staat. Die bedrag vir 1984 toegestaan is byvoorbeeld met bykans 20,5% besnoei en na verwagting sal die 1985 begroting ook met h substansiële persentasie besnoei word.

Die subsidieformule maak nie voorsiening vir desentralisasie nie. Gesentraliseerde biblioteekdienste sal gevolglik in h baie gunstiger posisie verkeer wat betref

die aankoop van boeke en tydskrifte as h diens met verskeie takbiblioteke soos die Universiteit van Pretoria, wat h groot mate van duplisering van dun materiaal moet toelaat om te voorsien in die behoeftes van die verskillende takbiblioteke.

As die gemiddelde boekpryse sowel as die besnoeiings op die subsidie in aanmerking geneem word, is dit baie duidelik dat die som geld beskikbaar vir die aankoop van boeke en tydskrifte maar baie beperk is en ons hoop om werklik h goeie keuring te doen van materiaal wat aangekoop behoort te word om sodoende te verseker dat die fondse tot ons beskikking so optimaal moontlik benut word.

W W Duminy



*"A hundred and eighty-five rands a day, and you're reading a book!"*



Ons gelukwense gaan aan Mnr Duminy aan wie die Sociusstatus van SAIBI by die onlangse konferensie in Oos-Londen toegeken is.

## SAIBI-KONFERENSIE

### Oos-Londen

17 - 22 September 1984

NA 1984 - HUIDIGE INVLOEDE EN DIE TOEKOMS

#### SLEUTELVOORDRAG

NA 1984 - HUIDIGE INVLOEDE EN DIE TOEKOMS


Dr B Stone

(Oud-president, ALA)

In die sleutelvoordrag het dr Betty Stone, h voormalige president van die ALA, daarop gewys dat in die inligtingsera wat ons tans betree, daar balans moet wees tussen die nuwe tegnologie en die mens se reaksie daarteenoor. Indien dit nie gedoen word nie, word negatiewe reaksies waargeneem, en die mens verwerp die tegnologie. Die gebruik van die nuwe tegnologie in biblioteke moet dus h eenheid vorm met die personeel wat dit moet bemeester.

In die post-industriële inligtingsera word daar weg beweeg van die produksie van goedere na die produksie van inligting. Groot fabriek en industrieë hoef nie meer opgerig te word nie, aangesien die tegnologie dit moontlik maak dat die werker onafhanklik van die instansie kan werk. Met die ontwikkeling van netwerke word h vertikale gesagstruktuur in die organisasie met h horisontale vervang. Die biblioteek moet rekening hou met die veranderbaarheid en vloeibaarheid van inligting, en die rol van die tegnologie daarin. Daar moet nie gekyk word na die moontlikhede van tegnologie nie, maar dat dit wat verlang word, prakties, ekonomies en menslik aanvaarbaar is.

Biblioteke moet uit die privaatsektor leer om na sy bronne van inkomste om te sien, en nie slegs op een bron staat te maak nie. Strategieë vir die nuwe tydperk van kreatiewe bibliotekarisse is aan die konferensiegangers verduidelik.



## SESSIE I: TEGNOLOGIESE INVLOEDE

LOOK NO PAPER: THE LIBRARY OF TOMORROW  
deur Dr D Raitt  
(Redakteur, The Electronic Library)

'n Scenario van 'n moontlike biblioteek van die toekoms word geskets. Daar sal baie min boeke wees. Boeke sal op klankbande, video-kassette en rekenaarprogramme op slapskywe wees. Die katalogus en die voorraad van naslaanwerke kan moontlik op optiese skywe geberg wees en op plat skerms gelees word. Stemsintetiseerders kan gebruikers inlig oor die plek waar items ingehandig word. Robotte plaas items terug op die rakke. Eindpunte wat per satelliet met rekenaars verbind is, maak dit vir 'n mens moontlik om verafgeleë lêers op aanvraag te deursoek vir inligting wat nie in die plaaslike biblioteek beskikbaar is nie. Meeste tydskrifte sal in syfervorm beskikbaar wees en die druk van 'n knoppie op die eindpunt laat dit die beelde plaaslik uitdruk.

Hy het verder party van die aparate wat tans reeds beskikbaar is vir gebruik deur biblioteke beskryf, bv mikrorekenaars, videoteks, optiese skywe. Hy het ook tegnologie wat in die toekoms beskikbaar mag wees beskryf, bv holigrafie, robotika, en satelliete.

Toe het hy twee elektroniese biblioteke wat reeds in Amerika bestaan, nl. "Moppe's Place" en "Dave's Den" bespreek. Alle funksies van dié twee biblioteke, insluitende bestuurswese, word op rekenaars bedryf.

Ten slotte het hy die impak van sulke futuristiese elektroniese biblioteke op die gebruiker en die bibliotekaris oorweeg. Dit sluit die volgende in, nl:-

- toename van effektiwiteit en bekwaamheid
- beter akkuraatheid van rekords
- tydrowende take word elimineer
- makliker vir die gebruiker

Hy voel dat die gemeenskap meer opgevoed sal wees, meer "literate", meer rekenaarbewus; meer kompetend wees en die biblioteek sal die fokuspunt van alles wees.



DIE NUWE TEGNOLOGIE IN SUID-AFRIKAANSE  
BIBLIOTEKE - 'N BYWERKING TOT 1984  
Prof R Musiker  
(Universiteitsbibliotekaris  
Universiteit van die Witwatersrand)

Die nuwe tegnologie is beslis besig om opgang te maak in Suid-Afrikaanse biblioteke. Hierdie stelling word gestaaf deur statistiek wat Prof Musiker onlangs uit opnames versamel het.

Prof Musiker beskou tegnologie as beide die rekenaar, asook oudiovisuele tegnologie - enigiets wat 'n kunsmatige middelkoms is, geskep deur die mens om hom behulpsaam te wees.

Onder die ou tegnologie word mikrovorme gereken, terwyl die nuwe tegnologie verwys na die rekenaar, oudiovisuele middele en inligtingherwinning. Deur hierdie nuwe tegnologie word inligting aangeskaf, geprosesseer, gestoor en versprei deur mikro-elektroniese apparate.

In Suid-Afrika is reeds 31 biblioteke (13 universiteits-, 'n openbare-, 8 spesiale-, en 1 nasionale biblioteke) reeds tot 'n mate gerekenariseer. Stelsels strek van gereserveerde minirekenaars tot groot installasies, gekoppel aan die hoofraamrekenaar. Laasgenoemde is by 24 van die 31 biblioteke die geval. Hier is die DOBIS/LIBIS stelsel die gewildste, terwyl URICA die gewildste is by die minirekenaars. Selfbeplande stelsels moes plek maak vir hierdie kommersieël bemarkte sagteware. Dit is meestal die katalogiserings-, uitleen- en aanskaaffunksies wat reeds gerekenariseer is.

Groot vooruitgang is gemaak in oudiovisuele biblioteekwese. Suid-Afrikaanse biblioteke is in 'n groot mate betrokke by nie-druk-media. Die konvensionele

audiovisuele media, bv. kassette, klankopnames en film is nou 'n inherente kenmerk van baie biblioteke en slegs die jongste apparate soos videodiskette en viewdata word nie algemeen gebruik nie. Van die 30 groot biblioteke wat gereageer het op die opname gebruik sowat 80% oudiokassette, 53% het films en band-skyfie programme, 47% het videokassette en 37% klankopnames. Dit is in teenstelling met 25% respondente wat in totaal in 1974 betrokke was by beplanning vir audiovisuele tegnologie.

Baie min van die respondente het spesiale stoorruimte en fasiliteite en ondervind gevolglik almal probleme met akkommodering, ontsluiting en beskikbaarstelling. 'n Groot behoefte bestaan vir 'n klaringshuis wat die probleem sal oplos.

By inligtingherwinning is die binnekoms van die mikro-rekenaar die belangrikste verwickeling. Die groot kapasiteit van die mikrorekenaar bring mee dat baie funksies op 'n redelike groot skaal uitgevoer kan word. SAPONET is ook 'n groot deurbraak. 53% van die respondente maak gebruik van intydse literatuursoektogte, 37% gebruik mikrorekenaars en 37% gebruik woordverwerkers.

Inligtingherwinning vergroot 'n biblioteek se voorraad en vergemaklik prosesse. Daarom moet die groot druk op biblioteke om te verander as 'n uitdaging tot groter effektiwiteit aanvaar word.

## SESSIE 2 : Sosiale invloede

### DIE BIBLIOTEEK SE ROL IN DIE BESWERING VAN DIE ORWELLIAANSE SKRIKBEELD

Mnr J H Frylinck  
(Adjunk-direkteur,  
Suid-Afrikaanse Biblioteek)

Teen die agtergrond van George Orwell se roman Nineteen Eighty-Four is 'n moontlike rol vir biblioteke en bibliotekaris in Suider-Afrika oor die volgende paar dekades geskets. Ons word gekonfronteer met vinnige sosiale en tegnologiese verandering in situasies wat elemente van sowel die Eerste as die Derde wêreld bevat.

As gevolg van die geweldige tegnologiese spronge wat gemaak word, sal die mens

toenemend meer vryetyd tot sy beskikking hê. Mnr Frylinck, Adjunk-direkteur Suid-Afrikaanse Biblioteek, sien hierin 'n groter rol vir die biblioteek en die bibliotekaris, om as "afsetgebied" te dien vir die persoon met meer vryetyd. Aanpassings in biblioteke en deur bibliotekaris sal noodwendig gedoen word om in tyd te bly met nuwe tegnologiese vooruitgange.

### REKENAARTEGNOLOGIE : WERKTUIG VIR INLIGTING EN VERLICHTING

Prof J I Cilliers  
(Hoof : Departement Biblioteek en  
Inligtingkunde, Universiteit  
van Wes-Kaapland)

Prof Cilliers se referaat het gehandel oor die twee alternatiewe wat tans in die era van die inligting bestaan:

- 1)Die Orwelliaanse samelewing - hier word outomatisasie sterk beklemtoon en is die tydperk, volgens haar, vreesaanjaend.
- 2)Die Rekenaarutopia - hier vind kenniskepping en stelselinnovasie plaas en die samelewing sal verlig wees met eindelose moontlikhede.



"The central processing unit is on strike. How does one negotiate with a central processing unit?"

Prof Cilliers brei uit oor die twee alternatiewe en kom tot die slotsom dat die keuse by ons berus oor watter alternatiewe die beste sal wees.



"I'm firmly convinced that behind every great man is a great computer."

#### IMPLIKASIES VAN DIE BESKIKBAARSTELLING VAN INLIGTING IN 'N MULTI-KULTURELE SAMELEWING

Prof S Manaka  
(Hoof : Dept Biblioteekkunde,  
Universiteit van die Noorde)

Kanada, die VSA, Brittanje, Australië, Suid-Afrika en Rusland is lande met 'n multikulturele samelewing. Twee benaderings word gevolg met betrekking tot die multikulturele samelewing: die biblioteek gebruik benadering en die gebruiker van inligting benadering. In 'n veranderende wêreld is die gebruiker van inligting 'n probleem wat meer deur 'n multikulturele samelewing geanaliseer word as 'n veelrassige een.

Data, inligting, begrip en die vermoë om kennis korrek aan te wend dui aan die stand van die verband tussen ervaring en kennis. In 'n intellektuele omgewing wat meer kompleks raak word mens genoodsaak om probleme op te los, besluite te neem en om die kwaliteit van jou lewe te verbeter. Dit hang saam met die beweging van platteland na stad. Die behoefte vir inligting bestaan op elke vlak van die samelewing. Daarom moet die samelewing 'n inligtingsbewussyn aankweek. Inligtingsbewussyn lei tot 'n geletterde samelewing wat weet hoe om inligting te

gebruik. Om dié bewussyn te bevorder, moet toegang tot inligting op elke vlak geskep word.

Inligtingsbehoefte kan op verskillende vlakke geïnterpreteer word: - bewustheids-, begrips-, ontledings-, toepassings-, sintese- en evaluasie vlak. 'n Groter klem moet op die diagnose van inligtingsbehoefte geplaas word. Die noodsaaklikheid lê hierin om die funksie van die bibliotekaris te identifiseer. Die inligtingsontploffing veroorsaak dat die bibliotekaris meer betrokke raak in die organisering van inligting. In 'n multikulturele samelewing moet die agtergrond van die gebruiker begryp word in die objektiewe benadering van die benodiging van inligting.

Omgewing en opvoeding leer mens om 'n behoefte te skep. Hierdeur word nuwe soorte van inligting en vlakke van behoeftes ervaar, wat lei tot 'n nuwe beklemtoning van die opvoedingsfunksie en verkry sodoende verdere kennis vir die wetenskapsprofessies.

#### SESSIE 3 : Ekonomiese invloed



"But I don't want a best seller. What I'd like is a book by some poor, unknown writer so that I can make him happy."

#### ALTERNATIEWE FINANSIERING VAN OPENBARE BIBLIOTEKE

Mnr P J van der Walt  
(Hoofbibliotekaris, Bloemfonteinse Openbare Biblioteek)

Die nuwe konstitusionele bedeling wat ons pas betree het, het ook invloed op die openbare biblioteek en die bibliotekaris moet duidelik kennis neem hoe dit sy dienslewering, en veral sy finansies gaan beïnvloed. Die bibliotekaris moet sy gemeenskap ken om sodoende die beste diens te kan lewer.

Die nuwe bedeling maak voorsiening vir veel meer gesag aan plaaslike besture, wat hoofsaaklik vir biblioteke verantwoordelik sal wees. Biblioteke en gebruikers sal 'n finansiële bydrae moet maak tot die biblioteek se voortbestaan in die toekoms. Die implementering van die beleid is egter nie 'n oornagkwessie nie, en die probleme wat voorkom sal eers aandag moet geniet.

As daar gekyk word na die benadering van die ekonomiese teenoor die openbare biblioteekdiens, is dit duidelik dat die biblioteek twee ooreenkomste sluit - die met sy plaaslike owerhede, en met sy gebruiker. Die biblioteek is nie 'n suiwer nutsdiens nie, aangesien daar te veel inkomste ter sprake is. Die meriete van die openbare biblioteek lê in sy kennis en kultuurwaarde wat nie kan opraak nie, en juis dividende lewer as dit baie gebruik word. Hierdie bronne kan nie ongeordend gelaat word nie, en hier speel die biblioteek 'n groot rol.

As alternatiewe bronne van inkomste kan na die volgende gekyk word.

1. Bemaking en beleggings.
2. Privaatbemaking - van T.hempies tot loterye.
3. Fooie vir dienste - Fotokopiëring, huur van lokale, IBL, ens.

Daar is voordele en nadele verbonde aan die heffing van gebruikersfooie, en die bibliotekaris moet elkeen opweeg in die ou en nuwe situasie, en die beste daaruit haal.

#### FINANSIES IN UNIVERSITEITSBIBLIOTEKE

Mej M van der Linde  
(Adjunk-universiteitsbibliotekaresse,  
Universiteit van Natal, Durban)

Vyftig persent of meer van 'n universiteitsbiblioteek se uitgawes per jaar word bestee aan die salarisse van personeel. Mej M van der Linde van die Universiteit van Natal stel die vraag: Word hierdie fondse goed bestee?

Mej Van der Linde is op die oomblik besig met 'n ondersoek na die gemotiveerdheid van gekwalifiseerde bibliotekarisse in universiteitsbiblioteke. Sy het reeds onderhoude gevoer met 66 bibliotekarisse, verbonde aan 20 universiteite in die land.

Die spreker het gedurende haar ondersoek aan die bibliotekarisse gevra watter faktore hulle in hul werk baie goed laat voel en watter faktore 'n negatiewe uitwerking op hulle werksituasie het. Dit blyk dat erkenning, vanaf biblioteekgebruiker of hoofde die grootste motivering vir die bibliotekarisse was. Die wete dat hulle iets bereik het, is in die tweede plek gestel.


Wat die negatiewe faktore betref, het die onvermoë van hoofde en toesighouers die meeste frustrasie veroorsaak. 'n Gebrek aan erkenning het die tweede plek ingeneem.

Volgens die spreker het die meerderheid van die bibliotekarisse wat sy ondervra het, gevoel dat hulle onregverdig behandel word, hulle selfbeeld is aangetas en dus is hulle gesindhede teenoor hulle werk negatief beïnvloed.

Mej Van der Linde het ook daarop gewys dat subsidiëring van universiteite, selfs volgens die SANSO-formule nog te sterk aan studentegetalle gekoppel word. Die sogenaamde "damping effect" kan egter moontlik 'n voorkomende invloed hê ten opsigte van 'n radikale vermindering in subsidie by die afplating van studentegetalle.

Suid-Afrikaanse universiteitsbiblioteke is volgens mej van der Linde nie die enigstes wat ly onder besnoeiing van fondse nie. Ook in Amerika en Brittanje word universiteitsbiblioteke verplig om aanpassings te maak met dienste wat hulle kan lewer.

Mej van der Linde is bekommerd dat universiteitsbiblioteke die gebrek aan fondse kan voorhou as 'n verskoning vir hulle onvermoë om behoorlik te beplan en dit wat hulle tot hulle beskikking het, effektief te gebruik.



## HOE OM INLIGTINGSDIENSTE EKONOMIES TE MAAK

Mej Clare Walker  
(Dept Biblioteek- en Inligtingkunde,  
Universiteit van die Witwatersrand)

In dié referaat verwys Inligtingsdienste na spesiale biblioteke in kommersiële organisasies. Dié biblioteke is altyd een van die eerste afdelings wat in tye van finansiële moeilikheid minder geld sal kry of hulle word gesluit.

Dié referaat stel voor dat finansies en alle funksies van 'n spesiale biblioteek meer effektief BESTUUR moet word. Die doel van die biblioteek moet die doel van die organisasie nastreef. As die inligtingsdiens of biblioteek beter met die hele organisasie integreer sal dit meer koste-effektief wees en die topbestuur sal besef dat om 'n inligtingsdiens te sluit sal onmoontlik wees. Planne moet uitgedink word om die doelwitte binne die doel van die organisasie te bereik.

Koördinerings, terugvoering en kommunikasie word as baie belangrike komponente van bestuur beskou. Kommunikasie is baie belangrik om 'n goeie beeld van die inligtingsdiens op te bou. Die bibliotekaris moet die inisiatief neem om dinamies op te tree en verslag aan hoofbestuur te doen - dat hulle altyd bewus is van die werk wat gedoen word.

Die begroting volg op goeie beplanning en as die beeld van die Inligtingsdiens goed is sal topbestuur besef dat 'n goeie inligtingsdiens 'n goeie belegging is en geld daarop spandeer.

### AFDELING C : Wetenskaplike biblioteke en inligtingsdienste

Tema : Huidige toestande en toekomstige tendense

BIBLIOTEKE VAN TERSIËRE OPLEIDINGS-INSTANSIES Mnr G H Haffajee  
(Universiteit van Natal - Westville)

Mnr Haffajee het veral op die biblioteekgebruiker gekonsentreer. Die verontagsaming van die gebruiker het baie sterk na vore gekom.

Die biblioteekgebruiker gebruik die biblioteek. Hierdie aktiwiteit word meermale oor die hoof gesien. Veral die universiteitsbiblioteke moet besef dat hulle gebruikers hoofsaaklik dosente en

studente is. Moet die biblioteek biblioteek- of gebruikergeoriënteerd wees? Die versoek van mnr Haffajee was dat meer op die gebruikersbehoefes gekonsentreer moet word as op 'n volledige versameling van boeke. Die aanskaf van boeke moet dus meer die behoeftes van die gebruiker bevredig. Netso moet nuwe sisteme die gebruiker dien in plaas van slegs die biblioteke. Die gebruiker moet dus geken word en die gebruiker moet agterkom dat die bibliotekaris aan sy kant is en hom met die beste diens tot sy beskikking wil help.

Verder het mnr Haffajee ook gebruikerstudies sterk beklemtoon. Daardeur word gepoog om die antwoorde op wie? wat? wanneer? en waar? ten opsigte van die biblioteekgebruiker te kry. Daar moet nie te veel aandag gegee word aan klagtes van gebruikers nie, maar meer aandag aan sy gedrag. Die doel moet wees om op bestaande dienste te verbeter. Die sleutel lê in gebruikersvriendelikheid. Die volgende kan van hulp wees.

1. Hoogs gestruktureerde gebruikerstudies.
2. Gegradeerde studente wat help met navorsing
3. Biblioteekpersoneel wat studiegroepe vorm.
4. Vergaderings en simposiums.
5. Automatisasie.

Tegnologie kan groot verandering bring en tot die voordeel van die gebruiker aangewend word, maar die filosofie van die beroep mag nie geïgnoreer word nie.



*"Sometimes I wish you'd never taken that speed-reading course."*

SPEZIALE BIBLIOTEKE EN INLIGTINGSDIENSTE  
R McGillivray  
(WNNR)

Lancaster het gesê: "Computers first change how you do something and then what you do".

Evolusie het plaasgevind vanaf die gedrukte bron - deur 'n parallelle fase na die elektroniese bron.

Bibliografiese bronne, koerante, tydskrifte, naslaanwerke en vaktydskrifte kom huidig in gedrukte en elektroniese vorm voor. Numeriese databanke is slegs elektronies beskikbaar. Dit is interessant om daarop te let dat geen nuwe tydskrif op die oomblik slegs in elektroniese vorm beskikbaar is nie. Die gebruik van die gedrukte vorm neem af sodra die elektroniese vorm meer beskikbaar raak.

Vier funksies van spesiale biblioteke asook die invloed van ERID op elk is aangedui:

- Vraagbeantwoording : Naslaanwerke is rekenaarmatig beskikbaar. Deur die ontwikkeling in telekommunikasie kom netwerke tot stand. Analise van inligting (antisipering van 'n vraag wat moontlik weer sal opduik) lei tot die opstel van 'n bibliografie.
- Intydse soektogte:  
Die gebruik van die mikrorekenarskep baie moontlikhede: deur die gebruik van 'n programpakkie kan daar op 'n stelsel of verskillende stelsels gesoek word, verwysings kan uitgedruk word, soekstrategie kan vooraf beplan en ingesleutel word ens.
- SDI:  
'n Nuwe ontwikkeling is dat uitvoer direk op disket aan gebruikers gelewer word, wat dit dan onmiddellik deur middel van sy eie rekenaar kan benut. Die SWTI van die WNNR is onlangs gekeur om BITS ("Biosis Information Transfer Profiles") in Suid-Afrika te bemark op disket. Uit 'n vraag na die lesing het geblyk dat BIOSIS diskette sal verskaf in die formaat wat op jou tuisrekenaar pas.
- Dokumentlewering:  
Tydsduur tussen soektogte gedoen en dokument ontvang word al hoe kleiner. Die koste van subskripsie op

die papierkopie sal in die toekoms al meer opgeweeg word teen die koste om telkens die databasis te gebruik. Die papierkopie sal al meer in onbruik raak.

Volgens haar sal die rol van die tussen-ganger nie verval nie - maar vakkennis is noodsaaklik. 'n Beroep is op biblioteekopleidingsinstansies gedoen dat leerplane aanpasbaar genoeg moet wees om studente uit alle vakrigtings toe te laat en nie net die Geesteswetenskappe nie.



"Peter would like to have his Mickey Mouse comics back."

DIE STAATSBIBLIOTEK: NASIONALE BOEKEVOORRAAD, LITERATUURVERSKAFFING EN LOPENDE BIBLIOGRAFIESE BEHEER

Mnr P Lor (Adjunk-direkteur Staatsbiblioteek)

Die Staatsbiblioteek het 3 kernfunksies. Eerstens: die opbou van 'n nasionale boekevoorraad. Dit impliseer dat alle materiaal nasionaal toeganklik moet wees. Hierdie funksie kan verskillende vorme aanneem, nl rugsteunend, nasionale leenbiblioteek, koördineerder, voorsiener van nasionale fondse vir nasionale verantwoordelikhede en navorsing en beplanning as rugsteuning.

Tweedens is daar die funksie van literatuur verskaffing. Dit behels die lewering van inligtingsmateriaal deur verskaffing van kopieë, dokumentlewering en lenings. Hierdie funksie werk nou saam met doeltreffende bibliografiese beheer.



Hierdie funksie word ook gekenmerk deur 'n interleensisteen wat tans gebukkend gaan onder die impak van SABINET en die toenemende benutting van rekenaarmatige inligtingsisteme.

Derdens is daar die funksie van lopende bibliografiese beheer. Die biblioteek is verantwoordelik vir die opstel van die Nasionale Bibliografie, rekordhouding van alle publikasies (hierdie inligting moet ook met ander bibliografiese sentrums uitgeruil kan word), en die koördinering en instandhouding van bibliografiese projekte.

NASIONALE BIBLIOTEKE: Mnr P E Westra  
(Direkteur Suid-Afrikaanse Biblioteek)

Die rol van die Suid-Afrikaanse Biblioteek

Daar bestaan bespiegeling oor die rol en verandering van die Suid-Afrikaanse Biblioteek. Dié biblioteek word nou beskou as 'n statutêre liggaam en ressorteer onder Algemene Sake met minister F W de Klerk as die nuwe minister vir Nasionale Opvoeding.

Dié biblioteek versamel primêr vir bewaring. Sy werksaamhede word afsonderlik geformuleer in die staatskoerant, gelys, onder primêre en sekondêre verantwoordelikhede. Dié biblioteek saam met die Staatsbiblioteek is gekoppel aan SABINET om 'n gesamentlike rekord vir die SANB uit te maak.

Die hoof funksie van die biblioteek is om alle materiaal so ver moontlik te versamel, bewaar, ontsluit en beskikbaar te stel. Hierdie materiaal sluit ten minste 1 kopie van alles wat in Suid-Afrika gepubliseer is, in. Buiten die hoof funksie het die biblioteek ook 'n pliglewering funksie, bewaar funksie, die hou van uitstallings, opstel van bibliografieë, indeksering van Suid-Afrikaanse tydskrifte, restourasie van materiaal en 'n toenemende uitleenfunksie.

Daar is vooruitsigte van samewerking tussen die Parlementsbiblioteek en die Suid-Afrikaanse Biblioteek. Die doel hiervan is om gesamentlike dienste te lewer en duplisering uit te skakel. 'n Komitee moet egter nog dié saak ondersoek.

## VERJAARDAGLYS

NOVEMBER



6. Mej Jakkie de Wet (GSV)
8. Mev Doris Botha (Algemene Administrasie)
11. Mnr Hennie van Rooyen (Regte)
19. Mej Marthie van der Walt (Derde Vlak)
23. Mnr Matthew Syphus (Tydskrifte)
28. Mev Christie de Klerk (IBL)
29. Mev Jeanette Bornman (Landbou)

## SOSIALE NUUS

Mevrou Jacomina S, bibliotekaresse, het geboorte geskenk aan 'n seuntjie 'n maand laat.

Die bloedjie moet 40c laatgeld opdok.

Uit: Treasures of the British Museum

When I was a young man I used to read books  
In a place called the British Museum.  
There were plenty of women who gave me strange looks  
But sometimes I just didn't see'em.

Now I am ninety and weary of books.  
Of knowledge (I think) I have plenty.  
Now; I'm beginning to notice the girls-  
They are most of them round about twenty.

If I polish my glasses I see them quite well,  
And some are exceedingly pretty,  
It occurs to me that I have wasted my life,  
And there goes the bell. What a pity!

Bokkie Malan

## DERDE VLAK

Die mense sê:

Die groepe gons. Die groepe gons. Baie geraas, en baie dons.

Dit is weer tyd vir 'n "ekspedisie" oorsee.

Wie nie wen nie, waag baie. En ook: Wie nie waag nie, wen baie.

Toe ek vir iemand vra: "Hoeveel mense werk in die biblioteek?" Was die antwoord: "Omtrent die helfte".

Die woord Bibliotekaris/Inligtingswerker het nou nog 'n titel bygekry: Wegpakker. Wat van Biblio-inligtingpakker.

Snaaksighede.

In die tydskrif, Wood Southern Africa, skryf Mark House 'n artikel: Timber frame housing-welcome to S.A.

In die boek: Husband and Wives; the dynamics of married living, is die skrywers ironies genoeg, Blood and Wolfe.

Conditioning for distance running. Skrywer: Robert Fitts.

In die boek: "The meaning of life, (Ed) E D Klemke, skryf 'n persoon 'n artikel oor The meaning of the question of life. Die outeur: John Wisdom.

Die NG gemeente op Parys (OVS) het 'n predikant met die naam Sarel Church.

By UCT Graduate School of Business is daar 'n Prof A H Money.

Ook in Wood Southern Africa, skryf Paul Woods: Wood preservation for timber framed housing.

Bo alles, broeders, onthou wat die groot Amerikaanse denker Abraham Lincoln gesê het:

### THINK

You cannot strengthen the weak  
By weakening the strong.  
You cannot help small men  
By tearing down big men.  
You cannot help the poor  
By destroying the rich.

You cannot help the wage earner  
By pulling down the wage paver.  
You cannot keep out of trouble  
By spending more than your income.  
You cannot further the brotherhood  
of man  
By inciting class hatreds.  
You cannot establish security on borrowed money.  
You cannot build character and courage  
By taking away a man's initiative and independence.  
You cannot help men permanently  
By doing for them what they  
could and should do for themselves

Abraham Lincoln

In: Printmaking, the history and technique of an ancient craft, deur D Hunter, kom dié stukkie wysheid voor:

rags make paper  
paper makes money  
money make loans  
loans make beggars  
beggars make rags

author unknown

Author of whole article: known

Lapeace

## AFRICANA

WIE WAS A D W WOLMARANS?

Verlede maand het ons oor skoolgeld gesels en 'n afskrif van 'n skoolgeld-kwitansie wat in 1916 aan A D W Wolmarans uitgereik is, geplaas. Die Rektor, prof Joubert, het prof Gerryts se aandag daarop gevestig dat mnr Wolmarans een van die vroeë kampvegters vir 'n universiteit in Transvaal was, nog voor die Anglo-Boereoorlog wat in 1899 uitgebreek het.

Dit is 'n algemeen bekende feit dat universiteitsklasse aan die Transvaalse Universiteitskollege (TUK) op 10 Februarie 1908 begin het, maar 'n mens besef nie altyd dat hierdie nuwe universiteit nie sommer oornag ontstaan het nie. Die Uitvoerende Raad van die Zuid-Afrikaanse Republiek (ZAR) het reeds in 1889 besluit dat 'n universiteit in Transvaal

opperig sou word. Een van die beweegredes vir hierdie besluit was dat jong Transvalers nie buite die landsgrense hul geleerdheid moes gaan soek waar die sedebederf van Europa hulle kon aantasia nie! As gevolg van die besluit is daar in die volgende jare verskeie onderwyswette gemaak en die Staatsgimnasium is in 1893 gestig. Sake vir die beoogde universiteit wou egter maar net nie vlot nie.



Wessels.

Dr. Fischer (President).

Wolmarans. (Photo by Str.)

Van 1895 af was die oprigting van 'n inrigting vir hoër onderwys ongeveer elke jaar by sittings van die Volksraad ter sprake. Op 10 Maart 1899 het die Volksraad die laaste keer oor 'n universiteit gepraat en daar is met 'n meerderheidstem beslis dat vorige besluite oor die oprigting van 'n universiteit deurgevoer moes word. A D W Wolmarans was die vernaamste woordvoerder.

Hierdie A D W Wolmarans (19.9.1857 - 12.7.1928) was 'n besonder begaafde mens en 'n leier in die Hervormde Kerk. Die huidige NH Kerk is grootliks gebou op die fundamente wat in die tydperk van 1885 - 1890 deur Wolmarans gelê is. In 1888 is hy as verteenwoordiger van die Pretoriase dorp en distrik in die Volksraad en in 1899 as lid van die Uitvoerende Raad van die ZAR gekies. Alhoewel hy na afloop van die oorlog nie meer in 'n posisie was om vir die oprigting van 'n universiteit te werk nie, het hy tog al gou weer 'n

prominente rol gespeel in die oprigting van Christelik-Nasionaal Onderwys-skole en ook weer aktief in die politiek betrokke geraak.

Mnr Wolmarans was die trotse vader van altesaam dertien kinders sodat dit nogal logies is dat hy onderwys sake op die hart sou dra. Skoolgeld vir al hierdie kinders moes hom 'n aardige bedrag uit die sak gejaag het.

Bibliografie : Ad Destinatum  
S A Biografiese Woordeboek  
dl 2

Joriet Coetzee

## Have you heard...

A woman came into the library where I work and guiltily deposited a plastic bag on the counter. "It was the dog," she whispered, as I removed the remains of the much-chewed book from the bag.

"It often happens," I said.

"Yes, but look at the title," she replied.

It was 'Dog Training My Way' by Barbara Woodhouse.

-E Gillard, Fish Hoek, Cape

## VOORONTSLUITING

Bestellings! Bestellings! Bestellings! Sjoue, eers gou net asem skep. Die besitkontrolle moet klaar, o en kyk net al die invoer. Wag, ek sal die bul by die horings pak ..... of nee, die bestellings by die hoeke.

Eers voor die terminaal gaan sit om kontrole te doen op DOBIS. Ag nee! Die terminale is almal beman. Die ontsluiters sit bankvas en by boekontvangste is dit dieselfde prentjie. Wat nou gedaan? Kyk net al die bestellings wat grootgou wag om ingevoer te word. Sonder 'n terminaal kan ek niks doen nie! Wag, ek sal gou Africana bel, miskien ..... Haai dis eienaardig. Nee, hierdie terminaal storie laat my nou dinge sien wat nie bestaan nie. Ek sal my oë toemaak en tot



tien tel. Een .. twee .. drie .. vier ..  
 vyf .. ses .. sewe .. agt .. nege ..  
 tien! Droom ek of wat is aan die gang?  
 Voor my staan drie gesiggies, drie baie  
 welkome gesiggies, drie terminaalgesig-  
 gies.

Ek loop om te voel of dit wat ek sien  
 rêrig is. Ja, ek voel hulle, ek sien  
 hulle ... en ek ruik hulle. Hulle stink  
 so splinternuut. Watter luukse het die  
 voorontsluiters getref? Geen geskarrel  
 meer vir 'n terminaal nie!

Die bestellings wag om by die hoeke gepak  
 te word, dus groete tot 'n volgende keer.

Mariana Olivier

## GELUKWENSE

Ons gelukwense gaan aan die volgende  
 dames wat gedurende September/Oktober  
 oumas geword het:

Mev Marie Fourie (kleinseun)  
 Mev Olivia Webb (kleinseun)  
 Mev Norrie Nel (kleindogter)  
 Mev Riekie Lotz (kleinseun)

## BRITSE MUSEUM

### DEPARTMENTS OF THE MUSEUM

#### Printed Books

The Department of Printed Books is based on the library of Sir Hans Sloane, which, at his death in 1753, consisted of some 50,000 volumes of printed books and manuscripts. To this was added in 1757 the old Royal Library of the Kings of England, a magnificent collection dating back to the end of the fifteenth century and containing many priceless treasures. Probably, however, the most valuable gift that possession of the Royal Library brought to the Museum was the right of Copyright deposit, the right to receive a copy of every book published in this country.

With very little money available to buy books the Department grew slowly and the Trustees had to depend largely on the generosity of individual donors. In 1762 came the great collection of pamphlets brought together between 1640 and 1661 by George Thomason, a London bookseller and given to the Department by the young George III. Several other fine collections were received by the end of the century, such as the Garrick plays and the library of the Reverend C. M. Cracheroode. In 1819 Sir Joseph Banks bequeathed to the Department his superb collection of books, for the most part of botany, zoology, travel and exploration.

In 1828 there came the finest gift the Department has ever received, the magnificent library built up by George III between 1760 and 1820. This was housed in a splendid new gallery, the King's Library, which was designed especially to receive it, and there it still remains.

The Reading Room then consisted of two rooms at the north end of the King's Library, which sufficed until the opening of the present room in 1857. Between 1837 and 1856 Antonio Panizzi, the Keeper of Printed Books, virtually created the modern national library. By securing greatly increased annual grants and by vigorously enforcing the Copyright Act, he succeeded to large extent in his task of making it the finest in the world.

In 1847, largely through Panizzi's efforts, the Grenville Library was

acquired, a collection particularly rich in early printed books. Throughout the later nineteenth century the Department continued to grow in every field. Panizzi designed new book stacks, known as the 'Iron Library', to surround his great circular, domed Reading Room, which were sufficient to contain the ever expanding library until well into this century.

By the late twenties, however, the question of space was again acute and during the 1930s more extensive stack rooms were constructed to replace the old Iron Library. Before they could be completed, the Second World War broke out, during which one of the remaining quadrants was totally destroyed with the loss of 250,000 books, and the King's Library was badly damaged.

During the course of just over two centuries, the Department has become one of the largest and most comprehensive of all national libraries with a staff of over 700 and containing around 8 million books.

Uit: Treasures of the British Museum

Bokkie Malan



## MAKRO-ONTSLUITING

Die afgelope tyd was die ontsluiters weer heel bedrywig gewees. Die SAIBI-Konferensie en September/Oktobervakansie was die belangrikste gebeurlikhede in ons gelede-re. Céu, Estelle en Susan word geteister deur die eksamenspook: ons wens hulle sukses en voorspoed toe!

Die 18th Century Short Title Catalogue - Projek lewer soms interessante stukkie-leesstof op. In 1931 het die biblioteek beroep as volg daar uitgesien:

### 45. BIBLIOTEKARIS

Deur S.B. Asher, Bibliotekaris, Openbare Biblioteek, Johannesburg.

Daar is op die oomblik maar min kans om in Suid-Afrika in 'n biblioteek werk te kry. Daar is omtrent 200 sogenaamde openbare biblioteke in die Unie, maar die meeste van hulle is in werklikheid klein boekklubs, waar die werk deur vrywillige of deeltydse werkers teen 'n nominale loon gedoen word. Min van die biblioteke verskaf aan jong meisies werk teen die heersende kommersiële loon in die dorp, en 8 tot 10 van die vernaamste inrigtings het omtrent 30 werknemers teen £25 of meer per maand in diens.

Afgesien van hierdie geringe aantal betrekkings, wat deur hoogontwikkelde manne, wat bekwame bestuurders is en jare ervaring van biblioteekwerk het, beklee word, is daar in openbare biblioteke geen betrekkings waarin manlike werkers 'n bestaansloon kan verdien nie.

Vir meisies wat tevrede is om te werk teen 'n loon van £8 per maand tot 'n maximum van £20, is daar in die hele Unie uiterlik 100 betrekkings.

Die gewenste kwalifikasies vir beginners is 'n goeie onderwysopleiding, minstens tot matriek, 'n aanleg vir studie en letterkunde, 'n uitstekende gesondheid, persoonlikheid, takt om met onredelike lede van die publiek oor die weg te kom, en laaste, maar nie die minste nie, 'n voorliefde vir aanhoudende roetienewerk.

Aanstellings in Universiteits- en Departementele Regeringsbiblioteke is respektiewelik alleen beskikbaar vir gegradeerdes en staatsamptenare.

(Uit: Die Keuse van 'n loopbaan: Handboek van Loopbane vir Suid-Afrikaanse seuns en dogters. Pretoria: Die Staatsdrukker, 1931)

## VEEARTSENYKUNDE


Hierdie fakulteit het 'n belangrike rol in die 13e Wêreldkongres oor Beessiektes (Durban, 17 - 21 September) gespeel. Prof Coubrough, hoof, Department Geslagskunde, was die wetenskaplike organiseerder terwyl dosente uit verskeie departemente lesings oor hulle navorsing gelewer het. Selfs die biblioteek was betrokke. 'n Lys adresse van veteriniêre inrigtings/skole moes lank voor die kongres uit World of Learning saamgestel word. Woordeboeke en tesourieë in Frans, Duits en Spaans is aan die kongresvertalers geleen.

Die bywoningsgetal was 500 en omtrent die helfte hiervan was uit die buiteland afkomstig. Na die kongres het talle oorsese veeartse by Onderstepoort besoek afgelê.

Die biblioteek was ook op hulle toeragenda en ons kon altyd betyds glimlaggend gereed staan - die diep melodieuze stem van die dekaan kan al van ver af gehoor word!

Een "toeris" het selfs sy kamera byderhand gehou en sal nou ons bibliotekie aan sy mense in Japan kan wys. Net jammer dit kon nie 'n foto van ons nuwe bibliotekie wees nie!

Erica van der Westhuizen



"There goes Doctor Krankheit...  
Always hurrying, hurrying, hurrying."

## MEDIES

DIE SWERWER

"Wie sou die ware swerwer wees  
Die een wat reis die een wat lees", -  
vra die sanger, en ek wil saggies byvoeg-  
die een wat reis of lees of luister?

Waar begin alles? By kleintydverhale van Koning Arthur en sy ridders wat jou laat glo dat alle konings en kastele in Engeland is, of by 'n Ierse grootoupa wat byna twee eeue gelede 'n eenrigting ry spore op die Kaapse strand agter gelaat het, en die onrustige saadjie van geslag tot geslag saam met die hardkoppigheid oorgedra het, dat iemand weer eendag op daardie spore terug sal loop en gaan kyk na die groen aarde wat hy vir die barre Bosveld verruil het?

Die dag wat ek regtig my tas pak en die gladde vlugkaartjies tussen my vingers voel lê nog baie jare se spaar ver, maar tot dan kan ek lees oor stywelip Engelse, spaarsamige Skotte, strydlustige Iere en singende Walliesers. Ek kan na hulle musiek luister, en ek kan droom oor daardie eendag...

Vandag wil ek op al my leespaadjies loop. Ek gaan saam met Audrey Blignault 'n digbundel in O'Connellstraat in Dublin koop. Ek gaan vir Oliver Twist in Rochester se strate soek. Miskien is hy by Charles Dickens, en kan ek sommer vir Dickens dankie sê vir baie jare se vreugde, en hom sommer geluk wens met sy verjaarsdag. Dis immers 'n voorreg om saam met hom te verjaar. Ek wil gaan kyk wat alles te koop is in Long Melford se antiekwinkels, en hoekom dit nou juis vir Karel Schoeman die mooiste dorpie op die Engelse platteland is. Die bewoners op die plase in die Yorkshire Dales ken ek almal, want James Herriot het my keer op keer op sy veeartstogte saam geneem.

Ek hoor die kore in die Rhondavallei waar ryk mansstemme die uitvoerprodukt moes word na baie steenkoolmyne gesluit is. Die Walliesers sing in kore, in groepe en in 'n massa op Cardiff Arms Park. As ek wat met moeite 'n toets op Loftus Versfeld kon deursit, skielik deel word van 'n rugbymal skare wat meeding om 'n kaartjie net om te hoor hoe klink rugby op Cardiff Arms Park, het daar iets gebeur.

Ek word deel van die skare wat "Hen utad fy Nhadau" en "Hymns en Arias" sing - en wonder hoeveel geesdriftiges die wedstryd op die kroegtelevisie dophou. Na die wedstryd dwaal ek in die oorvol strate rond en kry regtig die verwaarloosde kerkie wat ek so goed deur my Max Boyceplaat leer ken het.

O ja, ek wil nog gaan kyk hoe ver is Neath en Bridgend in die suide van Wallis van mekaar. Dalk so ver soos Johannesburg van Pretoria? Ek weet darem dat daar minstens veertien pubs tussen die twee is, waar die dorstige kele van 'n bus rugby-ondersteuners op pad na Skotland klam gehou kan word.

Die Eisteddford in Llangollen is 'n mengelmoes van kleur en klank. Ek staan oopmond en luister hoe 'n mannekoor uit Treorchy "Ar hyd y nôs" en "Cwm Rhonda" sing. 'n Ril van lekkerkry draf teen my ruggraat af. Beleef ek dit regtig?

Die lug waai koud teen my gesig op die nagboot tussen Holleyhead en Dun Laoghaire op pad na Ierland. Die koue buite en die sang blyne jaag- of lok- my na waar Iere met harde hande jare se armoede tussen die biere deur wegsing. Die swaarkry vervaag in die gemeensaamheid van geslagte-oue liedjies wat vertel van blou-oog Ierse nooiens wat êrens wag...

Die plekname op die kaart klink so mooi dat 'n mens dit oor en oor op jou tong rondrol. Carlingford waar die ewige matroos nooit kan bly as die see kom roep nie, Carmarthen met sy mark - is daar regtig eikebome wat 'n mens moet groet om die dorp te beskerm - Merthyr Tydfil, Aberdeen en Arrochar. Dit sing net soveel soos Loeriesfontein en Wuppertal, Thabazimbi en Umzimkulu in my eie land.

Skotland word 'n ervaring om lank te onthou. As die woord Droogte uit jou kinderjare byna net so 'n groot skrikwoord as 'n vloekwoord was, word hierdie land van die Loch en die Glen 'n blou geborduurde lap wat nog so om die rant dieselfde kleur fraaiings ook het. By Loch Ness staar ek skreefoog oor die meer en hoop soos die duisende ander voor my dat die Monster nog al die eeue net gewag het vir die dag wat ek kom kuier om haarself aan die wêreld bekend te stel. By Loch Lomond kom speel 'n eensame skot een aand sy doedelsak op 'n heuweltjie nie ver van die kasteel waar ek die nag oorbly nie. "I'll take the high road..."

en 'n onkeerbare verlange na alles en nog wat sak oor my toe. Het dit al by die huis gereën en blom die jakarandas al?

'n Besoek aan Llandudno saam met 'n toergroep verskaf my heerlike alleenpret, want dit is mos die kUSDorp wat in die brosjures as die wonderwêreld van vakansiehou voorgegee word. Op 'n plaat in my platerak word daar heerlik gek geskeer met die dorpie se seemeeureputasie, en ek loer so 'n slag skuins na bo of alles darem nog veilig is.

Ek moet nog gaan kyk waar Fingal se grot is, en speel hulle nog Händel se watermusiek op die Teems? Hoekom praat die ou steenkoolmyners in die Rhonda van die kleur van hulle gesigte as Rhonda Grey in hierdie land van groen valleie? Is die meule in Belfast waarvan die Fureys sing die een waar James Galway se ma gewerk het om die pot aan die kook te hou, en staan hy ooit nog in die stad waar kinders met grootmense deel geword het van 'n masjiengeweerwêreld?

Is die wêreld van Beatrix Potter vandag nog vasgevang rondom haar huisie, en waar in London is daardie winkel wat uit vier verdiepings kinderboeke bestaan?

Ek koop 'n Outspanlemoen en loop eet-eet tussen Covent Garden se winkels deur. Wat het ek in hierdie land met sy grys dae en groen landskappe kom soek? Miskien die wêreld tussen stakings, straatgeweld en toeristeposkaarte. Moontlik die lewe in die kastele van ryk Engelse Lords met hardebolkeile en lang sambrele wat vandag deur belasting opgeëet word, of die opmekaar Ierse huisies in die stede waar die een huis vir die volgende 'n kruk moet wees. Soek ek die mens tussen die Harrods-bomplanter en Holland Park blomplanter? Die lemoenskil se olie laat my hande soos die Laeveld ruik.

"Sal die passasiers op Vlug SA 220 na Londen..."

"Wie sou jy die swerwer noem die een met tas en reisbiljet of elkeen wat nog drome het? of wie?"

Die bandspeler klik. Ek bêre die kassette, boeke, atlas en my drome - vir later, lank na speel-speel dalk eendag regtig geword het.

Magriet Lee


# **TOT SIENS**



MEV LORRAINE LE ROUX  
BOEKONTVANGS







## DIE EERSTE SÊ

1984 - DIE OMSKAKELINGSJAAR

As ek oor 1984 terugkyk, besef ek opnuut hoe elke jaar telkens sy eie karakter, ritme en kenmerke het. Oor vanjaar staan die woord "omskakeling" groter as ooit te vore geskrywe. Vir ons universiteit in die breë is die omskakeling na 'n nuwe bestuurstruktuur alles oorheersend. Vir die Biblioteekdiens het die besoekers van die Universiteit van Leuven net een ding beteken: omskakeling na DOBIS/LIBIS 1.3! Les bes staan ons aan die vooraand van omskakeling na 1985. Hoe noodsaaklik en onafwendbaar operasie omskakeling ook mag wees - die gevoel van afwagting wat dit skep, gaan steeds gepaard met 'n gewaarwording van onsekerheid.

U P se omskakeling na 'n nuwe bestuurstruktuur maak 1984 in baie opsigte 'n waterskeidingsjaar. Ten spyte van 'n algemene behoefte aan vernuwing en aanpassing om die eise van vandag en môre beter te kan hanteer, het die omskakelingsaksie tog 'n wye gevoel van onsekerheid oor die kampus tot gevolg. Ons glo egter dat dit die raamwerk voorsien waardeur U P die essensie van sy wetenskaplik-akademiese karakter veel beter sal kan realiseer.

Die ondersoek na en aanbevelings oor die universiteit se bestuurstruktuur het die Biblioteekdiens ten nouste geraak. Die integrale verbondenheid van die Biblioteekdiens aan albei akademiese lynfunksies (opleiding en navorsing) is duidelik uitgewys en die toedeling van die Biblioteekdiens aan die Vise-rector (Natuurwetenskappe) het hom in nouer aanraking met die inligtingsafhanklikste fakulteite en departemente gebring.


Vir die Biblioteekdiens is die omskakeling na 'n nuwe bestuursbenadering gelukkig 'n logiese en pynlose verwickeling. Trouens, ingevolge ons beplanningsprojek was ons op die punt om 'n nuwe bestuursbenadering in die tweede helfte van vanjaar toe te pas. As gevolg van die Universiteit se oorkoepelende ondersoek het ons ons eie planne vir die tweede helfte vn 1984 gevries.

Met die bestuurskonsultante se verslag en aanbevelings oor die Biblioteekdiens reeds deur die Raad aanvaar en aan my beskikbaar gestel, kan ons nou weer voortgaan en sal die topbestuur van die Biblioteekdiens ons doelwitte en aksieplanne vir 1985 voor die einde van Januarie finaliseer.

Die omskakeling na die jongste beskikbare weergawe van ons gerekenariseerde stelsel was sedert die vergadering by die Universiteit van Cork (Ierland) by my persoonlik 'n hoë prioriteit. 'n Geslaagde strategie en aksieprogram het dít wat onmoontlik gelyk het skielik realiseerbaar gemaak. Sedert die koms van mnr Vanautgaerden, briljante stelselontleder en DOBIS/LIBIS-kundige van die Universiteit van Leuven, was die omskakeling na DOBIS/LIBIS 1.3 vir verskeie kollegas die hoogste prioriteit. De 17de en 18de November was uiteindelik omskakelingsnaweek. Danksy rekenaar- en biblioteekpersoneel se toegewyde arbeid die Saterdag en Sondag het alles vlot verloop.

So bied elke susksesvolle omskakelingsaksie 'n hegter grondslag en beter toerusting om die eise van die toekoms te hanteer. Dit geld na 1984 vir ons universiteit, vir die Biblioteekdiens en vir elkeen van ons persoonlik. Persoonlik omdat die omskakeling na 'n nuwe jaar elkeen van ons persoonlik sal raak. Mag u 1985 met nuwe vertroue, 'n vaste geloof en blymoedige gees tegemoet tree. Vir my bly dit wonderlik dat die omskakelingsprogram na elke jaar telkens vereis dat ons eers die kern van ons lewensprogram by die Kruis van Bethlehem moet uitklaar. As dit in orde is, is die nuwe jaar een heerlike uitdaging.

PROF GERRYTS



B.L. Krieger, Dartmouth Library

# ERID-DIENSTE

## EVALUERING VAN DIE TUSSENPERSENE BY ERID

Namate meer personeel binne die Biblioteekdiens betrokke raak by ERID, ontstaan die vraag hoe 'n persoon hom/haarself kan evalueer ten einde te bepaal hoe bedrewe hy/sy in die tegniek van rekenaarmatige inligtingherwinning is.

Die literatuur lewer bitter min hieroor op. Die mees gewilde metode om tussengangers met verskillende vlakke van opleiding en ervaring teenoor mekaar op te weeg, is om aan hulle 'n voorgeskrewe soektog te gee en dan hul resultate met 'n modelantwoord te vergelyk om so hulle relevansie en herwinning tydens die soektog te meet. Relevansie dui op die persentasie herwonne artikels wat wel oor die onderwerp waaroor gesoek is handel, terwyl herwinning die persentasie relevante dokumente aandui wat wel herwin is in vergelyking met die hoeveelheid wat herwin kan word.

Hierdie metode van evaluering kan gebruik word as daar van DIALOG se ONTAP-lêers gebruik gemaak word wat op dieselfde beginsel werk.

Oldroyd se siening:

'n Meer subjektiewe metode van evaluering is geleë in Bettie Oldroyd se opsomming van 'n ervare tussenganger:



### 1. Navraagonderhoud

Hy is in staat om baie kundigheid en vernuf by soektogte te toon en funksioneer as 'n ideale tussenganger omdat hy 'n goeie kommunikasievernuf het by vraaganalise en oor die vermoë beskik om 'n vraag in terme en konsep te formuleer wat dit raak omskryf.

### 2. Soektogstrategiekonstruksie

Hy sien die navraag nie slegs as 'n klomp los terme wat net ingevoer moet word nie. Hy is oop vir alternatiewe benaderings tot die soektog en soekstrategie en laat homself nie kortwiek deur te volstaan by sy eerste en vaste idees van die soekstrategie en terminologie nie. Hy is in staat om op gemaklike wyse terme, sinonieme, akronieme en kodes met die regte afkapping en in die regte verbindings met mekaar in te voer. Hy sal alle linguïstiese alternatiewe en gespesialiseerde terme uittoets. Hy sal bewus wees van variante in internasionale lêers.

### 3. Kennis van beskikbare databasisse

Hy weet genoeg van die agtergrond van verskillende lêers om seker te maak dat hy al die databasisse deursoek wat relevante verwysings sal oplewer. Hy sal dit vermy om te soek in 'n databasis wat ontoepaslik is op sy navraag.

### 4. Kennis van spesifieke databasis

Hy sal bewus wees van die kenmerke van lêers, die volle reeks deursoekbare velde ken wat beskikbaar is by elke lêer en vertrouwd wees met hulpmiddele.

### 5. Relevansie en presiesie

Hy sal die vraag op die korrekte intellektuele vlak formuleer volgens sy gebruiker se behoefte en die soektog so plooi om tesourusbeperinge in ag te neem en die herwinning van ruis te vermy.

### 6. Boolese logika

Hy sal goeie kontrole oor die logika hê, sal nie verward raak wanneer stelle terme vermeerder nie. Sal versigtig gebruik maak van die geskikte Boolese operatore en sal gepas reageer op antwoorde wat verskil van wat hy verwag het. Hy sal nie tevrede wees met die resultate van 'n oorvereenvoudigde soektog nie.

## 7. Aanpassing van soekstrategie

Hy sal oorspronklikheid en buigbaarheid aan die dag lê by die herontwerp van 'n soektog waar nodig. Hy sal onsuksesvolle metodes van benadering laat vaar en aanpassings maak ten gunste van nuwe hoeke van benadering tot die onderwerp. Hy toon vaardigheid in vraagformulering en -herformulering. Sy oordeel en ervaring lei hom om te besluit wanneer die inset wat gemaak is voldoende is en verdere moeite vrugteloos sal wees.

Ten slotte sê sy dat uitputbaarheid (vermoë om te soek totdat alles gevind is), 'n aanvoeling vir die wet van afnemende resultate en die vermoë om die mees spesifieke beskrywing van 'n probleem te formuleer alles in 'n goeie tussenganger gekombineer moet wees.

Tenopir se bydrae

'n Derde vorm van evaluering kan ook geskied na aanleiding van 'n artikel van Tenopir. Sy is 'n mede-professor by die Graduate School of Library Studies, University of Hawaii en het deur die loop van jare in haar opleiding van studente vir rekenaaromatige inligting 'n paar gemeenskaplike foute geïdentifiseer wat alle onervare persone maak. Dit sou dus nie verkeerd wees om, wanneer 'n persoon hierdie foute oorkom het, te aanvaar dat hy 'n redelike vlak van ervaring bereik het nie.

Die gemeenskaplike probleme wat tussengangers ondervind is die volgende:

1. Die Boolese operatore AND en OR word verwar en omgeruil.
2. Daar bestaan onsekerheid oor waar hakies ingevoeg moet word.
3. Persone is nie altyd seker waar spasies ingevoeg moet word en waar nie.
4. Die S vir "set" word soms uitgelaat en "l" word ingevoer in plaas van "Sl". In so 'n geval doen die rekenaar 'n vrye taalsoektog onder "l".
5. Die letter "l" word ingetik in plaas van die syfer "1". Dit gebeur ook met die letter "0" en die syfer "0". Dit gebeur omdat 'n persoon in gewone tikklasse so geleer is.
6. Persone tik dikwels swak en maak baie foute, omdat hulle geen tikopleiding of ervaring het nie.



7. Vanweë onsekerheid en 'n gebrek aan kennis van databasisse hou 'n persoon dikwels by dieselfde soekstrategie om verskillende databasisse te deursoek. Gewoonlik word daar van 'n baie wye strategie en baie sinonieme gebruik gemaak asook vrye taal. Dit lei tot gebrekkige resultate, vanweë die persoon se onvermoë om sy benaderingswyse by die nuwe ander databasis aan te pas.
8. Onervare tussengangers is geneig om die soekresultaat wat die rekenaar gee slaafs te aanvaar, aangesien enige resultaat aanvanklik indrukwekkend lyk. Mettertyd ontwikkel hulle die vermoë om die resultaat krities te evalueer en die soekstrategie weer na te gaan ten einde te besluit of die resultaat nie beter kan wees nie.
9. Wanneer daar van verskillende databasisse en stelsels gebruik gemaak word, raak 'n persoon dikwels deurmekaar, aangesien die databasisstrukture, puntuasie en organisasie so baie verskil van databasis tot databasis en van stelsel tot stelsel.

## Gevolgtrekking

Personeel betrokke by ERID kan tans dus enige of al drie hierdie metodes toepas vir selfevaluering. Alhoewel dit nie 'n bevredigende metode bied nie, verskaf dit tog riglyne.

Lekker soek!!

AMANDA VAN DER MERWE



"Yes, it computed the answer in a billionth of a second and printed it instantly, but until I find my glasses ..."

## ERID-SOEKTOGTE

Ons is gevra om 'n ERID-soektog te doen om artikels oor "FOX TWIST SYNDROME" te kry. Dit kom blykbaar voor in katte. Ons het DIALINDEX gebruik om te kyk watter van al die Biomediese leërs verwysings het. Ons het eers die terme "FOX TWIST" waar die twee woorde langs mekaar staan gesoek, maar geen artikels is opgespoor nie. Toe het ons die twee woorde weer ingelees waar hulle van mekaar geskei is, maar altwee woorde moet in dieselfde veld voorkom. (Dit wil sê óf in die Titel veld, óf die Opsomming veld, of Die Deskriptor veld). Ons het die een artikel in Biological Abstracts opgespoor, naamlik: ENERGY COST OF DISCO DANCING. Die twee woorde het soos volg in die opsomming voorgekom:-

"In this respect, and from the literature, disco dancing (rock and roll, hustle, twist, disco) appears almost twice as strenuous as square dancing and most other traditional dances (rumba, fox-trot, waltz").

MAUREEN BRASSEL

## TIKSTERS

MAAK TYD

Maak tyd om TE DINK...  
Dis die bron van innerlike krag.

Maak tyd om LIEF TE HÊ, en om LIEFDE TE ONTVANG...  
Dis 'n Godgegewe voorreg.

Maak tyd om TE LAG...  
Dis die musiek van die siel.

Maak tyd om TE BID...  
Dis die grootste mag op aarde.

Maak tyd om TE LEES...  
Dis die oorsprong van wysheid.

Maak tyd om TE WERK...  
Dis die vereiste vir sukses...

Maak tyd om VRIENDELIK TE WEES...  
Dis die weg na geluk.

Maak tyd om TE GEE...  
die lewe is te kort vir selfsug.

Maak tyd OM TE SPEEL...  
Dis die geheim van blywende jeug.

Maak tyd om TE SPAAR...  
Dis die grondslag van jou toekoms.

Maak tyd om U GESONDHEID TE BEHOU...  
Dis meer kosbaar as goud en juwele.

## VERSKUIWINGS

Mej Jo Breed is vanaf 1 November oorgeplaas na die Kultuurhistoriese Instituut. Mnr Charl Louw verskuif vanaf Medies na die Buro vir Rekenaardienste op 1 Desember. Mej Alida Murray gaan vanaf Januarie tot Mei 1985 aflos by Mnr Duminy in die plek van Mev Marie de Wet.



## TOPBESTUUR

KENNISGEWING AAN AL DIE AFDELINGS EN TAKBIBLIOTEKE

Neem asseblief kennis dat mnr P D de Kock vanaf 3 Desember 1984 tot 21 Desember 1984 as hoof van die Biblioteekdiens sal waarneem.

## REDAKSIONEEL

Met hierdie laaste uitgawe van Biblikasie wil ek graag baie dankie sê aan:

- die sub-redaktrises: Mej Joy Roos, Mev Miemie Vink en Mev Amanda van der Merwe wat elke maand gesorg het vir die insameling en duplisering, sodat elkeen 'n Biblikasie in die hand kon kry. Baie dankie ook vir die Oktober-uitgawe wat julle in my afwesigheid behartig het;
- Mnr Mike Volschenk, wat as fotograaf getrou elke maand alle nuwe gesiggies met sy kamera verwelkom het;
- Al die tiksters, wat Biblikasie vir ons leesbaar gemaak het;
- Die Bindery wat Biblikasie telkens bymekaar gehou het;
- Elkeen in die afdelings en takbiblioteke wat die insameling van bydraes behartig het;
- Almal wat 'n bydrae gelewer het om te sorg dat daar 'n Biblikasie was.

Dit was baie lekker om saam met julle te kon werk!

Clarisse Venter  
REDAKTRISE



## MEDIES

As ons kyk hoe Medies se gesig die afgelope jaar verander het, lyk dit sowaar asof ons so 'n paar van die plastiese chirurge hier aangekeer het vir 'n "face lift". - dis nou vir die gebou, nie vir ons nie. Ons het dit nie nodig nie!

Sommer vroeg in Januarie het elkeen van ons wat by Rolf verby gekom het vir hom vertel hoe sukkel ons met net een eindpunt, en dit was nie hoeka nie, of nommer twee was hier. Op daardie stadium moes jy nog in die Boedha-posisie by die eindpunte sit en werk, want daar waar 'n normale mens se bene moes wees, was die rekenaar se beheereenheid. Gelukkig kon daar vir hom ook 'n beter gaatjie gekry word.

Die dag toe die twee kassies met die klomp laaitjies afgelewer is en ons al die los papiere op en agter die toonbank agter slot en grendel kon kry, het Sannie en Stella se oë geblink van pure vreugde, en moes die teekamer se skildery daar gehang word vir verdere verfraaiing.

Toe verjaar mnr Duminy en ons kry 'n persent! Elke keer as ons ons yskassie oopmaak wonder ons van voor af hoe ons so lank sonder hom klaar gekom het.

Maureen se groot vreugde die jaar was 'n boekrak vir haar ERID-lêers en die Hewlett-Packard terminaal met honderde nuwe knoppies wat sy kon uitprobeer. Sy moes die keer ook maar leer dat dit nogal lank vat om die knoppies so ver te kry dat hulle reageer as hulle gedruk word.

Met die laaste fase van Operasie Fotostaatmasjien in sig met die koms van die nuwe IBM, kan Hurter ook so 'n versie skryf oor die Eerste Stryd. Herinner ek my nie iets van 'n bottel sjampanje of so iets die dag toe die laaste Xerox by ons agterdeur uit is nie, Hurter?

Die klokke by ons agterdeur maak die wêreld vir ons gestremde gebruikers baie makliker, en die koms van 'n nuwe kas vir ons oudiovisuele materiaal het die benoudheid daar ook verlig. Die nuwe mikrofileser en die klompie nuwe personeel (Philip, Charl, Clarisse en Danie) rond die prentjie af - tot Sannie en Charl op 'n dag eers Clarisse se tafel uit die wind geskuif het, en dit toe sommer 'n veel mooier plekkie gemaak het, en van ons ordinêre teekamer sommer 'n top restaurant gemaak het - interieursgewys.


En dan wonder julle waar ek aan 'n "face lift"-storie kom? Klein dingetjies maar 'n groot vreugde as jy al daardie klein jakkalsies by die agterdeur kon uitjaag.

Aan Charl wat volgende jaar by BUREK sy brood gaan verdien, dankie vir die lekker saamwerk die tydjie wat jy hier was. Ons hoop dit was vir jou net so aangenaam as wat dit vir ons was. Alle voorspoed met die nuwe werk, en die akademie vorentoe.

Aan almal in die Biblioteekdiens wens ons 'n Geseënde Kersfees en 'n 1985 met 'n oopgeknoopte gees toe!

MAGRIET LEE

## VEEARTSENYKUNDE



Mnr Mazierski by sy kameel-illustrasies in die biblioteek.

### Kamele en Onderstepoort

Die Fakulteit Veeartsenykunde word al hoe meer kameel-georiënteerd! Eers is Prof Smuts, hoof van die Departement Anatomie, deur die Universiteit van Tel Aviv Israel toe genooi om die eerste anatomiese atlas van die kameel saam te stel. Toe word 'n werkswinkel oor biomediese kuns deur die Departement Anatomie gereël, met die illustreerder van die genoemde atlas, David

Mazierski, as gasdosent.

En laaste word die biblioteek ook betrek. 'n Ryk teler van volbloed kamele in Saudi-Arabië het navrae oor kameelvoeding aan ons gerig nadat hy tevergeefs by die Londense Dieretuin om hulp aangeklop het. Sy veearts het aan Prof Bland van den Berg, nuwe hoof van die Departement Geneeskunde, hier geskryf: "... wrote for advice to the London Zoo who sent the stupidest reply saying they only had bacterian camels but their camel keeper would gladly talk to any visitor on the subject.. Do you by any chance know of any book, pamphlet, anything at all on camel feeding?"

CRC Handbook series in nutrition and food kon toe al die antwoorde verskaf - die wêreld se vooraanstaande dieretuin- diëte verskyn daarin, insluitend die Londense Dieretuin!

Voor mnr Mazierski sy pragtige kameelillustrasies aan Oxford University Press, uitgewer van die kameelatlas gestuur het, het hy ingewillig om van hulle in die biblioteek uit te stal - 'n oorspronklike stukkie kuns en 'n lus vir die oog.

Terloops, 'n woord van dank aan mnr Duminy vir ons nuwe fotostaatmasjiene. Mnr Mazierski was in vervoering oor die gehalte fotostate wat hy van sy illustrasies kon maak.

ERICA VAN DER WESTHJUIZEN

## SOSIALE KOMITEE


Die Sosiale Komitee wil hiermee almal bedank wat ge help het om ons funksie op 28 November so glad te laat verloop. Ons waardeer die hulp en vriendelikheid vreeslik baie.

Die belofte is om vroeg volgende jaar al die resepte te publiseer.

Nogmaals baie dankie

ANSIE EN FREA






## KULTUUR-HISTORIESE INSTITUUT

Uit "De Oudhollandse Keuken": W A Forbes

Verplaas uself in die jaar 1837. In Tyd van kalme rustige voortbestaan waarin mense nog tyd gehad het vir die dinge wat die lewe aangenaam maak het.

Dit is drie uur namiddag en die heer Gerrit Witse is besig om hom gereed te maak om sy gaste vir 'n dinee te ontvang. Teen half vyf is al die gaste daar en aan almal word 'n glas



rooiwijn aangebied voordat die eetmaal bedien word. Hier volg 'n spyskaart van so 'n dinee wat op 13 Junie 1837 aan dertig gaste voorgesit is.

Soep:	Biersoep of Leversoep.
Hors d'oeuvres:	Asperges met room Gelei van rode Aalbessen
rélevés (koud vlees)	Ham met Aalbessen Karbonaden van kalfsvlees Osse tongen met wynsaus
entremets (warme vlezen)	Kalfsborst met amandelen Schapebout á la Dobe
rélevés (gevogelte)	Jonge duiven met rozijnen Kiekens met citroensaus
entremets (koude vis)	Stokvis gevuld Gevulde Brasem met Rijnschen wyn
pieces monteés (suikergebak)	Amandeltaart met Korenten Fransche Notentaart met roomsaus Citraenen Taart met gebakte vlade kaas fruit koekjes
dessert	

Na elke gang is wyn bedien. Die dinee is om tienuur namiddag afgesluit met Brandewyn vir die here en Sjerry vir die dames.

Hierdie spyskaarte was geen seldsaamheid nie en tot aan die begin van die twintigste eeu was sodanige etes in volle swang.

Smaaklike ete

Groete van keuken tot keuken

JO BREED

### DID YOU KNOW?

Did you know:

"One machine can do the work of fifty ordinary men.

No machine can do the work of one extra-ordinary man"

Elbert Hubbard



# BIBLIOTEEK

## INLIGTING

### HOE EKONOMIESE TYDSBESTEDING IN ONS BESTAANDE OPSET BEVORDER KAN WORD

Die interne faktore wat ekonomiese tydsbesteding positief en negatief bēinvloed sluit in ons:

- 1) fisiese opset
- 2) individuele dienspunte

#### Fisiese faktore:

1. Aangesien ons "oop-plan" kantore het, is ons altyd beskikbaar vir gebruikers. Tog kan "drop-in" besoekers - wat personeel insluit - 'n probleem wees.
2. Bogenoemde "oop-plan" kantore lei tot 'n ontspanne atmosfeer wat personeelverhoudings bevorder en bydra tot produktiwiteit. Dit gee egter aanleiding tot onderlinge geselsies wat baie tyd vermors.
3. In die vakbibliotekarisstelsel is daar verskillende dienspunte. Elke vakbibliotekaris/esse en sy -assistent kan dus op hoogte van sy vakgebied bly. Probleme word egter ondervind deurdat die vakversamelings in sekere gevalle nie byderhand is nie.
4. Aangesien daar in elke afdeling mense is wat saamwerk, lei dit tot werksverligting. Hulle moet egter goed met mekaar skakel, sodat daar nie onsekerheid bestaan oor hoe 'n taak aangepak moet word of waar dokumente, ens. gebêre word nie. Dit hou verband met persoonlike georganiseerdheid. 'n Netjiese tafel getuig ook daarvan.
5. Die telefoon neem 'n groot deel van ons tyd in beslag. Dit bespaar tyd in die opsig dat ons gebruikers sowel as ander afdelings kan skakel. Indien daar onderling telefoondienste gereël kan word, sal dit meebring dat een persoon nie altyd die telefoon hoef te antwoord nie, en ook dat drie of vier persone nie gelyk draf om dit te doen nie.
6. Op die tweede en derde vloer is daar by elk 'n sentrale dienspunt. Vir gebruikers het dit baie voordeel dat hulle onmiddellik

weet waar om hulp te vra. Die werkslading is te veel vir diegene wat dit tans voltyds beman, aangesien hy/sy die rol van telefonis/te en rigtingwyser vertolk. Indien die dienspunt as 'n niemandsland behandel word, en al die personeel op die vloer op 'n weeklikse basis hier diens doen, sal die werkslas nie net op een persoon afkom nie.

#### Individuele dienspunte:

1. Georganiseerdheid is 'n belangrike vereiste. Dit sal meewerk dat jy jou hand op belangrike stukke kan lê. 'n Sistematiese werkswyse werk produktiwiteit aan die hand.
2. Die herhaaldelike hantering van "paperwork" sonder om dit af te handel bring mee dat 'n stuk net aanhoudend op die lessenaar rondgeskuif word. Moenie take uitstel nie. "Procrastination is the thief of time".
3. Slegs een opdrag moet op 'n keer aangepak word. Om byvoorbeeld ses opdragte gelyktydig te probeer doen, bring mee dat jy aan die einde van die dag met ses onvoltooide opdragte sit in plaas van met drie voltooides.
4. Reël vir 'n "stil uurtjie" waarin
  - a) tydsbeplanning gedoen kan word en
  - b) werk afgehandel kan word.
5. Tydsbeplanning moet sinvol gedoen word, sodat tyd ingeruim kan word vir
  - a) kreatiewe denke, b) noodsaaklike afsprake en c) gebruikers.
6. Dit help nie om te veel hooi op jou vurk te laai nie. Sodoende duik daar te veel krisisse op wat moeilik is om te hanteer. Gee om dié rede 'n spertyd waarin jy werk moet afhandel waarby jy kan hou. Dit is beter om 'n taak gouer vir iemand af te handel as wat hy verwag, as later.
7. Dis belangrik om beheer oor jou omgewingstyd uit te oefen ten opsigte van
  - a) besoekers, b) telefoonLeer om vir jou gebruikers "nee" te sê deur hulle te leer om byvoorbeeld sêlf
  - a) I.B.L.'e in te vul, b) indekse te gebruik en c) mikrofiche te gebruik ens.

Uitsonderings kom wel voor, maar dan is dit uitsonderings en nie die reël nie.

"We can't manage time, only ourselves".

ERNA, LIZETTE & CHRISTENE

## TOONBANK

Alhoewel dit moeilik is om te glo, is ons weer aan die einde van die jaar en raak dit haas weer tyd vir die engelspeletjie.

Hier by die Toonbank wanneer ons terugkyk na die jaar 1984 word dit waarskynlik gekenmerk deur die groot aantal personeelveranderinge gedurende die jaar. Dis veral die personeel wie aandiens verrig waar die meeste veranderinge was.

'n Nuwe halfdag persoon wat tans by ons aangesluit het, is mev Pepsí Nel. Ons hoop dat sy die werk aangenaam sal vind.

Aan die tydelike-deeltydse persone, dit is Elma, Pepsí, Danie en Leo wil ons graag 'n aangename vakansie toewens. Hulle maak almal klaar die 23ste November en is weer in die tuig die 4de Februarie 1985. Hopelik lekker uitgerus en vol moed vir die besige Februarie- en Maartmaande. Ons wil ook graag aan hulle 'n baie geseënde Kersfees toewens.

Gedurende Desembermaand sal Neels du Plessis, Ina Boon en Irene Venter die Toonbank beman. Esmé Claassens en Marié Bredell werk ook maar slegs halfdag. Soos maar by ander afdelings ook, dun ons geleedere kwaai uit hoe nader die resestyd kom. Ina Boon gaan gedurende haar velof in Pretoria wees. Irene Venter gaan 'n bietjie lyf natmaak by Stormsrivier se water.

Aan al die ander personeel in die biblioteek wil ons by die Toonbank 'n baie geseënde Kersfees toewens asook 'n voorspoedige 1985. Die wat die lang togte aandurf na hulle vakansiebestemmings moet versigtig ry.

Op 12 November 1984 is daar 1500 aanmanings gedruk en versend. Dis sekerlik die rekord getal aanmanings.



Nie slegs 'n verklikkerstelsel nie maar ook 'n boodskapstelsel!

## VOORONTSLUITING

Geluk?..Geluk...GELUK!

As haasverskrikte plaasmens skop ek met leeuemoed (so voel dit in elk geval) nes in Pretoria die GROOT stad.

Maar anders as wat ek gedink het, bring die groot uitdaging van splinternuwe omstandighede nie vir my geluk nie. Teleurstelling golf deur my, geluk ontwyk my weereens - dit lê toe nie in die bewys van onafhanklikheid, 'n goeie salaris of 'n nuwe plek nie. Soos wat dit ook nie in die suksesvolle voltooiing van studies gelê het nie. Waar lê geluk en vrede dan - vir wie is dit dan beskore?

In my soeke kom 'n reëlreguit vraag, wat my nog meer verwar en ontstel, na my. "Waar gaan jy heen as jy sterwe?" My oorhaastige antwoord kom dadelik: "O, ek weet nie, ek hoop hemel toe.. maar ek is nie seker nie..!"

Die besef van my onsekerheid tref my verblindend, dit jaag my. Ek gaan soek hulp. 'n Dierbare kind van die Here help my om vrede te maak met God en met myself, om Sy vergifnis te aanvaar en vir die eerste keer in my lewe die sekuriteit te ervaar van weet, ek is nou Sy kind en Hy is my Vader.

Wat 'n wonderlike uitdaging het die lewe in Pretoria nie geword na hierdie gebeure nie. Om te kon weet en ervaar dat daar iemand is wat altyd vir my in alle omstandighede sorg was vrede, dit was geluk, dit was sekuriteit. Dit het ek geweet sal standhou in ewigheid en was nie onderworpe aan tydelikheid of gevoel nie - dit het immers swart op wit daar gestaan "Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in Sy naam glo." (Joh 1:12)

GELUK is vir my om God te kan ken - nie as iemand waarskynlik en onpersoonlik nie - maar as persoonlike verlosser. Dit is om in persoonlike gesprek en verhouding met Hom te mag staan, en van dag tot dag te weet en te sien Hy is in beheer van my lewe.

My vriend, my hartsbegeerte vir jou is dat jou geluk ewigheidsgewig mag hê.



## DERDE VLOER

## BOEKONTVANGSTE I

Kyk in jou spieël

Dis nou maar eenmaal so: Die drang na skoonheid help h mens om h voller lewe te ontdek. Ons liggaam is aan ons gegee om te ontwikkel, te versorg en op te pas. Dis h sonde om dit te ververwaarloos en nie so mooi te lyk as wat menslik moontlik is nie. Toegegee, dit kos tyd, inspanning en ook geld om van kop tot toon onberispelik te lyk want as h vrou eers begin om haarself op te pas soos dit regtig hoort, word sy stellig so h perfeksionis dat sy nie met h oppervlakkige mooimakery tevrede is nie. Sy leer moeisam goeie smaak aan: sy leer om te onderskei tussen smaakvolle beklemtoning op die regte manier en die gruwel van oorversiering. Sy leer om die verskil te ken tussen gesonde selfondersoek en h oordadige gestaar in die spieël. Sy moet ook leer dat selfs volmaakte grimering nie alles in die lewe is nie: jy kan popmooi wees, maar daarby ook holkop en leë hart. Volmaakte skoonheid is volmaakte harmonie tussen liggaam en gees.

Sy moet waak teen buitensporighede in haar jeug, sodat haar middeljare en die dae van haar ouderdom natuurlike goeie smaak openbaar. Dan is sy h ware sieraad. h Vrou moet kan organiseer om tyd te hê om alles deeglik te doen.

Hoe ouer die vrou, hoe meer rede vir nougesetheid. Want is daar dan nie nou dalk swakker oë wat nie raaksien dat poeier oor die klere gestrooi lê en dat die lipstiffie net rakelings by die mond gekom het nie? Laat dit baie duidelik voorop gestel word dat daar nie h vrou is nie of sy beskik oor die mag om haarself wonderbaarlik te verbeter. As sy klaar het met die uiterlike verbeterings en van selfvertroue straal, sal sy die spieël nie kan glo nie!

Gaan kyk maar gerus in die spieël. Want dāār is die naakte waarheid; oningebind, onopgesmuk, ongegrimeer. Maar dāār ook die moontlikhede, die belofte, die hoop - die hoop op skoonheid!

UIT: DIE VROU  
HERMIEN BORNMAN

DIE WAARDE VAN h GLIMLAG

DIT kos niks, maar dit vermag veel. Dit verryk almal wat dit ontvang, sonder om die een wat dit gee armer te maak.

DIT geskied in h oogwink, maar die herinnering daaraan duur soms vir altyd voort.

NIEMAND is so ryk dat hy daarsonder kan klaarkom, en niemand is so arm dat hy nie daardeur verryk kan word nie.


DIT skeep geluk in die huis, bevorder welwillendheid in die kantoor, en waarborg h waarderende vriendekring.

DIT is rus vir die vermoede, daglig vir die bedrukte, sonskyn vir die treurende, en die middel teen enige moeilikheid.


TOG kan dit nie gekoop, geleen, gebedel, of gesteel word nie. Dit is iets wat vir niemand van enige waarde kan wees tensy dit verniet weggegee word nie.

EN indien sommige van u vriende miskien vergeet om vir u h glimlag te gee, maak dan seker dat u een van u eie vir hulle aanbied.

WANT niemand het soveel behoefte aan h glimlag as hy wat nie een het om te gee nie.



"Now that we're completely automated, there's no one to yell at."



## AFRICANA

Nellmapius, Alois Hugo

Gebore: Boedapest, Hongarye 6 Mei 1847

Oorlede: Irene-landgoed, distrik Pretoria 28 Julie 1893

By Africana maak ons dikwels weer opnuut kennis met kleurrike figure uit ons geskiedenis. Alois Nellmapius was een van hierdie persone. Hy was 'n nyweraar en grondbesitter wat in 1873 na Suid-Afrika gekom het. In die twintig jaar wat hy hier gelewe het, was hy 'n baie bedrywige mens.

## BOEKONTVANGSTE II

NOVEMBERMAAND IS ALTYD 'n dol maand vol opgewondenheid, afskeid en soms ook besinning. So teen die einde van die jaar is dit goed om 'n bietjie opname te maak van dit wat in die jaar gebeur het, van die doelwitte wat 'n mens bereik het en ook hoeveel van die nuwejaarsvoornemens uiteindelik gerealiseer het.

Hier op Laergrond het ons 'n jaar vol nuwighede en groot veranderings beleef. Ons het die nuwe jaar begin as Bestelafdeling met die twee seksies Voor-ontsluiting en Boekontvangste. Met hope boeke wat ingestroom het na die Kerstyd, was daar nie veel tyd om te dink aan al die veranderinge nie. Voordat ons tot verhaal kon kom, ontvang ons die eerste boeke wat op LIBIS bestel is. Van daardie oomblik af begin die parallelle fase; alles wat op LIBIS ontvang word, moet ook per hand ontvang word. So saam daarmee kom al die groeipyne ook. Elke keer as jy 'n fout maak, is jy asvaal geskrik en dan is daar nog die "grypers" ook. Dit gebeur as 'n mens 'n boek wil ontvang en ewe skielik "gryp" dit na 'n ander titel se bestelbesonderhede. Tussen dit alles deur leer ons ook om saam te werk en saam te dink. Nou is ons vol vertroue dat 1985 'n stabiliseringsjaar sal wees; en dat almal sommer "ou hande" sal wees.

Na die verwagte onverwagte dinge wat in hierdie jaar met my gebeur het, wil ek ook van die geleentheid gebruik maak om dankie te sê aan al die Merensky personeel saam met wie ek soveel aangename jare kon deel. Ek neem swaar afskeid van al die goeie vriende en gawe mense hier, maar ek sien ook uit na die nuwe uitdagings wat tuisteskepper en ma-wees sal bring!

Namens Boekontvangste en veral ook namens myself, wil ek aan almal in die Merensky 'n geseënde Kerstyd en 'n baie mooi nuwe 1985 toewens.

RONÉL VILJOEN

In 1875 het hy 'n transportdiens van Lourenço Marques na die binneland ge-organiseer. In dieselfde jaar het hy 'n vervoerkontrak met die ZAR gesluit. Hy was verantwoordelik vir die aanleg van die Nellmapiuspad, (tans die "Jock of the Bushveld Road") vanaf Mac-Mac en die Oos Transvaalse Goudvelde deur die Krokodilrivier by Nellmapiusdrift na Mothalapoort. Vir die aanleg van hierdie pad het hy vier plase ontvang, maar hy het ook plase langs die Hennopsrivier gekoop.

Na die anneksasie van die Republiek deur Sir Theophilus Shepstone het hy sy laaste pennie verloor en begin hy prospekter in sy geliefde gebied tussen Lydenburg en Barberton. Sy mynbedrywighede het egter misluk en hy vertrek na Pretoria om te gaan boer. Hierdie reis sou verreikende gevolge hê, vir Nellmapius sowel as vir Suid Afrika. Tydens hierdie reis ontmoet Nellmapius 'n persoon by name Robert Cottle Green. Net buite Pretoria op Green se plase Hatherley het hy en Nellmapius met beeste en groente begin boer en hul produkte aan die militêre owerheid verkoop. In 1881 met die begin van die eerste Majuba-veldtog het hy die hoogste aansien van die burgers geniet aan wie hy proviand gelewer het.

President Kruger het die Hongaar leer ken en Nellmapius het 'n plan vir die nywerheidsontwikkeling van die Republiek aan die President voorgelê. In die lig van latere gebeure is dit merkwaardig hoe versiene hierdie baanbreker inderdaad was.

'n Spoorlyn na die kus sou die eerste stap wees. Daarna wou hy 'n ysterfabriek oprig, 'n konfytfabriek, 'n wabouery en 'n distilleerfabriek. Hierdie distilleerfabriek sou later die eerste brouery in Pretoria word. President Kruger wou nie aanvanklik toestemming gee tot die oprigting van die brouery nie, maar na lang besprekings het hy tog ingestem op voorwaarde dat dit aangelê moet word "ver buitekant die dorp oorkant die Apiesrivier".

Hierdie brouery is opgerig waar die winkelsentrum Sunnypark vandag staan. In die ou President se tyd was dit ver uit die dorp.

Saam met sy vennote Isaac Lewis en Samuel Marks het Nellmapius besluit om op Hatherley 'n fabriek met die naam "Eerste Fabrieken" op te rig. Voor die verbaasde oë van die boere het hoë skoorstene en geboue uit die veld verrys, geboue wat vandag nog daar staan. Tydens die oorlog teen Mapoch het Nellmapius by sy vriend Generaal Joubert aangesluit. Toe die inboorlinge na 'n jaar se stryd nog hardkoppig aan hul bergvestings vasklouw het, het Nellmapius vragte dinamiet laat aandra na die voet van die hoofvesting waar Mapoch self geskuil het. Met die oorverdowende geluid van ontploffende dinamiet was die Mapoch oorlog verby.

Nellmapius het ook etlike groot sindikate gevorm om landbounedersettings te ontwikkel. In 1898 het hy nege plase by Sesmyspruit gekoop en op daardie grond is Irene ontwikkel wat na sy dogter vernoem is. Die grond waarop die ruskamp Pretoriuskop in die Krugerwildtuin opgerig is het ook aan Nellmapius behoort.

Alois Nellmapius was ook betrokke by 'n lang uitgerekte kriminele geding waar hy aangekla was van verduistering van fondse wat aan die kruifabriek behoort het. Hy is deur 'n jurie skuldig bevind en deur regter C J Brand tot agtien maande tronkstraf veroordeel. Nellmapius beroep hom op die Uitvoerende Raad en word deur direkte toedoen van President Kruger vrygestel. Die daaropvolgende bedanking van regter Brand en die implikasie dat die regbank in die ZAR nie vry en onafhanklik kan optree nie, vind weerklank oor die hele land. Na sy vrylating word hy weer deur regter J G Kotze gearresteer, maar is kort daarna weer vrygespreek.

Die beleid van President Kruger om konsessies aan sekere persone toe te staan het groot onmin in Pretoria veroorsaak. Die groot beswaar was dat as gevolg van hierdie beleid, monopolieë aan sekere individue teen betaling toegestaan is. Eugene Marais het in "De Volkstem" sterk teen hierdie beleid te velde getrek en hy betoog teen "konsessies vir Jode en Jodegenote soos Daniel Benjamin, Alois Nellmapius en Sammy Marks".

Twee vermaaklike staaltjies is deur Mev Nellmapius aan Eric Rosenthal vertel. Sy vermeld dat President Kruger gereeld by hulle aan huis geëet het en dan self die tafelgebed gedoen het. Vir hom as stoere kerkman moes geen vrou met 'n onbedekte hoof onder gebed verkeer nie. Voordat die ou President die gebed gedoen het, het hy sy servet aan Mev

Nellmapius oorhandig, met die versoek dat sy dit oor haar kop moet gooi. By 'n ander geleentheid is roomys, waarvan die ou President niks geweet het nie, aan hom voorgesit. Versigtig het hy 'n mondvol geneem en dit dadelik uitgespog. "Hou u nie daarvan nie, mnr Die President?" vra Nellmapius. "Nee", was oom Paul se antwoord, "as ek doodgaan, dan weet ek waarvan dit kom".

Op 28 Julie 1893 het Nellmapius in sy slaap heengegaan. Sy teraardebestelling was een van die grootstes in ou Pretoria. President Kruger vergesel van Generaals Joubert en Smit, dr Leyds en mnr Johannes van Boeschoten het die begrafnis bygewoon. Alle vlae in Pretoria het halfstok gehang en in 'n koets getrek deur sy lieflingsperd is hy na sy laaste rusplek vervoer.

Met erkenning aan: Rosenthal E : Die Man wat Oom Paul leer roomys eet het, in Fleur, November, 1946.

Suid Afrikaanse Biografiese Woordeboek  
Rosseau L: Die Groot Verlange

JO BREED




"We programmed it to simulate living conditions in the year 2000, and it's become hysterical."

# VERJAARDAGLYS

## DESEMBER

- 1 Mej Alida Murray  
(Tiksters)
- 2 Mej Hulda Fritz  
(Boekontvangste)
- 7 Mej Annie Pienaar  
(Assistent-direkteur)
- 8 Mev Norrie Nel  
(Boekontvangste)
- 17 Mnr Henk Grobler  
(Buitemuurs)
- 19 Mev Stella Rheeder  
(Medies)
- 21 Mev Corné Barnard  
(Boekontvangste)
- 22 Mnr Edgar Snel  
(Bindery)  
Mev Miemie Vink  
(Ontsluiting)  
Mev Estelle Pretorius  
(KHI)
- 31 Mej Jo Breed  
(KHI)  
Mej Julene Vermeulen  
(Tydskrifte)



- 7 Mnr Lappies Labuschagne  
(3e verdieping)
- 8 Mev Erna Meyer  
(2e verdieping)
- 11 Mev Ina van Vuuren  
(Tydskrifte)
- 12 Mej Christine du Toit  
(2e verdieping)
- 15 Mev Marie de Wet  
(Sekretaresse)  
Mej Makkie Biggs  
(Voor-ontsluiting)
- 16 Mev Rita Botes  
(Voor-ontsluiting)
- 19 Mnr Mike Volschenk  
(DOBIS/LIBIS Koördinerings)
- 21 Mev Mathilda Pieterse  
(Algemene Inligtingsdiens)
- 23 Mev Amanda van der Merwe  
(Beplanning)
- 26 Mej Esmé Claassens  
(Toonbank)
- 27 Mej Estelle Els  
(Makro-ontsluiting)
- 29 Mej Maureen Brassel  
(Medies)
- 30 Mnr Hurter van Breda  
(Finansiële Administrasie)

## JANUARIE

- 1 Mnr Piet de Kock  
(3e verdieping)

## HUWELIKE

## VERLOWINGS

Mej Esmé Claassens het op Woensdag 14 November verloof geraak aan Mnr Henk Espach.

Mej Elrien Swart trou op 1 Desember met mnr Dirk van der Bank.  
Op 8 Desember trou mej Mariana Olivier met mnr Sakkie Nieuwoudt.  
Op 5 Januarie 1985 trou mej Jakkie de Wet met mnr Kobus Beukes en op dieselfde dag trou mej Irene Vermeulen met mnr Albert Potgieter.

# IBL I

## SNELLE BEVREDIGING VAN 'N IBL-AANVRAAG

Twee faktore vorm die basiese probleme van Interlenings, naamlik tyd en koste. Die doel van 'n georganiseerde Interleningsstelsel, nasionaal sowel as internasionaal, is om die twee te harmoniseer.

Gewoonlik dra weinig Interleningspersoneel kennis van die verskillende moontlikhede en pogings wat aangewend word om die twee faktore, tyd en koste, in harmonie te bring.

Die eerste klagte wat gewoonlik teen Interlenings ingebring word, is die lang tyd wat dit neem om 'n aanvraag vervul te kry. Die snelle bevrediging van 'n aanvraag hang van 'n hele aantal faktore af:

### - Bibliografiese gegewens

Die bibliografiese korrektheid van 'n aanvraag is die basis om 'n lening vinnig af te handel. Alle pogings moet aangewend word om die korrekte gegewens van die begin af van die aanvraer te verkry. As dit nie moontlik is nie, is die aanvraende biblioteek dan verplig om sy beskikbare bibliografiese bronne te gebruik om die korrekte gegewens te vind. Indien die eie bronne geen resultaat oplewer nie, behoort die aanvraag normalerwys nie verder gestuur te word nie. As dit om een of ander rede tog gedoen moet word, sal die nasionale sentrale sy bibliografiese apparaat raadpleeg. Die nasionale sentrale behoort ook geen onvolledige aanvraag aan biblioteke in die buiteland te stuur nie, maar as dit in sekere gevalle nogtans gedoen moet word, sal die volgende biblioteek of sentrale weer eens tyd spandeer in 'n poging om die bibliografiese gegewens te vind. Onvolledige bibliografiese gegewens beteken dus 'n verlies aan tyd, asook ekstra koste.

### Prosedure, reëls en vorms

Dit is verbasend dat baie lande, en nie net die ontwikkelende lande nie, nog steeds geen uitgebreide handlei-

ding vir Interlenings het nie. As dit ontbreek, sal aanvrae normaalweg stadiger beweeg weens 'n gebrek aan eenvormigheid. Duidelike, praktiese en eenvormige vorms sal Interlenings wesenlik bespoedig.

### - Lokalisering van materiaal

#### - Gesamentlike katalogi

Gesamentlike katalogi is vandag die mees gebruikte en vinnigste metode om biblioteekbesit te lokaliseer, afgesien daarvan of gesamentlike katalogi sentraal beskikbaar is of gedentraliseer, byvoorbeeld gedruk, in mikrovorm of intyds vir alle biblioteke.

#### Spekulatiewe aanvrae

Die metode van spekulatiewe aanvrae is voor die bestaan van gesamentlike katalogi algemeen gebruik en kom nog voor waar biblioteke met spesiale of groot sterk versamelings bestaan. Dit behoort net in buitengewone gevalle gebruik te word, aangesien dit in die meeste gevalle gepaard gaan met 'n groot tydsverlies.

#### Kommunikasiemiddele

Met die ingebruikname van moderne kommunikasiemiddele soos die poswese, lugpos, teleks, rekenaar ens. is die oordrag van aanvrae selde aan tydsvertraging onderworpe. Dieself-





de geld vir die versending van die materiaal.

### Vertragingsfaktore

Soos reeds aangetoon is onvoldoende bibliografiese gegewens een van die mees algemene en mees tydrowende faktore.

Verkeerd ingevulde IBL-vorms kan dieselfde tydsverspillende gevolg hê.

Agterstande met die opname van gegewens in gesamentlike katalogi kan onvoldoende fasiliteite vir die opspoor van besitsmeldings tot gevolg hê. Die rede hiervoor mag wees die normale vertragings by die ontsluitingsprosedure by biblioteke self, die laat voorsiening van die gegewens aan die GK-sentrale, die agterstande by die GK-sentrale self.

Medewerkende biblioteke beskou Interlenings dikwels as 'n las en reageer sodoende laks. As gevolg van die houding dat biblioteke se eie personeel en gebruikers voorkeur behoort te geniet, word Interlenings dikwels onnodig vertraag.

### Spoed van voorsiening

Dit is duidelik dat verskillende aanvrae verskillende spoed vereis. Boekaanvrae veroorsaak selde probleme. Die inhoud van 'n boek is meestal twee tot drie jaar agter die jongste navorsingsstand en die boekinhoud word dus meestal om historiese redes benodig. Tydskrifaanvrae sal met groter dringendheid afgehandel moet word. Dit is veral hier waar die kopieertegniese (met inagneming van outeursreg) vinniger diens kan oplewer. Dieselfde geld vir rapportliteratuur en inligtingsbrokkies wat aangevra word. Oor die algemeen kan gesê word dat spoed vir mediese, natuurwetenskaplike en tegniese literatuur van besondere belang is.

### Koste

Soos reeds voorheen opgemerk, behoort die spoed en koste by Interlenings in harmonie gebring te word. Dit is 'n aspek wat op nasionale vlak verantwoord behoort te word.

In hoeverre koste by Interlenings verhaal moet word, is 'n internasionale vraagstuk wat onder bespreking is. Die uitgangspunt is dat inligting vrylik beskikbaar behoort te wees, maar nie noodwendig kosteloos nie. Ons kan verwag dat kosteverhaling, dit wil sê

personeelkoste, hanteringskoste ens., al hoe groter sal word. Tans beloop die direkte koste vir 'n normale oorsese lening vir Suid-Afrikaanse biblioteke tussen R30 en R40. Daar kan verwag word dat hierdie koste binnekort moontlikerwyse kan verdubbel. As die gewone aanvrager hierdie koste self moet betaal, sal dit hom waarskynlik twee keer laat dink of hy die materiaal werklik nodig het. As die verantwoordelike biblioteekpersoneel die koste besef, behoort hulle dit onder die aandag van die betrokke aanvrager te bring. Aanvraers behoort bewus gemaak te word dat elke onvolledige bibliografiese verwysing nie net 'n tydsverlies sal beteken nie, maar ook 'n aansienlike kosteverhoging.

Wat direkte posgeld betref, het verskeie lande posgeldvrystelling op Interleningsverkeer verkry. IFLA het voorheen gepoog om dit internasionaal in te voer; tans lyk dit egter asof daar weinig hoop op sukses bestaan.

Waar biblioteke nie die verantwoordelikheid van korrekte bibliografiese verwysings aanvrager nie, mag dit vir hulself kostebesparing beteken, maar die werk word dan op die volgende biblioteek afgeskuif, waardeur die koste normaalweg sou styg. Die koste self sal in elk geval deur die belastingbetaler gedra moet word.

As 'n hoë suksesyfer ten opsigte van voorsiening verwag word, is bibliografiese kontrole noodsaaklik. Aangesien nasionale sentrales net aanvrae wat bibliografies volledig geverifieer is na die buiteland behoort te stuur en hierdie aanvrae aan nasionale sentrales gerig behoort te word wat in die land geleë is waar die materiaal gepubliseer is, behoort die suksesyfer vir materiaal wat van die buiteland af verkry word baie hoër te wees.

As voorsiening teen hoë spoed verlang word, is die bibliografiese kontrole weer eens van die uiterste belang. Daarna is dit 'n vraag van 'n aantal moontlikhede wat koste-effektief ontleed behoort te word.

Koste behoort altyd 'n oorweging te wees by Interlenings. Moderne tegniese moontlikhede waarvan gebruik gemaak kan word, is byvoorbeeld die teleks, wat teenoor die gewone lugpos gebruik kan word. Die koste vir teleksaanvrae is meestal twee tot drie maal so hoog as gewone lugposaanvrae; die tydsbesparing



daarenteen is gewoonlik net twee tot drie dae. Lugpos word oor die algemeen vir die versending van die materiaal gebruik, behalwe dat die VSA soms verkies om van eersteklas pos, dit wil sê seepos gebruik te maak.


Faksimilee transmissies van byvoorbeeld tydskrifartikels is tans nog baie duur en moet gesinchroniseer wees tussen die versender en die ontvanger. Faksimilee transmissie is op internasionale vlak tans nog skaars.

Dit is duidelik dat 'n hele aantal tegniese ontwikkelinge in die toekoms tot die beskikking van Interlenings of inligtingsoordrag sal staan. Hier word gedink aan die oordrag van inligting deur middel van telefaksimilee,

televisietegnologie, asook die rekenaartegnologie en satelliete waarvan gebruik gemaak word. Terselfdertyd kan gedink word aan die moontlike toekomstige verandering van publ'sievorme na die mikroforme en die hoë kapasiteitberging soos videoskywe, optiese skywe, holograwe en kristalle, elektroniese tykskrifte ens. Al hierdie ontwikkelinge geniet die aandag van IFLA en internasionale groepe en behoort ons in die toekoms bewus te maak van moontlike veranderinge.

('n Gedeelte geneem uit 'n referaat gelewer deur Dr H J Aschenborn tydens die IBL-seminaar, Pretoria op 20 Junie 1984)

## IBL II



# **WELKOM**



**Mev Marié Bredell  
(Toonbank)**



**Mev Pepsi Nel  
(Toonbank)**



**Mev Rozaan Boer  
(Voorontsluiting)**

# TOT SIENS



Mev Estelle Pretorius  
(KHI)



Mev Ronel Viljoen  
(Boekontvangste)



Mej Sandra Groenewald  
(Voor-Ontsluiting)



Mev Ansie Willemse  
(Makro-Ontsluiting)



Mej Irene Vermeulen  
(Boekontvangste)



Mev Valerie Webber  
(Finansiële Administrasie)